

21.13 BESWAARSKRIF: KLASSIS KRUGERSDORP – ARTIKEL 46 (Artt 19, 66, 68, 234, 235, 258, 305, 310, 312, 331, 332, 343)

PPPP. Ds FM Dreyer stel die Beswaarskrif.

QQQQ. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 4.

RRRR. Ds TJ van Vuuren rapporteer namens die Beswaarskrifkommissie 4.

SSSS. **Besluit:** Die Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie om die vergadering te adviseer oor die konsekwensies van die geslaagde Beswaarskrif.

TTTT. Dr J Smit rapporteer namens die ad hoc-kommissie.

UUUU. **Besluit:** Dat hierdie Sinode in reses gaan en 'n Kommissie aanwys om op die datum soos deur die Sinode bepaal, te rapporteer oor die opdragte soos goedgekeur in pt 3 van die Rapport van die ad hoc-kommissie.

VVVV. Dr SP van der Walt lewer die Rapport van die Kommissie: "Saak van die vrou" tydens die voortgesette sitting.

WWWW. Pt 9.4 van die Rapport van die Kommissie word verwys na 'n ad hoc-kommissie.

XXXX. Ds HLJ Momberg rapporteer namens die ad hoc-kommissie oor die herformulering van pt 9.4 van die Rapport.

YYYY. 'n Kommissie word aangewys om die vergadering te adviseer oor 'n voorstel ten opsigte van die hantering van pt. 12.10.

ZZZZ. Ds HS Coetzee rapporteer namens die Advieskommissie.

AAAA. Die volgende Kommissie oor advies rakende pt 11 van die Kommissierapport word aangewys: Dr J Smit (s), di PK Lourens, PW Kurpershoek, oudle F Swanepoel, J Hoogenboezem asook ds PM Modise.

BBBB. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Kommissie oor punt 11 van die Kommissierapport.

CCCC. BESWAARSKRIF

1. Inleiding

Klassis Krugersdorp het op sy vergadering van 18 September 2006 besluit om 'n Beswaarskrif van die Geref Kerk Noordrand te handhaaf teen besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp.

Die Beswaarskrif word aan u voorgelê vir beoordeling en behandeling in die lig van die besluit van Sinode 1991 (Acta 1991:528, 2). "Kerkrade kan langs kerklike weg vasstel óf en wáárom 'n besluit van 'n meerdere vergadering verander moet word, voordat dit by 'n vergadering wat die versoek kan afhandel, ter tafel gelê word. Onderlinge raadpleging is eie aan kerke en kerkverband."

U word versoek om die beswaargronde te beoordeel. Indien u die Beswaarskrif handhaaf, word u versoek om dit deur te stuur na die volgende Nasionale (Algemene) Sinode.

2. Besluite waarteen beswaar gemaak word

Die besluite waarteen beswaar gemaak word, word gevind in die Handeling van Sinode 2006 (Acta 2006:411-12), naamlik:

"2.1.2 Die aanbeveling van die Kommissie word verwerp met 'n meerderheid van stemme."

"2.2.2 Die aanbeveling van die Kommissie word verwerp met 'n meerderheid van stemme."

"2.3 Die aanbeveling slaag nie." En: "Die Beswaarskrif slaag in sy geheel."

In bogenoemde besluite word die aanbevelings van die Kommissie (Acta 2006:410-412) dat die beswaargronde van Part Sinode Bosveld nie slaag nie, met meerderheid van stemme verwerp. Hierdeur word die beswaar van Part Sinode Bosveld teen die besluit van Sinode 2003 gehandhaaf (Acta, 2006:412, 2.3).

3. Motivering van die Beswaarskrif

Die verstaan en toepassing van KO, art 46

KO, art 46 lui soos volg:

Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat sake wat eenmaal afgehandel is nie, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

Opmerkings oor KO, art 46:

- 3.1.1 Kerklike besluite kan gewysig word.
- 3.1.2 Sake wat afgehandel is – waaroor besluit is – moet nie weer behandel word nie, tensy die noodsaak daarvoor aangetoon word.
- 3.1.3 Indien die noodsaak bewys word, word sake weer oopgestel vir behandeling en besluitneming. Sulke sake is nie meer “afgehandel” nie en kan in die daaropvolgende behandeling en besluitneming gewysig word.
- 3.1.4 Die noodsaak om besluite te verander in die lig van KO, art 46 kan aangetoon word met 'n Beswaarskrif of 'n Beskrywingspunt (Spoelstra, 1989:270; Van der Linde, 1983:167; Visser, 1999:204).

3.2 Beswaargrond 1

Die besluit van Sinode 2006 het nie die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (Acta 2000:440-441 – Bylae A), in sy geheel en in sy volle samehang met die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 verreken nie.

Motivering van beswaargrond 1

Die motivering sal aantoon dat die besluit van Sinode 2000 wat gevolg gee aan 'n Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, KO, art 46 handhaaf ten opsigte van:

- (a) die besluite van Sinode 1988; en
- (b) die besluite van Sinode 2003.

Die besluit van Sinode 2000 verbind die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 ordelik in die lig van KO, art 46.

3.2.1 Die besluit van Sinode 2006 en die besluit van Sinode 2000

- 3.2.1.1 Geen motivering word gegee vir Sinode 2006 se besluit (Acta 2006:411-12) om die beswaar van Part Sinode Bosveld te handhaaf nie. Regspraak moet op duidelike gronde berus wat ook genotuleer (KO, art 34) moet word.
- 3.2.1.2 Die besluit van Sinode 2006 maak verder geen direkte verwysing na die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:440-441) oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal nie. Hieruit blyk dat Sinode 2006 die tersake besluit van Sinode 2000 alleen in aanmerking geneem het vir soverre as wat die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld dit gedoen het.
- 3.2.1.3 In die besluit van Sinode 2006 en die beswaar van Part Sinode Bosveld wat beweer dat Sinode 2003 se besluit strydig was met KO, art 46, is die implikasies van die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang, nie verreken nie. Al verwysing wat die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld na die besluit van Sinode 2000 maak, word in 1.1.2 gevind (Acta 2006:409):
“Op dieselfde Sinode is daar aan 'n Beskrywingspunt gevolg gegee deur Deputate te benoem om met inagneming van bestaande besluite studie te doen oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik (Acta 2000:440-441, 21.8 E).”
- 3.2.1.4 Uit Sinode 2000 se besluit oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal is dit duidelik dat die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp – ook die van Sinode 1988 – weer ordelik (KO, art 46) oopgestel is vir behandeling (vgl. 3.2.2). Omdat Sinode 2006 in sy besluit en Part Sinode Bosveld in sy Beswaarskrif

nie die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang verreken nie, word daar verkeerdlik beweer dat die besluit van Sinode 2003 strydig is met KO, art 46.

3.2.2 Die besluit van Sinode 2000 (Acta 2000:440-441) en KO, art 46

3.2.2.1 Die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal

3.2.2.1.1 By Sinode 2000 dien 'n Beskrywingspunt (KO, art 46) van Part Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die kerk. Die Beskrywingspunt vra:

- (a) dat die Sinode Deputate benoem om studie te maak oor wat in die Skrif openbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in sy Kerk gebruik het en vandag nog steeds wil gebruik;
- (b) en dat die studie op so 'n wyse onderneem word dat die kerke daarin saamgeneem word, vir insette deur Kerkrade en individuele lidmate.

3.2.2.1.2 Die motivering van die Beskrywingspunt toon dat daar onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite – onder andere die van Sinode 1988 – is, oor die vrou in die kerk. Hierdie onduidelikhede en onbeantwoorde vrae bewys die noodsaak (KO, art 46) dat die saak oor die vrou in die kerk weer oopgestel word (KO, art 46) vir behandeling en besluitneming.

- (a) Dit is belangrik om raak te sien dat die Beskrywingspunt nie slegs sommige besluite uitsonder vir verdere studie en ander nie. Na “vorige besluite” word slegs in die algemeen verwys. Wat die onduidelikhede, wat die onafgehandelde sake en in watter besluite dit is, word nie aangedui nie. Daarom is al die vorige besluite oor die vrou in die kerk by die versoek tot studie ingesluit.

3.2.2.1.3 Die motivering wys dat die onduidelikhede direk die vrou in die amp van diaken raak (Agenda 2000:440, 1.1, 1.2, 1.3, 1.4). Daarom is die saak van die vrou in die amp duidelik ingesluit by die verdere studie oor die plek van die vrou in die kerk.

3.2.2.1.4 Die Beskrywingspunt (KO, art 46) vra duidelik dat die besluite van Sinode 1988, wat verdere studie oor die vrou in die kerk en die insette van kerke daartoe afgekeur en die saak as afgehandel beskou het, weer oopgestel word (KO, art 46) vir behandeling.

3.2.2.2 Die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal

3.2.2.2.1 Sinode 2000 besluit om gevolg te gee aan die Beskrywingspunt. Deur gevolg te gee, word die Beskrywingspunt aanvaar en vereenselwig die Sinode hom met die motivering, naamlik dat daar:

- (a) onduidelikhede in vorige besluite is wat die plek van die vrou in die kerk/amp raak;
- (b) nog sake is oor die plek van die vrou in die kerk/amp wat nie afgehandel is nie.

3.2.2.2.2 Dat Sinode 2000 hom met Beskrywingspunt en sy motivering vereenselwig het, is duidelik uit die besluit van die Sinode self en uit die motivering wat daarvoor gegee word:

- (a) die Sinode wys Studiedeputate aan – soos die Beskrywingspunt versoek;
- (b) die studie moet op so 'n wyse onderneem word dat die kerke daarin insette kan lewer – soos die Beskrywingspunt vra;
- (c) die studie moet poog om antwoord te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat uit vorige studies en besluite (ook die van Sinode 1988) voortgespruit het – soos die Beskrywingspunt in sy motivering aangetoon het.

3.2.2.2.3 Sinode 2000 het opdrag gegee dat die studie gedoen word “*met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt*”. Die betekenis van die frase, “*met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt*”, is belangrik vir die beoordeling van die saak. Die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld gee dit weer met woorde wat min of meer dieselfde betekenis dra, naamlik “*met inagneming van bestaande besluite*”. Dus dien die bestaande besluite oor die saak van die vrou in die kerk/amp as vertrekpunt, en moet die besluite in die studie in ag geneem word.

- (a) “**Vertretpunt**” en “**in ag neem**” kan nie beteken dat die vorige besluite afgehandel (KO, art 46) is nie. Wanneer die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang gelees en verstaan word (die besluit en sy motivering asook die Beskrywingspunt en sy motivering), is dit duidelik dat hier nie bedoel word die vorige besluite is afgehandel (KO, art 46) nie. Indien die vorige besluite afgehandel was, is die besluit en sy motivering direk teenstrydig met mekaar. Juis omdat daar onduidelikhede en onafgehandelde sake in vorige besluite oor die saak is, word opdrag tot verdere studie gegee.
 - (b) Dat die frase “*vorige besluite as vertretpunt*” inderdaad al die vorige besluite weer oopstel (KO, art 46) vir behandeling, word bevestig deur die besluit van Sinode 2000 om alle bestaande inligting en besluite oor die plek van die vrou in die kerk aan die kerke beskikbaar te stel. Die besluite word nie versprei omdat hulle afgehandel is nie, maar omdat hulle weer aan die orde gestel word vir behandeling. Daar is onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite. Die inligting word beskikbaar gestel sodat kerke en individuele lidmate insette kan maak tot die studie en kan help om die onduidelikhede en onbeantwoorde vrae op te klaar.
- 3.2.2.2.4 Die verwysing wat Sinode 2000 in die motivering van sy besluit na KO, artt 31 en 46 maak, kan nie verstaan word om aan te dui dat die besluite wat vorige Sinodes geneem het, vas en bindend was (KO, art 31) en nie weer op die tafel gebring mag word nie (KO, art 46). Indien die verwysing so verstaan word, is die motivering van die besluit direk in stryd met die besluit self. Indien die saak van die vrou in die kerk/amp met vorige besluite afgehandel was, is daar geen rede vir verdere studie nie. Omdat die noodsaak (KO, art 46) bewys is – die onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite – word opdrag gegee tot verdere studie.
- 3.2.2.2.5 Dit is belangrik om raak te sien dat die besluit van Sinode 2000, soos die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (vgl. 3.2.2.1.2), nie sommige besluite uitsonder vir verdere studie en ander nie. Na “vorige besluite” word slegs in die algemeen verwys. Daardeur is al die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp ingesluit by die studie en weer oopgestel vir behandeling (KO, art 46).
- 3.2.2.2.6 Die opdrag van Sinode 2000 tot verdere studie sluit die vrou in die amp in. Dit is duidelik omdat die Beskrywingspunt in 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 (Acta 2000:400) die saak van die vrou in die amp in die studie aan die orde stel. Die onduidelikhede waarna hier verwys word en wat die vrou in die amp van diaken direk raak, word deur Sinode 2000 in die motivering van sy besluit opgeneem (Acta 2000:441, 5).
- 3.2.2.2.7 Die opdrag tot verdere studie deur Sinode 2000 bewys dat vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp in die lig van KO, art 46 weer oopgestel is vir behandeling. Die motivering van die opdrag tot verdere studie toon dat vorige besluite oor die saak nie afgehandel (KO, art 46) is nie.
- 3.2.2.2.8 Die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal stel dus die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp – ook die van Sinode 1988 – weer oop vir behandeling (KO, art 46), vir besluitneming en moontlike wysiging.
- 3.2.2.3 **Die besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 1988 (Acta 1988:507-523)**
- 3.2.2.3.1 Sinode 1988 neem verskeie besluite oor die plek van die vrou in die kerk/amp. Die besluite is bindend (KO, art 31) en afgehandel (KO, art 46). Die Sinode besluit ook dat daar nie oor die saak verdere advies by kerke verkry, of verdere studie gedoen word nie (Acta 1988:523, 4).
- 3.2.2.3.2 Deur die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt (KO, art 46) van Part Sinode Wes-Transvaal word vorige besluite – ook die van Sinode 1988 – weer oopgestel vir behandeling. Die besluit van Sinode 2000 raak besluit van Sinode 1988 direk:

- (a) Studiedeputate word aangewys soos die Beskrywingspunt versoek – 'n wysiging van 'n besluit van Sinode 1988;
 - (b) die studie moet op so 'n wyse onderneem word dat die kerke daarin insette kan lewer soos die Beskrywingspunt vra – “wysiging van 'n besluit van Sinode 1988”;
 - (c) die studie moet poog om antwoord te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat uit vorige studies en besluite – ook die van Sinode 1988 – voortgespruit het, soos die Beskrywingspunt in sy motivering aangetoon het.
- 3.2.2.3.3 Die saak van die vrou in die kerk/amp en die vorige besluite daaroor – ook die van Sinode 1988 – is ordelik by wyse van 'n Beskrywingspunt (KO, art 46) en deur die besluit van Sinode 2000 weer oopgestel vir behandeling en verdere besluitneming en daarmee ook vir moontlike wysiging.
- 3.2.2.4 **Die besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 2003**
- 3.2.2.4.1 Die Sinode van 2003 neem 'n Rapport van Deputate ter tafel oor die vrou in die kerk/amp. Die Deputate het 'n opdrag wat deur Sinode 2000 gegee is, uitgevoer. Dat die saak van die vrou in die amp deel is van die opdrag, is die eenparige oordeel van die Deputate – al dien daar 'n Meerderheid- en Minderheidsrapport – en dit is ook die oordeel van Sinode 2003 (Acta 2003:569, 3.4.1.2).
- 3.2.2.4.2 Sinode 2003 behandel die Rapport en neem besluite oor die vrou in die kerk/amp omdat die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp (KO, art 46) vir behandeling oopgestel het.
- 3.2.3 Gevolgtrekking
In die lig van die beredenering in 3.2.1 en 3.2.2 hierbo is dit duidelik dat die besluit van Sinode 2003 nie, soos die besluit van Sinode 2006 beweer, KO, art 46 verbreek nie. In die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die amp, het KO, art 46 aan Sinode 2003 die reg gegee om besluite van Sinode 1988 oor die vrou in die amp, met nuwe besluite te wysig.
- 3.3 Beswaargrond 2
Die besluit van Sinode 2006 is ten onregte geneem omdat al die inligting ter tafel oor die saak nie verreken is nie.
- Motivering van beswaargrond 2**
- 3.3.1 By Sinode 2006 is 12 (twaalf) Beswaarskrifte (Acta 2006:952) teen die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die kerk/amp ingedien. Sewe (7) van die Beswaarskrifte beweer dat die besluit van Sinode 2003 strydig was met KO, art 46. Oor elkeen van die Beswaarskrifte is verslae ingedien deur Kommissies, en oor sommige Meerderheid- en Minderheidsverslae.
 - (a) Indien al die inligting geweeg en beoordeel is, sou die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal aan die orde gekom en so getoon het dat die besluite van Sinode 2003 nie strydig is met KO, art 46 nie.
 - (b) Verder sou die oorweging van al die inligting onduidelikheid (Sinode 2006: N44, art 224) uit die weg geruim het, sodat die regspraak in die besluit op seker gronde en die waarheid berus het.
- 3.3.2 Van die sewe (7) Beswaarskrifte wat beweer dat die besluite van Sinode 2003 KO, art 46 verbreek het, verwys ses (6) na die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, sonder om die besluit in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 te verreken.
- 3.3.3 Die Beswaarskrif van die **Geref Kerk Wonderboompoort** (Acta 2006:460-464) verwys slegs na die opdrag van Sinode 2000 (Acta 2006:464, 2.2.4). Die besluit van Sinode 2000 in sy samehang met die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-

- Transvaal, en die besluite van Sinode 1988 en 2003, word nie in berekening gebring nie. Daarom word verkeerdlik beweer dat Sinode 2003 strydig gehandel het met KO, art 46.
- 3.3.4 Die Beswaarskrif van die **Geref Kerk George** (Acta 2006:465-468) verwys na die besluit van Sinode 2000 in 2.2.2.3 en 2.2.2.4 (Acta 2006:467).
- 3.3.4.1 Hier word genoem dat Sinode 2000 aan die Beskrywingspunt gevolg gee. Verder word verwys na die opdrag tot verdere studie oor wat in die Skrif openbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en vandag nog steeds wil gebruik, en na die motivering dat die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt geneem moet word.
- 3.3.4.2 Die besluit van Sinode 2000 word nie beredeneer ter ondersteuning van die beswaar nie. Die besluit van Sinode 2000 word nie in sy geheel en in sy samehang met vorige besluite oor die saak hanteer nie. Daarom word nie raakgesien dat die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (KO, art 46) en die besluit van Sinode 2000 daaroor die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 in die lig van KO, art 46 verbind nie.
- 3.3.4.3 Die bewering in die Beswaarskrif dat besluite in die lig van KO, artt 31 en/of 46 herroep moet word om hulle te wysig, hou nie rekening daarmee dat besluite ook gewysig kan word indien die noodsaak (KO, art 46) aangetoon is nie. Dan kan die saak weer oopgestel word (KO, art 46) vir behandeling soos die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal en die besluit van Sinode 2000 met die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp gedoen het.
- 3.3.5 Die hantering van Sinode 2000 se besluit deur die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld (Acta 2006:409-410) is reeds in die motivering van beswaargrond 1 behandel. Daarin is duidelik aangetoon dat die Beswaarskrif nie die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal ten volle verreken nie en daarom verkeerdlik beweer dat die besluit van Sinode 2003 strydig was met KO, art 46.
- 3.3.6 Die Beswaarskrif van Klassis Soutpansberg (Acta 2006:477-483) verwys na die besluit van Sinode 2000 in die motivering van beswaargrond 2.7 (Acta 2006:482, 9.3).
- 3.3.6.1 Die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal word verbind met 'n besluit oor 'n Beswaarskrif (Acta 2000:437-440), sonder dat die verband tussen die twee aangedui word.
- 3.3.6.2 Ook hier word die besluit van Sinode 2000 nie in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 hanteer nie. Daarom word nie ingesien dat die noodsaak in die lig van KO, art 46 bewys is om die saak van die vrou in die kerk/amp weer oop te stel vir behandeling, omdat daar onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite is nie.
- 3.3.6.3 In die opdrag tot verdere studie deur Sinode 2000 word al die vorige besluite oor die saak ingesluit omdat daar in die algemeen na vorige besluite verwys word, sonder om te spesifiseer watter besluite onduidelik is of wat die onbeantwoorde vrae is (vgl. 3.2.2.2.5).
- 3.3.6.4 Die bewering dat die besluit van Sinode 2003 KO, art 46 verbreek het omdat die Deputate nie opdrag gehad het om verdere studie oor die saak van die vrou in die amp te doen nie, word verkeerdlik gemaak omdat die tersake besluit van Sinode 2000 nie in sy geheel en samehang hanteer word nie (vgl. 3.2.2.2.6). Dit is duidelik dat die Beskrywingspunt in 1.1, 1.2, 1.3 en 1.4 (Acta 2000:400) die saak van die vrou in die amp in die studie aan die orde stel. Die onduidelikhede waarna hier verwys word en wat die vrou in die amp van diaken raak, word deur Sinode 2000 in die motivering van sy besluit opgeneem (Acta 2000:441, 5).
- 3.3.7 Die Beswaarskrif van **Klassis Pretoria Moot** (Acta 2006:504-515) bring die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal ter sprake in punt 2.3.1.5 tot 2.3.1.9 (Acta 2006:514-515).

- 3.3.7.1 In die Beswaarskrif word verkeerdelik beweer dat die opdrag van Sinode 2000 tot verdere studie nie die saak van die vrou in die amp ter sprake bring nie. Hierdie bewering word gemaak omdat daar nie rekening gehou word dat die opdrag tot studie al die vorige besluite oor die saak (vgl. 3.2.2.2.5) raak nie. Die opdrag van Sinode 2000 word ook nie in samehang met die motivering van die besluit en die Beskrywingspunt en sy motivering hanteer nie. Daaruit blyk duidelik dat die opdrag tot studie die saak van die vrou in die amp insluit (vgl. 3.2.2.2.6).
- 3.3.7.2 Die Beswaarskrif gaan uit van die veronderstelling dat die besluite van vorige Sinodes – in besonder 1988 – die saak van die vrou in die amp afgehandel het. Hier word nie rekening gehou dat die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes Transvaal die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp weer in die lig van KO, art 46 oopgestel het vir behandeling nie.
- 3.3.7.3 Die interpretasie dat Sinode 2000 in sy verwysing na KO, artt 31 en 46 daarmee aangedui het dat die besluit wat vorige Sinodes geneem het, vas en bindend was (KO, art 31) en nie weer op die tafel gebring mag word nie (KO, art 46) tensy die noodsaak daarvoor aangetoon word, kan nie aanvaar word nie (vgl. 3.2.2.2.4). Die interpretasie van die Beswaarskrif bring die motivering van die besluit van Sinode 2000 direk in stryd met die besluit self. Indien die saak van die vrou in die kerk/amp met vorige besluite afgehandel was, is daar geen rede vir verdere studie nie. Omdat die noodsaak (KO, art 46) bewys is – die onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite – word die saak en besluite weer deur die opdrag tot verdere studie oopgestel vir behandeling.
- 3.3.7.4 Die bewering dat Sinode 2000 'n meer algemene studie-opdrag gegee het, en dat die verkiesbaarheid van vroue tot die besondere ampte daarvan uitgesluit was, is nie korrek nie. Indien die opdrag tot studie in die geheel van die besluit van Sinode 2000 en in die lig van die Beskrywingspunt waaraan die besluit gevolg gee, gelees word, is dit duidelik dat die saak van die vrou in die amp by die studie ingesluit is (vgl. 3.2.2.2.6).
- 3.3.8 Die Beswaarskrif van **JH Howell** (Acta 2006:545-550) beweer ook in beswaargrond 2 dat Sinode 2003 in sy besluit in stryd met KO, art 46 opgetree het.
- 3.3.8.1 Die Beswaarskrif het by Part Sinode Randvaal 2006 gedien. Die Part Sinode Randvaal 2006 het besluit dat beswaargrond 2 en ook al die ander beswaargrond nie slaag nie. Die besluit is nie deur Sinode 2006 verreken nie. Dit bring mee dat die besluit van Sinode 2006 in stryd is met die van Part Sinode Randvaal 2006 wat bevind het dat Sinode 2003 in sy besluit nie KO, art 46 verbreek het nie, maar juis uitgevoer het.
- 3.3.8.2 Die Beswaarskrif verwys in sy motivering van beswaargrond 2 na die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, in 3.3.1 (Acta 2006:546). In die verwysing word verkeerdelik beweer dat Sinode 2000 in die besluit aangetoon het dat die vrou nie in die amp kan dien nie. Geen motivering word vir die bewering gegee nie – dit kan ook nie, want dit is nie waar nie.
- 3.3.9 Uit die oorweging van al die inligting in die Beswaarskrifte wat beweer dat Sinode 2003 in sy besluit strydig opgetree het met KO, art 46, is dit duidelik dat nie een die besluit van Sinode 2000 in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 gehanteer het nie.
- (a) Indien die besluit van Sinode 2000 in sy geheel en in samehang met die Beskrywingspunt (KO, art 46) van Part Sinode Wes-Transvaal en die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 gelees word, is dit duidelik dat onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite oor die saak dit genoodsaak het (KO, art 46) om die saak van die vrou in die kerk/amp weer oop te stel (KO, art 46) vir behandeling en dat vorige besluite (KO, art 46) nie afgehandel was nie.
- 3.3.10 Gevolgtrekking:

Uit die oorweging van al die inligting ter tafel van Sinode 2006 (vgl. 3.3.1 tot 3.3.9) is dit duidelik dat Sinode 2003 in die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal nie KO, art 46 verbreek het nie, maar juis gehandhaaf het. Daarom het Sinode 2006 gefouteer in sy handhawing van die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld.

3.4 Beswaargrond 3

Die besluit van Sinode 2003 het nie soos die besluit van Sinode 2006 en die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld beweer, KO, art 31 verbreek nie.

Motivering van beswaargrond 3

- 3.4.1 Omdat die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, KO, art 46 handhaaf ten opsigte van die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 soos aangetoon in beswaargrond 1 en 2, is die beswaar dat Sinode 2003 in sy besluit KO, art 31 verbreek het, nie geldig nie. Indien die noodsaak (KO, art 46) vir die hersiening/wysiging van vorige besluite deur 'n Beskrywingspunt (KO, art 46) bewys en aanvaar is, is dit nie nodig om die besluite in die lig van KO, art 31 te wysig nie.

3.4.2 Gevolgtrekking

In die lig van 3.4.1 het die besluite van Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek nie.

4. **Bevinding**

Sinode 2000 wys in sy beredenering van 'n Beswaarskrif op die volgende: *"In die Gereformeerde kerkregering is geen besluit van 'n kerklike vergadering onveranderbaar nie. Selfs 'n Belydenisskrif van die kerk kan met die voorlegging van die nodige Skrifberoep verander word!"* en dat KO, art 46 *"ook voorsiening maak vir Beskrywingspunte"* om die noodsaak te bewys (Acta 2000:405, 3.4.11.2.2).

Indien die verband tussen die besluite van Sinode 1988 oor die vrou, en die besluite van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal, en die besluit van Sinode 2003 oor die saak in aanmerking geneem word, is die besluit van Sinode 2003 duidelik nie in stryd met KO, artt 46 of 31 nie.

Die motivering van beswaargrond 1, 2 en 3 toon duidelik dat die besluit van Sinode 2006 in sy handhawing van die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld ten onregte geneem is en daarom in die lig van KO, artt 46 en 31 vernietig moet word.

5. **Versoek**

Die Partikuliere Sinode Randvaal word versoek om die Beswaarskrif in die lig van die motivering van beswaargrond 1, 2 en 3 hierbo te handhaaf en deur te stuur vir behandeling en afhandeling soos in 1.3 hierbo gevra.

DDDDD. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

- 1.1 Die Kommissie ontvang die opdrag om die beswaar van Streeksinode Randvaal te beoordeel en aan die Sinode aanbevelings te maak.
- 1.2 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal is ontvanklik verklaar en aan hierdie Kommissie toegewys met die opdrag om die Sinode te adviseer.
- 1.3 Die Kommissie bevestig wat reeds aan die Sinode uitgewys is, naamlik dat die Beswaarskrif foutiewelik in die gedrukte Agenda as die Beswaarskrif van Klassis Krugersdorp aangedui word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.3.

2. Werkswyse

- 2.1 Die Kommissie het deur die Beswaarskrif gewerk. Die aangehaalde Sinodebesluite is gekontroleer en korrek bevind.
- 2.2 Die Kommissie het die beswaardes te woord gestaan.
- 2.3 Die Kommissie het ander insette wat gelewer is, volledig hanteer en deurgewerk.

- 2.4 Die Kommissie moet die Sinode adviseer ten opsigte van regspraak en het nie die materie van die saak rondom die vrou in die amp hanteer nie.
- 2.5 In die behandeling van die Beswaarskrif word die standpunt van Streeksinode Randvaal in *kursief* aangedui of opgesom om dit te onderskei van die Kommissie se beoordeling.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.5.

3. Besluit waarteen beswaar aangeteken word (Beswaarskrif se punt 2)

Streeksinode Randvaal maak beswaar teen die besluit van Sinode 2006 om 'n Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld te handhaaf. Die besluit word in die Beswaarskrif punt 2 korrek aangehaal.

Besluit: Kennis geneem.

4. Motivering van Beswaarskrif (Beswaarskrif se punt 3)

Voordat Streeksinode Randvaal hulle beswaar stel, gee hulle 'n uiteensetting van hulle verstaan en toepassing van KO, art 46. Dit kom op die volgende neer:

- 3.1 *Kerklike besluite kan gewysig word (3.1.1).*
- 3.2 *Sake wat afgehandel is – waaroor besluit is – moet nie weer behandel word nie, tensy noodsaak aangetoon word (3.1.2).*
- 3.3 *Indien noodsaak bewys is, word sake weer oopgestel vir behandeling en besluitneming. Sulke sake is nie meer "afgehandel" nie en kan in daaropvolgende behandeling en besluitneming gewysig word (3.1.3).*
- 3.4 *Die noodsaak om besluite te verander in die lig van KO, art 46 kan aangetoon word met 'n Beswaarskrif of 'n Beskrywingspunt (3.1.4).*

Die Kommissie wys daarop dat die verstaan van art 46, en meer spesifiek die verstaan van wat Beswaarskrifte en Beskrywingspunte is, die kern van die Beswaarskrif vorm. Die Beswaarskrif gaan dus vir die beswaardes oor veel meer as oor die rol van die vrou in die kerk of in die amp.

Besluit: Kennis geneem.

5. Agtergrond

Die historiese verloop van besluite word in Streeksinode Randvaal se beredenering weergegee. Die historiese verloop kan soos volg **opgesom** word:

In 2006 teken Part Sinode Bosveld beswaar aan teen die besluit van Sinode 2003 om vroue tot die diens van diakens toe te laat. Part Sinode Bosveld se beswaar is deur **Sinode 2006** gehandhaaf. Dit is teen hierdie besluit wat die huidige beswaar van Streeksinode Randvaal gaan. Sinode 2006 het ook bevestig dat die besluite van Sinode 1988 steeds vas en bindend is (sien hieronder by 5.4).

Sinode 2003 het in sy besluit om vroue tot die diens van diaken toe te laat, hom laat lei deur 'n Kommissie- en Deputaterapport wat hoofsaaklik oor die vrou in die amp handel het.

Hierdie Rapporte vloei voort uit 'n Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal waaraan **Sinode 2000** gevolg gegee het. Die opdrag wat Sinode 2000 na aanleiding van die Beskrywingspunt aan Deputate gegee het, was om die rol van die vrou in die **kerk** na te gaan. Hierdie opdrag is volgens Part Sinode Bosveld se beswaar (2006) onregmatig uitgebrei tot 'n studie van die vrou in die **amp**.

Sinode 1988 het 'n uitgebreide Rapport behandel oor die vrou in die kerk in die lig van die Skrif na 'n studie van nege jaar. Die Sinode se besluit kom daarop neer dat vroue nie tot die diens van die besondere ampte geroep en bevestig kan word nie.

Besluit: Kennis geneem van 5.1 tot 5.4.

6. Beswaar

Die Beswaarskrif formuleer nie uitdruklik 'n beswaar nie.

Die beswaar kom daarop neer dat Sinode 2006 onordelik gehandel het deur gevolg te gee aan Partikuliere Sinode Bosveld se Beswaarskrif teen die besluit van Sinode 2003.

*Die kern van die beswaar is dat Sinode 2000 wel deur middel van 'n Beskrywingspunt die weg geopen het om verder studie te doen en te handel oor die vrou in die **amp**. Gevolglik het Sinode 2003 reg gehandel en moes die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld in 2006 nie geslaag het nie.*

Besluit: Kennis geneem.

7. Beswaargrond 1

“Die besluit van Sinode 2006 het nie die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (Acta 2000:440-441-Bylae A), in sy geheel en in sy volle samehang met die besluite van Sinode 1988 en Sinode 2003 verreken nie” (Beswaarskrif punt 3.2).

7.1 Beredenering van Streeksinode Randvaal ten opsigte van beswaargrond 1

7.1.1 Die beredenering van Streeksinode Randvaal oor besluit van Sinode 2006 en Sinode 2000

7.1.1.1 Geen motivering word gegee vir Sinode 2006 se besluit (Acta 2006:411-12) om die beswaar van Part Sinode Bosveld te handhaaf nie. Regspraak moet op duidelike gronde berus wat ook genotuleer moet word (KO, art 34), (3.2.1.1).

7.1.1.2 Sinode 2006 het nie die besluit van Sinode 2000 verreken nie, omdat geen direkte verwysing na die besluit van Sinode 2000 gemaak word nie (3.2.1.1, 3.2.1.2, 3.2.1.3 en 3.2.1.4).

7.1.1.3 Sinode 2000 het kragtens die beswaardes se verstaan van artikel 46 die hele saak van die vrou in die amp (Sinode 1988) weer geopen en op die tafel geplaas (3.2.1.4).

7.1.1.4 Beide Sinode 2006 in sy besluit, en Part Sinode Bosveld in sy Beswaarskrif, het nie die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang verreken nie (3.2.1.4).

7.1.2 Die beredenering van Streeksinode Randvaal oor die besluit van Sinode 2000 en KO, art 46

(A) Die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (3.2.2.1)

7.1.2.1 By Sinode 2000 dien 'n Beskrywingspunt oor die vrou in die kerk. Die Beskrywingspunt vra:

- a. dat die Sinode Deputate benoem om 'n studie te maak oor die vrou in die kerk
- b. en dat die kerke met die studie insette kan lewer (3.2.2.1.1).

7.1.2.2 Die motivering van die Beskrywingspunt toon aan dat daar onduidelikhede en onbeantwoorde vrae in vorige besluite is oor die vrou in die kerk (Sinode 1988). Hierdie onduidelikhede is die noodsaak waarom die saak van die vrou in die kerk kragtens artikel 46 weer oopgestel (volgens die beswaardes) moet word (3.2.2.1.2). Die Beskrywingspunt van 2000 is gerig teen **al** die vorige besluite. Daar word nie aangedui watter die onafgehandelde sake is nie. Daarom is al die vorige besluite oor die vrou in die kerk by die versoek tot studie (volgens die beswaardes) ingesluit.

7.1.2.3 Die motivering wys dat die onduidelikhede direk die vrou in die amp van diaken raak (Acta 2000:440, 1.1, 1.2, 1.3, 1.4). Daarom is die saak van die vrou in die amp (volgens die beswaardes) duidelik ingesluit by die verdere studie oor die plek van die vrou in die kerk (3.2.2.1.3).

7.1.2.4 Die Beskrywingspunt vra (volgens die beswaardes) duidelik dat die besluit van Sinode 1988 afgekeur word en dat die studie oor die vrou in die kerk weer oopgestel word (3.2.2.1.4).

(B) Die beredenering van Streeksinode Randvaal van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal (3.2.2.2)

7.1.2.5 Sinode 2000 besluit om gevolg te gee aan die Beskrywingspunt. Deur gevolg te gee aan die Beskrywingspunt aanvaar en vereenselwig die Sinode hom met die motivering (3.2.2.2.2):

- (a) onduidelikhede oor die plek van die vrou in die kerk/amp.
- (b) sake oor die plek van die vrou in die kerk/amp wat nie afgehandel is nie.

- 7.1.2.6 Dat Sinode 2000 hom met die Beskrywingspunt en sy motivering vereenselwig, is (volgens die beswaardes) duidelik uit die besluit van die Sinode en uit die motivering wat daarvoor gegee word (3.2.2.2.2).
- (a) die Sinode wys Studiedeputate aan
 - (b) die studie moet so gedoen word dat die kerke kan insette lewer;
 - (c) die studie moet poog om antwoorde te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat uit vorige studies en besluite voortgespruit het (ook die van Sinode 1988).
- 7.1.2.7 Sinode 2000 se opdrag is dat die studie gedoen moet word met vorige Sinodes as "vertrekpunt". Die beswaardes maak die volgende gevolgtrekking: "Dus dien die bestaande besluite oor die saak van die vrou in die kerk/amp as die vertrekpunt, en moet die besluite in ag geneem word in die studie" (3.2.2.2.3).
- (a) "Vertrekpunt" en "in ag neem" kan nie beteken dat die vorige besluite afgehandel is nie (KO, art 46). Die onduidelikhede en onafgehandelde sake lei tot die opdrag (volgens die beswaardes).
 - (b) Dat die frase "vorige besluite as vertrekpunt" inderdaad **al** die vorige besluite weer oopstel (KO, art 46) (klem deur die Kommissie).
- 7.1.2.8 Wanneer Sinode 2000 verwys na artt 31 en 46, kan dit nie verstaan word dat die besluite van vorige Sinodes nie weer op die tafel gebring mag word nie. Omdat die noodsaak (KO, art 46) bewys is, kon die saak weer ter tafel kom (3.2.2.2.4).
- 7.1.2.9 Dit is volgens Streeksinode Randvaal belangrik om raak te sien dat Sinode 2000 nie "sommige besluite uitsonder vir verdere studie en ander nie". Hiermee het Sinode 2000 al die vorige besluite oor die vrou in die kerk/amp weer oopgestel vir behandeling (3.2.2.2.5).
- 7.1.2.10 Sinode 2000 het volgens die beswaardes in die motivering van die besluit verwys na "die onduidelikhede", wat direk die vrou in die amp van diaken raak (Acta 2000:441, 5) (3.2.2.2.6 tot 3.2.2.2.8).

(C) Die beredenering van Streeksinode Randvaal van die besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 1988 (Acta 1988:507-523), (3.2.2.3)

- 7.1.2.11 Streeksinode Randvaal erken dat Sinode 1988 besluite geneem het rakende die vrou in die kerk/amp wat bindend (KO, art 31) en afgehandel (KO, art 46) is. "Die Sinode besluit ook dat daar nie oor die saak verdere advies by kerke ingewin kan word nie, of verder studie gedoen word nie" (Acta 1988:523, 4), (3.2.2.3.1).
- 7.1.2.12 Die besluit van Sinode 2000 in verband met die Beskrywingspunt stel tog weer hierdie sake oop (3.2.2.3.2 en 3.2.2.3.3).

(D) Die beredenering van Streeksinode Randvaal van besluit van Sinode 2000 en die besluit van Sinode 2003 (3.2.2.4)

- 7.1.2.13 Sinode 2003 neem die Studiedeputate se Rapport insake die vrou in die kerk/amp ter tafel. Die eenparige oordeel van die Deputate was dat die vrou in die amp deel was van die opdrag (3.2.2.4.1 en 3.2.2.4.2).

7.1.3 Gevolgtrekking (3.2.3)

Die beswaardes gee die volgende gevolgtrekking: In die lig van die beredenering in 3.2.1 en 3.2.2 hierbo is dit duidelik dat die besluit van Sinode 2003 nie, soos die besluit van 2006 beweer, KO, art 46 verbreek nie. In die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Part Sinode Wes-Transvaal oor die vrou in die amp, het KO, art 46 aan Sinode 2003 die reg gegee om besluite van 1988 oor die vrou in die amp, met nuwe besluite te wysig (Beswaarskrif punt 3.2.3).

7.2 Beoordeling deur die Kommissie van beswaargrond 1

7.2.1 Beoordeling van die verstaan en toepassing van KO, art 46

- 7.2.1.1 Die Kommissie het geoordeel dat die beredenering in die motivering van die beswaardes ten opsigte van hulle 3.1.1 en 3.2.2 (in 3.1 en 3.2 hierbo) geldig is.
- 7.2.1.2 Met 3.1.3 (in 3.3 hierbo) beweer die beswaardes dat KO, art 46 dit moontlik maak om opnuut (*de novo*) na 'n saak te kyk en dat die hele saak weer oopgestel is vir behandeling. KO, art 46 bepaal dat 'n besluit vas en bindend is en nie verander kan word sonder dat die **noodsaak** (*necessitas*) aangetoon is nie. Om die besluit van 'n

meerdere vergadering te skrap of te verander, sal 'n Beswaarskrif daarteen gerig moet word. Verder is daar duidelike voorskrifte waaraan so 'n beswaar teen die besluit van 'n meerdere vergadering moet voldoen. KO, art 46 handel dus nie oor onafgehandelde sake nie, maar juis oor 'n saak wat duidelik besluit is. 'n Beswaarskrif kom op die tafel van 'n meerdere vergadering deur KO, art 46 en is gerig teen die besluit van 'n meerdere vergadering.

7.2.1.3 Die beswaardes meen dat die noodsaak tot verandering aangetoon kan word met 'n Beswaarskrif óf 'n Beskrywingspunt. 'n Beskrywingspunt kan dus 'n besluit van 'n meerdere vergadering verander.

7.2.1.4 Die Beswaarskrif betoog verder dat 'n geslaagde Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt wat gehandhaaf word, beide aangewend kan word om bestaande besluite van kerklike vergaderings mee te wysig. Die algemene verstaan en toepassing van die Kerkorde verstaan daarteenoor dat bestaande besluite alleen deur 'n geslaagde Beswaarskrif gewysig mag word.

7.2.1.5 Die beswaardes grond hulle redenasie moontlik op 'n besluit van Sinode 1994 (Acta:52-53) waarvolgens 'n Beswaarskrif van prof B Spoelstra geslaag het. In die Beswaarskrif is betoog dat beide 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt 'n **saak** is en dat die reglementering om Beskrywingspunte anders as Beswaarskrifte te hanteer, geskrap moet word. Sinode 1994 se besluit beteken egter NIE dat die onderskeid tussen 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt opgehef word nie.

7.2.1.6 Die wesenlike redenasiefout wat die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal maak, is dat 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt wesenlik presies DIESELFDE saak is. Albei is dus in wese Beswaarskrifte. En dit is eenvoudig nie waar nie. Wanneer gekyk word na dit wat 'n Beswaarskrif is en hoedat 'n Beswaarskrif in die kerklike praktyk hanteer word, teenoor wat 'n Beskrywingspunt is en hoedat 'n Beskrywingspunt in die kerklike praktyk hanteer word, is dit duidelik dat daar 'n definitiewe onderskeid tussen die twee sake bestaan. Vergelyk die wyse waarop hierdie selfde Sinode tot dusver die onderskeie twee tipes sake hanteer het.

7.2.1.7 Hoe word 'n **Beswaarskrif** volgens KO, art 46 verstaan en gebruik? Wanneer 'n beswaarde van mening is dat 'n bestaande besluit foutief is in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde, wend hy hom uiteindelik tot die vergadering wat die besluit geneem het. Daar poog die beswaarde om op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde aan te toon waarom dit belangrik is om die besluit te verander. Indien die vergadering hom gelyk gee, slaag sy beswaar.

'n **Praktiese voorbeeld van 'n Beswaarskrif**: 'n (Hipotetiese) beswaar word ingebring teen die besluit van Sinode 1988 wat aantoon dat daar nie genoegsame Skrifgetuigenis bestaan om die vrou in die besondere ampte toe te laat nie. Daar moet duidelik uit Skrif, Belydenis en Kerkorde aangetoon word dat die besluit (of 'n gedeelte van die besluit) soos geneem deur Sinode 1988, verkeerd was.

7.2.1.8 Wanneer verandering noodsaaklik is op grond van 'n saak wat na vore gekom het waaroor daar nog geen besluit geneem is nie, of waar gemeen word dat 'n aspek of gedeelte van 'n besluit wat geneem is, uitgebrei moet word omdat daardie besondere aspek of gedeelte nie in die verlede verreken is of in ag geneem is nie, word 'n **Beskrywingspunt** opgestel sodat 'n vergadering in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde de novo daaroor kan oordeel.

'n **Praktiese voorbeeld van 'n beskrywingspunt**: Partikuliere Sinode Wes-Transvaal se Beskrywingspunt oor die plek van die vrou in die kerk word deur Sinode 2000 vir sy rekening geneem. Sinode 2000 het met ander woorde geoordeel dat die plek van die vrou in die kerk 'n nuwe saak is wat nog nie op sy tafel gedien het nie. Sinode 2000 het, afgesien van 'n paar los lyne en uitstaande sake, sy studie oor die vrou in die amp afgesluit en daarvoor vasstaande besluite geneem. Sinode 2000 neem die nuwe saak (naamlik die plek van die vrou in die kerk) vir sy rekening, maar herformuleer na eie goeddunke die omvang van die opdrag wat hy aan sy Studiedeputate gee. 'n Studie oor die plek van die vrou in die kerk sou sake insluit soos die inskakeling van die vrou in die gemeente se diakonale dienswerk, die

verhouding tussen die susters en die diakonie en die inskakeling van susters op kerklike kommissies.

- 7.2.1.9 Dit is duidelik dat daar bepaalde ooreenkomste tussen 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt bestaan (beide is "sake"), maar die onderskeid tussen 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt word nie daardeur opgehef nie.
- 7.2.1.10 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal berus voorts op die aanname dat die **noodsaaklikheid** (*necessitas*) om 'n besluit te verander (ook) met behulp van 'n **Beskrywingspunt** aangetoon kan word. Dit impliseer dat die saak *de novo* hanteer moet word. KO, art 46 is egter nog nooit in die verlede so verstaan en hanteer nie. Dit sou immers regskrenkende optrede wees om alle bestaande besluite oor 'n saak te beskou asof dit nie meer geldig is nie, sonder dat daardie besluite deur 'n Beswaarskrif gewysig is op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Indien Streeksinode Randvaal gelyk gegee word, sal dit verreikende implikasies vir die wyse waarop besluite in die toekoms in die GKSA geneem word. Bestaande besluite kan dan eenvoudig van die tafel gevee word sonder om dit op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde te beoordeel.
- 7.2.1.11 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal redeneer dus: "*Die noodsaak om besluite te verander in die lig van die KO, art 46 kan aangetoon word met 'n Beswaarskrif of 'n Beskrywingspunt ...*" (kyk 3.1.4 van Rapport). Streeksinode Randvaal redeneer dat 'n Beskrywingspunt wat deur 'n kerklike vergadering vir sy rekening geneem word, die *necessitas*/noodsaaklikheid van die saak bewys. Dit is in 'n sekere sin waar. 'n Sekere tipe noodsaak moet bewys word, naamlik dat die Beskrywingspunt handel oor 'n belangrike nuwe saak waaroor daar nog nie 'n besluit geneem is nie, of dat daar bepaalde aspekte van 'n bestaande saak is waaroor daar nog nie 'n besluit geneem is nie en wat opgeklaar moet word.
- 7.2.1.12 Die gevolgtrekking waartoe Streeksinode Randvaal kom oor die saak van *necessitas*/noodsaaklikheid, is nie geldig nie. Daar word veronderstel (sonder enige bewyse of beredenering en in stryd met die korrekte hantering van KO, art 46) dat, indien noodsaak/*necessitas* deur 'n Beskrywingspunt aangetoon word, dit impliseer dat 'n saak waaroor daar reeds besluite geneem is, *de novo* op die tafel van 'n kerklike vergadering geplaas word, asof daar nog geen vasstaande besluite oor die betrokke saak geneem is nie. Noodsaaklikheid vir behandeling van 'n nuwe saak word dus verwar met noodsaaklikheid vir verandering van 'n bestaande besluit (afgehandelde saak).
- 7.2.1.13 Streeksinode Randvaal gaan van hierdie veronderstelling uit in 'n poging om bestaande besluite te wysig sonder dat daardie besluite in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde getoets en gewysig word op grond van geslaagde Beswaarskrifte.

7.2.2 Beoordeling oor die motivering van beswaargrond 1

- 7.2.2.1 Die toelichter van die beswaar het voor die Kommissie die standpunt gehuldig (en betoog) dat 'n kerkregkundige soos prof B Spoelstra aantoon dat 'n besluit deur middel van 'n Beswaarskrif óf 'n Beskrywingspunt verander kan word.
- 7.2.2.2 Spoelstra verwys na Sinode 1961 (Acta 1961:515). Voetius gee die volgende omskrywing van 'n Beswaarskrif: "*Gravamina zijn vragen of meenigen over moeilijkheden, welke in een kerk zijn ontstaan, of over zaken welke gemeenschappelijk alle kerken in 't gemeen of direct of op eenige wijze betreffen, en die in en door een kerk of classe niet volledig afgehandeld kunnen worden*" (Jansen, J. 1925. Christelijke Enc., 2:389). Verder wys Spoelstra (Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering; Handboek by die Kerkorde, 1989:270 ev) daarop "dat by die Dordtse Sinode feitlik alle vrae, voorstelle, probleme en besware uit mindere vergaderings as *gravamina* bekend gestaan het". Dit het geensins beteken dat die onderskeid tussen hierdie onderskeie sake deur die meerdere vergadering opgehef is nie. Hy (Spoelstra 1989:270) betoog verder dat 'n Beskrywingspunt "partymaal verkeerdelik radikaal van 'n gravamen of beswaar (-skrif) onderskei [word]. 'n **Saak wat ordelik ter tafel kom, moet op grond van sy inhoud deur die vergadering**

wat dit moet behandel, gekategoriseer word om te bepaal hoe die vergadering dit wil behandel. (Beklemtoning deur Kommissie.) 'n "Beskrywingspunt" of "versoek" sou, selfs wanneer die inhoud op Appèl neerkom, deur die vergadering as Appèl behandel kan word (artt 31, 33, 46). Die naam of vorm van 'n stuk prejudiseer nie noodwendig die inhoud nie.

Die Kommissie kon geen begronding vind uit die aangehaalde bronne vir die wyse waarop die beswaardes tot hulle gevolgtrekking kom nie. Die Kommissie het die skriftelike begronding wat die beswaardes aanbied in Spoelstra (1989:270), Van der Linde (1983:167) en Visser (1999:204) gekontroleer om tot genoemde gevolgtrekking te kom.

- 7.2.2.3 Die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal kom duidelik tot 'n verkeerde gevolgtrekking om 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt met mekaar **gelyk** te probeer stel en gevolglik te redeneer dat 'n vergadering besluite deur Beskrywingspunte (waaraan daar gevolg gegee word) kan verander. Besluite word slegs verander/gewysig deur geslaagde Beswaarskrifte. Besluite kan ook verander word deur 'n aangebode Beskrywingspunt waarvan die inhoud aantoon dat dit in werklikheid 'n Beswaarskrif is. Die vergadering moet daaroor oordeel en duidelik aantoon indien hy sodanige Beskrywingspunt anders "gekategoriseer" het vir behandeling.
- 7.2.2.4 Die kern van die saak waaroor Sinode 1994 gehandel het, gaan daaroor dat 'n saak wat ordelik op die tafel van 'n meerdere vergadering kom, nie van die tafel afgegee mag word (onontvanklik verklaar word) omdat 'n Appèl/Beswaarskrif verkeerdelik 'n Beskrywingspunt genoem word nie. Indien die vergadering dus die saak ordelik ter tafel neem, kan hy dit wat as 'n Beskrywingspunt aangebied word as 'n nuwe saak (soos aangebied as Beskrywingspunt), of selfs as 'n Appèl of Beswaarskrif behandel op grond van die inhoud van die aangebode Beskrywingspunt.
- 7.2.2.5 Spoelstra (1989:270) het dit duidelik **teen reglementering** soos ook aangetoon word in sy geslaagde Beswaarskrif tydens Sinode 1994 (p53). Daarmee poog hy geensins om die onderskeid tussen 'n Beswaarskrif en Beskrywingspunt op te hef nie. Die geslaagde Beswaarskrif toon slegs aan dat die "gedwonge onderskeiding tussen 'n Beskrywingspunt en 'n Beswaarskrif verval", wat beteken: "Die Beswaarskrif het slegs die **reglementering** (beklemtoning deur Kommissie) om Beswaarskrifte op 'n ander wyse as Beskrywingspunte te behandel rojeer (rojeer = skrap – Verduideliking deur Kommissie)."
- 7.2.2.6 Sinode 1994 (p53) sê duidelik wat hy hieronder verstaan, en sy verstaan van die besluit word ook deur **die Sinode goedgekeur**: Die Sinode **besluit slegs dat die prosedure** in verband met Beswaarskrifte nie meer van toepassing is nie. Die opheffing van die prosedure by die hantering van 'n Beswaarskrif beteken dat daar **nie voortaan 'n verskil moet wees in die prosedure by die hantering van 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt nie**. Die onderskeid tussen 'n Beswaarskrif en Beskrywingspunt is dus alleen opgehef ten opsigte van die prosedure by die hantering van hierdie sake.
LET WEL: Dit hef geensins die ONDERSKEID op wat daar tussen 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt bestaan nie.
WEER EENS: Die onderskeid tussen 'n Beswaarskrif en 'n Beskrywingspunt soos opgehef deur Sinode 1994, geld alleen die **prosedure** by die hantering van Beswaarskrifte.
- 7.2.2.7 Sinode 2006 laat slaag die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld en maak dit daarmee duidelik dat die besluit van 1988 in Sinode 2000 se besluit nie in gedrang is nie. Sinode 1988 se vasstaande en bindende besluite is dus nie **verander** nie.
- 7.2.2.8 Die beswaardes meen dat Sinode 2006 hierdie besluit om die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld te laat slaag, duidelik moes gemotiveer het. In die praktyk is daar egter baie voorbeelde van besluite waar meerdere vergaderings nie hulle besluite oor Beswaarskrifte gemotiveer het nie. En teen hierdie besluite is nie

beswaar gemaak bloot omdat daar nie skriftelike motivering gegee is nie. Die Kerkorde kan nie hanteer word as 'n wet wat reglementeer ten opsigte van die optrede van meerdere vergaderings nie. Die Sinode hoef nie skriftelike motivering te voorsien vir elke besluit nie, omdat so 'n besluit nie afhanklik is van die motivering daarna nie. Die motivering gee eerder 'n verklaring/rede vir die besluit. Die gee van 'n motivering is **wenslik**, maar **nie noodsaaklik** nie.

- 7.2.2.9 Die Kommissie wat Sinode 2006 adviseer, plaas in hulle Rapport baie duidelik weer die hele saak van 2000 op die tafel, maar Sinode 2006 wys die Kommissierapport af. Sinode 2006 het dus via hierdie Rapport baie duidelik die hele saak van Sinode 2000 se Beskrywingspunt op sy tafel gehad en dit verreken, terwyl die beswaardes beweer dat dit nie verreken is nie. Sinode 2006 besluit dat daar reeds duidelike besluite oor die hele saak in 1988 geneem is (*Errata Acta 2006, Artikel 277, N62*), (3.2.1.2, 3.2.1.3).
- 7.2.2.10 Die beswaardes beweer dat Partikuliere Sinode Bosveld in hulle beswaar van 2006 nie die besluit van Sinode 2000 in sy volle samehang verreken nie (3.2.1.4). Partikuliere Sinode Bosveld verwys na die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal voor Sinode 2000. Daarom kan die beswaardes nie redeneer dat Partikuliere Sinode Bosveld nie die volle samehang verreken het nie (*argumentum e silentio* – afleidings wat gemaak word op grond van wat níé gesê is nie). Dit is duidelik uit die stukke (Kommissierapport genoem in 3.5.2) dat die Sinode 2006 wel Sinode 2000 in sy volle samehang op die tafel gehad en verreken het.
- 7.2.2.11 Sinode 2000 wys Studiedeputate aan om, met die besluite van vorige Sinodes as vertrekpunt, 'n studie te maak oor wat in die Skrif geopenbaar word oor die wyse waarop die Here die vrou in die kerk gebruik het en steeds wil gebruik (*Acta 2000:440, 1*). Die eerste beperking (grens) van die opdrag wat Sinode 2000 daarstel, is dat die **besluite van vorige Sinodes** moet dien as vertrekpunt. Die tweede beperking (grens) is dat die studie moet handel oor die vrou in **die kerk**. Die beswaardes sien hierdie besluit van die Sinode nie as 'n beperkings of grense waarbinne die studie moet beweeg nie, maar eerder dat die beperkings hierdeur opgehef is en daar nie grense vir die studie is nie. Met die omskrywing van die besluit en die gevolgtrekking wil Sinode 2000 juis duidelik wees oor die grense waarbinne die studie moet beweeg, sodat afgehandelde sake nie weer hanteer word nie (KO, art 46).
- 7.2.2.12 Die beswaardes maak verder die afleiding dat Sinode 2000 hom **vereenselwig met die motivering van die Beskrywingspunt** (3.2.2.2.1, 3.2.2.2). Sinode 2000 het nie die motivering van die Beskrywingspunt vir sy rekening geneem, toe hy gevolg gegee het aan die Beskrywingspunt nie. Die Sinode skryf eerder 'n **eie motivering**. Dit is duidelik dat die Sinode nie noodwendig die hele motivering van die Beskrywingspunt vir sy rekening wil neem nie.
Die motivering van die Kommissie verwys onder andere terug na die besluit van Sinode 1988: "Daar is baie inligting verspreid en gefragmenteerd in die verskillende Acta's van die Sinode, onder andere die ongepubliseerde Bylae by die besluit van Sinode 1988." Die Sinode het dus nie net "die talle onbeantwoorde vrae en los lyne ingedagte nie", maar ook dit wat vir die Sinode seker en vas was van hierdie Sinode en daar is ook duidelike besluite geneem deur die Sinode oor die vrou in die amp.
Verder motiveer die Sinode in 5 van die motivering: "Die Studiedeputate poog om antwoorde te vind op talle onbeantwoorde vrae en los lyne wat daar uit die vorige studies voorgespruit het, soos blyk uit die motivering van die Beskrywingspunt" (Acta 2000:411, Kommissierapport, pt5). Die Sinode gee hiermee reeds toe dat absolute duidelikheid dalk nie moontlik sal wees nie, soos reeds aangetoon is in 1988 (vgl. "poog").
- 7.2.2.13 Die Sinode word daarop gewys dat Streeksinode Randvaal deurgaans verwys na "die vrou in die kerk/amp", terwyl geen meerdere vergadering sodanige verwysing

het nie. Deurgaans in die beswaar beskou die beswaardes die plek van die vrou in die **kerk** en **amp** as sinoniem (soos blyk deur die gebruik van die frase “kerk/amp” in die Beswaarskrif). Die vrou in die amp is vir die beswaardes die logiese uitvloeisel van die hele saak van die vrou in die kerk. Sinode 1988 wys op die noodsaak dat die plek van die vrou in die **kerk** en nie die plek van die vrou in die **amp** (soos beweer deur die beswaardes), opgeklaar moet word (3.2.2.3). Die Sinode 1988 het die saak van die vrou in die amp in 4.2 in sy geheel afgekeur (Acta 1988:523) as ’n vas en bindende besluit.

- 7.2.2.14 Volgens die beswaardes se verstaan van KO, art 46 is “... *al die vorige besluite weer oopgestel vir behandeling*” (3.2.2.2.3b). Dit kom daarop neer dat die Beskrywingspunt van Sinode 2000 die besluit van Sinode 1988 verander het. Daarteenoor dui KO, art 46 ’n Beswaarskrif met deeglike gronde en redes aan as die ordelike weg vir die verandering van ’n meerderevergadering se besluit.
- 7.2.2.15 ’n Beskrywingspunt kom op die tafel van ’n meerdere vergadering deur KO, art 30 en bring ’n nuwe saak van ’n mindere na ’n meerdere vergadering. Kragtens KO, art 30 het ’n Beskrywingspunt ’n ander bedoeling, naamlik om ’n aanvulling te maak tot die besluit wat nie in sy geheel weer oopgestel is vir behandeling nie (3.2.2.3-3.2.2.8, 3.2.2.3). Die Beskrywingspunt van Sinode 2000 kon en het nie die besluit van Sinode 1988 verander nie.

7.2.3 Gevolgtrekking van die beoordeling oor beswaargrond 1

Die beswaardes beweer dat Sinode 2006 nie die besluit van Sinode 2000 ten volle verreken het nie. Streeksinode Randvaal beweer dat die besluit in sy geheel en in sy volle samehang met Sinode 1988 en 2003 nie verreken is nie. Die Kommissie bevind dat hierdie besluite wel verreken is. Die Beswaarskrif spekuleer deur te beweer dat Sinode 2006 nie die besluite van Sinode 1988 en 2003 verreken het nie. Die bewering dat al hierdie besluite nie verreken is nie, rus op ’n bepaalde interpretasie van die besluit van Sinode 2000.

Die opdrag van Sinode 2000 aan Studiedeputate was om die saak van die vrou in die kerk, asook enkele los lyne in hierdie verband te ondersoek. Die beswaardes ondersteun hulle redenasie deur te beweer dat ’n Beskrywingspunt en ’n Beswaarskrif dieselfde saak is. Sou ’n Beskrywingspunt slaag, kom dit daarop neer dat dit dieselfde gewig dra as ’n geslaagde Beswaarskrif teen ’n besluit. Dit beteken (volgens hierdie redenasie) dat ’n saak weer *de novo* (van nuuts af) ondersoek kan word. Streeksinode Randvaal huldig die standpunt dat alle sake in verband met die vrou in die amp ook daarmee weer *de novo* oopgestel is.

Streeksinode Randvaal beweer dat Sinode 2003 die reg gehad het om weer na die **hele** (let op gebruik van die woord “al” in die Beswaarskrif) (kyk 3.2.2.2.3 van Rapport) saak van die vrou in die amp te kyk, omdat die besluit van Sinode 2000 aan hulle daardie reg gegee het. Die Kommissie oordeel dat die besluit van Sinode 2000 nêr aan Sinode 2003 die reg gegee het om ook die vrou in die **amp** van nuuts af ter tafel te neem nie.

Die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, waaraan daar deur Sinode 2000 gevolg gegee is, het nie die volle saak van die vrou in die amp weer *de novo* (van nuuts af) op die tafel geplaas **asof** dit ’n geslaagde Beswaarskrif was teen die besluit van Sinode 1988 nie. Sinode 2006 bevestig hierdie standpunt deur sy duidelike besluit in verband hiermee naamlik, “...dat daar ten opsigte van die toelating van die vrou in al die besondere ampte duidelike besluite in 1988 geneem is. Hierdie besluite is op Skrifgronde geneem en is steeds geldig” (Errata Acta 2006, Artikel 277, N62).

Besluit: Kennis geneem van 7.1 tot 7.2.3.

8. Beswaargrond 2 (3.3)

“Die besluit van 2006 is ten onregte geneem omdat al die inligting ter tafel oor die saak nie verreken is nie.”

8.1 Beredenering van Streeksinode Randvaal oor Beswaargrond 2

- 8.1.1 By Sinode 2006 is 12 Beswaarskrifte (Acta 2006:952) ingedien teen die besluit van Sinode 2003 oor die vrou in die kerk/amp (3.3.1).
- Indien al die inligting geweeg en geoordeel is, sou die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal aan die orde gekom en so getoon het dat die besluite van Sinode 2003 nie strydig is met KO, art 46 nie.
 - Verder sou die oorweging van al die inligting onduidelikheid uit die weg geruim het, sodat die regspraak in die besluit op seker gronde en die waarheid berus het.
- 8.1.2 Ses van die Beswaarskrifte verwys na die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal sonder om die besluit in sy geheel en samehang met besluite van Sinode 1988 en 2003 te verreken.
- 8.1.3 Vanaf 3.3.3 tot 3.3.9 wys die beswaardes op die verskillende Beswaarskrifte wat sou dien.
- 8.1.4 Gevolgtrekking van Streeksinode Randvaal (3.3.10)
 Uit die oorweging van al die inligting ter tafel van 2006 is dit duidelik dat Sinode 2003 in die lig van die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, nie KO, art 46 verbreek het nie, maar juis gehandhaaf het. Daarom het Sinode 2006 in sy handhawing van die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld gefouteer.
- 8.2 *Beoordeling van beswaargrond 2*
- 8.2.1 Die beswaardes wys op die verskillende Beswaarskrifte wat sou dien op Sinode 2006. Die beswaardes beskou die inligting van die Beswaarskrifte as van wesentlike belang en gebruik die inligting wat nooit gedien het nie, as motivering van beswaargrond 2.
- 8.2.2 By die motivering van beswaargrond 2 spekulêr die beswaardes oor wat sou gebeur al-dan-nie, indien daar meer inligting op die tafel was. Meerdere vergaderings neem nie besluite op grond van meer (hoeveelheid) inligting nie, maar op grond van die korrekte/ware inligting wat op sy Agenda hoort en ordelik ter tafel gekom het. Die **kwaliteit** van die inligting is belangrik en nie die **kwantiteit** nie. Besluite word juis geneem op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde en nie op grond van die veelheid van argumente, blote meerderheid of verwagtings van mense nie. 'n Spekulatiewe opmerking van Streeksinode Randvaal soos "*indien al die inligting geweeg en geoordeel is, sou die besluit van Sinode 2000 oor die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Wes-Transvaal aan die orde gekom en so getoon het dat die besluite van 2003 nie strydig is met KO, art 46 nie*" (klemtoon met vetdruk deur Kommissie), kan onmoontlik die basis wees vir motivering van 'n beswaargrond, aangesien hierdie sake nooit ter tafel was nie.
- 8.2.3 Daar was nooit regspraak deur die Sinode van 2006 oor hierdie Beswaarskrifte nie, wat daarop neerkom dat die inligting vervat in die Beswaarskrifte nie getoets is aan die hand van die Skrif, Belydenis en Kerkorde nie, en dit nie duidelik is hoe en wat vir die doel van motivering van enige latere Beswaarskrif gebruik sou kon word nie.
- 8.2.4 Die Beswaarskrifte kan nou onmoontlik dien as motivering van 'n beswaargrond in 'n ander (nuwe) Beswaarskrif asof dit wel gedien het.
- 8.3 *Gevolgtrekking van die beoordeling oor beswaargrond 2*
 Streeksinode Randvaal beweer dat die besluit van Sinode 2006 ten onregte geneem is, omdat "*al die inligting ter tafel oor die saak nie verreken is nie*". Hierdie beredenering berus op 'n foutiewe interpretasie van die besluit van Sinode 2000. Daar bestaan gevolglik 'n duidelike verband tussen beswaargrond 1 en 2 (vgl. o.a 10.1 hier onder).

Besluit: Kennis geneem van 8.1 tot 8.3.

9. Beswaargrond 3 (3.4)

Die besluit van Sinode 2003 het nie soos die besluit van Sinode 2006 en die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld beweer, KO, art 31 verbreek nie.

- 9.1 *Beredenering van Streek Sinode Randvaal van beswaargrond 3*
- 9.1.1 Omdat Sinode 2000 die Beskrywingspunt handhaaf van Sinode 1988, verbind Sinode 2000 die besluite van 1988 en 2003 aanmekeer. Indien 'n besluit KO, art 46 oortree, vind daar nie ook regskenking plaas in terme van Kerkorde, art 31 nie (3.4.1).
- 9.1.2 Gevolgtrekking (3.4.2).
In die lig van 3.4.1 het die besluite van Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek nie.
- 9.2 *Beoordeling van beswaargrond 3*
- 9.2.1 Die beswaardes beweer dat die besluit van Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek het nie. KO, art 31 bepaal dat 'n besluit slegs verander kan word indien dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. Sinode 2006 het geoordeel dat Sinode 2003 in stryd met KO, art 46 opgetree het. Sinode 2003 het dus KO, art 31 oortree.
- 9.2.2 Sinode 2006 het besluit dat Sinode 2003 nie KO, art 46 verreken het nie, en gevolglik het dit ook KO, art 31 in gedrang gebring.
- 9.3 *Gevolgtrekking van die beoordeling oor beswaargrond 3*
Streeksinode Randvaal beweer dat Sinode 2003 nie KO, art 31 verbreek het nie. Hierdie beswaargrond rus op hulle interpretasie van die besluit van Sinode 2000. KO, art 31 stel dat wat besluit is, vas en bindend is, tensy bewys word dat die besluit in stryd is met Gods Woord en die Kerkorde. Dit beteken dat Sinode 2003 voordat 'n studie oor die vrou in die amp ter tafel geneem kon word, moes bewys dat die besluite wat Sinode 1988 hieroor geneem het, gewysig moes word. Streeksinode Randvaal redeneer dat die besluit van Sinode 2000 aan hulle die reg toegeken het om weer na die saak in verband met die vrou in die amp te kyk (vgl. die foutiewe interpretasie van die beswaardes oor 'n Beskrywingspunt). Volgens hierdie redenasie was hulle nie verplig om op grond van KO, art 31 vooraf te bewys dat 1988 se besluit in verband met die vrou in die amp nie meer geldig is nie. Gevolglik is die beswaardes van mening dat Sinode 2003 nie KO, art 31 oortree het nie.
Die Kommissie oordeel dat Streeksinode Randvaal Sinode 2000 se besluit verkeerd geïnterpreteer het. Hulle hele argument rus op die foutiewe hantering en verstaan van wat 'n Beskrywingspunt doen.

Besluit: Kennis geneem van 9.1 tot 9.3.

10. Samevattend

- 10.1 *Samevattende bevinding van die beswaardes (4.1-4.3)*
- 10.1.1 Sinode 2000 wys in die beredenering van 'n Beswaarskrif dat KO, art 46 "ook voorsiening maak vir Beskrywingspunte" om die noodsaak te bewys (Acta 2000:405, 3.4.11.2.2).
- 10.1.2 Indien die verband tussen die besluite van Sinodes 1988, 2000 en 2003 in aanmerking geneem was, sou Sinode 2006 besef het dat Sinode 2003 duidelik nie in stryd is met KO, artt 46 of 31 nie.
- 10.2 *Beoordeling van die beswaardes se samevattende bevinding*
Die bevinding soos aangehaal in 4.1 van die Beswaarskrif (Acta 2000:405, 3.4.11.2.2) is nie deur die Sinode vir sy rekening geneem nie. Die Sinode het bloot daarvan kennis geneem.
- 10.3 *Bevinding van kommissie*
- 10.3.1 Die Kommissie oordeel dat die noodsaak vir die verandering van 'n besluit nie met 'n Beskrywingspunt aangetoon kan word nie, maar dat dit steeds met 'n Beswaarskrif gedoen moet word.
- 10.3.2 Op grond hiervan het Sinode 2006 nie gefouteer deur die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld te laat slaag nie.

Besluit: Kennis geneem van 10.1 tot 10.3.2.

11. Aanbevelings

- 11.1 Beswaargrond 1 slaag nie.

Besluit: Die aanbeveling van die Kommissie word afgekeur, met die gevolg dat Beswaargrond 1 slaag. In die lig van die besluit onder 11.1 besluit die Sinode dat oor die volgende punte van aanbevelings van die Rapport gelykluidend besluit word:

11.2 Beswaargrond 2 slaag nie.

Besluit: Aanbeveling van Kommissie word afgekeur.

11.3 Beswaargrond 3 slaag nie.

Besluit: Aanbeveling van Kommissie word afgekeur.

11.4 Beswaarskrif slaag in sy geheel nie.

Besluit: Aanbeveling van Kommissie word afgekeur.

EEEE. **ORDEVOORSTEL**

Besluit: Die Sinode benoem 'n Kommissie om die Sinode te adviseer oor die konsekwensies van die geslaagde Beswaarskrif.

FFFF. **BENOEMING AD HOC-KOMMISSIE**

Die volgende ad hoc-kommissie word benoem: Dr DG Breed (s), dr J Smit, di TJ van Vuuren, FM Dreyer, PA Coetzee en oudl BD Bakker met prof A le R du Plooy as adviseur.

GGGG. **RAPPORT VAN AD HOC-KOMMISSIE**

Implikasies van die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal teen 'n besluit van Sinode 2006

1. Opdrag

Om Sinode te adviseer oor die gevolge van die besluit dat Streeksinode Randvaal se Beswaarskrif slaag.

Besluit: Kennis geneem.

2. Beredenering

2.1 Implikasies oor die besluite van Sinodes 2006 en 2003

2.1.1 Die besluit van Sinode 2006 (Acta 2006:411-412, 2.1.2, 2.2.2 en 2.3) word deur die besluit van Sinode 2009 gerojear (**rojeer: kanselleer, skrap, vernietig, ophef (HAT)**).

2.1.2 Die implikasie van die besluit van Sinode 2009 is dat die besluit van Sinode 2003 staan (Acta 2003:591-593, E1 tot 14.8; vgl. Errata by die Handeling van 2003). Dit sluit onder meer die besluit in waarteen Part Sinode Bosveld in 2006 (Acta 2006:409) beswaar gemaak het, naamlik:

“Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in besondere ampte speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie” (Acta 2003:591, 4).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Implikasies vir sake op die Agenda van Sinode 2006

2.2.1 Die besluit van Sinode 2009 het implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat ordelik op die tafel van Sinode 2006 gekom het. Die volgende sake is hier van belang.

2.2.1.1 Die **Rapport van Studiedeputate** wat deur Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14) aangewys is. Weens die besluit van Sinode 2006 in sy handhawing van die beswaar van Part Sinode Bosveld is die Rapport nie afgehandel nie (meerderheids- en minderheids-).

2.2.1.2 Die **Rapport van die Kommissie** van Sinode 2006 oor die Studierapport van 2003 bevat belangrike beredenering.

Besluit: Kennis geneem – wysigings is reeds aan gebring – Deputate Handeling.

- 2.2.1.3 Die **Beswaarskrifte** teen die besluit van Sinode 2003 rakende die vrou in die amp van diaken (Acta 2006:417-556 – uitgesluit die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld). Hierdie Beswaarskrifte het ordelik op die tafel gekom, is nie behandel nie en moet derhalwe afgehandel word.

Besluit: Goedgekeur.

- 2.2.2 Die implikasie van Sinode 2009 se besluit is dat die sake in 2.2.1 hierbo weer in behandeling geneem moet word.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Implikasies vir die afhandeling van die Agenda van Sinode 2009*

- 2.3.1 Die besluit van Sinode 2009 het ook implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat aanvanklik ordelik op die tafel van Sinode 2009 gekom het. Die sake is die volgende:

- 2.3.1.1 Die **Rapport van die Studiedeputate** wat voortspruit uit die besluite van Sinode 2006 is met die rojering van die besluit nie meer op die tafel van hierdie Sinode nie.

Besluit: Kennis geneem.

- 2.3.1.2 Die **Beswaarskrif van GK Brits-Wes**. Die Beswaarskrif rus op die besluit van Sinode 2006 wat deur die besluit van Sinode 2009 gerojear is.

Besluit: Kennis geneem.

3. Aanbevelings

- 3.1 Die Sinode neem kennis van die beredenering in 2.

Besluit: Goedgekeur.

- 3.2 Die Sinode besluit, in die lig van die beredenering, om 'n Kommissie aan te wys om op die voortsetting van die Sinode te rapporteer:

- 3.2.1 Die Kommissie moet alle onafgehandelde sake uit Sinodes 2000 tot 2009 oor die vrou in die kerk ondersoek en die volgende Sinode in die lig van hulle studie adviseer oor die behandeling en/of afhandeling daarvan.

- 3.2.2 Die Kommissie moet alle relevante materiaal in die studie verreken. Hierby is die opdrag van Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14), die Studierapport en die Kommissierapport van Sinode 2006, sowel as die Studierapport en Kommissierapport van Sinode 2009 ingesluit.

- 3.2.3 Die Kommissie moet alle nuwe studies en ontwikkelinge in die verband in ag neem, binne die GKSA sowel as binne kerke waarmee die GKSA ekumenies een is.

- 3.2.4 Die studie moet die saak van die vrou in kerk, wat die vrou in al die besondere dienste insluit (Acta 2000:414, 5) in 'n nuwe Rapport ter tafel bring vir besluitneming deur die Sinode.

Besluit: 3.2.1 tot 3.2.4 word goedgekeur soos gewysig – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handeling.

- 3.2.5 Die Sinode keur 2.3.1.1 tot 2.3.1.2 goed.

Besluit: Goedgekeur.

HHHHH. ORDEVOORSTEL

Die voorstel op tafel terstond tot stemming gebring word.

Besluit: Goedgekeur.

Die Sinode besluit voorts dat hierdie Sinode in reses gaan en 'n Kommissie aanwys om op die datum soos deur die Sinode bepaal, te rapporteer oor die opdragte soos goedgekeur in pt 3 van die Rapport van die ad hoc-kommissie.

Die volgende name word aan die Sinode voorgehou: Ds HJP de Beer (Voorsitter) dr SP van der Walt (skriba), di RS Hobyane, MJ Letebele, LH Moretsi, SD Snyman, L du P van der Vyver, dr DG Breed, G Breed, GJ Meijer, J Smit en dr SJ van der Merwe. Adviseurs is: proff A le R du Plooy, CFC Coetzee, RS Letšosa, JJ J van Rensburg, GJC Jordaan en JM Vorster.

Besluit: Goedgekeur.

T. RAPPORT KOMMISSIE – SAAK VAN DIE VROU

Kyk pt 12 van die Rapport vir besluite.

Opdrag

Opdrag van Sinode 2009

Die volgende uittreksel uit besluite van die Sinode het betrekking op die opdrag van hierdie Kommissie:

- A. Rapport Ad hoc-kommissie rakende implikasies van die slaag van die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal
 2. Beredenering
 - 2.1 Implikasies met betrekking tot die besluite van Sinodes 2006 en 2003
 - 2.1.1 Die besluit van Sinode 2006 (Acta 2006, 411-412, 2.1.2, 2.2.2 en 2.3) word deur die besluit van Sinode 2009 gerojear. (Rojear: kanselleer, skrap, vernietig, ophef (HAT).)
 - 2.1.2 Die implikasie van die besluit van Sinode 2009 is dat die besluit van Sinode 2003 staan (Acta 2003:591-593, E1 tot 14.8; vgl. Errata by die Handeling van 2003). Dit sluit onder meer die besluit in waarteen Part Sinode Bosveld in 2006 (Acta 2006:409) beswaar gemaak het, naamlik: "Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gewese het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerk in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in besondere ampte speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie" (Acta 2003:591, 4).
 - 2.2 Implikasies vir sake op die Agenda van Sinode 2006
 - 2.2.1 Die besluit van Sinode 2009 het implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat ordelik op die tafel van Sinode 2006 gekom het. Die volgende sake is hier van belang:
 - 2.2.1.1 Die Rapport van Studiedeputate (minderheid en meerderheid) wat deur Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14) aangewys is. Weens die besluit van Sinode 2006 in die handhawing van die beswaar van Part Sinode Bosveld is die Rapport nie afgehandel nie.
 - 2.2.1.2 Die Rapport van die Kommissie van Sinode 2006 oor die Studierapport van 2003 bevat belangrike beredenering.
 - 2.2.1.3 Die Beswaarskrifte teen die besluit van Sinode 2003 rakende die vrou in die amp van diaken (Acta 2006:417 tot 556 – uitgesluit die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld). Hierdie Beswaarskrifte het ordelik op die tafel gekom, is nie behandel nie en moet derhalwe afgehandel word.
 - 2.2.2 Die implikasie van Sinode 2009 se besluit is dat die sake in 2.2.1 hierbo weer in behandeling geneem moet word.
 - 2.3 Implikasies vir die afhandeling van die Agenda van Sinode 2009
 - 2.3.1 Die besluit van Sinode 2009 het ook implikasies vir sake oor die vrou in die kerk wat aanvanklik ordelik op die tafel van Sinode 2009 gekom het. Die sake is die volgende:
 - 2.3.1.1 Die Rapport van die Studiedeputate wat voortspruit uit die besluite van Sinode 2006 is met die rojering van die besluit nie meer op die tafel van hierdie Sinode nie.
 - 2.3.1.2 Die Beswaarskrif van GK Brits-Wes. Die Beswaarskrif rus op die besluit van Sinode 2006 wat deur die besluit van Sinode 2009 gerojear is.
 3. Aanbevelings
 - 3.1 Die Sinode neem kennis van die beredenering in 2.
 - 3.2 Die Sinode besluit, in die lig van die beredenering, om 'n Kommissie aan te wys met die volgende opdrag:
 - 3.2.1 Die Kommissie moet alle onafgehandelde sake uit Sinodes 2000 tot 2009 oor die vrou in die kerk ondersoek en die volgende Sinode in die lig van hulle studie adviseer oor die behandeling en/of afhandeling daarvan.
 - 3.2.2 Die Kommissie moet alle relevante materiaal in die studie verreken. Hierby is die opdrag van Sinode 2003 (Acta 2003:593, 14), die Studierapport en die Kommissierapport van Sinode 2006, sowel as die Studierapport en Kommissierapport van Sinode 2009 ingesluit.
 - 3.2.3 Die Kommissie moet alle nuwe studies en ontwikkelinge in die verband in ag neem, binne die GKSA sowel as binne kerke waarmee die GKSA ekumenies een is.

3.2.4 Die studie moet die saak van die vrou in die kerk, wat die vrou in die amp insluit (Acta 2000:441, 5) in 'n nuwe Rapport ter tafel bring vir besluitneming deur die Sinode.

B. Rapport Moderamen i.s. reëlins:

1. Dat die benoemde Kommissie van die Algemene Sinode die verdere sitting van hierdie Sinode reël so gou as wat alle betrokke faktore dit toelaat.
2. Dat hierdie Kommissie ook die nodige aandag sal gee aan moontlike, tans onvoorsiene, probleme wat die besluit om 'n verdere sitting van die Sinode te hou, mag oplewer.
3. Dat die volgende sessie van hierdie Sinode die Rapport van die Kommissie oor die saak van die vrou in die kerk, asook alle ander onafgehandelde sake, sal hanteer.

Samevatting van opdrag

1.2.1 Die Kommissie moet deur 'n nuwe Rapport die saak van die vrou vir besluitneming op die Sinode ter tafel bring (vgl. 3.2.4 van die opdrag in 1.1 hierbo) deur:

- die posisie van die vrou in die kerk in die algemeen te ondersoek;³²²
- die posisie van die vrou in die besondere dienste te ondersoek.³²³

1.2.2 Bogenoemde moet geskied deur:

- alle onafgehandelde sake van Sinode 2000 tot 2009 te ondersoek en die Sinode oor die behandeling en/of afhandeling daarvan te adviseer;³²⁴
- alle relevante materiaal in die studie te verreken;³²⁵
- alle nuwe studies en ontwikkelinge in die GKSA sowel as kerke met wie die GKSA ekumenies een is, in ag te neem.

Uitvoering van die opdrag

Die Kommissie wat deur die Sinode aangewys is, het ses keer vergader (soms oor meer as een dag), uitgesluit subkommissies wat tussendeur hulle spesifieke studie-opdragte uitgevoer het.

Die Kommissie het hom streng gehou aan sy opdrag (vgl. 1.1 hierbo), en het sy werkwyse daardeur laat bepaal. Aanvanklik het die Kommissie twee subkommissies aangewys, waarvan die een subkommissie gefokus het op die inhoudelike aspekte van vorige Rapporte, dit saamgevat en georden het, terwyl die ander subkommissie hom toegespits het op die kerkordelike kwessies wat in hierdie saak van belang is.

Die inhoudelike ordening en studiewerk het uitgekristalliseer in twee standpunte wat twee nuwe subkommissies tot gevolg gehad het, naamlik 'n subkommissie wat enersyds die standpunt bestudeer en beredeneer het dat geslag nie bepalend is vir die besondere dienste nie, en 'n subkommissie wat andersyds die standpunt bestudeer en beredeneer het dat vroue nie in die leer- en regeerdiens kan dien nie.³²⁶ Albei standpunte berus op eksegetiese wat gebaseer is op die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte soos gestel in 6 en 7 en verreken die tersaaklike kerkregtelike beginsels (vgl. 4).

'n Derde subkommissie was gemoeid met kerkregtelike kwessies, hoofsaaklik wat betref die status en inhoud van die Beswaarskrifte wat vanweë die geslaagde Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld nie tydens Sinode 2006 hanteer is nie.

Voorts het die Kommissie in die uitvoering van die opdrag ondersoek ingestel na die wyses waarop die saak van die vrou hanteer word in kerke met wie die GKSA ekumeniese bande het.

³²² Vgl. 8.

³²³ Sinode 2009 het reeds die saak t.o.v. die vrou in die diens van diaken afgehandel deur die besluit van Sinode 2003 te herstel op grond van die geslaagde Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal. Die besluit van Sinode 2003 waarvolgens vroue verkiesbaar is tot die diens van diaken, kan alleen ordelik volgens KO, art 46 by 'n volgende vergadering in behandeling geneem word.

³²⁴ Onafgehandelde sake is dié sake wat Sinodes by die afhandeling van sy agenda as onafgehandel aangedui en vir verdere hantering verwys het.

³²⁵ Alle tersaaklike dokumente wat nie as onafgehandel aangedui is nie, is wel inhoudelik in hierdie Rapport verreken.

³²⁶ Aangesien die vraag oor vroue in die diakendiens nie deel van die opdrag van hierdie Kommissie vorm nie, het dié lede van die Kommissie wat oortuig is dat vroue ook nie in die diakendiens bevestig behoort te word nie, hulle vereenselwig met die standpunt in hierdie Rapport dat vroue nie in die leer- en regeerdiens mag dien nie.

Ter finalisering van die Rapport aan die Sinode het 'n ad hoc-kommissie die finale afronding van die konsepprapport behartig, en die aanbevelings geformuleer, asook die konsekwensies van die aanbevole besluit. Hierdie konsepprapport is op 'n finale vergadering van die volle Kommissie gefinaliseer. Dit is die bede van die Kommissie dat hierdie Rapport deur die genade van God die saak en die kerke sal dien, tot die eer van die Koning van die Kerk. Dit is ook die bede van die Kommissie dat die Sinode in sy besluitneming so veel as moontlik konsensus sal bereik en dat na die besluitneming ook die nodige konformerings sal geskied.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling vir effektiewe behandeling en afhandeling van die Rapport

Die rapporteur van die Kommissie stel die hele Rapport.

Die Sinode behandel die Rapport aan die hand van die orde wat in pt 12 gestel is.

Twee lede van die Kommissie naas die rapporteur is aangewys om vrae oor spesifieke standpunte te beantwoord en samevattende toeligting te gee.

Besluit: Goedgekeur.

Besluite van Sinode 2003 en verrekening/uitvoering/opvolging daarvan

Die besluite van Sinode 2003 (Acta 2003:591-593, 1-14.8, asook alle "Goedgekeur"-besluite wat dié Sinode geneem het, Acta 2003:564-571)³²⁷ word vervolgens volledig aangehaal in die linkerkolom van die onderstaande tabel. In die regterkolom word aangedui hoe en waar hierdie subkommissierapport elke onderdeel van die 2003-besluit verreken/uitvoer/opgevolg het:

Sinode 2003 (Acta 2003:564, 3.2.2.8): Vroue tydens Jesus se lewe op aarde	Verrekening en/of Uitvoering
1. Vroue word in hulle geloofslawe op dieselfde vlak as mans geag. 2. Vroue is ongehinderd deel van die wyer kring van die volgelinge van die Here Jesus. 3. Vroue word deur die Here ook as profete en getuies gebruik. 4. Die vrou as moeder het 'n besondere en unieke rol in God se werk en wêreld. 5. Vroue het 'n besondere rol gespeel in die fisiese versorging van en bediening aan die Here Jesus en die apostels. 6. Jesus ag vroue hoog ten spyte van hulle sosiale posisie in die destydse wêreld. 7. Jesus se optrede teenoor vroue het die verlossende aard van sy bediening beklemtoon. Hy het die vrou opgehef om saam met die man gelyk en gelykwaardig voor God te wees.	Hierdie besluite is presies so oorgeneem in 10.3.7 hieronder.

Sinode 2003 (Acta 2003:568, 3.2.3.10): Vroue in die apostoliese tyd	Verrekening en/of Uitvoering
1. Vroue word in hulle geloofslawe op dieselfde vlak as mans geag	Hierdie besluit word in hierdie Rapport verreken, onder andere in die eksegeese en hermeneutiese van Gal 3:28 (vgl. 10.6.1-7 hieronder).
2. Vroue is voluit deel van die gemeentes van die Here	Hierdie besluit word in hierdie Rapport verreken.
3. Vroue het ook op verskillende maniere hulle gawes in die gemeentes en ten bate van die gemeentes beoefen	Hierdie besluit word in hierdie Rapport verreken, onder andere in

³²⁷ Baie van die "Konklusies" by punte 3.6-3.14 in die ACTA (2003:572-590) is verkeerdelik aangemerkt as "Goedgekeur". Die notule dui aan dat daar by al hierdie punte niks "Goedgekeur" is nie, maar by elke onderpunt is besluit: "Kennis geneem".

	die eksegeese en hermeneuse van 1 Kor 11:2-16 (vgl. 10.7.1-6 hieronder), en van 1 Kor 14:26-40 (vgl. 10.8.1-6 hieronder).
4. Vroue was op 'n besondere manier by die versorging van die apostels en by die barmhartigheidswerk in die gemeentes betrokke	Hierdie besluit word in hierdie Rapport verreken.
5. Moederskap kry in die apostoliese geskifte besondere erkenning en aanmoediging	Niks in die Rapport is strydig met hierdie besluit nie.
6. 'n Getroude vrou is nie minderwaardig t.o.v. haar man nie, maar word ter wille van die Godgegewe struktuur van hierdie verhouding enkele beperkings opgelê	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken (vgl. veral die eksegeese en hermeneuse van 1 Pet 3:1-7 [vgl. 10.5.1-6 hieronder] en Ef 5:21-33 [vgl. 10.4.1-6 hieronder], asook die onderafdeling oor hoofskap in 1 Kor 11 [vgl. 10.7.4.2 hieronder]). Dié besluit is ook in die finale gevolgtrekking (vgl. 10.14.1-5 hieronder) en aanbeveling (vgl. 10.15 hieronder) verreken.
7. Nie-getroude vroue het nie 'n mindere plek as getroude vroue in die kerk van die Here nie	Niks in die Rapport is strydig met hierdie besluit nie.
8. Die ruimte vir die vrou se uitlewing van haar Godgegewe gawes, is – op die enkele beperkings hierbo genoem na – net so wyd soos die van mans. Daar is ook sekere kwalifikasies vir die man se uitlewing van sy gawes.	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken (vgl. veral die eksegeese en hermeneuse van 1 Pet 3:1-7 [vgl. 10.5.1-6 hieronder] en Ef 5:21-33 [vgl. 10.4.1-6 hieronder], asook die onderafdeling oor hoofskap in 1 Kor 11 [vgl. 10.7.4.2 hieronder]). Dié besluit is ook in die finale gevolgtrekking (vgl. 10.14.1-5 hieronder) en aanbeveling (vgl. 10.15 hieronder) verreken.

Sinode 2003 (Acta 2003:569, 3.3.2): Raakvlakke van die plek en rol van die vrou in samehang met die van die man	Verrekening en/of Uitvoering
1. 'n Man en vrou moet as 'n twee-eenheid hulle plek in die kerk inneem en hulle taak in die kerk uitvoer 2. Hulle moet mekaar hierin komplementeer en binne die Godgegewe man-vrou-orde funksioneer	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken (vgl. veral die eksegeese en hermeneuse van 1 Pet 3:1-7 [vgl. 10.5.1-6 hieronder] en Ef 5:21-33 [vgl. 10.4.1-6 hieronder], asook die onderafdeling oor hoofskap in 1 Kor 11 [vgl. 10.7.4.2 hieronder]). Dié besluit is ook in die finale gevolgtrekking (vgl. 10.14.1-5 hieronder) en aanbeveling (vgl. 10.15 hier onder) verreken.

Sinode 2003 (Acta 2003:571, 3.5.4): Die karakter van die	Verrekening
--	--------------------

amp in die NT, veral in vergelyking met die karakter van die amp in die OT	en/of Uitvoering
1. Genadegawes, as grondslag vir alle bedieninge in die kerk, word aan man en vrou gegee	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken.
2. Hierdie gawes moet sonder verhinderings, onderhewig aan die Woord van God, tot opbou van die gemeente aangewend word	
3. Die besondere dienste is nie posisies van status in die kerk nie, maar wel vaste, georganiseerde en leidinggewende bedieninge waardeur die Here sy kerk lei en versorg	Die Rapport gaan uit van die kerkregtelike vertrekpunte (soos in 4 uiteengesit)
4. Vir die uitoefening van alle bedieninge in die kerk is geestesgawes nodig. Die gawe is nodig vir die bediening en gaan dit vooraf	
5. Die gesag van die besondere dienste, waaraan die gemeente hulle moet onderwerp, is bediening van die gesag van Christus as enigste Hoof van die kerk	
6. Die ampte/besondere dienste van die N.T. kan nie sonder meer na dié van die O.T. herlei word nie	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken (vgl. 10.2.1-9 hieronder).

Sinode 2003 (Acta 2003:591-593, 1-14.8): Die Sinode besluit in die lig van jarelange studie die volgende oor die plek van die vrou in die kerk:	Verrekening en/of Uitvoering
1. Christus het die vrou na 'n gelykwaardige vlak met die man herstel. Dit word gesien in hoe die Skrif die vroue se geloofslewe, deel wees van die kring van Jesus se volgelinge, asook optrede as profetesse en getuies skets. Die GKSA onderneem om die waarde van die vrou soos deur die koms van Christus herstel, doelgerig in die kerkgemeenskap te erken en uit te leef.	Die beredenering en gevolgtrekkings in 10.3.1-8 hieronder kom volledig met hierdie besluit ooreen.
2. In die Nuwe-Testamentiese tyd was vroue voluit deel van die gemeentes en het soos mans gawes van die Heilige Gees ontvang wat hulle in die gemeentes en in hulle huise kon aanwend. Getroude én ongetroude vroue het voluit deel aan Christus en aan diens in sy kerk gehad. Sommige vroue word verder as moeders sowel as versorgers in die fisiese behoeftes van Jesus en sy dissipels geteken. Kerke moet met oorgawe die rykheid van gawes wat vroue ontvang het, in die gemeentes benut.	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken, en gee uitvoering aan die gevolgtrekking.
3. Die vrou is nie minderwaardig aan die man nie. Tog kry die hoofskap van die man (soos Christus Hoof van die man en gemeente is) in die huwelik besondere klem. Met hoofskap vertrou die Here in die huwelik 'n bepaalde liefdevolle, leidinggewende verantwoordelikheid aan die man toe, sonder dat die man in sondige heerskappy oor sy vrou mag verval. Man en vrou moet aan mekaar onderdanig wees uit eerbied vir die Here (Ef 5:21). Die vrou moet in die huwelik helper wees en so in die gemeente optree dat sy haar man se hoofskap eerbiedig.	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken (vgl. veral die eksegeese en hermeneuse van 1 Pet 3:1-7 [vgl. 10.5.1-6 hieronder] en Ef 5:21-33 [vgl. 10.4.1-6 hieronder], asook die onderafdeling oor hoofskap in 1 Kor 11 [vgl. 10.7.4.2 hieronder]). Dié besluit is ook in die finale gevolgtrekking (vgl. 10.14.1-5 hieronder) en aanbeveling (vgl. 10.15 hieronder) verreken.
4. Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het, as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word. Die Sinode oordeel verder dat bepaalde tekste soos	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken.

Rom 16:2, 1 Tim 3:11 en 5:9-15 baie lank reeds in die Gereformeerde Kerke in ekumeniese verband 'n belangrike ondersteunende rol vir vroue in 'n besondere amp speel, alhoewel daar enersyds nie duidelike sekerheid bestaan nie, maar andersyds ook geen verbod op vroue in die amp van diaken geplaas word nie.	
5. Die Kerkorde en Bevestigingsformuliere van die GKSA onderskei tussen die Woordbediening en toesighouding wat aan predikante en ouderlinge opgedra word, en die diakonale diens om die liefdesgemeenskap in Christus te laat lewe. Die predikant(e) en ouderlinge vorm die Kerkraad wat die gesag van Christus in die gemeente bedien. Die Sinode bevestig die onderskeid wat tussen die drie besondere dienste in die kerk bestaan. Hierdie onderskeid bring mee dat daar geen belemmering is vir vroue in die diens van die diaken nie.	Hierdie Rapport is dit eens dat daar geen belemmering is vir vroue in die diens van diaken nie.
6. Dit is duidelik dat vroue in die Nuwe-Testamentiese tyd ook met profetiese, leer en onderriggawes in die gemeentes opgetree het, maar dis nie duidelik hoe sy hierdie gawes in die lig van Skrifgedeeltes soos 1 Tim 2:12 en 1 Kor 14:34 moet uitleef nie. Die Sinode ondersoek die verskillende moontlikhede binne en buite die gemeente waarin die vrou haar profetiese-, leer- en onderriggawes kan gebruik.	Hierdie Rapport bring groter duidelik oor die opsigte waarin 1 Tim 2 (vgl. 10.9.1-6 hieronder) en 1 Kor 14 (vgl. 10.8.1-6 hieronder) lig werp op die vraag na die vrou se uitlewing van die gawes van profesie, leer en onderrig. Besinning en 'n aanbeveling oor die laaste sin se opdrag, word vervat in 8.
7. Die Sinode wys Deputate aan om in die lig van die bevindinge van die afgehandelde studies in die GKSA die kerkregtelike implikasies te ondersoek wat die moontlike verkiesing van vroue as ouderlinge en beroeping van vroue as predikante sal hê. 'n Empiriese ondersoek van die praktyk waar vroue reeds in daardie dienste staan, moet ook gedoen word. Die studie word onderneem in oorleg met Gereformeerde Kerke met wie die GKSA ekumenies een is.	Hierdie besluit word in hierdie Rapport verreken.
8. Die verhouding tussen man en vrou in die huisgesin (huwelik) word meermale in vergelyking met, of as metafoor, vir die verhouding tussen man en vrou in die "huisgesin van God" (gemeente) gebruik. So word bv. die leiding in die gemeente aan die mans wat hulle huise goed kan regeer, opgedra (1 Tim 3:4; Titus 1:6,7). Die ouderlinge word "die bestuurders van die huisgesin van God" genoem. Studie oor die verhouding tussen die man en vrou in die huisgesin kan rigtinggewend wees vir soortgelyke verhoudinge in die "huisgesin van God". Die Sinode ondersoek die saak en gee riglyne aan die kerk daaroor.	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken (vgl. veral die eksegeese en hermeneuse van 1 Pet 3:1-7 [vgl. 10.5.1-6 hieronder] en Ef 5:21-33 [vgl. 10.4.1-6 hieronder], asook die onderafdeling oor hoofskap in 1 Kor 11 [vgl. 10.7.4.2 hieronder]).
9. Die besondere dienste (diaken, ouderling en predikant) is nie posisies van status in die kerk nie, maar wel vaste, georganiseerde en leidinggewende bedieninge waardeur die Here sy kerk lei en versorg. Die bedoelinge van die besondere dienste is om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in kerk en koninkryk (Ef 4:12). Die Sinode bevestig die dienskarakter van die besondere ampte en moedig kerke aan om die gedagte aan status teen te werk. Verder word kerke aangemoedig om gelowiges steeds toe te rus om diens te kan lewer tot opbou van die gemeente.	Hierdie besluit word volledig in hierdie Rapport verreken.
10. Om in die besondere dienste te staan, is nie vir elkeen wat	Hierdie besluit word in hierdie

dit begeer, beskore nie. Daarom is bepaalde vereistes vasgestel – ook vir mans (1 Tim 3:1-7; 1 Tim 5:9-15). Die dienswerk moet tot eer van God en opbou van sy gemeente wees. In alle dienswerk moet die gesag van Christus as hoof van die kerk erken word. Die Sinode moedig kerke aan om opnuut daarop ag te slaan dat die vereistes wat die Skrif stel, toegepas word wanneer diakens, ouderlinge en predikante verkies word.	Rapport verreken.
11. Die Sinode gee aan die te benoeme Deputate opdrag om die nodige wysigings in die Kerkorde en Bevestigingsformuliere vir diakens aan te bring. Die implikasies van die reëling van KO, art 38 vir hulpouderlinge moet verreken word.	Hierdie besluit word verreken in 11.1.1, 11.1.2 en 11.2.1.
12. Die Sinode neem in ag dat daar verskillende bedieningsbehoefte in gemeentes van die GKSA bestaan, waarin uitsonderlike reëlings t.o.v. die verskillende dienste nodig mag wees.	Hierdie besluit word in hierdie Rapport verreken.
13. Die Sinode gee opdrag aan Deputate of 'n begaafde skrywer om 'n bevatlike riglyn vir Kerkrade en lidmate te publiseer waarin die neerslag van die Deputaterapporte van 1988 en 2003 vervat word. Praktiese riglyne om in die kerk die volheid van die gawes wat God aan vroue (en mans) gee te laat benut, word ook daarin vervat.	Hierdie besluit word verreken in 11.1.3 en 11.2.2.
14. Die gewete van gelowiges mag nie sonder die nodige oortuiging uit die Woord gebind word nie (NGB, art 32). Vorige studies binne die GKSA (t.o.v. die vereistes wat die Bybel stel, Kerkorde, Belydenis, kerkgeskiedenis, ens) het bevind dat vroue nie in die dienste van ouderlinge of predikante mag staan nie. Uit die Rapporte wat by hierdie Sinode gedien het, blyk dit egter dat daar sake soos die volgende is, wat verdere ondersoek noodsaak. Die Sinode gee opdrag aan die te benoeme Deputate om die volgende Sinode te adviseer oor die betekenis van die volgende ten opsigte van die vrou se betrokkenheid by die besondere dienste.	
14.1 In watter mate is 1 Kor 11:3 'n vertrekpunt vir die gesagsverhouding tussen man en vrou in die gemeente? Watter lyne kan bv. na 1 Kor 14 en Ef 5 getrek word? 14.2 Hoe raak die hoofskap van die man ten opsigte van sy vrou in die huwelik, die beperking op die vrou ten opsigte van die regeeramp? 14.3 Die man as hoof moet die leiding neem in die huwelik. Hoe raak dit die funksionering van die verskillende dienste in die kerk? 14.4 In Ef 5:23 word die huweliksverhouding beskryf met die woorde: “Die man is die hoof van die vrou ...” Watter implikasies het die huweliksverhouding vir die verhouding tussen getroudes in die gemeente, veral ten opsigte van die besondere dienste? 14.5 Die Skrif praat van die verhouding tussen die getroude mans en hulle vroue. Hoe raak dit die posisie van ander vroue in die gemeente?	Hierdie vrae word beantwoord (vgl. veral die eksegeese en hermeneuse van 1 Pet 3:1-7 [vgl. 10.5.1-6 hieronder] en Ef 5:21-33 [vgl. 10.4.1-6 hieronder], asook die onderafdeling oor hoofskap in 1 Kor 11 [vgl. 10.7.4.2 hieronder]).
14.6 Hoe kon vroue die gawe van profesie uitleef, terwyl hulle in die gemeente van Korinte moes “swyg” in die erediens (1 Kor 11:5, 12:10 & 14:33-34)? Wat beteken dit vir vandag? Op watter wyse kan hierdie gawe tot	Hierdie Rapport beantwoord hierdie vrae (vgl. die eksegeese en hermeneuse van 1 Kor 11 (vgl. 10.7.1-6 hieronder) en 1 Kor 14

opbou van die gemeente gebruik word?	(vgl. 10.8.1-6 hieronder).
14.7 Kan 1 Tim 2:11 as riglyn vir die toelating al dan nie van vroue as bedienaars van die Woord gebruik word? Verdere studie rakende die konteks waarbinne die uitsprake gedoen word, kan moontlik lig werp.	Hierdie vrae word beantwoord in die eksegeese en hermeneuse van 1 Tim 2 (vgl. 10.9.1-6 hieronder).
14.8 Is daar Skriftuurlik onderskeid tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig (1 Tim 3)? Diepgaande ondersoek moet ook gedoen word na die persoon wat in Rom 16:7 as Junian (akk) aangedui word, maar wat, volgens die lig tot ons beskikking gedurende al die eeue (tot aan die einde van die 13de eeu) as 'n vrou ("Junia") beskou is (volgens 'n bepaalde aksentuering). Sy is volgens hierdie lesing as 'n vroue-apostel deur Paulus en ook onder die apostels in die algemeen geëer. Daar is 'n oorwig van kontemporêre eksegeese wat haar ook as 'n vrou aanvaar. Wat was die aard van haar apostelskap? Watter lig werp dit op die vraag – veral op die vrou in die leeramp?	Die heel laaste vraag ("Watter lig werp dit op die vraag – veral op die vrou in die leeramp?") kom deurgaans in die Rapport aan die orde. Die "diepgaande ondersoek" oor die geslag van Junian (Rom 16:7) is gedoen (vgl. 10.12.5 hieronder).

Tersaaklike kerkregtelike aspekte

Terminologie

Die woorde "diens" en "amp"

Dit is opvallend dat die woord "amp" in die Nederlandse Geloofsbelydenis (Art 31) gebruik word terwyl die woord "diens" konsekwent in die Kerkorde en Formuliere voorkom.

In die Nuwe Testament word διακονία in besonder gebruik vir werk wat in opdrag van iemand anders uitgevoer word. Op grond van Louw & Nida (1988b:59) blyk dit dat διακονία in vyf betekenisvelde gebruik kan word:

- **Diens:** Hand 17:25; 13:36; Matt 20:28; Op 2:19. Gee hulp of bystand deur sekere pligte na te kom, dikwels pligte van nederige aard.
- **Bediening:** Hand 20:24. 'n Rol of posisie van diens.
- **Voorsiening:** Hand 6:1. 'n Prosedure van omsien na die behoeftes van ander.
- **Tafeldiens:** Mark 1:31. Om mense wat besig is om te eet, te bedien.
- **Bydrae:** Geld wat gegee word aan iemand in nood.

Dit is duidelik dat die betekenis waarvoor die woord "amp" in Afrikaans gebruik word, goed vergelyk met die betekenis "rol" of "posisie van diens" in die betekenisveld *bediening*.

Hoewel sommige kerkregtelikes (bv. Bouwman 1934:328 ev) meen dat die woorde "diens" en "amp" sinonieme is, is die woord "diens" meer bruikbaar, omdat die woord "amp" in Afrikaans 'n betekenis van status of posisie verkry het. Daarenteen gee die woord "diens" die inherente betekenis van Nuwe-Testamentiese woorde soos διάκονος en δοῦλος beter weer, omdat dit nie dui op 'n besondere posisie of status nie.

Die konnotasie wat aan die begrip "dienaars" (soos predikante, ouderlinge of diakens) geheg word, is wel belangrik omdat die Nuwe Testament die gewone alledaagse woorde wat in die staatkundige en siviele lewe vir amp (amptenaar) gebruik word (soos bv. ἀρχή, τιμή en τέλος), vermy wanneer na funksies of werksaamhede in die kerk verwys word. Omdat woorde soos διάκονος (διακονία: Rom 11:13) en δοῦλος (Fil 1:1; Tit 1:1) gebruik word, is dit duidelik dat die dienswerk in die kerk moet geskied in nederigheid en toewyding aan Christus as die enigste Hoof van die kerk.

Omdat alle Christelike werk egter met die term "diens" beskryf kan word, is dit nodig om amp te omskryf as "besondere diens", om dié term sodoende te onderskei van die diens wat alle gelowiges verrig. Dit moet in ag geneem word dat die woord "diens" ook soms vir "besondere diens" gebruik word, byvoorbeeld wanneer "diens" verwys na die diens van ouderling/diakon/ predikant. In hierdie dokument word die term "besondere diens" eerder as "amp" gebruik.

Die Latynse woorde vir "diens" soos dit in die Kerkorde voorkom

In die Skrif word die besondere dienste (soos ouderlinge en diakens) met verskillende woorde en begrippe aangedui. Die funksie of taak van die dienste word dikwels met hierdie verskillende woorde en begrippe beskryf. Enkele voorbeelde: die woord ποιμήν vir “herder” dui tegelyk op die wyse waarvolgens die ouderlinge moet werk, naamlik herderlik; of die ouderlinge se opdrag om te bestuur (κυβερνέω), wat weer daarop dui dat hulle die werk moet doen soos mense wat in staat is om ’n skip versigtig tussen rotse deur te stuur (vgl. 1 Kor 12:28: κυβερνήσεις).

In die Afrikaanse teks van die Kerkorde wat algemeen gebruik word, word deurgaans slegs van diens gepraat (en nie van “amp” nie), en met hierdie formulering gaan sowel iets van die Skrifgegewens oor die betrokke diens as van die implisiete betekenis van die Latynse woorde verlore.

In die Latynse teks word verskillende woorde met aksentverskille gebruik wat almal wel in die algemeen te doen het met die begrip “diens”, byvoorbeeld:

- *ministerium* – dit is bediening in die algemeen
- *munus* – bv. Art 18 KO – diens as opdrag of taak
- *officium* – bv. Art 16, 23 en 25 KO – die volbringende of werk aan ’n diens/taak
- *functio* – bv. Art 2 KO – die funksionering of uitoefening van ’n *munus* of opdrag as ’n dienswerk.

Al die woorde laat blyk dat dit in die kerk om nederige dienswerk gaan en nie om heerskappyvoering nie.

Die oorsprong van die besondere dienste

Die oorsprong van die besondere dienste lê by God self en nie by die mens nie. God die Vader het sy Seun na hierdie wêreld gestuur. Met sy doop is Jesus Christus deur die Heilige Gees gesalf tot die eintlike Ampsdraer in die kerk: Hy beklee ’n drievoudige diens – *munus triplex* – waarin die eenheid van sy diens of Middelaarswerk voorop staan, maar wat onderskei kan word in driedigtheid. Hy is naamlik ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning (Matt 23:8, 10; Rom 15:8; 1 Kor 15:25; Heb 3:1; 8:6; 13:20; 1 Pet 2:25; 5:4; vgl. HK 12).

Dat Christus se diens op aarde besondere diens (amp) was, kom byvoorbeeld na vore wanneer Petrus Hom die Opperherder noem (1 Pet 5:4). Hy in Hebreërs 3:1 as “apostel” beskryf word en Paulus van Hom praat as Koning (1 Kor 15:25) en as Dienaar (Rom 15:8). Die duidelikste getuie is dat Hy in opdrag sy werk uitgevoer het, blyk uit Christus se hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 wanneer Hy sê dat Hy die werk wat Hy ontvang het, volbring het. In die volmaakte volbringende van hierdie diens wat Hy van die Vader ontvang het, vind die kerk die grond vir sy ontstaan en voortbestaan. Christus bewerk verlossing vir sondearmense deur sy amptelike werk, sy volkome gehoorsaamheid. Deur sy dienswerk word sondearmense ’n koninklike priesterdom wat God se daad moet verkondig. Op grond van die dienswerk wat Hy verrig het, is dit moontlik dat mense in God se diens mag staan. Deur sy dienswerk staan gelowiges in die amp van gelowige en mag mense ook ’n besondere diens verrig. Na sy hemelvaart is Christus nog steeds besig met sy ampswerk. Op Pinksterdag, na die uitstorting van die Heilige Gees, beklemtoon Petrus dit in sy verkondiging dat Christus κύριος is. Ook op ander plekke in die Skrif word beklemtoon dat Christus κύριος is (vgl. bv. 1 Kor 12:3). Christus het as Oorwinnaar van die Vader alle mag in die hemel en op aarde ontvang (Matt 28:18) en regeer nou as κύριος (vgl. Op 5). Hy is as κύριος vanuit die hemel besig om sy opdrag uit te voer, maar nou as Opdraggewer. Hy gee aan die dissipels die opdrag om sy getuies te wees (Matt 28:19; Hand 1:8). Deur getuies van Hom te wees moet mense daartoe gebring word om Christus in geloof en in hulle lewe as κύριος te erken.

Christus maak egter ook van mense se diens gebruik in die uitoefening van sy dienswerk. Hy gebruik sekere mense as sy instrumente en as organe in sy liggaam, die kerk.

Hy maak nie meer van die Ou-Testamentiese besondere dienste gebruik nie, want in en deur Hom is hulle ten volle vervul. Hy gee egter nuwe besondere dienste wat tegelyk kontinue en diskontinue lyne met die Ou-Testamentiese dienste van profete, priesters en konings het. Hierdie kontinue en diskontinue lyne word gesien in sowel die drievoudigheid van genadegawes (drie kategorieë: verkondiging, hulpverlening en leiding/regering [vgl. Du Plooy 2005:560] as in die drieërlei dienste wat te doen het met lering, regering en barmhartigheid/versorging).

Christus stel eerstens apostels aan; eers op ’n direkte wyse (Mark 3:14; Luk 6:12-16), en daarna word die plaasvervanger-apostel (Mattias) op ’n indirekte wyse aangestel deur middel van die ander

apostels, die gemeente en die lot (Hand 1:15-26). Paulus is later deur Hom as apostel geroep (Gal 1:15-16).

In die gemeentes, wat Christus toe deur die dienswerk van die apostels laat ontstaan het, gee die Heilige Gees 'n verskeidenheid gawes (χαρίσματα) wat die gelowiges in die uitvoering van God se wil moet gebruik. Hierdie χαρίσματα is verskillende bekwaamhede en vermoëns wat die Heilige Gees vir mense gee en waardeur Hy hulle in staat stel om met bepaalde dienswerk tot opbou van die kerk te werk (Rom 12:6-8; 1 Kor 12; 1 Pet 4:10-11).

Met hierdie gawes is en word op verskillende manier gedien:

Gewoonlik dien gelowiges met hulle gawes spontaan (op eie inisiatief) en insidenteel, waar die geleentheid daarvoor voorkom. Hierdie vorm van diens deur elke lid van die gemeente is deel van die uitlewing van dit wat "die amp van die gelowige" genoem word (Luk 10:38; Hand 16:15; 19:26; Tit 2:3-5; 1 Pet 4:10a; Bylae-1988, 7.2).

Soms is die gawes ook in langer durende en meer georganiseerde dienswerk benut. Dit lyk asof hierdie soort diens veral te doen gehad het met hulpverlening aan die apostels (Luk 8:1-3; 10:1-17; Rom 16:3,6,9,12; 1 Kor 16:15-16; Kol 4:7,10-11,14; 1 Tim 5:9).

Party gelowiges word deur die Here deur middel van sy kerk aangewys en aangestel om hulle gawes te beoefen in een van die blywende besondere dienste wat Hy in die kerk ingestel het.³²⁸ Hierdie besondere dienste in die Nuwe-Testamentiese kerk is dié van herder en leraar, ouderling en diaken.³²⁹

Bogenoemde feite word alles bevestig deur Efesiërs 4. Op grond van Efesiërs 4:11-12 word dit duidelik dat Christus as κύριος, sy ampswerk vanuit die hemel voortsit deur die diens van mense wat Hy in besondere dienste laat dien. Nadat Paulus in Efesiërs 4:8-10 Christus se triomftog op 'n besondere manier uit Psalm 68 beklemtoon het, sê hy in 4:11-12 dat Hy as die Oorwinnaar en verhoogde Here (κύριος) mense gegee het om in verskillende besondere dienste te dien. Christus het mense met besondere gawes daargestel om in die onderskeie besondere dienste wat genoem word te dien. Dit is duidelik dat Paulus nie bedoel om al die besondere dienste te noem nie. Hierdie gedeelte (Ef 4:11-12) is slegs die inleidende deel van wat hy verder wil sê en hy stel hier maar net die beginsel dat Christus gawes gee (Roberts 1983:115). Paulus gebruik die verlede tydsvorm, wat aandui dat Christus in die verlede gegee het (Roberts 1983:115). Daarmee betrek Paulus die feit dat sommige mense gegee is om bepaalde dienste te verrig en ander weer gegee is om andersoortige dienste te verrig by die triomftog van Christus. Op grond daarvan en op grond van die omskrywing van die taak van die mense wat Christus gee om te dien, kan afgelei word dat Christus 'n bepaalde instelling vir die organisering van die kerk daargestel het (vgl. Roberts 1983:115). Christus sal in die bedeling waartydens Hy vanuit die hemel regeer, mense voorsien/gee om in sekere besondere dienste te dien. Jesus Christus as verhoogde Here (Ef 4:11 ev) is prominent handelend wanneer al die gawes en bedieninge blywend in die kerk ingestel word (ἤθετο, 1 Kor 12:28; ἔδωκεν [Aor] Ef 4:11). Kortom: God openbaar Hom as die Groot Gewer: Gewer van sy Seun, Jesus Christus; aan sy kerk, en Gewer van die Heilige Gees. Deur Hulle is Hy ook Gewer van χαρίσματα, πνευμάτικα, ἐνεργήματα, διακονία (1 Kor 12:1-6; Rom 12).

Die aard van die besondere dienste

Wesenlike komponente van die besondere dienste

'n Besondere diens, in onderskeiding van die dienswerk van alle gelowiges, omvat die volgende aspekte:

'n Spesiale opdrag/taak (besondere verantwoordelikheid)³³⁰ wat die Here gee om in die kerk leiding³³¹ te gee aan die dienswerk van al die ander gelowiges in die kerk³³² (Matt 16:19; 18:18; 23:2-3; Joh 17:18; 20:23; Ef 4:12-16).

³²⁸ Vgl. Hand 6:1-6; 14:23; 1 Kor 12:28; Ef 4:11; Fil 1:1; 1 Tess 5:12-13; 1 Tim 3:1-13; 5:17-20; 2 Tim 2:2; Tit 1:5-9; Heb 13:17; Jak 5:14; 1 Pet 5:1-4; Op 4:4.

³²⁹ Vgl. 1 Kor 12:28; Ef 4:11; 1 Tim 3:1-12; 5:17.

³³⁰ Vgl. 4.4 oor die implikasies van Christus se hoofskap vir hierdie spesiale bevoegdheid.

³³¹ Hierdie leiding behels toerusting, bevordering van eenheid, koördinerende en ordereëling, asook lering en tug. Sommige fasette van leiding gee kan slegs in oorleg met mekaar geskied (Matt 18:17-20; 1 Kor 5:4-5).

³³² Daarom het die gemeente die plig om voorgangers te respekteer en te gehoorsaam (1 Tess 5:12-13; Heb 13:7, 17).

'n Spesifieke en blywende³³³ pligstaat wat in opdrag van die Here uitgevoer word (Joh 21:15-17; Hand 6:3; 20:28; 1 Tess 5:14; 1 Tim 3:1,5,10; Heb 13:17; 1 Pet 5:2-3) (vgl. vir pligstate 4.3.3.2.1 [ouderling], 4.3.3.2.2 [bedienaar van die Woord] en 4.3.3.2.3.2 [diaken] hieronder).

Spesiale vereistes waaraan persone moet voldoen om in hierdie besondere dienste gestel te mag word (Hand 6:3; 1 Tim 3:2-12; Tit 1:6-9).

Die roeping deur die Here deur middel van die gemeente – 'n handeling wat impliseer dat die gemeente die persone wat die nodige gawes het en aan die vereistes beantwoord, erken en aanwys (Mark 3:13-14; Hand 1:20-26; 6:3,5; 14:23).³³⁴

Openlike diensaanvaarding, indiensstelling en seënende toesegging van God se krag tydens 'n gemeentesamekoms (Hand 6:6; 13:3; 14:23; 1 Tim 4:15; 2 Tim 1:6).³³⁵

Die gemeente se gehoorsame onderwerping aan die goeie leiding wat gegee word (Heb 13:17; 1 Tim 5:17).

Onderskeid tussen algemene en besondere diens

Uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat alle gelowiges deur God geroep word om te dien. Alle gelowiges het deel aan die salwing in Christus (HK Sondag 12) en word profeties, priesterlik en koninklik geroep tot diens (1 Pet 2:9). Alle gelowiges staan in “die amp van die gelowige” (vgl. NGB 29). Vir hierdie amp het die Here ook die nodige gawes aan elkeen gegee volgens sy eie soewereine wil (Ef 4:8; 1 Pet 2).

Tog is dit ook uit die Nuwe Testament duidelik dat daar wel 'n onderskeid is tussen iemand wat in die “amp van die gelowige” diens verrig en iemand wat byvoorbeeld in die “besondere diens” van profeet of ouderling dien. As Paulus in Filippense 1:1 na die ouderlinge en diakens verwys, blyk dit dat hy spesifieke mense in die oog het en nie alle gelowiges in die algemeen nie (vgl. ook Versteeg 1988:49-50).

Hierdie afleiding impliseer dat wanneer iemand tot 'n besondere diens geroep en daarin bevestig word, sodanige persoon iets addisioneel en besonderlik moet doen, soos wat die betrokke diens vereis.

Wat die besondere dienste onderskei van die ander vorms van dienslewering in en deur die kerk is nie die *besondere gawes* wat ampsdraers het nie, want daar is ook ander lidmate wat gawes van lering en regering en hulpverlening het, maar dit om verskillende redes nie in die amp uit te oefen nie.³³⁶

Die onderskeid tussen die besondere dienste en ander vorms van dienslewering gaan ook nie oor die *inhoud van die dienswerk* wat gedoen word nie: elke gelowige moet immers op allerhande maniere en in allerlei verskillende situasies aan ander mense leiding gee volgens die Bybel. Ook moet alle gelowiges help toesien dat ander gelowiges die wil van die Here uitvoer en alle gelowiges moet barmhartigheid aan diegene in nood bewys (HK 12). Die onderrig en verkondiging, herderlike vertroosting, vermaning en hulpverlening waarin die besondere dienste die gemeente moet voorgaan, sluit byvoorbeeld nie uit dat ander gelowiges mekaar onderling kan en moet leer en vertroos, vermaan en help nie. Die besondere dienste moet hierdie aktiwiteite van die ander gelowiges deur voorligting, toerusting en voorbeeld juis stimuleer (Matt 18:15-16; Hand 4:32-35; Gal 6:10; Ef 4:12; Kol 3:16; 1 Tess 4:18; 1 Pet 2:9; 5:3).

Die onderskeid is nie daarin geleë dat die besondere diens *belangriker* is as die diens van gelowiges nie of dat iemand in 'n besondere diens meer van die Gees ontvang het as ander gelowiges nie (Versteeg 1988:50). So 'n kwantitatiewe benadering sou in stryd wees met die wese van die besondere dienste.

Die uniekheid van die besondere dienste is veral daarin geleë dat *spesiale sorg* gedra moet word dat “die ware godsdiens onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou, en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word” (NGB 30).

³³³ 'n Besondere diens vereis kontinuïteit. Dit is dus nie 'n diens wat slegs insidenteel verrig word nie, maar is blywend aan iemand se persoon gebind (Versteeg 1988:49-50).

³³⁴ Mense mag hulleself nie tot besondere dienste aanmatig nie; die aanwysing moet deur die Here en deur middel van sy kerk geskied (Hand 1:24-26; 6:4, 5; 8:18-23; 13:2-4; 20:28; Heb 5:4).

³³⁵ Hierdie indiensstelling is “tydelik”, tot die terugkeer van die Here: of tot die dood of ontslag (op grond van geldige omstandighede of as gevolg van ontrouheid) van die ampsdraer (Jer 31:34; 1 Kor 12:8; 15:28).

³³⁶ Natuurlik kan iemand nie tot 'n besondere diens geroep word as dié persoon nie die vereiste genadegawes het nie.

Die doel en inhoud van die besondere dienste

Die algemene doel van die besondere dienste

Alle dienswerk in die kerk se *hoofdoel* is dat Christus se κύριος-skap erken en gehoorsaam word. Dienswerk (hetsy dienswerk in die amp van gelowige of dienswerk in die besondere dienste) wat daarop gerig is om 'n instansie of 'n persoon se gesag te bevestig of te versterk, is nie ware dienswerk nie.

Paulus bring duidelik die *toerustingsdoel* van die besondere dienste in Efesiërs 4 na vore. Hy skryf naamlik in Efesiërs 4:11-12 dat die Oorwinnaar en verhoogde Here, Christus, mense gegee het om die verskillende besondere dienste te verrig met die doel om die gelowiges toe te rus.

Καταπρίζω wys op “toerus/bekwaam maak vir iets” (vgl. Louw & Nida 1988a:680). Paulus sê ook waarvoor die gelowiges bekwaam gemaak moet word. Hulle moet toegegerus word vir hulle dienswerk. Hy sê in 4:7 dat aan “elkeen van ons”, dit wil sê aan elkeen wat 'n lid van die liggaam van Christus is, 'n genadegawe³³⁷ gegee is. Die doel waarom Christus mense gee om die onderskeie besondere dienste te verrig, is om hierdie mense só toe te rus dat hulle met hulle gawes kan beantwoord aan die doel waarvoor dit aan hulle gegee is.

In Efesiërs 4 handel Paulus ook oor die *eenheidsdoel* van die besondere dienste. In Efesiërs 4 is die eenheid in die gemeente 'n baie belangrike tema. In 4:1-6 roep Paulus die gemeente op om die eenheid in die gemeente te handhaaf. In 4:7-16 handel hy steeds oor hierdie eenheid in die gemeente deur aandag te gee aan die feit dat elkeen in die gemeente 'n genadegawe ontvang het en hoe elkeen se genadegawe die eenheid van die gemeente kan dien. Op grond van die gedagteophou van 4:7-16 kan afgelei word dat die dienswerk van die mense wat Christus gegee het om die genoemde besondere dienste te verrig, daartoe moet lei dat die gelowiges se gawes die eenheid in die gemeente bevorder. Efesiërs 4 bring ook die *koördineringsdoel* van die besondere dienste in die gesigsveld. Die woord ἄφῆς in Efesiërs 4:16 kan ook vertaal word met “ligament” (Versteeg 1988:55-56; vgl. Louw & Nida 1988b:101-102), en verwys na die besondere dienste wat in 4:11-12 genoem is. Hiervolgens is die taak van die besondere dienste dat die mense wat byvoorbeeld as “herders en leraars” gegee is, soos ligamente in 'n liggaam moet sorg dat die liggaam van Christus goed saamgevoeg en saamverbind bly. Hulle word aan die liggaam gegee sodat gelowiges nie by mekaar verbywerk of selfs teen mekaar inwerk nie.

Efesiërs verwys selfs na die *voorsienings- of versorgingsdoel* van die besondere dienste. In Efesiërs 4:16 kan die woord ἐπιχορηγίας ook met “voorsiening” vertaal word (Versteeg 1988:56-57; Louw & Nida 1988b:461-462). Indien, soos hierbo beredeneer is, Paulus met ἄφῆς na die mense in besondere dienste as ligamente verwys, praat hy in 4:16 van die ligamente van voorsiening. In die destydse wêreld is aanvaar dat die ligamente kanale was waarlangs voedsel aan die liggaam voorsien is (Versteeg 1988:56-57). Hieruit blyk dit dat Paulus duidelik maak dat die mense wat in die besondere dienste gegee is, die taak het om die liggaam van Christus van voedsel te voorsien, naamlik die voedsel van die Woord.

Efesiërs 4 maak egter nie die opbou van die gemeente die direkte doel van die besondere dienste nie. As Efesiërs 4:7-16 oppervlakkig gelees word, kan maklik aanvaar word dat dit die taak van mense in die besondere dienste is om die gemeente op te bou. Efesiërs 4:12 word dan só verstaan dat die mense in die besondere dienste, naas hulle doel om die gemeente toe te rus, ook die taak het om die gemeente op te bou. As 4:16 egter saamgelees word met 4:12, is dit duidelik dat dit die liggaam se eie verantwoordelikheid is om homself op te bou. As die mense in die besondere dienste hulle verantwoordelikheid nakom en die gelowiges toerus vir hulle dienswerk, kan die liggaam ook homself opbou.

Die inhoud van die besondere dienste

Die inhoud van die diens van ouderling

Die ouderlingdiens se pligstaat behels die volgende:

³³⁷ Vgl. Roberts (1983:110) en Versteeg (1988:50-52) vir 'n volledige uiteensetting waarom aanvaar kan word dat Paulus hier na 'n genadegawe verwys en nie na die verlossing in Christus nie.

- om die kudde waaksaam op te pas (προσέχετε, Hand 20:28; γρηγορεῖτε, Hand 20:31) deur waaksaam te wees (Hand 20:31); as herders te sorg³³⁸ (ποιμαίνειν / ποιμάνετε) vir die kudde van God (Hand 20:28; 1 Pet 5:2); 'n voorbeeld vir die kudde te wees (τύποι ... τοῦ ποιμνίου, 1 Pet 5:3);
- om as opsieners (ἐπισκόπους) die gemeente te dien (Hand 20:28; 1 Pet 5:2), wat onder andere die tug insluit (Joh 20:23; 1 Tess 5:12);
- om vir die gemeente sorg te dra (ἐπιμελήσεται, 1 Tim 3:5);
- om bestuurder oor die huishouding van God (θεοῦ οἰκονόμον) te wees (Tit 1:7);³³⁹
- om in hulle eie dienswerk die voorbeeld van die apostoliese dienswerk voortdurend in gedagte te hou (μνημονεύοντες ... νοουθετῶν, Hand 20:31);³⁴⁰
- om die gelowiges toe te rus vir hulle diens, naamlik die opbou van die liggaam van Christus (πρὸς τὸν καταρτισμὸν ... εἰς ἔργον διακονίας, εἰς οἰκοδομὴν τοῦ σώματος τοῦ Χριστοῦ, Ef 4:12);
- om te onderrig (διδασκικόν, 1 Tim 3:2; τοὺς δὲ ποιμένας καὶ διδασκάλους, Ef 4:11);
- om met die gesonde leer opvoeding te gee (παρακαλεῖν, Tit 1:9);
- om teësprekers te weerlê (τοὺς ἀντιλέγοντας ἐλέγχειν, Tit 1:9);
- om leiding te neem (προεστῶτες, 1 Tim 5:17);
- om te preek en onderrig te gee (οἱ κοπιῶντες ἐν λόγῳ καὶ διδασκαλίᾳ, 1 Tim 5:17);³⁴¹
- om vir siekes te bid en hulle “met olie te salf” (Jak 5:14);
- om op grond van die openbaring besluite te neem wat vir die gemeente bindend is (Hand 15:2-16:4).

Die ouderlinge moet dus herderlik waak, sorg en toesien dat die gemeente deur die Bybel gevoed en gelei word.

Die inhoud van die diens van bedienaar van die Woord

Die onderskeid wat dikwels tussen leer- en regeerouderlinge gemaak word, is goed bekend. Die onderskeid word meestal gefundeer op 1 Timoteus 5:17 (“Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee”). Op grond van hierdie omskrywing kan afgelei word dat daar wel ’n onderskeid gemaak is tussen ouderlinge wat hoofsaaklik leiding gegee en toesig gehou het en ouderlinge wat in besonder in die Woord en leer gearbei het.³⁴² Benewens dit wat die bedienaar van die Woord saam met die ouderlinge doen, fokus die diens van die Bedienaar van die Woord veral daarop om in Woord en leer te arbeid.

Uit 1 Timoteus 3:2 en Titus 1:6 ev is dit egter duidelik dat die onderskeid tussen die leer- en regeerouderlinge nie skerp getrek kan word nie. Die leerouderling moes ook regeer en die regeerouderling moes ook leer.

Die instelling en inhoud van die diens van diaken

Die instelling van die diens van diaken

Oor Handeling 6 as instelling van die diakondiens is daar verskil van mening. Die gereformeerde tradisie, soos onder andere verwoord in die bevestigingsformulier vir diakens, aanvaar Handeling 6

³³⁸ Die volledige sorg wat ’n herder aan sy skape gee en die verhouding tussen herder en skape kom daarmee in die skopus. Die gebruik van die herder-kuddebeeld in die Skrif dui op simpatieke leiding en versorging (Ps 23, Jes 40:11); beskerming (Jer 31:10; Eseg 34:5; Miga 5:4) en leiding (Jes 63:11) (vgl. Van der Walt 1976:80-81). Genoemde dienste van versorging en beskerming kom ook na vore in die voorbeeld van die herder wat die verlore skaap soek en bly is as hy dit vind (Luk 15:4-6), en die herder wat sy lewe opoffer vir die skape (Joh 10). Die opdrag ποιμάνετε roep die ouderling dus op om leiding te gee, te versorg en te beskerm.

³³⁹ Om bestuurder te wees impliseer dat God die κύριος (huisbaas) is en dat die *episkopos* ’n mandaat van die huisbaas het om die huishouding te bestuur. Hiertoe kry die *episkopos* die bevoegdheid, die volmag.

³⁴⁰ Ouderlinge word opgebou deur die Woord en dit gee aan hulle die erfdeel (τῷ λόγῳ ... τῷ δυναμένῳ οἰκοδομῆσαι καὶ δοῦναι τὴν κληρονομίαν, Hand 20:32).

³⁴¹ Die Griekse teks dui eintlik op die betekenis van “hard werk in woord en leer”. Hierdie opdrag geld vir ’n bepaalde kategorie ouderlinge. Die onderskeid tussen regeer- en leerouderling is dus in die Nuwe Testament self nie duidelik of dwingend nie.

³⁴² Vgl. egter die verhandeling van Pieter Kurpershoek waarin dit beredeneer word dat die “veral” in 1 Timoteus 5:17 ’n epeksegetiese “veral” is (soos in 1 Tim 4:10) en nie op diensdifferensiasie dui nie.

egter as die instelling van die diakendiens. Die probleme met hierdie siening is veral die volgende aspekte:

- Daar is net sprake van sewe “manne”; nie van “diakens” nie.
- Filippus en Stefanus tree ook op as evangeliste.
- Die sewe het almal Griekse name wat sommige verklaarders laat dink dat daar ’n Griekssprekende groep ontstaan het.
- Die getal sewe stem ooreen met die sewetal oudstes van die sinagoges wat sommige verklaarders laat dink dat in hierdie Skrifdeel selfs sprake van ’n instelling van ’n soort ouderlingdiens kon wees.
- Daar is geen verdere sprake van diakens in die boek Handeling nie; slegs van “die sewe” (Hand 21:8).

Hierteenoor kan die volgende gestel word:

- Al word die woord *διάκονος* nie in Handeling 6 gebruik nie, is die begrip “diens” wel prominent. Hierdie begrip handel oor die daaglikse “bediening” (*διακονία* – 6:1), om tafels te bedien (*διακονέω* – 6:2).
- Die feit dat sommige van die diakens later ook as evangeliste optree, kanselleer nie die basiese uitgangspunte van die besondere diens wat in Handeling 6 gereël word nie. Dit is heel moontlik dat sommige van die sewe later vir uitgebreider dienswerk as net diakonale diens geroep is.
- Dit is opvallend dat die praktyk van diakendiens sonder verdere verduideliking later prominent in die Pastorale Briewe en in Filippense 1:1 gevind word. Dit versterk die gedagte dat die diens van diakens beskou moet word as ’n diens wat reeds in die Woord bekend gestel is.³⁴³

’n Diaken is dus iemand wat die gawe van barmhartigheid het (Rom 12:8) en tot die besondere diens van barmhartigheid geroep is.

Die inhoud van die diens van diaken

In Handeling 2:42 word vier eienskappe van die eerste gemeente uitgelig: die volharding in die leer, die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. In Handeling 6 word uitdruklik vermeld dat, na die aanwysing van die sewe diakens, die apostels kon voortgaan met twee van hierdie dienste, naamlik die volharding in gebede en die bediening van die Woord. Die ander twee sake, naamlik die onderlinge verbondenheid en die gemeenskaplike maaltye sou daarom ’n belangrike deel vorm van die sewe diakens se taak. ’n Belangrike deel van ouderlinge se taak kan verbind word met die volharding in gebede en die bediening van die Woord. Dit kan daarom afgelei word dat die onderlinge verbondenheid en die gemeenskaplike maaltye – wat albei te doen het met *κοινωνία* in die gemeente – deel was van die taak van die diakendiens.

Daar is reeds aangetoon (vgl. 4.3.3.1) dat die doel waarom Christus mense gee om in die onderskeie besondere dienste te dien, ook inhou om hierdie mense toe te rus sodat hulle met hulle gawes kan beantwoord aan die doel waarvoor die gawes aan hulle gegee is: die meewerk aan die opbou van die liggaam. Toegepas op die diens van diaken blyk dit dat die toerusting wat die diaken moet voorsien, daarin geleë is dat die gemeente die onderlinge liefdesgemeenskap sal uitleef met die besondere gawes wat die Here Jesus Christus aan elkeen gee – dit alles tot opbou van die gemeente.

Hierdie toerusting kan gegee word deurdat, soos dit in die bevestigingsformulier vir diakens gestel word:

- die diakens almal besoek en hulle aanspoor om daadwerklike liefde teenoor medegelowiges en alle mense te bewys;

³⁴³ Die standpunt dat die amp van die sewe diakens wat in Handeling 6 beskryf word, ’n prototipe was van al drie die ampte wat later sou volg (vgl. Coetzee 1967:44-50), kan nie aanvaar word nie. In Handeling 6 word die diens wat ingestel word, juis duidelik onderskei van die diens van gebed en die bediening van die Woord en kan dit dus nie ’n voorloper daarvan wees nie. Daar is ’n sterker saak daarvoor uit te maak dat Handeling 6 die instelling van ’n proto-diakenamp beskryf – ’n besondere diens wat aanvanklik minder omlynd was (vergelyk die optrede van Stefanus en Filippus) en ’n kleiner werksterrein gehad het (sewe Griekse manne word gekies vir die nood van ’n sekere groep in die gemeente, die Griekssprekende weduwees). Hieruit het dan mettertyd die diakenamp waarvan Filippense 1 en 1 Timoteus 3 melding maak, ontwikkel.

- die diakens elkeen besoek en sodoende sorg dra dat niemand deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreemd raak nie; en
- die diakens die middele wat gegee word tot diens van dié wat in nood verkeer, sorgvuldig beheer, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitdeel.

Die pligstaat van die diaken behels dus die volgende: om sorg te dra vir die onderlinge hulpverlening en gemeenskap (κοινωνία) in die gemeente deur dit te inisieer, te koördineer, te bestuur (Hand 2:42; 6:3;³⁴⁴ 1 Tim 3:12)³⁴⁵ en mense daartoe toe te rus (Ef 4:12).³⁴⁶

Die gesag van die besondere dienste

Naas die feit dat Christus Hoof is oor owerhede en magte (Kol 2:10) en oor hulle regeer met onderwerpende mag, is Christus ook Hoof van die kerk (1 Kor 11:3; Ef 1:22; 4:15; 5:23; Kol 1:18; 2:19). Uit 1 Korintiërs 11 is dit duidelik dat Paulus met Christus se hoofskap die gesag van Christus in die kerk beklemtoon (Van der Walt 1976:34-37). Die klem val in dié gedeelte op die eis tot onderwerping van die kerk aan die Hoof, Christus. Na aanleiding van die optrede van sekere vroue in die gemeente wat met onbedekte hoof bid, begin Paulus deur te wys op die gesagsposisie van Christus. Die vroue het deur hulle optrede nie net hulle verkeerde gesindheid teenoor hulle mans geopenbaar nie, maar ook nie die unieke posisie van Christus erken nie (vgl. 10.9 hieronder). “Deur die gesagsposisie van Christus word alle handeling begrens en alle verhoudinge in die kerk bepaal” (Van der Walt 1976:39).

Die woord ἐξουσία (gesag) gee uitdrukking aan die alleenmag en gesag wat God in Homself het, en wat Hy aan sy Seun gegee het (Matt 28:18-20 – “alle gesag”). Jesus Christus as Hoof van die kerk beskik oor alle gesag (vgl. ook Joh 10:18).

Christus dra sy gesag aan geen mens of instansie oor nie (Op 3:7). Die kerk het net een Hoof, dit is Jesus Christus. Daar is ook geen onderhoof nie. Tussen Christus, die Hoof en die kerk, sy liggaam, is geen tussenganger nie (Van der Walt 1976:63).

Tog is daar in die kerk sekere persone wat die gesag van Christus moet bedien op ’n besondere wyse – ’n bediening wat nie geld vir alle gelowiges in die kerk nie. Aanvanklik was die apostels hierdie voorgangers wat op ’n besondere wyse die gesag van Christus bedien het (Matt 10:14,40; 16:19; Joh 20:23; 1 Kor 9:1; 2 Kor 10:8; 13:10). Later eis die Here in die Bybel ook erkenning van en onderwerping aan ander persone wat sekere besondere dienste verrig (vgl. bv. 1 Kor 16:16-18; 1 Tess 5:12; Heb 13:17). Sodanige persone is ook mense wat geroep is tot dienste waarin hulle die gesag van Christus op besondere wyses bedien.

Omdat Christus egter die enigste Hoof van die kerk is, moet dit só verstaan word dat hierdie persone nie uit hulleself gesag het nie, maar in hulle besondere diens bedien hulle bloot die gesag van Christus. Hulle tree dus op met bedienende gesag,³⁴⁷ en is hieroor verantwoord aan die Koning van die kerk verskuldig (Tit 1:7 [“rentmeester”]; Heb 13:17).

Belangrike Skrifdele in hierdie verband is Matteus 16:18-20 en 18:17 wat oor die sleutelmag handel. Christus gee hiermee aan die kerk ’n drieërlei bevoegdheid (*potestas*) (Calvyn *Inst* 4,8,1; 11,1; 4,10):

- *potestas doctrinae* (bevoegdheid om te leer);
- *potestas iurisdictionis* (bevoegdheid om te regeer);
- *potestas in legibus ferendis* (bevoegdheid om wette te maak).

Die kerk en derhalwe die dienste wat daarin werksaam is, het ’n groot verantwoordelikheid om die koninkryk te ontsluit of te sluit in die Naam van Christus wat die eintlike sleutelmag het. Die Here het

³⁴⁴ Hierdie gevolgtrekking vanuit Handeling 6:3 geld ongeag of die gedeelte verstaan word as verwysend na ’n proto-diakendiens of ’n algemene protodienst (vgl. Coetzee 1967:44-50; Venter 1996:50-51).

³⁴⁵ Die frase ἐπὶ τῆς χρειᾶς ταύτης (“vir hierdie taak”), saamgelees met 1 Timoteus 3:12, dui daarop dat die diakendiens wel ook ’n leidinggewende taak behels.

³⁴⁶ ’n Vergelyking van die vereistes vir diakens en vir ouderlinge in 1 Timoteus 3 laat blyk dat daar groot ooreenstemming tussen die twee stelle vereistes is. Wat egter opval, is dat alleen vir die ouderlinge die vereiste gestel word dat hulle bekwaam moet wees om te onderrig. Hierdie vereiste dui daarop dat die diakens se taak nie verkondiging of onderrig was nie. Dit val ook op dat die diaken, soos die ouderling, iemand moet wees wat sy eie huis goed kan regeer.

³⁴⁷ Hierdie bediening van die gesag word ook uitgeoefen deur die ampsdraers in oorleg met mekaar en onder wedersydse toesig van mekaar (Hand 20:28; 1 Tim 4:14).

slegs die bevoegdheid om die sleutelmag te gebruik aan die kerk opgedra. Hier is dus sprake van bevoegdheid (*potestas*), maar nie van *auctoritas* (eie gesag) nie.

Die feit dat Paulus die besondere dienste voorstel as ligamente in 'n liggaam, gee 'n baie goeie aanduiding van die posisie van die besondere dienste ten opsigte van die gemeente. Die mense in besondere dienste is nie *bo* die gemeente in een of ander magposisie nie. Die mense in besondere dienste is ook nie *langs* die gemeente in een of ander raadgewende hoedanigheid van buite af nie. Die mense in besondere dienste is ook nie *onder* die gemeente asof hulle hul opdragte van die gemeente ontvang nie. Die mense in besondere dienste is ook nie *teenoor* die gemeente in 'n konfrontasieposisie nie. Die mense in besondere dienste is soos ligamente in die gemeente, *deel van die gemeente*. Soos ligamente het hulle 'n spesifieke funksie binne die gemeente. Hierdie funksie voer hulle uit binne die gemeente as deel van die gemeente met die oog daarop dat die Hoof van die liggaam se κύριος-skap erken word en gestalte kry (Ef 4:7-16; 1 Kor 12:28 ev).

Daar is dan ook geen aanduiding van hiërargie of statusverskille in die kerk as liggaam van Christus nie, of dat mans (insluitend diegene in die besondere dienste) van 'n hoër orde as ander lede (soos vroue) is nie (vgl. Gal 3:28; 1 Kor 12:13; Ef 4).

Dit is dan ook net in soverre as wat daar getrou volgens Christus se opdragte gedien word, dat die bediening van hierdie geroepenes gesag het. In hierdie verband is die uitdrukkings διάκονος Χριστοῦ (1 Tim 4:6) en δοῦλον κύριου (2 Tim 2:24) in die Pastorale Briewe opvallend (Venter 1988:106). Mense wat deur Christus gegee is om in die besondere dienste te dien, moet soos dienaars en slawe wees: hulle mag geensins op grond van vermeende eie gesag optree nie; hulle mag net die gesag van hulle κύριος bedien.

Hierdie siening word verder versterk deur die feit dat gesag in die Pastorale Briewe telkens met die Woord verbind word, byvoorbeeld met verkondiging (2 Tim 4:2), met “boodskap” (1 Tim 1:18), met “hierdie dinge voorhou” (1 Tim 4:6) en met “volhard in die leer” (1 Tim 4:16) (Venter 1988:106). Dit val op dat Petrus en Jakobus hulle in die belangrike besluit wat volgens Handeling 15 geneem moes word, beroep op wat geopenbaar is (Van der Walt 1976:65). Die gesag van Christus word dus bedien dáár waar sy Woord bedien word. Hulle wat geroep is om sy getuies te wees, kan alleen gesagvol getuig as hulle hulle aan sy Woord hou. Om hulle aan die Woord van Christus te hou, is dit nodig dat hulle wat gestuur is, deur die Gees gelei word. Die Gees is immers gestuur om die kerk in die waarheid te lei (vgl. Joh 16:13).

Hierdie feit begrond ook die gelykheid van die besondere dienste. Alle besondere dienste is gelyk, want hulle almal bedien Christus se gesag. Daar is wel 'n onderskeid in die gerigtheid van die onderskeie dienste. By die regeerouderling is die diens gerig op die bediening van Christus se koningskap, by die diaken op die bediening van sy priesterskap, en by die leerouderling op die bediening van sy profeetskap.

Alhoewel Paulus leer dat persone in besondere dienste geëer moet word, noem hy homself steeds 'n dienaar (δοῦλος) van Christus (vgl. Rom 1:1; Gal 1:10; Fil 1:1 en Tit 1:1) (Kleynhans 1988:173). Die feit dat Jesus Christus die Opperherder (1 Pet 1:5) en die Hoof van die kerk is, laat geen ruimte vir enige hiërargie van mense in die kerk nie. 1 Korintiërs 12 maak dit ook duidelik dat die arbeiders in die koninkryk van God, as dienaars van die Here, mekaar se gelykes is.³⁴⁸

Die besondere dienste en χαρίσματα³⁴⁹

Χαρίσματα (genadegawes) in sy meer tegniese betekenis verwys na bepaalde vermoëns en funksies wat die Heilige Gees uit genade aan gelowiges gee. Genadegawes word gegee vir die kerk en moet beoefen word in die kerk, wat 'n volkome nuwe skepping van die Gees (2 Kor 5:17) is en wat as een hegte gemeenskap van gelowiges funksioneer (1 Kor 12). Hierdie genadegawes moet beoefen word vanuit 'n liefdesmotief, 'n diensmotief, 'n opboumotief, 'n nuttigheidsmotief en 'n motief van orde en beheersdheid (1 Kor 12-14).

Die kerk en sy lidmate as liggaam van Christus ontvang genadegawes, nie volgens geslag, status of ouderdom nie, maar as begenadigdes. Aan elkeen word volgens die soewereine wil van God (Ef 4:8)

³⁴⁸ Die dienswerk moet dus altyd in die gesindheid van 'n dienaar gedoen word en die gestalte van dienswerk hê (Matt 20:25-28; Hand 20:24; Rom 1:1; 1 Kor 3:5; 2 Kor 4:1-2, 5; 10:8; 11:23; Kol 1:25; 1 Tim 4:6; 2 Tim 2:24; 1 Pet 5:2-3).

³⁴⁹ Grootliks geformuleer op grond van Du Plooy (2005:555-567).

bepaalde gawes gegee sodat, byvoorbeeld, seuns en dogters, diensknegte en diensmaagde sal profeteer (vgl. Joël 2:28-32; Hand 2:17-18; 21:9).

Genadegawes is 'n aanduiding van 'n taak en roeping wat God oplê. Hy verleen die genadegawe as toerusting en vermoë tot een of ander taak of diens met die opbou van die kerk in gedagte. So volg 'n bepaalde diens of funksie vanself op 'n genadegawe.

Dit is dus verkeerd om 'n teenstelling te sien tussen genadegawe (χαρίσμα) en diens (διακονία).³⁵⁰ Daar is in die Nuwe Testament geen spoor van 'n teenstelling tussen genadegawe en diens nie. Die kontoere van die besondere dienste is reeds sigbaar by die gawes wat in die Nuwe Testament genoem word. Die genadegawes roep om die besondere diens en die besondere dienste is eintlik gawes wat openlik deur die gemeente erken word. "Het charisma tendeeft naer het ampt en het amp kan het charisma niet missen" (Ridderbos 1966:156).

Nie alle gawes lei egter tot 'n besondere diens in die kerk nie. Genadegawe en besondere diens val dus nie noodwendig saam nie. Baie gelowiges dien (spontaan, *ad hoc*) met hulle genadegawes soos en wanneer die geleentheid hom voordoet. Ander genadegawes word egter gegee aan mense wat geroep word om in 'n besondere diens daarmee te woek.

Dit is ook nie so dat gawes, wat vir 'n bepaalde besondere diens benodig word, outomaties toegang gee tot daardie besondere diens nie. Dáárvor is meer vereistes nodig (1 Tim 3:1-12; Tit 1:6-9; vgl. 4.3 hierbo).

Gevolgtrekking

Bestaande siening word deurentyd in herekening gebring by die verdere bestudering van geslag in die besondere dienste. Die volgende gevolgtrekkings mag veral tersaaklik wees:

By die besondere dienste gaan dit om nederige dienswerk en nie om heerskappyvoering in die kerk nie (vgl. 4.1.1, 4.1.2 en 4.4).

Die besondere dienste vind sy oorsprong nie by die mens nie, maar by God. Die aard en funksionering daarvan word dus deur God bepaal (vgl. 4.2).

In en deur Christus is die Ou-Testamentiese besondere dienste ten volle vervul. Christus gee nuwe besondere dienste (wat te doen het met lering, regering en barmhartigheid/versorging) wat tegelyk kontinue en diskontinue lynne met die Ou-Testamentiese dienste van profete, priesters en konings het (vgl. 4.2).

Die besondere diens, in onderskeid van die dienswerk van alle gelowiges, omvat 'n spesifieke opdrag, 'n spesifieke en blywende pligstaat, 'n persoon wat aan spesiale vereistes voldoen, 'n roeping deur die Here, openlike diensaanvaarding, en die gemeente se gehoorsame onderwerping aan die goeie leiding wat gegee word (vgl. 4.3.1 en 4.3.2).

Alle dienswerk in die kerk se *hoofdoel* is dat Christus se κύριος-skap erken en gehoorsaam word. Dienswerk wat daarop gerig is om 'n instansie of 'n persoon se gesag te bevestig of te versterk, is nie ware dienswerk nie. Die besondere dienste het ook die volgende ten doel: toerusting, bevordering van die eenheid in die gemeente, koördinering van die gawes van lidmate, voorsiening en versorging (vgl. 4.3.3.1).

Die ouderlinge moet herderlik waak, sorg en toesien dat die gemeente deur die Bybel gevoed en gelei word (vgl. 4.3.3.2.1).

Die diens van die Bedienaar van die Woord fokus veral daarop om in Woord en leer te arbeid (vgl. 4.3.3.2.2).

Die diakens se diens is om sorg te dra vir die onderlinge hulpverlening en gemeenskap in die gemeente deur dit te inisieer, te koördineer, te bestuur en mense daarvoor toe te rus (vgl. 4.3.3.2.3.2).

Christus is die enigste Hoof van die kerk. Mense het daarom in hulleself geen gesag nie. Mense in besondere dienste bedien bloot die gesag van Christus. Hulle tree dus op met bedienende gesag en is hieroor verantwoording verskuldig aan die Koning van die kerk (vgl. 4.4).

³⁵⁰ Floor (1988:75) wys op die standpunt van navorsers dat daar in die begin van die kerkgeskiedenis 'n louter charismatiese fase was. Hierna was daar volgens hulle 'n fase van agteruitgang toe daar na die meer institusionele fase beweeg is en die ampte na vore gekom het. Floor toon aan dat dit op grond van Nuwe-Testamentiese gegewens duidelik is dat hierdie standpunt onhoudbaar is.

Deur die gesagsposisie van Christus word alle handeling begrens en alle verhoudings in die kerk bepaal. Dit geld ook vir die handeling van manlike en vroulike lidmate en verhoudings in die huwelik (vgl. 4.4).

Die Here het slegs die bevoegdheid om die sleutelmag te gebruik, aan die kerk opgedra. Dit gaan dus by die besondere dienste oor bevoegdheid (*potestas*) maar nie oor *auctoritas* (eie gesag) nie (vgl. 4.4).

Die lidmate van die kerk as liggaam van Christus ontvang genadegawes, nie volgens geslag, status of ouderdom nie, maar as begenadigdes (vgl. 4.5).

Nie alle gawes lei egter tot 'n besondere diens in die kerk nie. Genadegawe en besondere diens val dus nie noodwendig saam nie (vgl. 4.5).

Historiese oorsig

Inleiding

Daar is in hierdie oorsig hoofsaaklik gebruik gemaak van inligting uit Studierapporte van die GKSA (vgl. Bylae-1988), die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland (Eindrapport Deputaten voor de vragen rond vrouw en ambt) en die Christian Reformed Churches of Australia (Report 9 to Synod 1997, Study Committee Women in the Office of Deacon). Hiermee word ook erkenning gegee aan die bronne wat in hierdie onderskeie Rapporte gebruik is.

Van die eerste eeue na Christus tot die Middeleeue

Vooraf moet gestel word dat in die eerste eeue van die kerkgeskiedenis nie 'n eenduidige praktyk met betrekking tot die posisie van die vrou te vind is nie. Hierdie diversiteit moet deels gesien word teen die agtergrond van die verskillende ketterse strominge waarmee die kerk te doen gehad het. Andersyds het dit te doen met die ontwikkelings binne die kerk self. So is daar byvoorbeeld sprake van aansienlike verskille tussen die kerke in die Ooste en dié in die Weste.

Wat wel duidelik is, is dat daar reeds vroeg in die kerkgeskiedenis getuienis is van diakonesse wat in kerke gedien het. Die eerste verwysing na diakonesse word gevind in die brief van Plinius aan Trajanus teen die einde van die eerste eeu nC. Hy verwys na twee slavinne (*ancillae*) wat volgens hom deur die kerke diakonesse (*ministrae*) genoem is. Dit kan aanvaar word dat die *ministra* 'n Latynse vertaling is van δῆκονος. Hierdie diakonesse se diens was veral toegespits op hulp aan vroue, soos byvoorbeeld by die (volwasse) doop en pastorale besoeke aan enkelvroue.

Reeds in Ignatius se tyd was daar blykbaar 'n erkende diens van weduwees. Daar is egter geen getuienis dat hulle in 'n amptelike diens gestel of bevestig is nie, alhoewel hulle diens deur die kerke erken is. Dié diens was diakonaal van aard en in die algemeen gefokus op hulp aan vroue.

Daar is ook getuienis dat vroue gehelp het met katekisasie en dat hulle selfs die evangelie gebring het aan vroue op plekke waar dit vir manne ontoeganklik was. In kerklike literatuur word selfs melding gemaak van vroulike hulpouderlinge (*presbitides*, *presbiterae*, *presbiterissae*). Blykbaar was dit vroue wat die ouderlinge (en diakens) bygestaan het met sekere aspekte in die uitvoering van hulle ampswerk, soos met vermaning, siekebesoek en in die bediening van vroue.

Die Aleksandrynse Vaders, Klemens en Origenes, het baie oor vroue geskryf, maar min oor die posisie van vroue in die openbare lewe en die amptelike diens in die kerk. Nietemin was Klemens oortuig dat Paulus se gebruik van die woord γυνή in 1 Korintiërs 9:5 nie verwys na die vroue van die apostels nie, maar na vroue wat die apostels vergesel het en behulpsaam was met hulle dienswerk. Verder verklaar Origenes in sy kommentaar op Romeine 16:1 dat vroue wel in die dienswerk van die kerk gestel is. Tertullianus (einde 2de eeu) maak blykbaar geen melding van enige *diacona* of *ministra* nie, maar was wel oortuig dat die weduwees wat in 1 Timoteus genoem word, tot 'n spesiale groep in die gemeente behoort het en dat hulle 'n aktiewe rol gespeel het.

In 'n Siriese kerkorde uit die eerste helfte van die derde eeu – die *Didascalia Apostolorum* – is daar 'n duidelike verwysing na diakonesse wat onder meer die opdrag gehad het om siekes te besoek. Hulle het blykbaar aanvullende dienswerk saam met die diakens gedoen – werk wat in besonder op vroue toegespits was.

Schwertley (1988) gee 'n uitvoerige oorsig uit vroeg-Christelike geskrifte oor die posisie van vroue wat in die vroeë kerk diakonale dienswerk gedoen het. Die periode waartydens hierdie tipe dienswerk voorgekom het, strek vanaf die *Didache* (ongeveer 100 nC) tot by die Konsilie van Chalcedon (451 nC). Hy toon aan dat daar in die geskrifte nêrens sprake is van vroue wat in dieselfde amptelike diakonale diens as mans gedien het nie. Daar is wel duidelik sprake van vroue wat dienswerk op diakonale terrein verrig het sonder om soos die opsiëners, ouderlinge of diakens, amptelik daartoe

bevestig te wees. Hulle kan as “diakonesse” beskou word. Hulle posisie en werksaamhede was ingerig volgens die vereistes van 1 Timoteus 5:9 ev en het dus opmerklik verskil van dié van diakens. Anders as die diakens moes ’n diakones ook ten minste sestig jaar oud wees. Die Konsilie van Chalcedon het die ouderdomsperk verlaag na veertig jaar. Vroeër het die Konsilie van Nicea (325 nC) verklaar dat diakonesse nie bevestig word met handoplegging nie, en dus tot die lekestand behoort.

In die vroeë kerk het veral weduwees gedien (vgl. 1 Tim 5), maar ook jong vroue en selfs maagde is deur die gemeente erken deur bepaalde take in die gemeente aan hulle op te dra. Die feit dat die diakendiens en ook die dienswerk van diakonesse geleidelik uit die gesigsveld verdwyn het, hang waarskynlik saam met die marginalisering van die diakendiens onder druk van die monargiese episkopaat. Onder invloed van die episkopaat, die denkrigting van die askese en ’n gepaardgaande wêreldontvlugting het vroulike dienswerk uiteindelik uit die gewone lewe verdwyn. Vroue het hulle uit die samelewing onttrek en dienswerk het sodoende gekulmineer in die ideaal van die rein maagdelike staat agter die veilige mure van die klooster.

Die tyd van die Reformasie

Die huidige amptelike en kerklike strukture van kerkgemeenskappe binne die reformatoriese tradisie het veral ontwikkel in die tyd van die Reformasie, terwyl die Reformatore hulle nie spesifiek aangesluit het by die vroeë Christelike kerk nie, hoofsaaklik omdat die presiese praktyk uit die eerste eeue nie baie duidelik is nie.

Luther het hom verset teen Rome se beroep op die hiërargies gestruktureerde mag en outoriteit van die besondere diens. Hierteenoor het Luther sterk nadruk gelê op die priesterskap van alle gelowiges. Wat die besondere dienste betref, ken Luther naas die predikdiens alleen nog die diens van diakens. In aansluiting by die Nuwe Testament wou Luther die diakendiens anders orden as by Rome (waar die diakens niks meer was as ’n liturgiese assistent van die priester nie), met die nadruk op daadwerklike hulpverlening aan die armes en behoeftiges. Daar het egter in die praktyk nie veel tereg gekom van die diakonaat in die gemeente nie, omdat die versorging van die armes spoedig weer aan die owerheid oorgelaat is.

Dit was veral Calvin wat die leer oor die ampte breedvoerig uitgewerk het op grond van die Skrif. Sy ampsleer het ’n blywende invloed gehad op kerke in die Calvinisties-reformatoriese tradisie.

Wat vroue betref, was Calvin oortuig dat hulle nie in ’n leer- of regceramp mag dien nie (vgl. veral sy kommentaar op 1 Kor 14:33-36). Ten opsigte van die diakenamp het hy ’n besondere standpunt gehad en onderskei hy tussen twee soorte diakens (vgl. sy kommentaar op Rom 12:8; ook *Inst* IV:3,9).

Volgens Calvin is daar aan die een kant die diakens wat die gawes ontvang en uitdeel. Volgens sy *Ordonnances Ecclesiastique* word hulle *procureurs* genoem. Aan die ander kant is daar die diakens wat barmhartigheid bewys aan armes en siekes, genoem die *hospitaliers*.

Sowel in sy kommentaar op Romeine 12:8 as in sy *Institusie* (IV:3,9) meen Calvin dat vroue saam met die tweede tipe diakens mag werk om armes en siekes te versorg en te help. Vir hierdie standpunt beroep hy hom ook op 1 Timoteus 5:9-10, waarin verwys word na weduwees. Calvin was oortuig dat dit die enigste besondere diens is wat vroue (saam met diakens) kan verrig. Hierdie siening vind aansluiting by Calvin se beskouing dat diakens nie deel van die kerkraad (konsistorie) is nie, en dat die swaartepunt van die diakens se diens op die terrein van barmhartigheidsdiens lê.

Die ontwikkeling ná die Reformasie

Anders as by Genève (Calvin) was die diakens in die Franse en Waalse kerke deel van die kerkraad (of konsistorie). Verder was daar naas die gewone diakens ook diakonesse wat nie deel van die kerkraad was nie. Hulle was ’n nie-amptelike groep vroue wat armes, siekes en bejaardes versorg het. Wat die amp van diakens in die Nederlandse kerke betref, is veral die invloed van die *Forma ac Ratio* van a Lasco duidelik. Volgens a Lasco was die diakens as afsonderlike diens nie deel van die kerkraad nie, en was hulle diens toegespits op die versorging van die armes en siekes.

Die NGB Artikel 30 sluit die diakens in by die kerkraad, waarskynlik as gevolg van die invloed van die Franse en Waalse Kerkorde. Daarteenoor reël die Dordtse Kerkorde, in ooreenstemming met die opvatting van Calvin en die Nederlandse kerke, dat die diakens nie deel uitmaak van die kerkraad nie. Enkele kerke aan die Ryn, in Emden, Middelburg, Utrecht en Amsterdam het mede as gevolg van Franse invloed in die jare 1550-1560 begin om die praktyk van diakonesse in te voer. In Amsterdam is 12 diakonesse benoem om ’n ouetehuis en ’n weeshuis te behartig. Hulle moes dan aan die diakens en kerkraad rapporteer aangesien hulle nie, soos by die Franse kerke, deel van die kerkraad was nie. Hierdie diakonesse was hoofsaaklik ouer vroue van goeie getuienis.

Wat kerklike vergaderings betref, is die Artikels van Wesel (1568) sterk beïnvloed deur die Franse en Waalse standpunte, asook deur Calvyn (via Datheen, die voorsitter by Wesel). Hulle het daar byvoorbeeld Calvyn se onderskeiding van twee soorte diakens eerbiedig en ook voorsiening gemaak vir vrouediakens: “Op die plekke waar dit geleë sal wees, oordeel ons dat ook vroue met goeie getuienis, ’n eerbare lewenswandel en van gevorderde leeftyd, volgens die voorbeeld van die apostels, tot hierdie amp aangeneem kan word.”

Die Sinode van Emden (1571) het daadwerklike aandag aan ’n kerkorde gegee, en ten opsigte van die kerkraad geoordeel dat dit deur predikante, ouderlinge en diakens saamgestel moet word. Diakens kon ook na meerdere vergaderings afgevaardig word. Hierdie reëling het verwarring veroorsaak en in 1574 is te Dordrecht begin om weer die diakendiens van die kerkraad te skei sodat daar veral vanaf 1578 feitlik deurgaans van “die kerkraad en die diakens” gepraat is.

Dit is moontlik hierdie verloop van sake wat meegebring het dat die diens van vrouediakens in Wesel in die slag gebly het. Die kerk in Wesel vra gevolglik tydens die Sinode van Middelburg 1581 of dit nie goed sal wees as die amp van diakonesse weer ingestel kan word nie. Die antwoord van die Sinode is veelseggend: “Nee, omdat daar verskillende ongemaklike situasies (*inconveniënten*) daaruit sou voortvloei; maar in tye van pestilensies of ander siektes – wanneer bepaalde dienste by siek vroue te verrig is, dienste wat vir diakens onbetaamlik is – dan mag die diakens diegene versorg deur gebruik te maak van hulle vroue of ander bekwame vroue.”

Met bogenoemde antwoord word die gebruik van “amptelike” diakonesse dus hiermee afgesny, en in die verdere kerklike vergaderings tot 1618/19 by Dordt het die Sinodes hulle nie weer oor hierdie saak uitgespreek nie.

Stand van sake by kerkgemeenskappe met wie die GKSA eenheidsbande onderhou

Die GKSA het bande van kerklike eenheid met die volgende kerkgemeenskappe: Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland; Nederlands Gereformeerde Kerken; Gereformeerde Kerken Nederland (Vrijgemaakt); Gereformeerde Kerk Botswana; Eglise Reformee Confessante au Congo; Christian Reformed Church in North America; Orthodox Presbyterian Church; Free Church of Scotland; Free Church of Scotland (Continuing); Christian Reformed Churches of Australia; Reformed Churches of New Zealand; The Reformed Church in Japan; The Presbyterian Church in Korea.

Wat die posisie van die vrou in die besondere dienste betref, is die volgende van belang wat hierdie kerkgemeenskappe betref:

Die Christian Reformed Church in North America en die Nederlands Gereformeerde Kerken het besluite geneem wat daarop neerkom dat die vrou in al die besondere dienste toegelaat word. In die geval van die Nederlands Gereformeerde Kerken word die implementering van die besluit aan die vryheid van die onderskeie Klassisse oorgelaat.

Die GKSA het in 2003 besluit dat die vrou in die amp van diaken mag dien. Na Beswaarskrifte wat geslaag het op Sinode 2006, word die saak van die vrou in die diakenamp op die oomblik weer bestudeer met die oog op ’n Rapport aan Sinode 2009.

Die Christian Reformed Churches of Australia het besluit dat die vrou tot die diakenamp toegelaat word.

Die Presbyterian Church in Korea gebruik vroue as diakonesse op die wyse waarop Calvyn dit gereël het.

By die Gereformeerde Kerk Botswana word die verkiesing en bevestiging van vroue in die besondere diens van diaken oorgelaat aan die vryheid van die plaaslike gemeente.

By die meeste kerkgemeenskappe wat hierbo genoem is, word vroue in geen besondere dienste toegelaat nie, terwyl by ander van hierdie kerkgemeenskappe hierbo genoem, die saak weer in studie geneem is.

Bevindings

Uit die kerkhistoriese oorsig kan die volgende bevindings gemaak word:

Uit die eerste eeue van die kerkgeskiedenis kan geen finale gevolgtrekking oor die situasie van die vrou in die besondere dienste gemaak word nie. Wat wel duidelik is, is dat vroue soms en in sommige kerke wel in ’n diakonale diens gestaan het.

Vroue wat in die eerste eeue as diakonesse gedien het, is nie bevestig met handoplegging nie en het dus ook nie deel gevorm van die kerkraad nie. Hulle is wel in die plaaslike kerk erken vir hulle besondere dienswerk.

Wat die Reformasie betref, was daar eenstemmigheid dat vroue nie tot die leer- en regeeramp toegelaat word nie.

Calvyn onderskei twee soorte diakens en laat vroue toe by die tweede soort, die sogenaamde *hospitaliers* wie se dienswerk toegespits was op armversorging en sorg aan siekes en bejaardes. Hierdie diakonesse is nie formeel bevestig nie en die diakens (ook die eerste soort, die sogenaamde *Procureurs*) het nie deel gevorm van die kerkraad nie.

Wat die tyd ná die Reformasie betref, was daar 'n periode waarin vroue in sommige kerke as diakonesse gedien het. Teen die tyd van die Dordtse Sinode 1618/19 het hierdie gebruik egter verval, totdat afsonderlike kerkgemeenskappe in die twintigste eeu die hele saak weer begin bestudeer het.

By kerkgemeenskappe met wie die GKSA eenheidsbande onderhou, is daar, met uitsondering van twee kerkgemeenskappe, eenstemmigheid dat vroue nie in die leer- en regeerdiens (predikant en ouderling) toegelaat word nie. By drie van hierdie kerkgemeenskappe dien vroue as diakens, en by enkele ander as diakonesse.

Skrifbeskoulike vertrekpunte

Die Bybel is die ewige en altyd-geldende Woord van God wat Hy deur die inspirasie van die Heilige Gees tydgerig vir en deur mense laat boekstaaf het. Hierdie voorveronderstelling bevat die volgende hoofmomente:

Die Bybel is die geskrewe Woord van God

Die belydenis dat die Bybel die geskrewe Woord van God is, hou in dat God die Subjek en die Objek van die Bybel is. God openbaar dus Homself en sy wil aan mense in die Bybel. Die feit dat God die Outeur van die Bybel is, hou in dat die verskillende Bybelboeke in onderlinge openbaringshistoriese samehang verklaar moet word. In die proses van "op skrif stel" van die Bybel het God van mense en menslike aktiwiteit gebruik gemaak. So het God sy openbaring in die proses van teboekstelling gerig op die taal, tyd en omstandighede van die betrokke mense wat God geroep het om sy openbaring op te teken. In hierdie sin is die Bybel God se Woord in mensewoorde (vgl. bv. Luk 1:1-4; Op 1:1-3).

Die Bybel is ewig en altyd-geldend

God se gesagvolle openbaring vir alle tye

Die belydenis dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, beteken in die eerste plek dat God die Bybel bedoel het om sy openbaring aan mense van alle tye, plekke en omstandighede te bring; ook dat die Bybel Goddelike gesag het en die openbaring van God se wil is. Hierdie belydenis hou verder in dat die Bybel geag word as die maatstaf vir wat die mens moet glo oor God, oor die verlossing wat Hy skenk en oor hoe Hy wil hê die mens moet optree.

Selfgetuienis

Die werklikheid dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, kan nie deur middel van eksterne getuienis bewys word nie. Die inhoud van die Skrif self oortuig egter die leser van sy gesag wanneer die Heilige Gees die Woord van God aan mense bring deur hierdie geskrifte. Die Heilige Gees maak die gelowige dus bewus van die gesag van hierdie geskrifte (Joh 14:26; Joh 16:12-15; 1 Kor 2:10-14; 2 Kor 3:14-18).

Skopus en aard van die Bybel

Ten diepste bied God in die Bybel sy openbaring

- (iv) oor Homself (wie Hy is en wat Hy doen: God, Here, Skepper van alle dinge, Onderhouer en Regeerder)
- (v) oor die wyse waarop Hy verlossing bewerk (dat Hy in Christus die sonde oorwin en sodoende die verhouding tussen Hom en sy beelddraer herstel tot dié van Vader en kind),
- (vi) oor hoe Hy as Here en God gedien en geëer moet word (o.m. hoe die verlore in alles wat hy/sy doen, sê en dink moet wys dat hy/sy vanuit 'n herstellende verhouding met God leef).

Skopus van die Bybel en samelewingskonvensies

Die Bybel is nie in die eerste plek bedoel om (samelewing)strukture te herskep of te herstruktureer nie, maar mense se harte te verander. Deur die veranderde harte verander die Woord die bepaalde samelewingstrukture en word spesifieke samelewingskonvensies hervorm (bv slawerny). God roep dus mense met bekeerde harte om die samelewing te reformeer na die eise wat Hy in sy Woord stel.

Soms vind hierdie reformatie van die samelewing spoedig plaas; soms gebeur dit egter eers met die verloop van baie eeue.

Hermeneutiese implikasies

In die belydenis van die ewigheid en altyd-geldendheid van die Bybel, is dit nodig om 'n skerp onderskeid te maak tussen dit wat in die Bybel geskryf staan en die leser se verklaring daarvan en interpretasies wat hy/sy daaraan heg. Dit wat in die Bybel geopenbaar word, staan vas, maar die leser se verklaring en afleidings moet altyd weer aan die Bybel gekontroleer word. Hierdie kontrole hou onder andere die volgende in:

- Skrifgetroue Bybelnavorsers tree nie op asof hulle die eerstes is wat onder leiding van die Heilige Gees die Bybel bestudeer nie. Hulle raadpleeg begaafde persone en/of hulle werke, wat self die leiding van die Heilige Gees gesoek het, om hulle eie verklaring daarmee te weeg.
- Skrifgetroue Bybelnavorsers hou vol met bestudering van die Bybel in 'n poging om te bepaal of ander dele van die Bybel nie lig werp op 'n onderdeel waarmee hulle worstel nie terwyl hulle voortdurend bid vir en wag op die leiding van die Heilige Gees.
- Skrifgetroue Bybelnavorsers maak voortdurend erns met Skrifbeginsels wat vir suiwer Skrifverklaring noodsaaklik is.
- Die Skrifgetroue Bybelnavorsers steun op die belydenis vir die geldigheid van sy eksegeese.

Die Bybel is deur die Heilige Gees geïnspireer

Die Bybel is God se Woord wat Hy besluit het om aan mense te openbaar deur mense dit in menslike woorde en geskifte te laat opteken (vgl. bv. 2 Tim 3:16-17; 2 Pet 1:19-21). In hierdie proses het God die menslike skrywers se arbeid geïnspireer op so 'n wyse dat dit as *organiese inspirasie* getipeer word waardeur sy openbaring aan mense oorgedra kon word. Hierdie inspirasie het gebeur met insluiting van die skrywers se eie persoonlikhede, agtergrond en ander omstandighede en het elkeen ook binne die konteks van hulle eie historiese situasie geskryf. Organiese inspirasie hou in dat dit ongeldig is om net sekere dele van die Bybel as Goddelik geïnspireer te beskou.

Die Bybel het tydigterig ontstaan, maar is nie tydigebonde nie

In samehang met die organiese inspirasie van die Bybel is die feit dat die boeke van die Bybel tydigterig ontstaan het. Die menslike skrywers het die taal, idioom, literêre genres en argumentasiestyl van hulle tyd gebruik om die geïnspireerde Woord op skrif te stel. Die Bybel is dus geformuleer in die taal en idioom wat die eerste lesers kon verstaan en spreek hulle binne hulle eie historiese situasie en lewensomstandighede aan. Dit maak nie die Bybel tydigebonde en gevolglik in betekenis en toepassing beperk tot die historiese situasie en lewensomstandighede van die eerste lesers nie. God se Woord reik déur die tyd en omstandighede van die eerste lesers tot die mense van alle tye. Sommige Bybeldele stel God se openbaring in universele terme (bv Heb 13:8: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid”); op baie plekke is die tydigterigheid egter van so 'n aard dat dit in die verklaarproses “vertaal” moet word sodat dit duidelik kan wees dat dit wat God aan die eerste lesers bekend gemaak het, ook op die latere lesers elkeen binne hulle eie tyd en omstandighede gerig is. Hierdie laasgenoemde “vertaal”-proses staan bekend as hermeneuse. Hierdie aktiwiteit van hermeneuse behels dat God se openbaring onveranderd tot die hedendaagse mense in hulle eie situasie en omstandighede kom.

Hermeneutiese vertrekpunte

Die evaluering van eksegeese

In die bestudering van die vraagstuk van vroue in die besondere dienste word daar, soos by ander eksegetiese vraagstukke, van sekere voorveronderstellings en vertrekpunte uitgegaan. Alle eksegeese en hermeneuse wat oor die vraagstuk van vroue in die besondere dienste gedoen word, word in die lig van hierdie voorveronderstellings en vertrekpunte beoordeel en word besluit of dit **geoorloof of ongeoorloof** is. Geoorloofde eksegeese en hermeneuse word verder aan die hand van die eksegetiese raamwerk van die grammaties-historiese model beoordeel, naamlik of dit **eksegeties houdbaar of onhoudbaar** is.³⁵¹ Verder word ook geoordeel of dit **eksegeties oortuigend** is. Eksegeese kan meer of

³⁵¹ Die onderskeid tussen eksegeties houdbaar en eksegeties onhoudbaar berus op die oortuiging dat God se Woord wel sy openbaring van die vasstaande, onveranderlike waarheid oor Homself, sy wil en ons verlossingsweg bevat. Met die terme “eksegeties houdbaar/onhoudbaar” word dus gesê dat eksegeese geweeg

minder oortuigend wees. Vanweë ons menslike beperktheid en ons sondigheid, kan dit gebeur dat eksegete wie se eksegeese in die lig van die uitgangspunte geoorloof is en wat eksegeties houdbaar en oortuigende eksegeese doen, tog 'n Skrifdeel verskillend verstaan – selfs binne een kerkverband. In sulke gevalle word in hierdie Rapport aangetoon waar die moontlike swak en sterk punte van dié eksegeese en hermeneuse is.

Grammaties-historiese eksegeese as benadering

Grammaties-historiese eksegeese is 'n hermeneutiese model waarin dit wat in die Bybel geskrywe staan (= grammaties) die deurlopende norm vir die eksegeese in sy geheel is. Hierby is ingesluit die grammatiese aspekte van taal, styl, idioom en literêre genre. Uitgaande van die organiese inspirasie van die Bybel en die gevolglike tydgerigtheid daarvan, word daarna gestreef om dit wat daar geskrywe staan te verstaan binne die historiese situasie waarop dit gerig is. Dit hou ook in die verrekening van die openbaringshistoriese konteks asook die historiese en die sosiale/ kulturele omstandighede van die outeur en die eerste lesers.

Grammaties binne die grammaties-historiese benadering

Tekskritiese kontrole

Skryffoute wat daar in die handgeskrewe kopieë van die Bybel bestaan, is deur Tekskritiek-wetenskaplikes so goed as moontlik geïdentifiseer en so ver as moontlik in hedendaagse gedrukte uitgawes van die Bybelteks uitgeskakel. Deur gedrukte uitgawes met mekaar te vergelyk kan die eksegeet tot 'n verantwoordelike keuse kom ten opsigte van die grondteks (Hebreeus, Aramees, Grieks) waaruit eksegeese gedoen moet word.

Grammatiese ontleding

Deur noukeurige ontleding van die grondteks stel die eksegeet vas wat die teks presies sê. Dit sluit morfologiese, sintaktiese, semantiese en stilistiese ontleding in. Vanuit hierdie ontledings kan die eksegeet moontlike misverstande waartoe vertalings mag lei, uit die weg ruim en ook belangrike nuanses, beklemtonings en relasies binne die teks raaksien.

Tekstuele konteks van die perikoop en die boek

Deeglike verrekening van die tekstuele konteks van sowel die perikoop (paragraaf) as die boek waarin die perikoop is, is baie belangrik, want so neem die verklaarder 'n voorsorgmaatreël dat hy/sy nie 'n Skrifdeel buite sy verband verklaar nie.

- (iii) Perikoopaafbakening berus grootliks op die verklaarder se oordeel oor die gedagte-opbou van die betrokke boek. Tog is afbakening nodig, omdat elke perikoop binne die geheel-argument van die betrokke boek 'n spesifieke funksie vervul en die verklaring die funksie van dié perikoop binne die argument van die hele boek moet verreken.
- (iv) Die verklaarder moet hom/haar ook vergewis van die plek van die betrokke boek binne die geheel-versameling van die Bybel. Hierdie verrekening hou nie net met die genre van die betrokke boek rekening nie, maar verreken ook die plek wat die betrokke boek inneem binne die geheel van die ontvouing van God se openbaring in die Bybel, in die geskiedenis.

Histories binne die grammaties-historiese benadering

Plasing binne die Bybel

Die openbaringshistoriese lyne

Elke Bybeldeel is deel van die geheel van die geskrewe Woordenopenbaring van God en moet daarom gelees word binne die groter openbaringshistoriese samehang van die Skrif. Dit beteken dat die openbaringshistoriese lyne wat soos goue drade regdeur die Skrif loop, beskryf moet word en dat aangetoon moet word hoe die betrokke Skrifdeel wat bestudeer word daarmee saamhang. Die openbaringslyne van die Skrif soos dit in die Gereformeerde Belydenisskrifte saamgevat word dien as basiese vertrekpunt en trek breedweg beskou saam in die openbaring van God se heerlijkheid, sy wil, en die mens se verlossing. Binne hierdie breë openbaringshistoriese lyne moet die eksegeet die verskillende Skrifdele wat met 'n betrokke Skrifdeel/vraagstuk verband hou, tot 'n geheelbeskrywing saamvoeg. Vir hierdie samevoeging van tersaaklike Skrifdele (Skrif-met-Skrif-vergelyking) het die Skrifbeskoulike vertrekpunt van die duidelikheid van die Skrif die volgende implikasies:

moet word aan die eksegetiese raamwerk van die grammaties-historiese model. As eksegeese wel aan die vereistes van dié raamwerk beantwoord, word dit beskou as eksegeties houdbaar.

- In die gereformeerde hermeneutiek is die *aksiomatiese* en nie die *problematiese* die vertrekpunt en daarom word in enige openbaringshistoriese/eksegetiese ondersoek altyd begin by die Skrifdele wat duidelik(-er) oor 'n saak spreek en word vandaar beweeg na dié gedeeltes wat minder duidelik sou wees. Die Skrif is hierdeur sy eie verklaarder.
- Omdat God se openbaring 'n ontvouende karakter het, moet in ag geneem word dat later Skrifdele op die vroeër dele berus en daarop voortbou, en dat dit dikwels 'n meer volledige perspektief op die onderhawige saak gee.

Plasing binne die historiese konteks (sosiaal, ekonomies, politiek en godsdienstig, ens)
Lees die Skrifdeel binne sy kultuurhistoriese konteks

God het elke boek in die Bybel binne die sosiale en politieke werklikhede van 'n spesifieke era laat opteken en daarop gerig. Persone in die boeke was werklike persone wat deel van 'n dinamiese samelewing uitgemaak het en met daardie samelewing in interaksie was. Die betrokke perikoop/boek moet dus verklaar word *met deeglike inagneming van die tersaaklike kultuurhistoriese gegewens wat die Bybel self voorsien, aangevul deur tersaaklike gegewens uit ander antieke bronne.*

Die benadering is 'n gebalanseerde kultuurhistoriese benadering,³⁵² wat die kultuurhistoriese situasie waarop die Skrifdeel gerig is, konstrueer. Met die oog hierop word data en verskynsels uit die era van die betrokke boek ook op grond van literatuur kontemporêr met die betrokke Bybelboek bestudeer en beskryf in terme van die funksies en/of verskynsels binne die destydse samelewing. Alhoewel die kultuurhistoriese konteks van 'n hele boek van belang is, is dit nie voldoende om die ondersoek daartoe te beperk nie. Ook dit wat spesifiek vir die betrokke perikoop tersaaklik is, moet ondersoek word. In praktyk behels dit die volgende:

- () **Boek:** Sake ten opsigte van die kultuurhistoriese konteks van die hele boek, sluit dinge in soos die ligging van die woonplek van die eerste lesers, die bevolkingsamestelling van daardie stad/gebied, die politieke omstandighede van die stad/gebied, die gangbare godsdiens(te) en filosofiese stromings, ens.
- (i) **Perikoop:** Vir die konstruksie van die kultuurhistoriese konteks van die betrokke perikoop, moet die perikoop self gefynkam word om te bepaal watter sosiale, politieke en/of godsdienstige fasette van die lewe van die eerste lesers tersaaklik kan wees. Hierdie fasette word dan as't ware die soekwoorde om inligting te versamel om die kultuurhistoriese situasie te konstrueer.
- (ii) **Kanon:** Data uit buite-Bybelse bronne wat op hierdie wyse bestudeer en beskryf word, lewer 'n noodsaaklike bydrae tot die historiese perspektief op dit wat in betrokke Skrifdeel gesê word. Daarom is dit, soos die apokriewe geskrifte waarvan Artikel 6 van die NGB getuig, nuttig tot lering "vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem. Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuigenis enigiets van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie".

Die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament³⁵³

³⁵² Dit staan ook bekend as die sosio-historiese benadering. Die sosio-historiese benadering moet nie met die sosiaal-wetenskaplike benadering verwar word nie. Dié twee benaderings werk met dieselfde buite-tekstuele gegewens: die sosiale en politieke omstandighede van die tydperk waarop die betrokke boek by sy ontstaan gerig is. Die verskil lê in die metodes wat gebruik word om die gegewens by die konstruksie van die buite-tekstuele konteks van die betrokke Bybelboek/perikoop te verreken. Die sosiaal-wetenskaplike benadering vertolk die gegewens in terme van teorieë en modelle wat in die huidige tyd ontwikkel is op grond van data en verskynsels in huidige samelewings (d.i. die "etiese benadering"); die sosio-historiese benadering beskryf en vertolk die gegewens in terme van die funksies binne die destydse samelewing (d.i. die "etiese benadering"). Die toepassing van die sosio-historiese benadering binne die grammaties-historiese model gaan uit van die oortuiging dat die Skrif die produk van organiese inspirasie deur die Heilige Gees is en bied daarom geen ruimte vir enige beskouing dat die Bybel die blote produk van die destydse samelewing was nie.

³⁵³ Hierdie afdeling is 'n verwerking van klasaantekeninge gemaak tydens 'n seminar van prof JL Helberg in 1978 binne die vak Ou Testament Hermeneutiek. Vgl. Helberg (1978:1-6).

Die Ou Testament en die Nuwe Testament is gelykelyk Woord van God, en dié twee Testamente vorm 'n eenheid. Tog is daar 'n onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament, en kan daar met reg gevra word na die verhouding tussen die twee Testamente.

Die verbinding van ewewydige spanningslyne in die Persoon van Christus

Dit is Christus wat tussen die Ou en die Nuwe Testament staan en wat die Testamente skei sowel as verbind. Deur die Persoon van Christus verbind God die ewewydige spanningslyne saam en laat dit ontvou tot die volkomenheid van die nuwe bedeling in die voleinding. Die feit dat die lyne in Christus verbind word, hou onder andere ook in dat daar nie 'n ander waarheid in die Nuwe Testament geopenbaar word as in die Ou Testament nie. Dit is dieselfde waarheid, wel in 'n ander en nuwe historiese situasie geopenbaar. Die spanningslyne³⁵⁴ wat daar in die Ou Testament is, integreer Christus in sy Persoon, veral in en deur sy sterwe en opstanding. Só bring Hy oordeel en genade saam; só bring Hy dood en lewe saam. Hy bring 'n nuwe bedeling, 'n nuwe verbond, 'n nuwe testament. Dis nog dieselfde verbond, woord, wet, genade, heerskappy; die situasie het egter nuut geword deurdat God die spanningslyne daadwerklik histories bymekaar gebring het. God hét voluit gestraf én genade bewys! God hét laat sterwe én nuwe lewe verwek! God het 'n wonder laat plaasvind deur dié dinge in Christus te verenig. Vir dié persoon wat in Christus is, is die wet vervul, die oordeel voltrek, die verlossing uit genade 'n werklikheid, en die lewe in hierdie bedeling 'n groeiende intieme verhouding met God. Die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament kan slegs vanuit hierdie vervulling in Christus raak verstaan word.

Die gebruik³⁵⁵ van die Ou Testament in die Nuwe Testament

Dele uit die Ou Testament word op talle plekke in die Nuwe Testament aangehaal, veral in die eerste drie Evangelies, die briewe van Paulus, Hebreërs en Openbaring. Party gedeeltes kan met groot sekerheid as aanhalings geïdentifiseer word. Ander is net verwysings na Ou-Testamentiese gedeeltes en nog ander is slegs toespelings op gedeeltes uit die Ou Testament. Die rede vir die aanhalings en toespelings vanuit die Ou Testament is dat die skrywer, onder inspirasie van die Heilige Gees, met hierdie aanhalings en toespelings daarin kon slaag om die boodskap wat hy in die nuwe bedeling wou kommunikeer, des te effektiewer tuis te bring.

Die bedoeling van die Nuwe-Testamentiese skrywer met aanhalings en toespelings vanuit die Ou Testament was nie altyd om die Ou-Testamentiese gedeelte binne die Ou-Testamentiese konteks te hanteer of te verklaar nie. Dikwels was die skrywer se bedoeling eerder om sy eie argument of stelling met die aanhaling of toespeling vanuit die Ou Testament te ondersteun. Gevolglik ontvang die betrokke Ou-Testamentiese gedeelte dikwels 'n funksie in die Nuwe Testament wat dit nie met die eerste oogopslag in die Ou Testament self gehad het nie. Dit sal gevolglik eensydig wees om Ou-Testamentiese gedeeltes te verklaar bloot op grond van hoe die betrokke gedeelte in die Nuwe Testament gebruik en toegepas word.

Tersaaklike vertrekpunte vir hermeneuse

Gereformeerde hermeneuse

Gereformeerde hermeneuse is die proses waarin die resultaat van die hele eksegeseproses (grammaties-historiese analise en die sintese), waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, oorgebring word na die leser/hoorder vandag.

Die verrekening van die huidige konteks in die hermeneuse

Die tersaaklike fasette van die huidige konteks (sosiaal, ekonomies, polities en godsdienstig, ens) moet só in die hermeneuse verreken word dat dit tot 'n geldige toespitsing van die eksegele lei. Dikwels maak 'n geldige konstruksie van die sosiale en politieke omstandighede waarop die betrokke Bybelboek gerig is, dit moontlik om skerp en akkuraat te bepaal watter tipe sosiale en politieke situasies vandag vanuit die eksegele van die betrokke perikoop "belig" kan word. Die betrokke perikoop skryf dus self voor op watter tipe sake in die huidige situasie die teksboodskap gerig is.

Die onderskeid tussen indikatief en imperatief

Geen meganies-grammatikale onderskeid nie

³⁵⁴ Voorbeelde van hierdie spanningslyne is die feit dat God ondanks die sonde, tog 'n intieme persoonlike verhouding met gelowiges vestig; dat Hy ondanks die dood as gevolg van die sonde van die eerste mensepaar, die menslike geslag laat ontstaan; dat die "dag van die Here" sowel oordeel as verlossing inhou, ens.

³⁵⁵ Met "gebruik" word nie bedoel dat die Nuwe Testament die Ou Testament bloot as 'n gebruiksartikel hanteer en dat die eenheid tussen die twee Testamente misken word nie.

Taalkategorieë en openbaringskategorieë val nie altyd saam nie. 'n Werkwoord waarvan die grammatikale modus imperatief is, kan nie noodwendig as 'n openbaringsimperatief beskou word nie (Joh 2:19). Net so kan 'n grammatikale indikatief nie noodwendig as 'n openbaringsindikatief aanvaar word nie (1 Tess 4:7). Daar is dus nie 'n meganiese manier om tussen die verlossingsindikatief (heilsfeit) en -imperatief (-opdrag) van 'n Skrifdeel te onderskei nie. Die feit van die moontlike verwarring met die grammatikale onderskeidings *indikatief* en *imperatief* maak dit wenslik om liewer in hierdie Rapport die terme *heilsfeit(e)* (i.p.v. *indikatief*) en *opdrag(te)* (i.p.v. *imperatief*) te gebruik.

Sintaktiese en stilistiese merkers

Die verhouding tussen die heilsfeit en opdrag is van só 'n aard dat die *opdrag* altyd konkluderend op die *heilsfeit* volg. Daarom kan dit die eksegeet van hulp wees om op te let vir sintaktiese en stilistiese merkers wat 'n konkluderende funksie het (vgl. Labuscagne 1981:29-31, en die tabel van De Klerk & Van Rensburg 2005:36). Daar lê egter geen vaste model hierin nie en daarom sal ook na ander hulpmiddels vir die eksegeese gekyk moet word om tussen *heilsfeit* en *opdrag* te onderskei.

Konteks

Dikwels kan die eksegeet, sonder formele sintaktiese of stilistiese aanwysers, vanuit die konteks geldige afleidings maak oor wat in 'n gegewe Skrifdeel as *heilsfeit* en wat as *opdrag* bedoel is. Historiese stof, poëtiese stof, profetiese stof en briewe is nie bedoel om op dieselfde manier gelees te word nie. Ook die retoriese konteks (gedagte-struktuur), kultuurhistoriese konteks, openbaringshistoriese konteks en die konteks van die hele Skrif moet hierby in ag geneem word.

Retoriese konteks

Die retoriese konteks van 'n Skrifdeel kan beskryf word op grond van 'n ontleding van die gedagte-struktuur (GSO, vgl. Coetzee 1988:23 en die ontleding van gedagte-opbou op makrovlak, vgl. De Klerk & Van Rensburg 2005:37-49). 'n Belangrike deel van gedagtestruktuurontleding is juis om die samehang tussen die verskillende struktuur-komponente aan te dui. Indien dit uit die gedagtestruktuur blyk dat twee of meer gedagtes konkluderend of oorsaaklik saamhang, kan die eksegeet die moontlikheid van 'n heilsfeit-opdrag oorweeg.

Kultuurhistoriese konteks

Om te onderskei tussen opdragte wat as blywende opdragte bedoel is en opdragte wat bloot situasie-gerig is, oftewel: om te onderskei tussen opdragte met *normatiewe gesag* en dié met *historiese gesag*, moet die eksegeet die teks binne sy kultuurhistoriese konteks plaas.³⁵⁶

By die vasstelling of 'n bepaalde opdrag slegs deel uitmaak van die kultuurhistoriese inkleding van die teks of nie, is die hermeneutiese reël dat die Skrif sy eie Verklaarder is, deurslaggewend. Met ander woorde: die eksegeet kan nie net op grond van buite-tekstuele bronne of bloot subjektiewe oorwegings besluit dat 'n bepaalde Skrifopdrag as kultuurhistoriese inkleding beskou kan word nie, maar die Skrif self moet daarvan blyke gee.

Samevattend blyk dit dat die eksegeet veral aandag moet gee aan die **begronning** van elke opdrag in die Skrifdeel. Opdragte wat in 'n geopenbaarde *heilsfeit* begronnd is, kan normaalweg as 'n blywende *opdrag* beskou word; opdragte wat in kultuurhistoriese argumente begronnd is, kan normaalweg as situatiewe opdrag beskou word.

(Openbarings-)historiese konteks

Veral in historiese stof is daar dikwels nie 'n formele gedagtestruktuur waaruit die samehang tussen heilsfeit en opdrag aangedui kan word nie. In sulke gevalle kan die samehang soms uit die historiese situasie afgelei word.³⁵⁷

Konteks van die hele Skrif

Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

³⁵⁶ Hierby moet egter gewaak word teen die idee dat sekere opdragte (dié met normatiewe gesag) tydigterig is terwyl ander opdragte (dié met slegs historiese gesag) ook tydigterig is. Opdragte met historiese gesag bly steeds deel van die tydigterige inkleding van die Skrif.

³⁵⁷ 'n Voorbeeld hiervan Matt 14:14-21: In die perikoop twee opdragte van Jesus wat as grammatikale imperatiewe weergegee word. Jesus se opdrag (imperatief): "Bring dit (brode en visse) hier vir My" (14:18), en daarna (14:19) sy bevel vir die skare om op die gras te gaan sit. Beide opdragte is op die historiese situasie gerig. Dit is nie bedoel as blywende opdragte met normatiewe gesag vir alle tye nie, alhoewel dit beslis historiese gesag het. In die wonder het Jesus wel onteenseglik 'n heilsfeit geopenbaar wat ongeskrewe openbaringshistories daarin opgesluit lê, naamlik dat Hy kan doen wat menslik onmoontlik is. Hy is die Messias, die Seun van God. En, hierop gegrond, is ook die ongeskrewe opdrag: Glo in Hom!

In die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* is dit nodig om die openbaringshistoriese gerigtheid van die betrokke Bybelboek in ag te neem.³⁵⁸

Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel

In die eksegeese behoort elke opdrag binne die konteks van die openbaringsgeskiedenis geplaas te word om binne daardie konteks te oordeel of dit bedoel is as 'n blywende *opdrag* of nie.³⁵⁹

Skrif-met-Skrif-vergelyking

Direk in aansluiting by die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif is die eksegetiese proses van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Om tussen *heilsfeit* en *opdrag* in 'n bepaalde Skrifdeel te onderskei, kan ander uitsprake elders in die Skrif rigtinggewend wees.³⁶⁰

Onderskeid tussen fokuspunt en bysaak

Sintaktiese en stilistiese merkers

In die breë gesien, kan as vertrekpunt geneem word dat die grammatikale hoofsin die *fokuspunt* van 'n Skrifdeel sal stel en bysinne en deelwoordfrases die *bysake*. Aan die ander kant is daar in die Nuwe Testament ook talle voorbeelde van hoofsinne wat *bysake* stel en bysinne wat die *fokuspunt* van die teks bevat (Ef 3:14-19).³⁶¹

Konteks

Retoriese konteks

Nog veel meer as by die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* is gedagtestruktuurontleding van belang vir die onderskeid tussen *fokuspunt* en *bysake* in 'n perikoop. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:9-14).³⁶²

Kultuurhistoriese konteks

Soms kan ook die kultuurhistoriese konteks lig werp op wat as fokuspunt van 'n perikoop beskou moet word. 'n Voorbeeld hiervan is uitgewerk deur De Klerk & Van Rensburg (2005:52-63) met 1 Petrus 2:11 – 4:19.³⁶³

(Openbarings-)historiese konteks

Soos by die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* kan die historiese konteks waarin 'n perikoop staan 'n sterk aanduiding gee van waar die *fokuspunt* daarvan gesoek moet word. Voorbeeld hiervan is die geskiedenis van Jesus se begrafnis (Matt 27:57-66).³⁶⁴

³⁵⁸ As voorbeeld Matt 14:14-21. Hierbo is daarop gewys dat die ongeskrewe *opdrag* in hierdie perikoop neerkom op: Glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Hierdie *opdrag* sluit ten nouste aan by die openbaringshistoriese gerigtheid van die Evangelie volgens Matteus, naamlik om mense te laat glo dat Jesus die Messias van God is.

³⁵⁹ 'n Voorbeeld hiervan is die opdrag in Hand 15:28-29: "Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery." Indien egter die lyn vanaf die Ou- na die Nuwe-Testamentiese Skrifopenbaring gevolg word, is dit duidelik dat die ou seremoniële wette in Christus hulle vervulling bereik het en daarom nie meer bindend is nie.

³⁶⁰ Weer eens Matt 14:14-21 as voorbeeld: Die konklusie dat die ongeskrewe *opdrag* van die perikoop neerkom op "Glo!", word in die lig van 'n ander Skrifuitspraak duidelik: Markus 6:52 getuig dat die wonder van die brode bedoel was om mense tot geloof te bring.

³⁶¹ De Klerk (1988:44-46) se ontleding van Ef 3:14-21.

³⁶² 'n Gedagtestruktuurontleding van die perikoop laat blyk 'n rings-komposisie (diamantstruktuur). Aan die begin (18:9) noem Lukas die fokuspunt van die gelykenis: Jesus vertel die gelykenis met die oog op mense wat dink dat hulle in hulleself regverdig is en op ander neersien. Aan die einde van die perikoop gaan dit oor wie werklik geregtig is. Die fokuspunt van die gelykenis is nie in die optrede van die Fariseër en die tollenaar nie maar in die feit dat God ons voor Hom regverdig stel.

³⁶³ Aangesien die eerste lesers van die Petrusbrief se sosiale en politieke omstandighede dié was van vreemdelinge (= uitlanders) en bywoners wat baie deur die landsburgers veronreg is, was hulle geneig om hulleself te verdedig deur terug onreg te pleeg. Daarom wil Petrus hulle oortuig om juis te midde van hulle uitlanderskap hulle steeds te gedra soos God dit wil hê. Hierdie algemene opdrag word in 1 Pet 2:11-12 aangetref en kan geneem word as *fokuspunt* van die hele volgende onderdeel van die brief (2:11 – 4:19).

³⁶⁴ Die *fokuspunt* van hierdie perikoop is, histories beskou, 27:60: Jesus is begrawe. Ander historiese feite word as *bysake* gestel wat uiters belangrike ondersteuning aan die historiese feit van Jesus se begrafnis bied. Dit is

Konteks van die hele Skrif

Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

Ter illustrasie dien die perikoop Lukas 6:1-11. Geplaas binne die konteks van Lukas 4-6, blyk dit dat die Evangelis 'n reeks insidente beskryf waarin telkens aangetoon word dat Jesus waarlik die Here is.³⁶⁵ Hieruit blyk dit dat 6:5 die fokuspunt van die perikoop bevat: Jesus is Here óók van die Sabbat.

Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel en Skrif-met-Skrif vergelyking

In 'n sekere sin het elke Skrifdeel 'n besondere plek binne die geheel van die Skrifopenbaring en moet dit ook binne daardie geheel verstaan word. Dit geld natuurlik ook vir die fokuspunt van so 'n Skrifdeel. 'n Voorbeeld van 'n perikoop wat kwalik anders as vanuit die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif verstaan kan word, is die geslagsregister van Jesus in Matt 1:1-17.³⁶⁶

Teologiese sintese as *donum interpretationis*

Met die inligting wat uit die analitiese deel van die eksegeese (bogenoemde) versamel is, moet die eksegeet nou oorgaan tot die belangrikste deel van die Skrifuitleg, naamlik die *sintese*. Van die eksegeet word onderskeidingsvermoë geverg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen en dit is wat bekend staan as die *donum interpretationis* (die gawe van interpretasie). Die gawe wat die Gees tot interpretasie gee, is egter nie iets soos 'n "inwendige lig" wat buite die Skrif om gegee word nie. Die eksegeet ontvang dit juis in sy besigwees met die Skrif. Ook die sintese is onderworpe aan wetenskaplike kontrole. Die gewone wetenskaplike weg is dat die sintese sorgvuldig van al die onderdele van die Skrifdeel rekenskap moet gee – van opdrag én heilsfeit, van fokuspunt én bysaak. Die sintese mag nie die betekenis van die teks verlê tot iets anders as wat daar staan nie. Eerder wil dit deurdring tot die kern van die openbaring van God in die teks en wil dit in die hermeneuseproses hierdie openbaring oordra na die omstandighede van vandag. Dit kom uiteindelik by die vraag: Wat openbaar God hier aan ons, aan my? (vgl. Grosheide 1929:66).

Hermeneuse as gawe van profesie

Ten einde te kan sê wat God "hier, vandag" sê, gaan die sintetiese eksegeese oor na wat as die hermeneuseproses bekendstaan. Dit is die proses waarin die resultaat van die hele eksegeeseproses (grammaties-historiese analise en die sintese) waarin vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar, na die leser of hoorder vandag oorgebring word. Vir die hermeneuseproses is daar nie vasgestelde reëls nie. Hierby is die gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, onontbeerlik (vgl. Rom 12:6-7; 1 Kor 14:3). By die proses van hermeneuse is dit belangrik dat die eksegeet ook 'n analise maak van eie sosiale konteks. Natuurlik beteken dit nie dat die sosiale konteks van die hoorders bepalend mag wees vir wat God sê nie, of 'n veto kan plaas op die resultaat van die eksegeese nie. Daarom geld dieselfde wetenskaplike kontrole by die hermeneuse as wat by die teologiese sintese geld: dit moet berus op die resultate van die eksegeese en sorgvuldig rekenskap gee van al die onderdele van die teks – opdrag, heilsfeit, fokuspunt en bysaak.

Geen meganiese reëls nie

Aangesien die hele eksegeeseproses, in sy grammatiese fasette en in sy historiese fasette, maar veral in die proses van sintese en hermeneuse in werklikheid nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie, is dit nie moontlik om dit as blote meganiese toepassing van hermeneutiese reëls te beoefen nie. Ook in die bepaling van wat werklik God se blywende opdrag vir ons vandag is en wat slegs as situatiewe opdragte beskou kan word, in die bepaling van wat die fokuspunt van 'n Skrifdeel is en wat bysake is, moet die Skrifverklaarder biddend werk dat die Heilige Gees hom die insig sal gee om te interpreteer en met die gawe van onderskeiding besig te wees.

sake soos wie Hom begrawe het (27:57-59), die ooggetuies van sy begrafnis (27:61), die verseëling van die graf deur die Jode (27:62-66).

³⁶⁵ Jesus is Here oor die demone (4:31-37), Here oor siekte (4:38-40), Here van alle skepsels (5:1-11), Here oor siekte (5:12-26). En nou, in 6:1-11, is die *fokuspunt* weer Jesus se Here-skap: Hy is Here óók van die Sabbat.

³⁶⁶ In die geslagsregister word die verbondslin vanaf Abraham (1:1) tot by Christus getrek. Vanuit openbaringshistoriese oorwegings is dit duidelik dat die geboorte van Jesus juis die vervulling van die beloftes van die verbond was. Matteus 1:1 vermeld ook duidelik dat Christus "die seun van Dawid" is. Vanuit Skrif-met-Skrif-vergelyking is ook die openbaringshistoriese betekenis van Dawid duidelik: hy is die koning uit wie se nageslag die Messias gebore sou word. Beide die verbondslin (Abraham) en die koningslin (Dawid) word in 1:1 saamgetrek, wat dan as *fokuspunt* van die geslagsregister van Jesus beskou kan word.

Bevinding t.o.v. Hermeneutiese Model

Hierdie hermeneutiese model verskil nie in beginsel (vertrekpunte sowel as uitkomst) van vorige hermeneutiese modelle wat in studies van die GKSA gebruik is in die bestudering van die Skrif oor die saak van vroue in die besondere dienste nie.

Hierdie hermeneutiese model gee 'n verdieping in sekere aspekte van die hermeneutiese proses terwyl ander prosesse en die betekenis daarvan meer volledig as in vorige modelle uitgewerk word.

Hierdie hermeneutiese model hou nie in dat enige bestaande Sinodebesluite verander moet word nie.

Die funksie van die vrou in die kerk in die algemeen

Sinode 2003 het 'n studie van Deputate oor die plek van die vrou in die kerk goedgekeur (Acta 2003:559). Daarmee is hierdie deel van die Kommissie-opdrag (1.1 A 3.2.4) afgehandel.

Beswaarskrifte teen besluit van Sinode 2003 (Acta 2003:591, E4) ingedien tydens Sinode 2006

Opdrag ten opsigte van Beswaarskrifte

Pt. 2.2.1.3 van die Rapport van die *Ad hoc*-kommissie rakende die implikasie(s) van die slaag van die Beswaarskrif van Streeksinode Randvaal het betrekking: *"Die Beswaarskrifte teen die besluit van Sinode 2003 rakende die vrou in die amp van diaken (Acta 2006:417-556 – uitgesluit die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld). Hierdie Beswaarskrifte het ordelik op die tafel gekom, is nie behandel nie en moet derhalwe afgehandel word."*

Opdrag 3.2.1 lui dan: *"Die Kommissie moet alle onafgehandelde sake uit Sinodes 2000 tot 2009 oor die vrou in die kerk ondersoek en die volgende Sinode in die lig van hulle studie adviseer oor die behandeling en/of afhandeling daarvan."*

Kerkregtelike beredenering

Die Beswaarskrifte (Acta 2006:417-556) teen die genoemde besluit (Acta 2003: E4, p 591) het ordelik op tafel van Sinode 2006 gekom (verwys 9.1.1 hierbo).

Die Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld teen besluite van die Nasionale Sinode 2003 – Vrou in die amp, slaag op grond van beredenering gegrond op art 31 en 46 KO (Acta 2006:412).

Die konsekwensie van die slaag van genoemde Beswaarskrif van Partikuliere Sinode Bosveld teen die besluit van Sinode 2003 wat vroue tot die amp van diaken toegelaat het, is dat alle *regsgronde vir beswaar* vir verdere ingediende en ordelik op tafel geneemde beswaarskrifte verwyder is.

Die Sinode het opdrag gegee dat alle onafgehandelde sake gehanteer moet word (vgl. 1.1 A 3.2.1 hierbo) wat die Beswaarskrifte teen die besluit van Sinode 2003 insluit (vgl. 1.1 A 2.2.1.3 asook 10.1.1). Kerkregtelik is die agenda van Sinode 2006 (insluitend die res van die Beswaarskrifte) egter ordelik afgehandel (hulle regsgronde vir beswaar is verwyder) en kan die só afgehandelde Beswaarskrifte nie deur 'n volgende vergadering sonder meer as deel van sy agenda gehanteer word nie.

Die argumente soos vervat in die beswaargronde van die betrokke Beswaarskrifte moet, as dit geoordeel word nodig te wees, van nuuts af met in agneming van sowel verdere ontwikkelings in studie as besluite geneem deur kerklike vergaderings, volgens die bepaling van art 46 KO op tafel van kerklike vergaderings gebring word.

Kerkregtelike bevinding

Die agenda van Sinode 2006 is reeds ordelik afgehandel en dit sluit die betrokke Beswaarskrifte in (verwys 9.2.3 hierbo, in besonder).

'n Vergadering (Sinode 2009) kan nie as deel van sy agenda beskou dit wat reeds by 'n vorige vergadering ordelik afgehandel is nie.

Sake wat by 'n vorige vergadering ordelik op tafel gekom en afgehandel is, kan alleen op 'n volgende vergadering ordelik ter tafel geneem word as aan die bepaling van art 31 en art 46 KO beantwoord is.

Sake vir besluitneming

Alhoewel die Agenda van Sinode 2006 ordelik afgehandel is, kan daar steeds besware teen Sinode 2003 bestaan (die besluit waarteen die Beswaarskrifte gerig was). Sodanige besware kan met inagneming van die bepalings van die Kerkorde (Sinodes 1991/1994) en relevante Sinodebesluite (aangaande die vrou) by 'n volgende toepaslike kerklike vergadering ingedien word.

Die vrou in diens van ouderling en bedienaar van die Woord

Inleiding

Die vertrekpunt is dieselfde as wat 1988 se Deputate in die inleiding tot hulle Studierapport gestel het: “Daar is nie 'n teks in die Bybel waarin spesifiek gesê word of vroue in die besondere ampte mag dien of nie ... Wie dan 'n Bybelgefundeerde standpunt oor hierdie sake en oor die algemene plek van die vrou in die kerk wil formuleer, is daarop aangewese om uit ander Skrifuitsprake afleidings te maak” (Bylae, 1988:23). Die bestudering van alle tersaaklike Skrifgegewens (soos hier onder in 10.2 tot 10.13 uiteengesit), en die verrekening van tersaaklike kerkregtelike vertrepunte (soos in 4 uiteengesit), tersaaklike Skrifbeskoulike vertrepunte, tersaaklike hermeneutiese vertrepunte, en die besluite van Sinode 2003, het tot twee teenoorstaande gevolgtrekkings gelei:

- dat geslag nie bepalend mag wees by die oorweging van wie tot die besondere dienste verkiesbaar is nie, en
- dat vroue alleen in die besondere diens van diaken mag dien en nie in die besondere diens van ouderling en predikant nie.

Die argument wat uiteindelik tot hierdie twee uiteenlopende gevolgtrekkings kom, is egter vir ongeveer 90% gelykluidend. Daarom word dit as één dokument aangebied, met 'n duidelike aanduiding in kolomme waar daar verskil van mening bestaan.

Die neerslag van die bestudering van die tersaaklike Skrifgegewens word onder die volgende hoofpunte aan die orde gestel:³⁶⁷

- 10.2 Vroue in die Ou-Testamentiese tyd
- 10.3 Die vrou volgens die Evangelies
- 10.4 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van Efesiërs 5:21-33
- 10.5 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Petrus 3:1-7
- 10.6 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van Galasiërs 3:26-29
- 10.7 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Korintiërs 11:2-16
- 10.8 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Korintiërs 14:26-40
- 10.9 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Timoteus 2:8-15
- 10.10 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Timoteus 3:1-16
- 10.11 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Timoteus 5:3-16
- 10.12 Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van Romeine 16:1-2,7
- 10.13 Samevatting van eksegetiese en hermeneutiese gevolgtrekkings

Hierna word tot twee teenoorstaande gevolgtrekkings gekom oor die rol wat geslag behoort te speel by die oorweging van wie tot die besondere dienste verkiesbaar is (10.14), en volg aanbevelings oor wat die Sinode op grond hiervan vir die praktyk van kerkwees moet besluit (10.15). Die aard van die verskil tussen die standpunte word laastens aan die orde gestel (10.16).

Vroue in die Ou-Testamentiese tyd³⁶⁸

Aan die begin het God die mens manlik en vroulik geskep (Gen 1:27) en die twee in 'n baie nou verwantskap tot mekaar gestel (Gen 2:21-22).

In hierdie verhouding is die een nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie (Gen 2:18: die vrou is “sy gelyke”; Gen 2:23: “Een soos ek”). Albei is na die beeld van God geskep (Gen 1:27); albei ontvang die regeeropdrag van God (Gen 1:28); albei is in

³⁶⁷ Die eksegeese en hermeneuse van die tersaaklike perikope steun grootliks op die GTV-studie deur Breed, Van Rensburg & Jordaan (2008), 'n publikasie waaraan die volgende persone meegewerk het: Braam Krüger, Callie Coetzee, Danie Snyman, Dries du Plooy, Gerard Meijer, Henk Stoker, Jacques Howell, Kobus van der Walt, Piet Venter, Ronald Bain, Sarel van der Merwe, en Wim Vergeer. Die bronne in Breed, Van Rensburg & Jordaan (2008) vermeld, word nie in dié rapport herhaal nie.

³⁶⁸ In die Rapporte aan Sinode 1988 en 2003 is omvattende behandeling van vroue in die Ou-Testamentiese tyd. Dit word nie hier weer herhaal nie.

die huwelik op mekaar aangewese (Gen 1:24; 1 Kor 11:11). Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon 'n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as rangorde verstaan moet word nie.

Tog is die vrou nie 'n blote duplisering van die man nie. God het die twee juis met 'n onderskeid geskep. Aan die onderskeid word uitdrukking gegee in differensiasie ten opsigte van die rol van die man en vrou in die huwelik. Die man is die een wat die primêre verantwoordelikheid dra en die inisiatief neem in die naamgewing (Gen 2:23); ook in die feit dat hy sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef (Gen 2:24); sy vrou staan hom by as hulp wat by hom pas (Gen 2:18).³⁶⁹ Hierdie differensiasie is noodsaaklik: sowel die man se taak as die van sy vrou is onontbeerlik vir die huwelik (1 Kor 11:11: "In die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie").

God het die leidinggewing van die man nie as heerskappy bedoel nie, maar as liefdesdiens (vgl. die betekenis van "aankleef" in Gen 2:24: "met liefde aanhang"); op soortgelyke wyse het Hy die hulpwees van die vrou nie as slawediens bedoel nie, maar as gelykwaardige bystand (Gen 2:18).

Die stelling oor die veranderde verhouding tussen man en vrou in Genesis 3:16 "... en hy sal oor jou heers" is geen voorskriftelike bevel of maatstaf nie. Die gelykwaardige verhouding tussen man as leier en vrou as hulp (Gen 2:18) is wel deur die sonde versteur, maar in Christus weer herstel (Ef 5:22-23; 2 Kor 5:17). Dat die man 'n leidinggewende rol ten opsigte van die vrou in die huwelik inneem, is nie die gevolg van die sonde nie, maar van skeppingsordonnansie; dat die man in leidinggewende rol die vrou tiranniseer, is gevolg van die sonde. (Bylae 1988:31, 3.3.2).

Die sondige heerssug van die man oor die vrou tree in die Ou-Testamentiese samelewing duidelik na vore. Sy is nie as getuie in die hof aanvaar nie; in die sinagoge moes sy eenkant sit; in die tempel mag sy dit nie verder as die voorhof vir vroue waag nie. Volgens Rabbynse voorskrif moes die vrye Joodse man daagliks God dank: "Geprese is U, o God, dat u my nie gemaak het as 'n heiden of as 'n slaaf of as 'n vrou nie!" (vgl. Coetzee 1975a:17). Daar is op die vrou neergesien en dit is as benede 'n man se waardigheid beskou om in die openbaar selfs net met haar te praat.

Daar is in die Ou Testament voorbeelde van vroue wat ook die profetiese gawe ontvang het en dit in die openbaar beoefen het, byvoorbeeld: Miriam (Eks 15:20), Debora (Rig 4:4) en Hulda (2 Kon 22:14, 15). Twee vroue, Debora en Atalia (2 Kon 11) het ook in die regeeramp van rigter en koning gedien.³⁷⁰

Dit is wel so dat die Ou-Testamentiese dienste van koning en profeet nie direk met die Nuwe-Testamentiese dienste van ouderling en Woordbedienaar geïdentifiseer kan word nie. Dit kan nie direk op mekaar oorgedra word nie, want in Christus het hierdie dienste 'n bepaalde vervulling verkry. Daar is dus nie 'n direkte band nie, maar daar is wel 'n indirekte verband in dié sin dat die besondere dienste vir die Nuwe-Testamentiese kerk wel bepaalde elemente van die Ou-Testamentiese dienste van profeet, priester en koning bevat.

Gevolgtrekking

By die skepping het God die mens na sy beeld manlik en vroulik geskep. God het die een nie minderwaardig teenoor die ander geskep nie. Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon 'n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as 'n rangorde verstaan moet word nie.

Daar is in die Ou Testament voorbeelde van vroue wat die profetiese gawe ontvang het en dit in die openbaar beoefen het, byvoorbeeld: Miriam (Eks 15:20), Debora (Rig 4:4) en Hulda (2 Kon 22:14-15). Debora het ook in die regeeramp van rigter gedien (en – alhoewel nie legitiem nie – het Atalia [2 Kon 11] as koning gedien).

³⁶⁹ Dit is opmerklik dat die woord vir hulp in die Ou Testament meestal gebruik word t.o.v. God as hulp; dit dui dus nie op 'n minderwaardige posisie nie.

³⁷⁰ Atalia het nie op legitieme wyse koning geword nie. Die probleem met haar koningskap is egter nie geslagtelik van aard nie.

Die Ou-Testamentiese dienste van koning en profeet kan nie direk met die Nuwe-Testamentiese dienste van ouderling en Woordbedienaar geïdentifiseer word nie. In Christus het hierdie dienste 'n bepaalde vervulling gekry. Daar is dus geen direkte band nie, maar wel 'n indirekte verband in die sin dat die besondere dienste vir die Nuwe-Testamentiese kerk wel bepaalde elemente van die Ou-Testamentiese dienste van profeet, priester en koning bevat. Soos Sinode 2003 (Acta 2003:571, 3.5.4.6) besluit het: "Die ampte/besondere dienste van die N.T. kan nie sonder meer na dié van die O.T. herlei word nie."

Die vrou volgens die Evangelies³⁷¹

Vroue as gelowiges

Dit is opmerklik dat vroue se geloof en gehoorsaamheid voluit in die Evangelies erken word en dat dit dien as aangetekende voorbeelde vir die kerk. Hulle geloofsbeleving en -belydenis kry voluit plek (Matt 9:22 + Mark 5:34 + Luk 8:48; Matt 15:28; Mark 12:42; 14:9; Luk 1:6, 24-25, 38, 60; 2:19, 22, 33, 37, 51; 7:50).

Vroue word tot opregte berou en bekering aangespoor (Luk 23:27-31) en van hulle word geloof en geestelike insig verwag (Luk 24:5-6).

Die Here lei vroue om hulle geloof te verwoord en voor ander te bely (Joh 4:28-29; 11:27).

Vroue as deel van die wyer dissipelkring

Vroue het Jesus tydens sy aardse bediening gevolg (Matt 27:55 + Mark 15:41 + Luk 23:49, 55) en saam met Hom gereis (Luk 8:1-3). Hulle was ook deel van die skares wat deur Jesus onderrig en genees is (Mark 6:34, saamgelees met Matt 14:21; Matt 15:30-31, 38).

Vroue is ook individueel, net soos mans, voluit deur Jesus bedien met sy Woord³⁷² en met genesing.³⁷³ Jesus het dit selfs as 'n prioriteit vir vroue gestel om van Hom te leer (Luk 10:41-42).

Die Here se goedheid aan vroue bring by medegelowiges vreugde (Luk 1:58).

Vroue het gemaklike toegang tot Jesus gehad en het Hom met vrymoedigheid genader met versoeke (Matt 15:25; 20:20; Joh 11:3).

Vroue as profetesse en getuies

Die Heilige Gees laat vroue profetiese uitsprake maak. Soms was dit aanvanklik in 'n klein kring, maar die feit dat hierdie uitsprake in die Bybel opgeneem is, het dit profesie vir die kerk van alle tye laat word (Luk 1:41-44, 46-56). Soms was die profetiese optrede in die openbaar (Luk 2:36-38). Die profesieë van Maria en Anna word in dieselfde konteks as dié van Sagaria en Simeon genoem (Luk 1 en 2).

Jesus het vroue as getuies toegelaat (Joh 4:28-29,39) en hulle ook doelbewus gestuur om sy getuies te wees (Matt 28:7-8,10 + Mark 16:7,9-10 + Luk 24:9-10 + Joh 20:17-18).

Na Jesus se hemelvaart is die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort. In die verduidelikende preek van Petrus oor die gebeure het hy onder meer uit Joël 2 die volgende aangehaal: "Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree ... Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort en hulle sal as profete optree" (Hand 2:17-18). Later in die boek Handeling (21:9) word verwys na die vier ongetroude dogters van Filippus wat die gawe besit het om te profeteer.

Vroue as moeders

By die geboorte van die wegbereider (Johannes die Doper) word Elisabet in dieselfde mate as Sagaria meegereken en ingeskakel (Luk 1:13). So ook word die pa en die ma by die opwekking van hulle dooie dogtertjie genoem (Luk 8:51).

In Jesus se geslagsregister word die name van verskeie vroue spesiaal vermeld, waarmee hulle plek en rol in die ontplooiing van God se verlossingsplan belig word (Matt 1:3, 5-6, 16).

Maria as moeder neem deel aan die uitvoering van die godsdienstige verpligtinge ten opsigte van haar en Josef se seun, Jesus (Luk 2:22 [hulle]), en neem by geleentheid die inisiatief in vermanende navraag (Luk 2:48). Ook sy as moeder word geëer deur die kind Jesus se onderdanigheid aan haar (Luk 2:51).

³⁷¹ In die Rapporte aan Sinode 1988 en 2003 is omvattende behandeling van die vrou volgens die Evangelies. Dit word nie hier weer herhaal nie.

³⁷² Vgl. Matt 15:26; 20:20-23; Joh 4:7-26; 8:10-11; 11:20-27.

³⁷³ Vgl. Matt 8:15 + Mark 1:31 + Luk 4:39; Matt 9:22 + Mark 5:34 + Luk 8:47; Matt 15:28 + Mark 7:29; Luk 8:2, 54; 13:10-17.

Aan die kruis word die vrou juis as moeder op 'n besondere manier deur Jesus versorg (Joh 19:26-27).

Vroue as bedieners/versorgers

Vroue het Jesus en sy apostels bedien (Matt 8:15 + Mark 1:31 + Luk 4:39; Matt 27:55 + Mark 15:40-41; Joh 12:2). Jesus wys egter dat hierdie dienswerk nie mag geskied ten koste van hulle geestelike gemeenskap met Hom of hulle geloofsgroei nie (Luk 10:41-42). Vroue het die Here ook gedien met stoflike bydraes en eie middele (Luk 8:1-3; Mark 12:42 + Luk 21:2).

Vroue het Jesus se liggaam eerbaar versorg, met besondere dankbaarheid vir sy vergewende genade (Luk 7:37 ev) en met besondere aanvoeling ten opsigte van sy begrafnis (Matt 26:12 + Mark 14:8 + Joh 12:7). Selfs ná sy dood wou hulle sy liggaam eervol versorg (Mark 16:1 + Luk 23:56; 24:1).

Vroue deur Christus waardig geag

Jesus het die Hellenistiese wêreld se belangstelling in die vrou as objek van seksuele begeerte skerp afgewys (Matt 5:28; Bylae-1988, 5.1).

Ook het Jesus vroue gebruik as getuies van die beslissende gebeurtenis in sy verlossingsoorwinning, naamlik sy opstanding uit die dood (Matt 28:10; Joh 20:17; Bylae-1988, 5.2).

Verder het Jesus ook nie gehuiwer om in sy optrede teenoor vroue teen bepaalde gebruike en gewoontes van daardie tyd in te gaan nie (bv. deur in die openbaar met 'n vrou te praat, Joh 4:27).

Samevatting (Goedgekeur deur Sinode 2003, Acta 2003:564)

Vroue word in hulle geloofslawe op dieselfde vlak as mans geag.

Vroue is ongehinderd deel van die wyer kring van die volgelinge van die Here Jesus.

Vroue word deur die Here ook as profete en getuies gebruik.

Die vrou as moeder het 'n besondere en unieke rol in God se werk en wêreld.

Vroue het 'n besondere rol gespeel in die fisiese versorging van en bediening aan die Here Jesus en die apostels.

Jesus ag vroue hoog ten spyte van hulle sosiale posisie in die destydse wêreld.

Jesus se optrede teenoor vroue het die verlossende aard van sy bediening beklemtoon. Hy het die vrou opgehef om saam met die man gelyk en gelykwaardig voor God te wees.

Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat Jesus vroue en mans gelykwaardig behandel. Hierdie gelykwaardigheid kan behels dat mans en vroue dieselfde roeping en taak van die Here ontvang. Punte 10.3.1 – 10.3.6 gee nie op sigself uitsluitel oor die vraag of vroue vandag tot besondere dienste geroep kan word of nie. Daar kan egter ook nie afgelei word dat daar 'n beletsel daarop is nie.

Die feit dat Jesus geen vrou as een van die twaalf dissipels geroep het nie, kan nie as grond dien om die verkiesbaarheid van vroue tot die besondere dienste te verbied nie.

Hierdie gevolgtrekkings klop met die besluit van Sinode 2003: "Christus het die vrou na 'n gelykwaardige vlak met die man herstel. Dit word gesien in hoe die Skrif die vrou se geloofslawe, deelwees van die kring van Jesus se volgelinge, asook optrede as profetesse en getuies skets. Die GKSA onderneem om die waarde van die vrou soos deur die koms van Christus herstel, doelgerig in die kerkgemeenskap te erken en uit te leef" (Acta 2003:591, 1).

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van Efesiërs 5:21-33

Die argument van Efesiërs

Die basiese tema van die brief is die hoofskap van Christus oor die kerk, wat sy liggaam is.³⁷⁴ Hierdie tema word in die brief ontplooi in vier hoofdele: die briefaanhef (1:1-2), 'n tweede deel wat handel oor God se verlossende werk, in besonder oor wat Christus se hoofskap oor die kerk in *beginsel* behels (1:3 – 3:21), 'n derde deel met opdragte op grond van God se verlossingswerk, in besonder hoe die hoofskap van Christus in die *praktiese lewe* van die gelowiges gestalte moet kry (4:1-6:20), en die briefslot (6:21-24).

In die derde hoofdeel (4:1 – 6:20) roep Paulus die gelowiges op om, aangesien hulle as kerk die liggaam van Christus is, hulle lewens in ooreenstemming te bring met die roeping wat hulle van God ontvang het (4:1). Hy gee praktiese riglyne vir die handhawing van eenheid onder gelowiges (4:2-16).

³⁷⁴ By Kolossense gaan dit weer oor die feit dat Christus wat Hoof van die kerk is, ook Hoof is van die kosmos.

Daarna volg 'n opdrag om te breek met die ou sondige mens en om volkome volgens die wil van God te lewe en heilig te wees (4:17 – 5:5). Paulus roep hulle ook op om as mense van die lig te lewe (5:6-20), en om binne die verskillende gesagsverhoudings in die huishoudings van destyds te leef soos God dit wil hê (5:21 – 6:9). Hy gee verskeie samevattende opdragte om tot die einde toe op die pos te bly (6:10-20).

Die ontstaan van Efesiërs

Dit kan nie met sekerheid bepaal word wanneer Paulus hierdie brief geskryf het nie en ook nie waarvandaan nie. Dit is nie eers duidelik of hy die brief spesifiek aan die Efesiërs geskryf het nie.³⁷⁵

Wat wel duidelik is, is dat hy 'n gevangene is (Ef 3:1; 4:1; 6:20). Drie plekke waar Paulus 'n gevangene was, is bekend: Efese, Sesarea en Rome. Indien aanvaar word dat die brief wel aan die Efesiërs geskryf is, was die plek waar Paulus die brief geskryf het, waarskynlik nie Efese nie, want waarom sal hy aan die Efesiërs 'n brief skryf terwyl hy self in Efese is? Sesarea en Rome bly dus oor. Paulus was ongeveer in die jare 57-60 gevangene in Sesarea, en ongeveer gedurende 61-63 in Rome (en dalk weer in 66-67). Dit is nie maklik om met absolute sekerheid tussen die twee moontlikhede te kies nie.

Vir die doeleindes van die verdere argument aanvaar ons dat Paulus in Rome was toe hy die Efesiërbrief geskryf het (dus 61-63 nC). Baie gelowiges van oral oor het hom as gevangene besoek, onder andere Tigikus van Efese, saam met wie Paulus dié brief teruggestuur het (6:21).

Die eerste lesers van die Efesiërbrief en hulle wêreld

Efesiërs 5:21-33 handel oor die regte perspektief ten opsigte van die verhouding tussen man en vrou in die huwelik. Hierdie gedeelte sou kon dien as korrekatief op die sondige toestand ten opsigte van die huwelik wat destyds algemeen voorgekom het. Die gedragsvoorskrif dat die man in die huwelik oor sy vrou moet heers en dat die vrou aan haar man onderdanig moet wees, was tipies nie net van die Judaïsme nie. Ten minste sedert die tyd van Plato (ongeveer 380 vC), en juis in die tyd wat Paulus sy briewe skryf, is daar verskeie dokumente met opdragte aan die vrou om aan haar man onderdanig te wees.³⁷⁶ Die hele idee dat daar in hierdie verhouding (soos ook in die verhouding met die staat en die verhouding tussen 'n eienaar en sy slaaf) noodwendig 'n heerser en 'n onderdaan moet wees, is dus in die destydse samelewing as aksiomaties aanvaar.

Tersaaklike eksegese van Efesiërs 5:21-33

Paulus is besig om, onder leiding van die Heilige Gees, te wys hoe die gelowige sy lewe van elke dag moet inrig. By 5:21 kom hy by riglyne vir Christene se gedrag binne verskillende gesagsverhoudings. Eers gee hy 'n algemene beginsel vir alle gesagsverhoudings (5:21)³⁷⁷ en dan gee hy gedragsriglyne vir drie spesifieke verhoudings:

- Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (5:22-33)
- Die verhouding tussen ouers en kinders (6:1-4)
- Die verhouding tussen eienaars en slawe (6:5-9)

Die algemene beginsel vir alle gesagsverhoudings (5:21)

³⁷⁵ Die verwysing na "Efese" in 1:1 is nie in die vroegste manuskripte vervat nie, sodat die geadresseerdes in 1:1 dan net getipeer word as: *Aan almal wat aan God behoort en in Christus Jesus glo*. Hierdie aanhef beteken dus dat die brief nie aan 'n spesifieke gemeente gerig is nie, maar aan die gelowiges oral in daardie omstreke. Uit die inhoud van die brief lyk dit of dit inderdaad die geval is. Die brief is onpersoonlik: daar is nie (soos in Paulus se ander briewe) verwysings na kennisse nie en geen groeteboodskappe aan spesifieke persone nie. Uit 1:15 blyk dit ook dat hy onlangs gehoor het van die lesers se bekering, wat nie heeltemal van toepassing kan wees op die Efesiërs nie; hy het immers vir langer as twee jaar daar gewerk. Dit lyk dus asof die Efesiërbrief 'n omsendbrief is wat Paulus saam met Tigikus gestuur het om die gelowiges in die hele Klein-Asië te bemoedig en te versterk, sonder om aandag te gee aan probleme wat in 'n spesifieke gemeente voorkom. Die gemeente in Efese was dalk die eerste besoekpunt vir Tigikus op sy rondreis in Klein-Asië.

³⁷⁶ Balch (1981:23-62) toon met aanhalings en beredenering aan dat die tersaaklike klassieke *topoi* wat by Plato en Aristoteles voorgekom het, bekend was by en bespreek is deur groeperings wat in die eerste eeu aktief was, naamlik die Middel-Platoniste, die Peripatetici, die Stoïsyne, die Epikuriërs, die Hellenistiese Jode en die Neo-Pithagoreërs.

³⁷⁷ Daar is ook twee ander moontlike funksies wat 5:21 kan hê: (1) Dié vers kan verstaan word as die inleidingsvers slegs van die perikoop oor die huweliksverhouding, sodat die opdrag tot onderdanigheid aan mekaar net van toepassing is op die huweliksverhouding (5:21-33). (2) Dié vers kan verstaan word as die afsluiting van die voorafgaande perikoop (5:6-21), sodat die opdrag tot onderdanigheid aan mekaar bloot vir gelowiges in die algemeen in hulle verhouding met mekaar geld, en nie spesifiek vir die huweliksverhouding of die verhouding tussen eienaars en slawe of die verhouding tussen ouers en kinders nie.

Die oorkoepelende beginsel vir alle gesagsverhoudings is: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig* (ὑποτασσόμενοι ἀλλήλοις ἐν φόβῳ Χριστοῦ)! Die uitdrukking “uit eerbied vir Christus” (ἐν φόβῳ Χριστοῦ – *in vrees vir Christus*) beteken dat Christus se verhouding met ons en ons verhouding met Hom die bepalende faktor in ons gesagsverhoudings moet wees. Albei partye in die gesagsverhouding, sowel die gesagsdraer as die gesagsonderdaan, word opgeroep om hulle verhouding met mekaar op Christus te modelleer en wel op so ’n wyse dat sy hoofskap oor die kerk daardeur tot uitdrukking gebring word. Nie net wat Christus wil hê nie, maar ook Christus se eie optrede word dus as model voorgelê. Paulus pas hierdie beginsel toe op al drie die genoemde gesagsverhoudings; slegs die verhouding tussen man en vrou in die huwelik (5:22-33) is egter tersaaklik vir die doeleindes van hierdie ondersoek.

Breë gedagte-opbou van die perikoop

Eers gee Paulus die opdrag aan die vroue (5:22-24), daarna die opdrag aan die mans (5:25-30); daarna noem hy dat die huwelik ’n afskaduwing is van die verhouding tussen Christus en die kerk (5:31-33a) en hy gee ’n samevattende opdrag aan man en vrou (5:33b).

Opdrag aan die vrou nie in isolasie te verstaan nie

Soos altyd met opdragte aan twee partye in ’n verhouding (bv. ouers-kindere, en eienaars-slawe), kan die opdrag aan die vrou (5:22-24) nie op sigself reg verstaan word nie, maar net in terme van die opdrag aan die ander party, naamlik die man. God se opdrag aan die vrou is: “Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrou in alles aan hulle mans onderdanig wees” (5:24: ὡς ἡ ἐκκλησία ὑποτάσσεται τῷ Χριστῷ, οὕτως καὶ αἱ γυναῖκες τοῖς ἀνδράσιν ἐν παντί). Op sigself geneem, sou hierdie opdrag (en dit is deur die eeue dikwels daartoe misbruik!) die standpunt ondersteun dat die vrou in absolute sin onder die heerskappy van die man is. Eers wanneer die opdrag aan die man egter daarmee saamgelees word, word dit moontlik om die opdrag aan die vrou reg te verstaan. Die opdrag aan die man is: “Julle moet julle vroue liefhê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe vir haar afgelê het” (5:25: ἀγαπᾶτε τὰς γυναῖκας, καθὼς καὶ ὁ Χριστὸς ἡγάπησεν τὴν ἐκκλησίαν καὶ ἑαυτὸν παρέδωκεν ὑπὲρ αὐτῆς). Dit is dus nie ’n geval van een (die vrou) wat onderdanig is en die ander (die man) wat heers nie. Eerder is dit ’n geval van man en vrou wat – uit eerbied vir Christus – aan mekaar onderdanig is. Hierdie wedersydse onderdanigheid word in die volgende verse gedifferensieer en verbesonder.

Uitsluitende opdragte aan man en vrou?

Oppervlakkig geoordeel, klink dit asof die vroue net moet onderwerp en die mans net moet liefhê (5:22-25). Dit is egter nie geval nie. In 5:21 staan dit reeds duidelik dat albei partye aan mekaar onderdanig moet wees. Elders in die Bybel is nóg ’n ander opdrag wat albei partye omvat, naamlik dat alle gelowiges mekaar moet liefhê (1 Joh 4:7). *Onderdanig wees* en *liefhê* geld dus vir alle gelowiges. In die huwelik word hierdie twee opdragte nou verbesonder: vir die vrou word die opdrag verbesonder ten opsigte van die onderdanigheidsopdrag. Alle gelowiges moet aan mekaar onderdanig wees, maar in die huwelik is dit die besondere taak van die vrou. Vir die man, aan die ander kant, word die opdrag verbesonder ten opsigte van die liefhê-opdrag, en wel op só ’n wyse dat die man se hoofskap Christus se hoofskap weerspieël. Alle gelowiges moet mekaar selfkruisigend liefhê, maar in die huwelik is dit die besondere taak van die man. Man en vrou moet mekaar dus albei liefhê en albei moet aan mekaar onderdanig wees, maar in die huweliksverhouding moet die vrou uitmunt in onderdanig-wees aan haar man en die man in selfverloënende liefde vir sy vrou.

Geen opdrag dat mans oor hulle vroue moet heers nie

Die hoofskap van die man oor sy vrou is deur God gegee (vgl. Gen 1-2), wat die man die leidinggewende vennoot in die huweliksverhouding maak. Dié verhouding is egter vanweë die sondeval verwring (vgl. Gen 3:16). As gevolg van dié sondige toestand blyk dit dat in baie kulture mans, ook Christenmans, dink hulle moet oor hulle vroue heers. Hierdie perikoop uit Efesiërs maak dit egter baie duidelik dat die opdrag van die Here nie is dat die man oor sy onderdanige vrou moet *heers* nie, maar dat sy hoofskap behels dat hy haar só lief moet hê soos Christus as Hoof ons, sy kerk, wat sy liggaam is, liefhet en leiding gee. ’n Man moet dus bereid wees om alles vir sy vrou op te offer, soos Christus Homself vir die kerk laat kruisig het. Sy vrou se welsyn moet vir die man die hoogste prioriteit wees. Hy moet vir haar net so goed sorg as vir sy eie liggaam. As hy só optree, sal sy vrou dit nie moeilik vind om aan hom onderdanig te wees nie, want sy kom twee dinge agter: hoe haar man

saam met haar net die Here as Baas (κύριος) erken, en hoe hy, in uitlewing van sy hoofskap, homself in liefde vir sy vrou gee.

Die huweliksverhouding as beeld vir die verhouding tussen ons en die Here

Paulus sê dat daar in die huweliksverhouding tussen man en vrou 'n diep geheimenis opgesluit lê en hy pas dit toe op die verhouding tussen Christus en die kerk (Ef 5:32). Dit is interessant hoe Paulus die rolle hier omruil. Eers het hy die verhouding tussen Christus en die kerk voorgehou as voorbeeld vir die verhouding tussen man en vrou in die huwelik: die vrou moet aan haar man onderdanig wees soos die kerk aan Christus onderdanig is (Ef 5:24). Net so is die man die hoof van die vrou soos Christus die hoof van die kerk is (Ef 5:23). Ook moet hy sy vrou liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe vir haar afgelê het (Ef 5:25). Maar dan stel Paulus weer dat God die verhouding tussen man en vrou gebruik om die geheimenis van die intieme eenheid tussen Christus en die kerk sigbaar te laat word (Ef 5:31-32).

Hierdie feit maak 'n groot appèl op elke egpaar. Elke man is geroep om die liefdevolle, selfopofferende hoofskap van Christus oor sy kerk sigbaar uit te beeld deur self op te tree as liefdevolle, selfopofferende hoof vir sy vrou. Elke vrou is geroep om deur haar liefdevolle diensbaarheid en gehoorsaamheid aan haar man toonbeeld te wees van die gehoorsame en diensbare liefde van die kerk aan hár Hoof, Christus. Hierdie verklaring is in ooreenstemming met die tema van die Efesiërbrief as geheel: *Die kerk as liggaam van Christus, die Hoof*.

Die egpaar moet besef dat God hulle huwelik gebruik om die mens (ook die egpaar self) iets te laat begryp van die wonderlikheid van die verhouding tussen ons, as bruid, en ons Bruidegom, Jesus Christus.

Gevolgtrekking

Efesiërs 5:21-33 gee riglyne vir huweliksmaats se verhouding met mekaar. Oppervlakkig gelees, lyk dit asof Paulus met sy opdrag dat die vrou onderdanig moet wees, aansluit by die gangbare leefstylonderrig in verband met die gedrag van 'n vrou teenoor haar man. Dit blyk egter dat Paulus die onderdanigwees-opdrag stel as 'n praktiese gevolg van die feit dat die kerk die liggaam is van Christus, haar Hoof (Ef 1:22; 5:23). Verder sou hierdie opdrag vir die eerste lesers/hoorders 'n regstelling wees op die samelewingskode waaraan hulle gewoon was (Ef 2:2-3). Paulus bring hierdie korrektief aan deur telkens te wys op die implikasies van Christus se hoofskap:

- Die basiese opdrag aan huweliksmaats (*Wees ... aan mekaar onderdanig!* Ef 5:21) maak die onderdanigheidsopdrag op *albei* die huweliksmaats van toepassing. En – Christus word as die enigste *Kurios* in die verhouding geproklameer deurdat man en vrou aan mekaar onderdanig moet wees *uit eerbied vir Christus* (Ef 5:21).
- Die onderdanigheid wat die vrou teenoor haar man moet betoon, word op twee wyses gekwalifiseer: (1) dit moet as model neem die onderdanigheid van die kerk teenoor Christus, en (2) dit moet verstaan word in terme van (en as keersy van) die opdrag aan die man om sy vrou lief te hê soos Christus sy bruid, die kerk, lief het (vgl. 10.4.4.5 hierbo).
- Die man kry nie – anders as in die gangbare leefstylonderrig – die opdrag om toe te sien dat sy vrou aan hom onderdanig moet wees nie, maar presies die teendeel: sy hoofskap oor die vrou moet Christus se hoofskap oor die kerk weerspieël deurdat hy homself vir sy vrou laat “kruisig”, en haar “voed en versorg” (ἐκτρέφει καὶ θάλπει, 5:29). Sy vrou se onderdanigheid moet dus nie met “verstandig heers” beantwoord word nie, maar met nog groter onderdanigheid: met liefde soos Christus s'n vir sy kerk.
- Efesiërs se korrektief op die skeeftrekking in die samelewing beteken nie dat die hoofskap van die man beëindig word nie. Eerder is dit 'n geval dat die wyse van die man se hoofskap geyk word op Christus se hoofskap. In praktyk beteken dit dat die man verstandige en liefdevolle leiding in die huwelik behoort te neem. Waar 'n vrou egter op spesifieke terreine meer gawes as haar man het, behoort sy haar gawes ten volle te kan aanwend, maar wel op só 'n wyse dat sy haar man se hoofskap daarin erken.

Hiermee het Paulus nie net riglyne vir huweliksmaats gegee oor hoe hulle in die sondige samelewing van destyds hulle Christenskap in die huwelik moes uitleef nie, maar

- hy het ook daarop gewys dat die huwelik 'n sigbare illustrasie van Christus se hoofskap oor sy kerk is (Ef 5:32);

- hy het met sy opdragte aan die vrou en die man veroorsaak dat die vrou-minagende samelewingskode oor die huwelik mettertyd sou inplof.

Toepassing op geslag in die besondere dienste

Uit Efesiërs 5:21-33 kan nie afgelei word of die vrou in die besondere dienste mag dien al dan nie. Hierdie Skrifdeel werp wel eerstens waardevolle lig op hoe Christus se hoofskap oor sy kerk die vrou se optrede jeens haar man bepaal en die man se optrede jeens sy vrou. Tweedens is dit duidelik dat die vrou en die man se rolle in die huwelik nie omruilbaar is nie, maar dat daar 'n beperking op die vrou en die man lê: sy is nie hoof vir haar man nie, en hy moet haar liefhê soos Christus die gemeente liefhet.

Die implikasies hiervan is die volgende:

- Die feit dat daar onderskeidende opdragte aan man en vrou in die huwelik is, kan nie net so op haar kerklike funksionering oorgedra word nie. Tog bied dit binne die geheel van die openbaringshistoriese raamwerk oor die kerklike funksionering van vroue belangrike bydraende getuienis. In hierdie verband moet in aanmerking geneem word dat die verhouding van die vrou tot haar hoof/Hoof in Efesiërs 5:21-33 haar posisie in die huwelik pertinent *binne die raamwerk van God se koninkryk* (Christus se hoofskap) stel. Hierdie feit werp wel belangrike lig op die verstaan van ander verbandhoudende Skrifgegewens.
- Die feit dat die hoofskap van die man en die onderdanigheid van die vrou geyk moet wees op die verhouding tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam, hou die volgende in:
 - Die man se leiding aan sy vrou binne die huwelik moet met liefde, sorg en selfverloëning geskied, net soos Christus sy kerk lei. Die eis van liefdesoptrede in navolging van Christus beperk dus die man se leidinggewing, 'n beperking wat hy met liefdevolle onderdanigheid moet aanvaar.
 - Die vrou se onderdanigheid impliseer nie slaafse onderhorigheid nie. Sy moet ruimte hê om haar gawes voluit te beoefen. Tog, soos die kerk in liefdevolle onderwerping aan Christus van harte gewillig is om haarself nie in Christus se plek te stel nie, so is dit ook met die vrou in die huwelik. Sy sal haar gawes op so 'n wyse beoefen dat sy daarmee aantoon dat sy haar man se hoofskap erken en in ag neem. Daar is dus bepaalde beperkings op die uitoefening van die vrou se gawes wat sy met liefdevolle onderdanigheid moet aanvaar.

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Petrus 3:1-7

Die argument van 1 Petrus

Die eerste Petrusbrief is 'n tipiese eerste-eeuse brief met 'n briefaanhef (1:1-2), 'n brieffliggaam (1:3-5:11) en 'n briefslot (5:12-14). Die brieffliggaam (1:3-5:11) bestaan uit 'n inleidende gedeelte (1:3-12) waarin God geloof en erken word omdat Hy die gelowiges núút verwek het (1:3 – ἀναγεννήσας ἡμᾶς). Die res van die liggaam van die brief bestaan uit vier groot opdragte, wat juis bou op die heilsfeit dat die gelowiges núút verwek is deur God:

- Die eerste opdrag (1:13-25) roep die gelowiges op om hulle hoop te vestig op God se genade en om te sorg dat hulle lewenswandel heilig is.
- Die tweede opdrag (2:1-10) spel uit wat die weergeborene se plig ten opsigte van persoonlike groei en ten opsigte van saamgroei met medegelowiges is.
- Die derde opdrag (2:11 – 4:19) voorsien gedragsvoorskrifte vir *vreemdelinge en bywoners*. Eers word die basiese beginsel gestel: die gelowiges moet hulle altyd goed gedra (2:11-12). Daarna word die beginsel toegepas op verskillende verhoudings, waaronder die verhouding met die huweliksmaat (3:1-7).³⁷⁸
- Die vierde opdrag (5:1-11) gee riglyne vir die gedrag van gelowiges binne die kerk.

Die ontstaan van die brief

Die aanname is dat Petrus, die apostel, hierdie brief ongeveer in 65 nC geskryf het, waarskynlik vanuit Rome, in die brief aangedui as *Babilon* (5:13). Daar is niks bekend oor Petrus se moontlike vroeë verhouding met gelowiges in die omstreke waarheen die brief gestuur is nie (die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië). Dit is ook nie bekend onder wie se bediening hierdie gemeentes

³⁷⁸ Die ander verhoudings waarop die basiese beginsel toegepas word, is op die verhouding met die landsowerheid (2:13-17), met werkgewers (2:18-25), met die naaste in die algemeen (3:8-12), en die houding teenoor en reaksie op veronregting (3:13 – 4:19).

tot stand gekom het nie. Uit die brief self is dit duidelik dat hy hierdie gelowiges wat geweldige lyding moes verduur vanweë ernstige veronregting, bemoedig en vertroos, en riglyne gee om as uitlanders veronregting te hanteer, onder andere binne die huwelik.

Die eerste lesers van 1 Petrus en hulle wêreld

Baie van die eerste lesers het waarskynlik voor hulle bekering die Joodse geloof aangehang. Ander was weer deel van een of ander van die inheemse godsdienste. Die skrywer noem die geadresseerdes *vreemdelinge van die verstrooiing* (παρεπιδήμιος διασποράς – 1:1). Hierdie vreemdelingskap kan op twee sake dui. Eerstens kan dit hulle politieke status as uitlanders aandui, naamlik dat hulle as uitlanders geen burgerregte het in die gebied waar hulle woon nie. Hulle is dus bywoners, uitlanders wat wel verblyfreg het, maar niks meer as dit nie – met die slegte ekonomiese gevolge daarvan. Tweedens kan dit hulle geestelike “uitlanderskap” aandui, naamlik dat hulle ná hulle bekering burgers van die hemel geword het. Hulle is egter nie net uitlanders nie, maar mense *wat verspreid woon* (διασποράς) oor ’n groot gebied. Die rede vir hulle verspreidwoning word nie in die brief genoem nie. Dit kan wees dat hulle deel is van die verstrooiing van die Jode, dié kategorie Jode van wie daar in Handeling 2:9-10 sprake is (kyk ook Hand 6:9; 8:4). Hulle het egter nou ’n nuwe status: die skrywer noem hulle *die uitverkorenes* (ἐκλεκτοίς – 1:1).

Gedurende die grootste deel van daardie eerste eeu is die gelowiges nie fisies vervolgt nie en dit is waarskynlik ook nie die geval met die mense aan wie Petrus skryf nie. Die gelowiges het egter gebuk gegaan onder allerhande vorms van diskriminasie en veronregting in die samelewing. Hierdie optrede het van drie kante af gekom: die Romeinse owerhede, sommige Jode³⁷⁹ en onbekeerde lede van die betrokke huishoudings. Die Joodse godsdienst was in feitlik al die Romeinse stede ’n “toegelate godsdienst”. Toe die Christene nog deur die owerhede as ’n Joodse afskeidingsgroep beskou is, het hulle baie leefruimte gehad. Die enigste voorwaarde was dat hulle hul nie skuldig moes maak aan bedrywighede of leerstellings wat as staats- of samelewingsondermynend beskou kan word nie. Dit was waarskynlik eers ’n hele ruk nadat hierdie brief geskryf is dat Christene amptelik en georganiseerd vervolgt is. Tot op daardie stadium was die aard van die vervolging waarskynlik slegs sosiale etikettering en diskriminasie.

Die meeste veronregting het dus in die kleiner kring van die huishoudings van destyds plaasgevind. In elke huishouding het die hoof van die huis feitlik algehele seggenskap oor sy vrou, kinders, bediendes en slawe gehad. Hierdie posisie van gesag het tot gevolg gehad dat die ondergeskiktes, juis ook vroue binne die huwelik, soms baie swaar gekry het as die huisbaas nie ook ’n Christen geword het nie.

Tersaaklike eksegese van die perikoop 1 Petrus 3:1-7

Die hoofsaak van 3:1-7 is dat God se opdrag aan huweliksmaats blý geld, ook in ’n samelewing waar dit mode en aanvaarbaar is om in die huwelik teen die vrou te diskrimineer.

Eers praat Petrus taamlik uitvoerig met die vrou (3:1-6) en daarna op ’n baie versigtige en diplomatieuse wyse ook kortliks met die man (3:7).

Die vrou se reaksie op veronregting in die huwelik

In 1 Petrus 3:1-7 is daar dus nie in die eerste plek algemene riglyne vir die huwelik nie (soos wat daar wel te vind is in Ef 5:21-32 en Kol 3:18-19). Dit gaan in 1 Petrus 3:1-7 spesifiek oor die gelowige vrou se plig as haar man onredelik of ongelowig is, en die gelowige man se plig teenoor sy vrou – dit alles in ’n samelewing waar diskriminasie teen die vrou aanvaarbaar en algemene praktyk is, en waar die man se godsdienstvoorkeure ook van die vrou verwag is.³⁸⁰

Die samelewingsposisie van die vrou

Buite die kerk is vroue nie as gelykes deur hulle mans beskou of behandel nie. In die kerk het vroue egter hulle menswaardigheid terug gekry en is hulle as persone in eie reg behandel. Dit het waarskynlik in baie huwelike spanning veroorsaak, veral as die man ’n ongelowige gebly het. Verder

³⁷⁹ Sommige Jode se venyn teen die Christene blyk duidelik uit die boek Handeling. Daar word herhaaldelik beskryf hoedat hulle Christene beseer, uit die dorpe gejaag het, en die Romeinse owerhede teen hulle opgesweep het.

³⁸⁰ ’n Voorbeeld van hierdie konvensie blyk uit Plutarchos se brief aan Pollios en Euridikê waarin hy riglyne oor die huwelik gee: “Dit hoort daarom so dat ’n vrou slegs dié gode in wie haar man glo, moet dien en ken; en dat sy die voorkeur dig sluit vir alle vreemde rituele en uitlandse bygelowe. Immers, vir geeneen van die gode is dit verdienstelik dat ’n vrou skelm en geheime rites uitvoer nie.” (διὸ καὶ θεοὺς οὓς ὁ ἀνὴρ νομίζει σέβεσθαι τῇ γαμετῇ καὶ γινώσκειν μόνους προσήκει, περιέργοις δὲ θρησκείαις καὶ ξέναις δεισιδαιμονίαις ἀποκεκλείσθαι τὴν αὔλειον. Οὐδενὶ γὰρ θεῶν ἱερὰ κλεπτόμενα καὶ λανθάνοντα δρᾶται κεχαρισμένως ὑπὸ γυναικός.)

was die owerhede ook baie gesteld daarop dat nuwe godsdienzbewegings nie die ordelike funksionering van die huishoudings en dus die staat moes ondermyn deur vroue meer seggenskap te gee as wat hulle tradisioneel gehad het nie. Christenvroue het dus in 'n moeilike situasie beland, en daarom hierdie riglyn oor hoe hulle teenoor hulle mans moet optree, juis omdat hulle (onbekeerde) mans waarskynlik deur die vroue se nuwe vryheid bedreig gevoel het.

Eensydige onderdanigheid?

Hier in 1 Petrus 3:1 kry net die vrou, anders as wat in Efesiërs 5:21 gebeur, die opdrag om aan haar man onderdanig te wees. Hierdie opdrag word egter in 1 Petrus 3:7 gebalanseer met die opdrag aan die man om aan sy vrou eer te bewys omdat sy saam met die man mede-erfgename is van die lewe as genadegawe. Die man moet dus, in die taal van Efesiërs 5, nie sy hoofskap misbruik om oor sy vrou te heers nie. Die man word dus per implikasie ook in 1 Petrus tot onderdanigheid geroep. Hierdie onderdanigheid is egter anders as dié van die vrou, in dié opsig dat die man uitdruklik die opdrag kry om eer aan sy vrou te bewys.

Mede-erfgename van die lewe

Petrus herinner die mans dat hulle vroue *saam met hulle mede-erfgename is van die lewe as genadegawe* (ὡς καὶ συγκληρονόμοις χάριτος ζωῆς – 3:7). Hierdie stelling gee die deurslag. 'n Man wat nou sy vrou domineer, plaas 'n vraagteken oor sy eie deelhê aan *die lewe as genadegawe*. Die effek van hierdie deurslaggewende stelling sou waarskynlik eers later in sy volle krag blyk. Voor God is man en vrou gelykelyk erfgename van die lewe, en die implikasie wat mettertyd sy volle uitwerking sou hê, is dat huweliksmaats teenoor mekaar moet optree soos in Efesiërs 5 uitgespel word: hulle verhouding met mekaar moet gelyk wees op die verhouding tussen Christus as hoof en sy liggaam, die kerk.

Die plek van uiterlike versiering

Uiterlike versiering word nie met 3:3-4 se skynbare verbod daarop, afgeskryf of verbied nie. Dit word net in perspektief geplaas. 'n Mens moenie dink dat jy met uiterlikhede 'n onredelike huweliksmaat suksesvol gaan verander of meer toegeneë teenoor jou gaan maak nie. Blywende verandering kan net bewerk word as jou maat sien dat jy innerlike adel het. Hierdie “adel” moet opreg uit jou hart kom, sonder enige rolspel of maskers.

Sara se verhouding met Abraham as voorbeeld

Petrus noem een voorbeeld uit “die ou dae”, naamlik Sara (3:5-6). 'n Mens kan aflei dat Petrus weet sy lesers het hoë agting vir Sara en dat hulle graag met haar wil identifiseer. Sy argument is dat 'n vrou haar man se hoofskap moet erken soos Sara met Abraham gemaak het deur hom haar “heer” te noem. Petrus hou hierdie voorbeeld aan vroue voor om na te volg, selfs wanneer hulle mans onredelik teenoor hulle optree.

Huweliksprobleem veroorsaak 'n kortsluiting in geloofslewe

As getroudes nie gehoor gee aan die opdrag in 1 Petrus 3:1-7 nie, sal dit 'n kortsluiting in hulle geloofslewe veroorsaak. Dit is eintlik 'n algemene waarheid: as 'n gelowige iets doen wat hy/sy weet nie God se goedkeuring wegdra nie, affekteer dit sy/haar verhouding met God en dan kan die persoon nie bid nie (3:7).

Gevolgtrekking

Die algemene opdragte van Efesiërs en Kolossense word in 1 Petrus 3:1-7 veronderstel en dit dien as vertrekpunt. Die paragraaf 1 Petrus 3:1-7 gee 'n toepassing daarvan in baie besondere omstandighede:

- 'n Vrou se plig as haar man onredelik (en/of ongelowig) is: Preek vir hom sonder woorde – met jou leefstyl.
- 'n Man se plig teenoor sy vrou in 'n samelewing waarin diskriminasie teen die vrou aanvaarbare en algemene praktyk is: Moenie neersien op haar nie, maar bewys eer aan haar, omdat jy weet dat julle voor God gelykelyk erfgename van die lewe is.

Die beginsels op grond van bogenoemde is duidelik: (1) As God vir jou 'n opdrag gee oor jou verhouding met jou huweliksmaat, mag die uitvoering van daardie opdrag nooit afhanklik wees van jou maat se optrede teenoor jou nie. (2) 'n Licensie wat die samelewing mag gee om veronregtend teenoor jou maat op te tree, is geen vrypas om dit maar te doen nie; God eis dat jy julle gelyke erfgenaamskap van die lewe voor Hom demonstreer deur eer aan jou (swakker) maat te bewys. Dit blyk dat God die Heilige Gees vir Petrus as skrywer lei om nie net opdragte vir huweliksmaats te gee vir hulle verhouding met mekaar in en ten spyte van die sondige samelewing waarin hulle hulle

bevind nie, maar om daarmee saam ook die beginsels te stel wat uiteindelik sal veroorsaak dat huweliksmaats mekaar in geen opsig as minderwaardig beskou nie.

Toepassing op geslag in die besondere dienste

Op grond van 1 Petrus 3:1-7 kan nie direk afgelei word of die vrou in die besondere dienste mag dien al dan nie. Hierdie Skrifdeel werp wel lig op hoe die vrou se optrede jeens haar man moet wees en die man se optrede jeens sy vrou.

Die implikasies van bogenoemde oorwegings is die volgende:

- Die feit dat daar onderskeidende opdragte aan man en vrou in die huwelik is, kan nie net so oorgedra word op die kerklike funksionering van die vrou nie.
- Die onderdanigheidsopdrag aan die vrou word gehandhaaf, selfs as haar man nie 'n gelowige is nie.
- Die opdrag aan die man om verstandig met sy vrou saam te lewe is 'n bevestiging van die opdrag van Efesiërs 5:25 dat die man binne die huwelik met liefde, sorg en selfverloëning aan sy vrou leiding moet gee. Trouens, in 1 Petrus 3:7 word die opdrag versterk: in sy leidinggewing moet hy aan sy vrou ook eer betoon.
- Die feit dat die gelowige man en vrou se gelyke erfgenaamskap van die lewe beklemtoon word, sluit aan by die getuigenis van Galasiërs 3:28 dat sowel man as vrou in Christus een is en deel het aan die genadeverbond van God.

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van Galasiërs 3:26-29

Die doel van Galasiërs

Dit is uit die brief duidelik dat Paulus met hierdie brief vals leraars wat verwarring by die Galasiërs gesaai het, bestry (1:8). Dit blyk uit gedeeltes soos 2:3-5, 11-14; 3:3-5; 4:8-11, 21-31; 5:1-4 en 6:12-13 dat die vals leraars Christus nie as Verlosser verwerp het nie, maar tog daarop aangedring het dat die wet van Moses streng nagekom moes word. Dit is duidelik dat die besnydenis as vereiste gestel is (vgl. 6:13).

Dit wil verder voorkom of die leraars ook Paulus se gesag betwyfel het en dat Paulus in die brief sy gesag as apostel verdedig (vgl. 1:1,12,15-17; 2:2,7-9).

In die bestryding van die vals leraars se leer beklemtoon Paulus veral twee sake:

1. Geregtigheid voor God word nie bekom deur werke van die wet nie, maar deur geloof in Jesus Christus (2:16; 3:5,11,21).
2. Die ware vryheid wat die gelowige het, setel in Christus. Enersyds beklemtoon hy dat die gelowige vry is van die slaweband van die wet en die sonde (vgl. veral Gal 3 en 4) en andersyds dat hierdie vryheid onder die leiding van die Gees uitgeleëf moet word – dit wil sê in heiligheid voor God (vgl. veral Gal 5 en 6).

Die doel van die brief kan soos volg opgesom word: “Paulus wil as apostel met dié brief die gelowiges in Galasië oortuig dat regverdiging alleen verkry kan word deur die geloof in Jesus Christus en sonder die werke van die wet. Verder wil Paulus die gelowiges oortuig dat hulle die vryheid wat hulle in Christus het, nie moet misbruik nie, maar dit onder die leiding van die Gees moet uitleef.” Dié doel van die brief werp die volgende lig op Paulus se woorde in 3:28:

1. Indien Paulus met die woorde “Jood of Griek” in 3:28 eintlik na besnedenes en onbesnedenes verwys, is dit in ooreenstemming met die doel van die brief. Paulus bestry immers die vals leraars wat aangedring het dat gelowiges hulle moes laat besny. Paulus sou dan, in ooreenstemming met sy doel, beklemtoon dat die besnydenis nie relevant is vir die mens se verlossing nie, aangesien regverdiging alleen verkry word deur geloof in Jesus Christus.
2. Dit is nie duidelik hoe Paulus se verwysing in 3:28 na “slaaf of vryman” en “man en vrou” inpas by die doel van die brief nie. Dit kom nie in die brief na vore dat die vals leraars op enige wyse iets aangaande die verhouding tussen slaaf en vryman en dié tussen man en vrou verkondig het nie.

Die argument van Galasiërs

Die hooftema van die brief is in 2:15-21: die gelowige word deur die geloof geregverdig en nie deur wetsonderhouding nie. Paulus begin die brief met sy gebruiklike briefaanhef (1:1-5), stel dan duidelik dat daar geen ander evangelie is as dié een wat hy verkondig nie (1:6-10) en dat Jesus Christus dit in 'n openbaring aan hom gegee het (1:11-12). Op grond van sy lewensgeskiedenis bewys Paulus dat sy evangelie nie deur 'n mens uitgedink of aan hom vertel is nie, maar inderdaad die ware evangelie is

(1:13-21). Teenoor die dwaalleer van regverdigmaking deur wetsonderhouding stel Paulus in Galasiërs die ware evangelie van regverdigmaking deur die geloof. In 3:1-5 en weer in 4:8-20 vermaan hy die Galasiërs omdat hulle wil terugval in die leer van wetsonderhouding. Ter verduideliking hiervan gee Paulus drie voorbeelde:

- Eerstens neem hy Abraham as voorbeeld. Soos Abraham geregverdig is, nie deur wetsonderhouding nie, maar deur geloof, so ook hulle (die Galasiërs), en dit in Christus (3:6-19). Soos Abraham ontvang ook hulle geregtigheid as belofte (en dit deur Christus) en nie as verdienste nie.
- Tweedens verwys Paulus na die nuwe verhouding waarin Christus ons stel. In 3:19-25 wys hy op die nuwe verhouding tot die wet. Die wet is nie meer grond vir regverdiging nie, maar die wegwyser van die geloof. In 3:26 – 4:7 wys hy op die nuwe verhouding met God. In Christus is ons aangenome kinders van God en dus erfgename van die belofte.
- Die derde voorbeeld is dié van Sara en Hagar. Paulus vra as 't ware: Wil julle soos kinders van 'n slavin (soos Hagar) self vir julle geregtigheid werk? Of: Wil julle as kinders van die vrye (soos Sara) julle geregtigheid as belofte beërf?

Die UBS-tekst (4de hersiene uitgawe) beskou Galasiërs 3:21-29 as 'n perikoop onder die opskrif “Slaves and Sons”; inderwaarheid kan 3:26 – 4:7 beskou word as een groter perikoop wat handel oor ons kindskap van God in Christus. Binne 3:26 – 4:7 vorm die gedeelte Galasiërs 3:26-29 'n subperikoop.³⁸¹

Soos hierbo by 10.6.1 aangetoon is, argumenteer Paulus dat Jood-wees (wat die onderhouding van die wet impliseer) en nie-Jood-wees (wat nie-onderhouding van die wet impliseer) nie volgens die evangelie die grondslag mag vorm vir twee afsonderlike kategorieë mense met betrekking tot die verlossing nie. Hy stel in Galasiërs 2:16 dat “'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo”. In Galasiërs 3:14 word hierdie tema spesifiek behandel: “Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het.”

In Galasiërs 3:15-25 word die argument in 'n sekere sin onderbreek om eers, aan die hand van die *testament*-beeld, die verhouding tussen die wet en die belofte uiteen te sit. In Galasiërs 3:23-25 word die voorlopige funksie van die wet uiteengesit, 'n funksie wat opgehou het toe die tyd van die geloof aangebreek het. Die wet het, vanweë die sondeval, in plaas van die geregtigheid die vervloeking van die mens bewerk. Deur die geloof word egter 'n verandering bewerkstellig: deur die geloof bring die wet die mens by Christus uit, sodat deur die geloof nie net die Jode nie, maar almal wat in Christus glo, deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. Die geloof word dus die kanaal waarlangs ook nie-Jode deel aan dié seën kry (Gal 3:14).

Die subperikoop Galasiërs 3:26-28 begin met die relasiemerker γάρ (3:26) wat aandui dat Galasiërs 3:26-28 'n stelling in die voorafgaande gedeelte motiveer, naamlik dat die geloof 'n verandering ten opsigte van die uitsluiting van nie-Jode bewerkstellig. *Almal* (bedoelende Jode én nie-Jode) is kinders van God.

Die ontstaan van Galasiërs

Paulus en Barnabas het tydens hulle eerste sendingreis ten minste drie stede in die Romeinse provinsie Galasië besoek, naamlik Ikonium, Listra en Derbe (Hand 13:2 – 14:28). Ná die apostelvergadering (Hand 15) word ten minste nog twee besoeke in Handeling 16:6; 18:23). Paulus verwys ook later in die brief na “die eerste keer” wat hy die evangelie aan hulle verkondig het (Gal 4:13).

Dit is onseker wanneer Paulus die brief geskryf het. Een moontlikheid is ongeveer 50-52 nC uit Korinte aan die einde van sy tweede sendingreis (Hand 18), en 'n ander is ongeveer 55 nC (kort voor die brief aan die Romeine geskryf is), ook uit Korinte (Hand 20:3). 'n Derde moontlikheid is ongeveer 49 nC, uit Antiogië, direk vóór die Apostelkonvent (Hand 15).

Paulus is reeds vroeg in sy bediening daarvan beskuldig dat hy die evangelie aangepas het om dit vir die gelowiges uit die heidene meer aanvaarbaar te maak. Tydens die Apostelkonvent (Hand 15) is daar uitsluitel gegee dat die evangelie soos Paulus dit verkondig, die ware evangelie is (moontlik Gal 2:6). Die Judaïseerders het egter voortgegaan om Paulus onder verdenking te plaas en oral verkondig dat

³⁸¹ Die 1983 Afrikaanse Vertaling volg die UBS na.

gelowiges nie slegs in Jesus Christus kan glo om gered te word nie, maar ook die verpligtinge van die wet en die Joodse tradisies moet nakom. In praktyk het dit daarop neergekom dat persone uit die heidene eers Jode moes word voordat hulle Christene kon word.

Paulus skryf sy brief om die gelowiges in Galasië te oortuig dat die Judaïseerders 'n vals evangelie verkondig. Hy verduidelik dat God vrypraak deur die geloof gee en nie deur die onderhouding van die wet nie. Ook spel hy uit wat die praktiese implikasies van die nuwe lewe deur die Gees is.

Die eerste lesers van die Galasiërbrief en hulle wêreld

Die eerste lesers/hoorders van Galasiërs was waarskynlik hoofsaaklik nie-Jode voordat hulle Christene geword het. Hulle lewe vóór hulle Christene geword het, word deur Paulus getipeer as die tyd toe hulle nog *geestelik onmondig was* (4:3), *slawe van wettiese godsdienstige reëls was* (4:3) en *nikswerd afgode gedien het* (4:8).

Die samelewing se rolverwagting van vroue

Die vroue uit die hoër klasse was volgens die Griekse en Romeinse tradisie verplig tot 'n nederige en onopvallende lewenswyse. Die nuwer godsdienste het vroue egter groter vryhede en meer statusgelykheid met mans as die tradisionele staatsgodsdienste toegelaat. Hierdie verskynsel is deur persone uit die tradisionele godsdienste beleef as 'n bedreiging van die orde van die huishouding en van die welsyn van die samelewing. Vreemde godsdienste is dus dikwels om hierdie rede as 'n sosiale en politieke bedreiging beskou.

Waarom juis die teenstellings Jood/Griek, slaaf/vryman en man/vrou?

Dit is duidelik dat Paulus in elk van die drie groeperings, naamlik Jood/Griek, slaaf/vryman en man/vrou telkens verwys na twee groepe wat op 'n manier met mekaar verband hou, maar tog teenoor mekaar staan. Dit is verder duidelik dat Paulus met sy verwysing na Jood/Griek, slaaf/vryman en man/vrou bestaande onderskeidings en skeidings (met betrekking tot rol en status) wat die lesers sou herken, na vore bring.

In 3:28 kontrasteer Paulus bekende onderskeidings met die eenheid wat daar in Christus is. Teenoor die Jood wat ingesluit is in die verbond wat God met Abraham gesluit het, stel hy die Griek as nie-Jood wat uitgesluit was van hierdie verbond (godsdienstig/etniese onderskeid). Teenoor die vryman wat in die samelewing vryheid geniet het, stel hy die slaaf wat eintlik alle vryheid ontbeer het (ekonomiese/sosiale onderskeid). Teenoor die man wat in die samelewing in 'n bevoorregte was, stel hy die vrou wat in die samelewing benadeel is (geslagtelike onderskeid).

Tersaaklike eksegeese van Galasiërs 3:26-29

Verstaansmoontlikhede vir die drie onderskeidings

Bestry Paulus die meerderwaardigheid van 'n Joodse gebed?

Een moontlikheid is dat Paulus met sy verwysing na Jood/Griek, slaaf/vryman en man/vrou doelbewus die gedagte wat in die dankbetuiging in die Joodse oggendgebed voorgekom het, bestry (Longenecker 1990:157). In hierdie gebed dank die man God dat hy hom nie 'n heiden, 'n slaaf of 'n vrou gemaak het nie.

Die feit dat dié drie pare in die leefwêreld van die eerste lesers bekende onderskeidings was, plaas 'n vraagteken agter die aanname dat Paulus wel in 3:28 spesifiek die Joodse gebed in gedagte gehad het. Daar kan dus nie met sekerheid gestel word dat Paulus in 3:28 na die Joodse oggendgebed verwys nie. Word gebruik gemaak van 'n vaste doopformule?

'n Tweede moontlikheid is dat Paulus in 3:28 uit 'n bestaande doopformule aanhaal (vgl. bv. Becker 1976:45-46; MacDonald 1987:5-14). Wat opvallend is, is dat wanneer Paulus sulke drie pare onderskeidings gebruik, die doop telkens ter sprake is (vgl. Ef 6:8; 1 Kor 12:13). Dit laat die teorie dat daar in die vroeë kerk tydens die doop 'n vaste formule gebruik is, waarin die eenheid in Christus beklemtoon is, baie aantreklik lyk. Daar is egter groot verskille tussen hierdie gedeeltes, waarskynlik omdat die formule aangepas is by die spesifieke omstandighede van die lesers. Dit laat die vraag ontstaan wat die vaste formule dan werklik was. Daar kan dus nie met sekerheid aanvaar word dat Paulus in Galasiërs 3:28 'n vaste doopformule gebruik nie.

Is daar onderskeidings in die verbond met Abraham?

'n Derde moontlikheid is dat Paulus terugryp op die verbond met Abraham waarin daar nie slegs onderskeid gemaak is tussen Jode en onbesnedenes (bv. Grieke) nie, maar ook tussen slaaf en vryman, en tussen man en vrou (Martin 2003:117-125). Aangesien Paulus in die voorafgaande vers (3:27) die doop ter sprake bring, is dit moontlik dat hy met sy verwysing na "man of vrou" die aandag vestig op die feit dat die nuwe verbondsteken nie onderskeid maak tussen man en vrou nie (Martin 2003:118).

Wanneer Martin se teorie egter logies bekyk word, klop dit nie. Ten opsigte van die Jood/Griek- en man/vrou-onderskeidings is die groeperings wat uitgesluit word die Grieke en die vroue. Hierdie twee voorbeelde sou logies Paulus se argument ondersteun dat mense wat vroeër uitgesluit was, in Christus nie meer uitgesluit word nie. Ten opsigte van die slaaf/vryman-groepering sou die lesers moeilik kon verstaan dat Paulus slawe as “bevoorregtes” voorhou. Die feit dat ’n “vryman” nie verbied was om hom te laat besny nie en dus eintlik nie werklik meer uitgesluit was as ’n slaaf nie, laat Martin se teorie nog minder aanvaarbaar lyk.

Die klem op “almal”

Dit val op dat Paulus in 3:26 sê dat die gelowiges “almal” (πάντες) kinders van God is. Deur die woord “almal” heel eerste in die sin te plaas, word uitdruklik beklemtoon dat by die “julle” (dit is die lesers), waarna in 3:26 verwys word, almal ingesluit is (Arichea & Nida 1975:83; Ridderbos 1976:147). Hierdie insluiting van almal word nog verder beklemtoon as hy in die volgende vers sê dat “soveel as wat” (ὅσοι) in Christus gedoop is, met Christus bekleed is. Nie een van dié wat in Christus gedoop is, is dus weggelaat nie – hulle is almal met Christus bekleed. Ook in 3:28 sê Paulus dat almal (πάντες) in Christus een is.

Die vraag ontstaan waarom Paulus in 3:26, nadat hy in 3:1 – 5:1 oor regverdiging alleen deur die geloof handel, skielik soveel klem daarop laat val dat *almal* ingesluit is. Wanneer die vals leer wat Paulus bestry, in ag geneem word, word dit duidelik waarom die insluiting van almal beklemtoon word. Die vals leraars het in hulle aandrang dat die geadresseerders besny en Joodse wette moes onderhou, daarmee eintlik geïmpliseer dat hierdie Galasiërs nie werklik deel is van die nageslag van Abraham nie. Om werklik met die Joodse Christene een te wees, moes die onbesnede Christene hulle laat besny. Wanneer die gedeelte 3:1-5:1 in die lig van hierdie feit beskou word, blyk dit dat Paulus nie bloot dogmaties duidelik wil maak dat iemand net deur die geloof regverdig kan wees nie. Dit gaan veral vir hom daaroor dat sy lesers nie uitgesluit is van hierdie regverdiging nie.

Hulle is nie uitgesluit nie, want

- wie soos Abraham glo, is (almal) sy kinders (vgl. 3:6-9);
- geloof laat hulle (almal) op grond van die verlossing van Jesus Christus deel in dit wat aan Abraham beloof is (vgl. 3:10-14);
- die wet kan nie die belofte wat God aan Abraham gemaak het, wysig nie en kan nie (een van) hulle wat nie besny is, uitsluit nie (vgl. 3:15-18);
- die wet het wel ’n funksie, maar volgens die doel van die wet is dit duidelik dat die wet hulle wat in Christus glo, (nie een) uitsluit nie (vgl. 3:19-25);
- almal wat glo, is erfgename kragtens die belofte aan Abraham (vgl. 3:26-29);
- wie losgekoop is, is nie (een) meer slaaf nie, maar kind van God (vgl. 4:1-7);
- die gelowiges in Galasië is (almal) deel van die hemelse Jerusalem en nie van die aardse Jerusalem nie;
- hulle moet (almal) vasstaan in hulle vryheid (vgl. 4:21-5:1).

Die feit dat Paulus in 3:1 – 5:1 nie bloot oor regverdiging in die geloof handel nie, maar wil beklemtoon dat die lesers nie uitgesluit is van hierdie regverdiging nie, werp lig op die verstaan van die woorde “daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie”. Dit is duidelik dat dit vir Paulus belangrik is om te beklemtoon dat die lesers nie uitgesluit is van die beloftes wat God aan Abraham gemaak het nie. Die eerste voorbeeld wat hy noem, naamlik dat daar nie meer Jood en Griek is nie, is spesifiek van toepassing op die eis van die vals leraars dat hulle aanhangers besny moes word. Die tweede voorbeeld dat daar nie meer slaaf of vryman is nie en die derde voorbeeld dat daar nie meer man en vrou is nie, versterk egter die punt dat *almal* wat in Jesus Christus glo, deel het aan die belofte aan Abraham. Nie eers hulle wat in die samelewing van voorregte uitgesluit word, naamlik die slawe en die vroue, word van God se beloftes uitgesluit nie. Soos ’n vryman en ’n man, is ook slawe en vroue ten volle in hierdie belofte ingesluit. Dat Paulus deur die noem van hierdie groepe pare daarop wil wys dat *almal* ingesluit word, word verder bevestig deur die klimaktiese patroon in hierdie drie groepe pare: die eerste onderskeid (Jood/nie-Jood) was spesifiek van toepassing op die Joodse godsdiens. Die tweede onderskeid (slaaf/vryman) was universeel in die hele destydse samelewing. Die derde onderskeid (man/vrou) geld van alle mense sedert die skepping.

Gevolgtrekking

Paulus beklemtoon in Galasiërs 3:28 met die drie pare onderskeidings Jood/Griek, slaaf/vryman en man/vrou dat almal wat in Christus glo, deel het aan die belofte wat God aan Abraham gemaak het. Die eerste groepering wat Paulus noem, te wete Jood/Griek, is spesifiek van toepassing op die eis van die dwaalleraars dat die geadresseerders besny moes word. Die Galasiërs hoef hulle egter nie soos die Jode te laat besny nie. Die ander twee groeperings, slaaf/vryman en man/vrou, het nie direk iets te doen met die vals leraars se eis dat die Galasiërs besny moes word nie. Dié twee groeperings versterk egter die punt dat *almal* wat in Jesus Christus glo, deel het aan die belofte aan Abraham. Die lesers van Paulus se brief mag weet dat, wanneer beoordeel moet word of iemand deel is van die nageslag van Abraham, selfs uitdruklike onderskeidings soos slaaf/vryman en man/vrou onbelangrik is. Dan geld net die vraag of jy in Christus gedoop is en met Hom bekleed is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat Galasiërs 3:28 'n baie spesifieke betekenis het vir die verstaan van Skrifdele wat handel oor die verhouding tussen man en vrou. Skrifdele waarin gestel word dat (i) die man die hoof van die vrou is (vgl. bv. Ef 5; 1 Kor 11); (ii) dat die vrou aan die man onderdanig moet wees (vgl. bv. 1 Kor 14; Ef 5; Kol 3:18) en dat (iii) die vrou moet swyg (vgl. bv. 1 Kor 14 en 1 Tim 2) sou in stryd wees met Galasiërs 3:28 as aanvaar word dat dié Skrifdele daarop dui dat die vrou nie soos die man deel in die verlossing van Christus nie. Almal wat in Christus glo, ook vroue, deel in die belofte aan Abraham.

Toepassing op geslag in die besondere dienste

Galasiërs 3:26-29 handel dus nie oor die kwessie of die vrou in die besondere dienste mag dien al dan nie. Hierdie Skrifdeel werp wel lig op die feit dat alle gelowiges, ook vroue, in Christus deel het aan die verbondsbelofte aan Abraham. Hierdie Skrifdeel werp wel lig op die feit dat alle gelowiges, ook vroue, in Christus deel het aan die verbondsbelofte aan Abraham. Dit is egter in die lig van hierdie oorweldigende waarheid duidelik dat, wanneer onderskeid getref word tussen mans en vroue met betrekking tot die besondere dienste, daar duidelike Skrifgronde voor moet wees. Net so: Alleen as God in sy Woord bepaal dat net mans in die besondere dienste mag dien, mag vroue daartoe verbied word.

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Korintiërs 11:2-16

Die argument van 1 Korintiërs

Die gedeelte 1 Korintiërs 1:1-9 vorm die briefaanhef, groete en danksegging van Paulus se brief. Paulus noem die rede waarom hy skryf in 1:10-17. Daarna volg die liggaam van die brief (1:18 – 16:12) en die brief sluit af met die briefslot (16:13-24). Die briefliggaam val in twee hoofdele uiteen: 1 Korintiërs 1-6 waarin Paulus reageer op berigte wat Chloë en haar huisgenote onder sy ander aandag gebring het, en 7-15, waarin Paulus antwoord op vrae wat die Korintiërs per brief aan hom gestel het. Hierdie vrae handel oor askese en seks (7:1-40), die gebruik van vleis wat aan afgode geoffer is (8:1 – 11:1), die goeie orde in die gemeente (11:2 – 14:40) en die opstanding (15:1-58).

Die perikoop 1 Korintiërs 11:2-16, wat handel oor vroue se funksionering in die gemeente, maak deel uit van die briefdeel wat handel oor die goeie orde in die gemeente (11:2 – 14:40). Hierdie briefdeel kan verder soos volg ingedeel word:

- 11:2-16: Die gedrag van die vrou in die gemeente
- 11:17-34: Wanpraktyke by liefdesmaaltye by nagmaal
- 12:1 – 14:25: Verantwoordelike gebruik van geestesgawes
- 14:26-40: Samevatting oor die goeie orde in die gemeente

Die ontstaan van 1 Korintiërs

Paulus het die evangelie van Jesus Christus tydens sy tweede sendingreis na Korinte gebring. Nadat Paulus min sukses in Atene gehad het, het hy na Korinte vertrek. Die ontstaan van die gemeente in Korinte tydens Paulus se bediening word in Handeling 18:1-17 beskryf. Uit hierdie gedeelte blyk dit dat Paulus ingetrek het by Akwila en Priscilla, 'n Joodse man en sy vrou wat uit Rome verban is. (Soos Paulus was ook hulle tentmakers.) Saterdag het Paulus in die sinagoge vir 'n Joodse en Griekse gehoor gepreek. Krispus, die hoof van die sinagoge en sy hele huishouding het tot bekering gekom. Silas en Timoteus het intussen van Masedonië af gekom en die Jode het al hoe meer weerstand gebied teen Paulus se boodskap dat Jesus die Christus is. Gevolglik verskuif Paulus sy aktiwiteite na die huis van 'n proseliet, Titius Justus. Sy huis was reg langs die sinagoge. Silas en Timoteus het geld vanaf die gelowiges in Filippi gebring (2 Kor 11:9; Fil 4:14-15) en Paulus kon nou voltyds preek. Volgens Handeling 18:5 het hy nou “al sy tyd bestee” aan prediking.

In die jaar en 'n half wat Paulus daar gewerk het, het die gemeente gegroei. Die gemeente het bestaan uit nie-Jode wat hulle tot die Christendom bekeer het (1 Kor 12:2), hoofsaaklik uit die laer sosiale klasse (1 Kor 1:26). Daar was ook 'n Joodse element (1 Kor 7:18; Hand 18:4) in die gemeente, terwyl mense uit die hoër sosiale klasse wel verteenwoordig was (1 Kor 11:21). Nadat Paulus saam met Akwila en Priscilla na Efese vertrek het, het Apollos, 'n teoloog van Joodse afkoms, ook in Korinte gewerk. Hy het vroeër teologiese onderrig van Akwila en Priscilla gekry (Hand 18:24-26).

Paulus se betrokkenheid by die gemeente van Korinte eindig egter nie hier nie. Volgens 1 Korintiërs 5:9 het hy 'n brief (wat nie behoue gebly het nie) aan hulle geskryf waarin hy hulle waarsku om nie om te gaan met mense wat in onsedelikheid leef nie. Hierdie opdrag is verkeerd verstaan as "onsedelikes buite die gemeente". Verskillende stories oor die gemeente is by Paulus aangedra terwyl hy in Efese was. Volgens 1 Korintiërs 1:11 het "Chloë se mense" hom vertel van onenigheid. Die gemeente is in verskillende faksies verdeel en die evangelie, soos Paulus dit verkondig het, kom in gedrang. Paulus het waarskynlik ook ander negatiewe berigte oor die gemeente ontvang. Die prentjie wat Paulus van die gemeente kry, is ontstellend: op seksuele gebied verdra die gemeente sondes wat selfs deur die nie-Christene as skandelik beskou word; 'n faksie in die gemeente reageer hierteen met asketiese leerstellings, en daar is hofsake tussen gelowiges.

'n Ruk later ontvang Paulus 'n brief wat die gemeente aan hom rig (1 Kor 7:1). Hierin vra hulle verskillende vrae. Die saak oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is, kom aan die orde; die goeie orde in die gemeente en die saak van die opstanding. Na aanleiding hiervan, skryf hy 1 Korintiërs. Presies wie Paulus se teenstanders in die gemeente was, of wat hulle leerstellings was, is onduidelik. Moontlik was dit 'n groep vermoënde Korintiërs wat Apollos, die redenaar, as hulle leier beskou het. Paulus gebruik in sy brief baie woorde wat ook gebruik is in die (Proto-) Gnostisisme³⁸² en misteriekultusse.³⁸³

Hy skryf die brief in Efese, waarskynlik in die lente (1 Kor 16:8) van 54/55 nC.

Die eerste lesers van 1 Korintiërs en hulle wêreld

Korinte was die hoofstad van die Romeinse provinsie Agaje. Griekeland word geografies in twee dele verdeel. Die suidelike skiereiland, die Peloponnesos, word met die noordelike vasteland verbind deur 'n smal landstrook (Isthmus) van omtrent ses kilometer breed. Korinte is op die suidwestelike punt van hierdie landstrook geleë. Om tussen noord en suid oor land te reis (bv. na en van Atene) moes 'n mens deur Korinte gaan.

Omdat Korinte aan die oostekant en westekant aan die see grens, het dit aan weerskante van die Isthmus 'n hawe gehad, naamlik Kenchreë en Lechaeum. Die stad was dus strategies goed geleë, nie net vir die handel tussen die noorde en die suide nie, maar ook tussen die Ooste en die Weste. Korinte was gevolglik 'n ryk en voorspoedige kosmopolitiese handelstad. Italianers, Egiptenaars, Siriërs, Jode en Oosterlinge is daar aangetref.

Die kosmopolitiese aard van die stad word in die godsdienstige lewe weerspieël. 'n Mengelmoes godsdienste het mekaar daar wedersyds beïnvloed en tot sinkretisme gelei. Die stad het 'n tempel vir Apollo, die Griekse god bekend vir sy orakelspreuke, gehad. Verder is die god van genesing, Asklepius, ook daar aanbid. Afrodite, die seksgodin, het bo-op die Akropolis 'n tuiste gekry. Hierdie gebou het 'n duisend prostituut-priesteresse gehuisves. Demeter en Persefone, onderskeidelik die godinne van die landbou en vrugbaarheid, is ook in Korinte gedien. Die ongekennde rykdom en weelde in die stad het tot Korinte se berugte morele verval gelei. Die Griekse werkwoord *korinthiazesthai* (dit is, om soos 'n Korintiër te leef) het verwys na 'n lewe van dronk orgies. Aelianus, 'n laat-Griekse skrywer, sê byvoorbeeld dat wanneer 'n Korintiër op die verhoog uitgebeeld is, hy altyd as dronk voorgestel is.

Dit was na hierdie moeras van morele verval dat Paulus die evangelie van Jesus Christus gebring het en waarbinne die eerste gemeente in Korinte hulle geloof moes uitleef.

Die gemeente in Korinte het hoofsaaklik bestaan uit mense wat uit die heidendom bekeer is. Alhoewel daar ook Jode was wat tot geloof gekom het (Hand 18:8) en heidene wat voorheen tot die Joodse geloof oorgegaan het (Hand 18:7), het die kern van die gemeente bestaan uit mense uit die heidendom

³⁸² Die Gnostisisme was 'n godsdienstige rigting wat onder andere geglo het dat verlossing geskied deur die verwerping van geheime kennis oor God en mense. Hierdie rigting was tydens die 2de eeu nC in volle swang.

³⁸³ Volgens die misteriekultusse kon die lede onder andere deur geheime inlywingsrites onsterflikheid verkry.

wat tot bekering gekom het. Baie lidmate van die gemeente van Korinte was voor hulle bekering aktief betrokke by heidense godsdienste en is “blindelings na die stom afgode meegevoer” (1 Kor 12:2). Hulle het deelgeneem aan praktyke soos homoseksualiteit, onsedelikheid, egbreuk, diefstal, bedrog, dronkenskap en kwaadpraterij (1 Kor 6:9-10).

God self het aan Paulus verklaar dat baie mense in Korinte aan Hom behoort (Hand 18:10). Dit blyk uit Paulus se briewe dat dit veral mense uit die onderste *strata* van die bevolking was wat tot bekering gekom het. Paulus sê in 1 Korintiërs 1:26: “Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie.” Korinte was dus ’n gemeente wat bestaan het uit mense wat min skoling en opleiding ondergaan het. Dit kan aanvaar word dat hierdie lidmate se leefstyl grootliks beïnvloed is deur dit wat hulle gewoon was om te doen toe hulle nog heidene was. Ook kan aanvaar word dat hulle optrede tydens eredienste beïnvloed sou word deur dit wat vir hulle gebruiklik was tydens die rituele van die heidense godsdienste waaraan hulle vroeër deelgeneem het. Gevolglik het daar in die gemeente heelwat twiste ontstaan oor watter van hierdie praktyke in die gemeente toelaatbaar was en watter nie. Hierdie twiste het daartoe gelei dat hulle in ’n brief by Paulus advies gevra het (1 Kor 7:1; vgl. 10.7.2 hierbo). Dit is moontlik dat hy in sy advies (waaronder die swyggebod, 1 Kor 14:34) noodsaaklike korrektiewe wou aanbring op heidense praktyke wat in die Korintiërs se gemeentesamekoms voorgekom het.

Tersaaklike eksegesi van 1 Korintiërs 11:2-16

Prinsipiële begroning en praktiese toepassing

Die skopus van 1 Korintiërs 11:2-16 word gewoonlik beskou as die sluier wat die vrou in gemeentelike samekoms moes dra. Tog blyk dit dat die kwessie van ’n sluier binne die skopus van die perikoop eintlik sekondêr is. Daar is immers twee sake wat deur die perikoop vervleg word, die een prinsipiële en die ander prakties. Die prinsipiële saak word in 11:3, 8-9, 11-12 gestel; die praktiese saak in 11:4-7, 10, 13-15. In die praktiese deel word die beginsel wat in die prinsipiële deel gestel word, toegepas op die kwessie waarom die Korintiërs Paulus waarskynlik om advies gevra het, naamlik die dra van ’n sluier tydens die gemeentelike samekoms.³⁸⁴ Dit word bevestig deur die *inclusio*-patroon van die perikoop: dit begin in 11:2: “Ek prys julle ... dat julle in alles ... aan die leringe vashou soos ek dit aan julle oorgedra het.” In 11:16 is die afsluiting van die *inclusio*: “Maar as iemand meen om twisgierig te wees, ons het nie so ’n gewoonte nie, en ook nie in die gemeentes van God nie.”

In die gedeelte oor die praktiese toepassing maak Paulus dit self duidelik dat hy die beginsel oorbring na ’n kultureel-bepaalde situasie. Dit doen Paulus deur in 11:6 te sê dat dit vir ’n vrou lelik (*αἰσχρόν*) is om haar hare af te sny of te skeer. Hiermee sluit hy waarskynlik aan by die destydse beskouing oor haarstyl.³⁸⁵ Die mode destyds was dat ’n man korter hare het as ’n vrou; dit was die “algemene opvatting” (*ἡ φύσις*³⁸⁶ αὐτῇ διδάσκει – 11:14-15). Op grond van dié mode kan afgelei word dat geglo is vroue moet lang hare hê (met nog iets ekstra soos ’n sluier) en mans kort hare (sonder dat ’n sluier mag bykom). Hellenistiese borsbeelde wys ook hoedat mans in Paulus se tyd voorgestel is met kort hare en vroue met lang hare. Daarom kan Paulus die lesers vra: “Oordeel julle nou maar self ...” (Ἐν ὑμῖν αὐτοῖς κρίνατε – 11:13).

Die hoofskap in 1 Korintiërs 11

³⁸⁴ Dat dit in 1 Korintiërs 11 oor die gemeentelike samekoms gaan, word aangedui deur die feit dat in 11:4-5 spesifiek gepraat word oor mans en vroue wat bid of profeteer (*προσευχόμενος ἢ προφητεύων* en *προσευχομένη ἢ προφητεύουσα*).

³⁸⁵ In 1 Korintiërs 14:35 word die woord *αἰσχρόν* ook gebruik, maar dan binne ’n ander verband.

³⁸⁶ Die *natuur* (*ἡ φύσις*), die wyse waarop mense natuurlik saamleef, veroorsaak dat haarlengte ’n aanduiding is van die verskille tussen mans en vroue.

Die gebruik van κεφαλή in die Briewe van Paulus³⁸⁷

Paulus gebruik κεφαλή vyftien keer, waarvan vyf keer as 'n letterlike verwysing na 'n mens se kop. In tien gevalle (agt Skrifdele) word κεφαλή metafories gebruik, gewoonlik as deel van die liggaam-metafoor:

- **1 Korintiërs 11:3:** In hierdie vers is die liggaam-metafoor nie direk ter sprake nie. Tog word κεφαλή hier duidelik metafories gebruik wanneer verwys word na “'n persoon met gesag oor”, veral in die lig van 11:4-5 waar duidelik genoem word dat die hoof oneer aangedoen kan word. Op grond van die feit dat in 11:8,12 vermeld word dat die vrou uit die man is en die daaropvolgende verwysing na die skepping (11:9) beweer sommige verklaarders³⁸⁸ dat κεφαλή hier vir die betekenis “bron” gebruik word. Dat κεφαλή in 11:3 in die betekenis van “bron” gebruik word, kan egter sterk betwyfel word, soos duidelik word in die diskussie tussen Kroeger (1993) en Grudem (2004).³⁸⁹
- **1 Korintiërs 12:21:** In hierdie vers word κεφαλή nie gebruik in die konteks van die liggaam-metafoor nie, maar as 'n vergelyking waarmee Paulus die belangrikheid van elke lid van die gemeente aandui. In hierdie geval word κεφαλή gebruik vir die betekenis “hoof/kop in 'n gelyke verbintenis”. Die hoofgedagte soos Paulus die liggaam-metafoor toepas, is dat elke deel van die liggaam die ander liggaamsdele nodig het. Die een is nie belangriker as die ander nie; in 12:25 benadruk Paulus die gelyke sorg vir mekaar.
- **Efesiërs 1:10:** In hierdie vers gaan dit nie direk oor die liggaam-metafoor nie. Die werkwoord ἀνακεφαλαιόω (onder een hoof bring), etimologies verwant aan κεφαλή word naamlik gebruik. Die teks self gee geen aanduiding van wat bedoel word met “onder een hoof bring” nie. Aan die einde van die perikoop (in Ef 1:21) word egter 'n duidelike aanduiding gegee: “Hy het alle dinge aan sy voete onderwerp en hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee.” In 1:10 is Christus se hoofskap dus 'n duidelike aanduiding van sy gesag oor alle dinge.
- **Efesiërs 4:15:** Hier word κεφαλή gebruik binne die raamwerk van die liggaam-metafoor; enersyds vir die betekenis “gesag” (vgl. 4:14: “nie meer kinders nie, maar opgroei in Hom, die Hoof, Christus”. Andersyds lyk dit of κεφαλή ook “bron” kan aandui (vgl. 4:16: “uit wie die hele liggaam ...”), maar dan steeds 'n bron wat in beheer bly (vgl. ook Kol 2:19).
- **Efesiërs 5:23:** Weer eens is die liggaam-metafoor in hierdie vers ter sprake. Hier word κεφαλή gebruik vir die betekenis “gesag”. “Gesag” soos dit hier gebruik word, is egter nie ingeklee in terme van gesagstaal nie, maar wel in die taal van versorging, liefde en diens. Dit gaan dus oor dienende gesag.

³⁸⁷ Die oorspronklike weergawe van hierdie afdeling is uitgewerk deur Kobus van der Walt, met verrekening van Grudem (2004) se navorsing. Grudem het in 'n indringende en omvangryke studie die betekenis van κεφαλή in die antieke Griekse literatuur en by die Kerkvaders probeer vasstel. Hy verwys na die sogenaamde *egalitarians* (voorstanders van gelykheid) wat Efesiërs 5:23 in die negentigerjare van die vorige eeu nuut geïnterpreteer het. Volgens die *egalitarians* beteken die feit dat die man hoof van die vrou is nie dat die man oor die vrou gesag het nie. Volgens hulle het “hoof” in Efesiërs 5:23 die betekenis van “bron” en voer hulle aan dat hierdie betekenismoonklikheid in ooreenstemming is met die betekenis van κεφαλή in die antieke Griekse letterkunde. Grudem (2004:202) se omvattende studie van die metaforiese gebruik van κεφαλή in die antieke Griekse literatuur toon egter dat κεφαλή nêrens in die betekenis van “bron” gebruik word word nie. So oortuigend is die bevindinge van Grudem se studie dat die samestellers van Liddell en Scott se *Greek-English Lexicon* onderneem het om in die volgende uitgawe van die woordeboek die betekenismoonklikheid “source” by die inskrywing κεφαλή te verwyder (Grudem 2004:587-588).

³⁸⁸ Vgl. Fee (1988), verwysing in Grudem (2004:201, n 36).

³⁸⁹ Kroeger (1993:52-59) beweer dat die Kerkvader Chrysostomos (onder meer in sy verklaring van 1 Kor 11:3) κεφαλή primêr gebruik het met die betekenis “bron”, en nie in die sin van “gesag oor ander” nie. Grudem (2004:561) wys egter hoe Kroeger Chrysostomos selektief aanhaal en dat κεφαλή by Chrysostomos primêr vir die betekenis “gesag oor” gebruik word. Grudem (2004:561) erken dat “fourth-century usage of a word by Chrysostom does not prove that word had the same sense in the first century; so this is not conclusive evidence for New Testament meanings”. Hy toon egter aan dat die tien plekke in die Nuwe Testament waar κεφαλή metafories gebruik word, geen uitsondering is nie. In elke geval word dit gebruik vir die betekenis “gesag oor”.

- **Kolossense 1:18:** Die liggaam-metafoor is hier ter sprake, en κεφαλή word primêr gebruik vir die betekenis “bron” (1:17: Jesus is voor alle dinge; 1:18: Hy is die begin, die Eersgeborene uit die dood, sodat Hy in alles die eerste kan wees). Tog bevat die feit dat Christus as Hoof oor die liggaam die “Eersgeborene uit die dood” en “eerste in alles is”, ’n element van leierskap. Hy het deur sy kruis en opstanding die liggaam immers “verlos uit die mag van die duisternis en oorgebring in sy koninkryk” (1:13).
- **Kolossense 2:10:** Die konteks hier is nie dié van die liggaam-metafoor nie, maar κεφαλή word in hierdie vers metafories gebruik om Christus se gesag oor alle magte aan te dui (2:10: Hy “wat die Hoof is van alle owerheid en mag”).
- **Kolossense 2:19:** Andermaal gebruik Paulus κεφαλή in die liggaam-metafoor. Soos by die parallelle teks in Efesiërs 4:15-16, is die betekenis “bron” ook hier op die voorgrond. Christus is die Hoof, uit wie die hele liggaam groei. Tog dui die volgende vers (Kol 2:20) aan dat Christus meer is as net die bron waaruit die liggaam groei. Hy is die Een in Wie ons “die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het”. Christus as Hoof is ook die Leidsman van die gelowiges wat hulle deur sy dood van die sonde verlos. ’n Mens sou dus ook hier van dienende gesag kon praat.

Samevattende gevolgtrekking

1. Paulus gebruik κεφαλή in agt Skrifdele; in vyf van hierdie dele gebruik hy dit binne die konteks van die liggaam-metafoor. Die betekenis van κεφαλή in die agt Skrifdele is die volgende:

Metafories	Nie-metafories
1 Kor 11:3: Gesag	1 Kor 12:21 Gelyke verbintenis
Ef 1:10: Gesag	
Ef 4:15: Gesag en bron	
Ef 5:23: Gesag (dienend)	
Kol 1:18: Gesag en bron	
Kol 2:10: Gesag	
Kol 2:19: Bron en gesag (dienend)	
2. Waar Paulus κεφαλή metafories gebruik, is dit hoofsaaklik om “gesag oor” aan te dui. Meestal gaan die metafoorgebruik oor Christus se gesag. Sy hoofskap behels gewoonlik regerende gesag (Hoof oor alle dinge), maar soms dienende gesag (die Hoof wat verlos). In al die gevalle is die konteks deurslaggewend.
3. Op drie plekke gebruik Paulus κεφαλή metafories om nie net te verwys na “gesag oor” nie, maar ook na “bron”. Christus as Hoof is die Een van wie die kerk sy weldade ontvang (Hy is die bron). Terselfdertyd is dit slegs moontlik om aan die weldade deel te hê omdat Hy as Hoof die kerk verlos het (op grond van sy gesag).
4. Die standpunt dat κεφαλή in die Nuwe Testament metafories *net* op gesag dui (Grudem 2004), kan dus nie nagevolg word nie. Paulus gebruik κεφαλή soms wanneer hy verwys na sowel “gesag oor” as na “bron”. Aan die ander kant kan die standpunt dat κεφαλή in die Nuwe Testament soms *net* op “bron” dui (Kroeger 1993), ook nie nagevolg word nie. Waar Paulus κεφαλή gebruik om “bron” aan te dui, gaan dit altyd ook gepaard met die betekenis van “gesag”.
5. Die gevolgtrekking oor Paulus se gebruik van κεφαλή word ondersteun deur die gebruik van “hoof” binne die liggaam-metafoor in die Heidelbergse Kategismus: die liggaam-metafoor word agt keer gebruik en “hoof” word telkens gebruik vir die betekenis “gesag oor” én “bron”.³⁹⁰

³⁹⁰ In die Heidelbergse Kategismus word in die volgende vrae en antwoorde verwys na die liggaam-metafoor: 32, 49, 50, 51, 55, 57, 70, en 76. By vier van hierdie vrae (49, 50, 51 en 57) word Christus uitdruklik hoof genoem: Hy is die hoof wat ons vooruitgegaan het (Hy is die leidsman: 49, 57) na die Vader vanwaar Hy alles regeer (op grond van sy gesag: 49, 50, 51) en ons in sy gawes laat deel (omdat Hy die bron van die gawes is, 51). In vrae 32, 55, 70 en 76 word “hoof” nie uitdruklik gebruik nie, maar word dit slegs geïmpliseer deur die gelowiges “lede” te noem. By hierdie vrae word bely dat ons as lede van Christus deel het aan sy gawes (Hy is die bron: 32, 55, 70) en aan sy regering (sy gesag: 32, 76).

Die prinsipiële lyn van die perikoop

Die prinsipiële lyn van die perikoop sluit direk aan by die geheelskopus van die Korintiërbrief: “Die Christusregering oor elke aspek van die gelowige se lewe” (Coetzee 1975b). Met hierdie vertrekpunt word ook die perikoop 11:2-16 binne die breër raamwerk van Christus se regering geplaas. Christus se regering word in 11:4-7 beskryf in terme wat in baie opsigte ooreenstem met dié in Efesiërs 5:21-33, naamlik dat die hoofskap van die man oor die vrou ’n toonbeeld is (moet wees) van Christus se hoofskap. Tog is daar ’n paar baie duidelike aksentverskille tussen die hoofskap van Christus en die hoofskap van die man soos dit hier verkondig word en dié in Efesiërs 5:

1. In Efesiërs 5 gaan dit oor Christus se hoofskap *oor die gemeente*; 1 Korintiërs 11 handel oor Christus se hoofskap *oor elke man*. Anders as Efesiërs 5 het 1 Korintiërs 11 dus nie primêr die organiese *liefdeseenheid* (dienende gesag, vgl. 10.4.2.1 hierbo) van hoof en liggaam in die oog nie, maar eerder die hoof se posisie van *gesag* van waaruit hy optree, sy *regeertaak*.
2. In 1 Korintiërs 11 word ’n derde verhouding binne die gesigsveld gebring, naamlik dat *God die hoof is van Christus*.³⁹¹ Johannes 14 dien as toeligting van God se hoofskap oor Christus: Die Vader het die Seun gestuur (Joh 14:24), sodat die Seun alles doen en sê presies volgens die volmag wat Hy van die Vader ontvang het (14:10) en omdat die Vader groter is as Hy (14:28). In sy sending as Middelaar en Verlosser wat die deurbraak van God se koninkryk moes kom bewerk (vgl. ook 1 Kor 15:24-28), onderwerp Christus Hom dus gewilliglik aan die hoofskap van God. Tog kan nie gesê word dat Christus na sy Godheid ondergeskik is aan die Vader nie (Joh 14:9; Kol 1:15-16; vgl. ook art 8 van die NGB oor die drie persone van die Drie-eenheid: “Al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie ’n eerste of ’n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid”). Volgens 1 Korintiërs 11:3-7 behoort hierdie gesagsverhouding tussen God en Christus as Middelaar en hoof van die nuwe mensheid weerspieël te word in die verhouding tussen die man en die vrou.

Die verstaan van elke man en elke vrou in 11:3-5

Oor die vraag of die verbesondering *elke man en elke vrou* (πᾶς ἄνθρωπος en πᾶσα γυνή) in 11:3-5 verwys na die verhouding tussen alle mans en alle vroue, en of “elke” slegs dui op die verhouding tussen ’n man en ’n vrou in die huwelik, is daar binne die geledere van gereformeerde eksegete sterk argumente vir albei interpretasies:

Aan die een kant word geredeneer dat die πᾶς ἄνθρωπος en πᾶσα γυνή in 11:4-5 na elke man en elke vrou kan verwys, en wel om die volgende redes:

1. In 1 Korintiërs 11 verwys Paulus uitdruklik na *elke man en elke vrou* (πᾶς ἄνθρωπος en πᾶσα γυνή), en nie soos in Efesiërs 5 na die vroue se *eie mans* (τοῖς ἰδίοις ἀνδράσιν) en die mans se *eie vroue* (τὰς ἑαυτῶν γυναῖκας) nie.
2. In 1 Korintiërs 11:3 word genoem dat Christus die hoof is van elke man, waarby ongetroude mans tog nie uitgesluit is nie.
3. 1 Korintiërs 11 vind sy Ou-Testamentiese begronding vir die verhouding tussen man en vrou in die skeppingsvolgorde (11:8-12), terwyl Efesiërs 5 sy Ou-Testamentiese begronding vind in die eenwording van man en vrou in die huwelik.
4. Paulus argumenteer in 1 Korintiërs 11 dat man en vrou nie sonder mekaar bestaan nie, omdat net soos die vrou uit die man geneem is, die man op sy beurt deur die vrou in die wêreld kom. Duidelik verwys Paulus hier na die moeder-kind-verhouding en nie na man en vrou wat met mekaar getroud is nie. Wat 1 Korintiërs 11 oor die verhouding tussen

³⁹¹ Christus is die ampsnaam wat dui op die Seun se middelaarswerk waardeur Hy as Hoof van alle dinge optree (Grosheide 1957:289). Hierdie amp beteken onder andere dat Christus as die tweede Adam ook die hoof van die nuwe mensheid is en dat die nuwe mensheid in Hom saamgevat word (Jonker 1983:51-52). Daarom gaan dit in die lewe van Christus nie slegs om die persoonlike verhouding met die Vader nie, maar dat Hy as ampsdraer in alles sy liggaam verteenwoordig – ook in die onderhouding van Gods wet. Dit is dus van belang om God se hoofskap oor Christus duidelik te omlin as sy hoofskap oor Christus as die Middelaar. Binne dié konteks merk Grosheide (1957:290) tereg op: “De Middelaar, die de schepping zich verwierf, is haar hoofd onder God.”

man en vrou sê, geld sekerlik ook vir elke man en die vrou met wie hy getroud is, maar die huwelik is nie binne die gesigsveld van die perikoop nie.

Aan die ander kant word geredeneer dat dit in 11:4-5 se *πᾶς ἄνθρωπος* en *πᾶσα γυνή* gaan oor getroude vroue en getroude mans se optrede in die erediens en die implikasie van hulle optrede vir hulle verhouding met God en met mekaar vanweë hulle huwelik. Hierdie standpunt word soos volg gemotiveer:

1. In 11:5 staan daar: “Maar elke vrou wat bid of profeteer sonder iets op haar kop, doen haar hoof (*τὴν κεφαλὴν αὐτῆς*), oneer aan.” Die vrou word dus opgeroep om met haar optrede in die gemeentelike samekoms só op te tree dat sy haar man nie oneer aandoen nie.
2. Nêrens leer die Skrif ’n universele ondergeskiktheid van vroulike persone aan manlike persone nie; met ander woorde dat ’n vrou alle mans se hoofskap oor haar moet erken nie.

Daar is wel eenstemmigheid daaroor dat:

- 1 Korintiërs 11:2-16 nie gerig is op die huwelik nie, en ook nie op die verhouding van man en vrou binne die huwelik nie;
- hierdie Skrifdeel baie prominensie verleen aan die hoofskap van die man;
- 1 Korintiërs 11:2-16 nie uitsluitlik gee oor die vraag of hierdie hoofskap beperk is tot ’n getroude man oor sy vrou, en of dit geld vir die verhouding van alle mans met alle vroue nie.

’n Implikasie van hierdie standpunt is dat die getroude vrou, wanneer sy bid of profeteer, die verantwoordelikheid het om so op te tree dat haar gedrag in die gemeentelike samekoms nie daartoe aanleiding gee dat haar optrede haar erkenning van haar man se hoofskap bevraagteken nie. As sy aan hierdie voorwaarde voldoen, bied 1 Korintiërs 11 op sigself geen beletsel dat sy tot die besondere dienste beroep word nie. Aan die ander kant bied 1 Korintiërs 11 op sigself geen aanduiding dat vroue tot die besondere dienste beroep behoort te word nie, maar wel dat sy nie absoluut verbied word om te praat nie – soos vervolgens aangedui sal word. Na albei kante toe behoort hierdie Skrifdeel dus nie óórvra te word nie.

Toonbeelde van ἔξουσία

Dit blyk dus dat God deur die apostel in 1 Korintiërs 11 openbaar dat dit sy wil is dat die onderskeidelike optrede van mans en vroue in die gemeentelike samekoms van so ’n aard moet wees dat dit van God se gesag en heerskappy moet getuig. Die man se optrede moet ’n toonbeeld wees van God se heerlikheid/hoofskap (11:7: *εἰκὼν καὶ δόξα θεοῦ*), die vrou se optrede moet ’n toonbeeld wees van haar man se heerlikheid/hoofskap (11:7) en die gesag wat God aan hom toeken (11:10). Die gebruik dat die vrou haar man se gesag erken deur ’n sluier te dra, was egter sekondêr en bloot kultureel bepaald (vgl. 11:13-15).

1 Korintiërs 11:10 sê dat ’n vrou “’n aanduiding van ἔξουσία op haar kop moet hê” (*ὀφείλει ἡ γυνὴ ἔξουσίαν ἔχειν ἐπὶ τῆς κεφαλῆς*).³⁹² Die betekenis hiervan is moeilik peilbaar. Verskeie verklarings word aan die hand gedoen:

- Steeds in aansluiting by 11:5 word die hoofbedekking in 11:10 ἔξουσία genoem. Daarom moet ἔξουσία ook hier in 11:10 verstaan word as ’n aanduiding daarvan dat die man gesag oor die vrou het (Lenski 1963:445; Fisher 1975:177).
- In hierdie konteks kry ἔξουσία die betekenis van “bevoegdheid”. Die vrou dra ’n hoofbedekking om aan te toon dat sy, ondanks die man se hoofskap, van God ook die bevoegdheid ontvang het om te bid of te profeteer (Grosheide 1957:295-297).
- ἔξουσία is hier nie ’n aanduiding van die man se hoofskap nie, maar ’n teken van die vrou se ἔξουσία. Haar ἔξουσία bestaan daarin dat sy ’n *ereposisie* beklee: sy is die man se heerlikheid (*δόξα*, vgl. 11:7). Die vrou se ereposisie as die heerlikheid van die man beteken dat sy, net soos die man, onder *God* se gesag staan wanneer sy bid of profeteer. Hierdie ἔξουσία moet sy nie deur haar optrede in die gemeentelike samekoms prysgee nie; daarom is dit belangrik dat sy as bewys van haar ἔξουσία ’n hoofbedekking moet hê wanneer sy bid of profeteer (Morris 1989:152-153).

³⁹² Die 1983-Vertaling se weergawe van *ὀφείλει ἡ γυνὴ ἔξουσίαν ἔχειν ἐπὶ τῆς κεφαλῆς* in 11:10 met “behoort die vrou ’n teken van die man se gesag ... te hê” is problematies. Letterlik staan hier: “die vrou moet gesag op haar hoof hê.”

In die lig van die geheelkonteks van 11:3-16 oortuig die tweede verklaring meer as die ander. Die verstaan van hierdie vers is egter nie deurslaggewend vir die verstaan van die man-vrou-verhouding in die perikoop nie.

“Ter wille van die engele”

Hierdie ἐξουσίαν ἔχειν is ook “... ter wille van die engele” (11:10). Ook hierdie woorde se bedoeling is moeilik om te verstaan. Verskeie verklarings daarvoor word aan die hand gedoen:

- Vanuit die Godsdiensthistoriese Skool kom die verklaring dat Paulus bedoel dat vroue hoofbedekkings moet dra sodat die engele hulle nie van bo af kan raaksien en hulle verlei nie (bv. W Foerster, verwysing in Grosheide [1957:297, n 27]; vgl. ook Fisher 1975:177).
- 'n Tweede verklaring verstaan die engele as die gevalle engele waarna 2 Petrus en Judas verwys, “wat hulle eie beginsel (ἀρχήν) nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het” (Jud 6). Die vroue se erkenning van hulle (of: mans in die algemeen) se hoofskap in die gemeentelike samekoms is 'n getuigenis aan daardie engele wat God se gesag nie erken het nie, dat God se hoofskap erken moet word (vgl. Fisher 1975:177).
- Die algemeenste verklaring in gereformeerde kringe is dat dit gaan oor engele wat hulle saam met God verbly, omdat die gemeentelike samekoms in goeie orde plaasvind (bv. Grosheide 1957:297; Barrett 1968:254; Fisher 1975:177).

Laasgenoemde verklaring laat die beste reg geskied aan die konteks. Ook in hierdie geval is die verstaan van hierdie vers nie deurslaggewend vir die verstaan van die man-vrou-verhouding in 11:3-16 nie.

Profetering deur vroue

Dit blyk dat vroue tydens die gemeentelike samekoms gebed en geprofeteer het (προφητεύουσα; 1983-Vertaling: “God se boodskap verkondig”, 11:5). Profesie is deel van die gawes (*charismata*) wat die Heilige Gees aan die gemeentelede gee (Rom 12:4-8; 1 Kor 12:27-31). Profesie dien in die gemeente tot vermaning, bemoediging en lering (Hand 15:32; 1 Kor 14:3, 24, 31). Vroue deel in al die gawes van die Gees, soos die Gees dit uitdeel. Dit blyk uit 1 Korintiërs 11:5 dat ook vroue die gawe van profesie ontvang het en dit in die gemeentelike samekoms beoefen het.

Profesie moet egter onderskei word van onderrig. In Romeine 12:6-7, 1 Korintiërs 12:28-29 en Efesiërs 4:11 word die gawe van profesie en die diens van profeet duidelik geskei van die gawe van lering en die diens van leraar. Die res van die Nuwe Testament gee blyke van die volgende basiese verskil tussen profesie en lering:

- Profesie (προφητεία) is om 'n openbaring wat iemand persoonlik ontvang het, oor te vertel (1 Kor 14:25,30-31).³⁹³
- Lering (διδασκαλία, διδασκή) daarenteen berus nooit op 'n openbaring wat die leraar ontvang het nie. Oral in die Nuwe Testament waar lering beskryf word, word aangedui dat die lering of prediking vanuit die Woord van God gedoen word.³⁹⁴

Opsieners en leraars word in die Nuwe Testament by herhaling beveel om te leer en die Woord te verkondig,³⁹⁵ maar nêrens om te profeteer nie. Dit blyk dus dat profesie in die Nuwe Testament nooit deel was van die diens van leraar of opsiener nie. Dit was waarskynlik so omdat profesie blykbaar spontaan (“charismaties”) beoefen is en nie verbind was aan een van die besondere dienste nie.³⁹⁶ Die feit dat 1 Korintiërs 11:4-5 verwys na mans en vroue wat bid of profeteer, blyk dus nie direkte implikasies vir die diens van leraar of ouderling te hê nie. Die vroue wat gebed en geprofeteer het, sou nie in een van die besondere dienste moes staan om dit te doen nie. Hulle profesieë was, soos dié van

³⁹³ So het Agabus op grond van openbarings wat hy ontvang het, geprofeteer dat daar 'n groot hongersnood sou kom (Hand 11:28) en dat Paulus in Jerusalem gevange geneem sou word (Hand 21:10-11).

³⁹⁴ In Handeling 15:35 het Paulus en Barnabas saam met nog baie ander onderrig gegee deur “die blye boodskap van die woord van die Here te verkondig”. In Efese het Paulus vir 18 maande lank “die woord van God onder hulle geleer”. In 2 Timoteus 3:16 skryf Paulus dat die hele Skrif “nuttig is tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid”.

³⁹⁵ In 2 Timoteus 4:2 word Timoteus byvoorbeeld deur Paulus aangesê om die woord te verkondig (κήρυξον). In 1 Timoteus 4:11 en 6:2 kry hy die opdrag om te leer (διδάσκειν). Ook die opsieners moet bekwaam wees om te onderrig (1 Tim 3:2) en in staat wees om met die gesonde leer te vermaan en teësprekers te weerlê (Titus 1:9).

³⁹⁶ Vgl. ook die opmerkings oor profete en profesie hier onder in die bespreking van 1 Korintiërs 14:26-40.

manlike profete, spontane optrede wat in elk geval deur die ouderlinge beoordeel moes word of dit met die Woord van God ooreenstem.

Die probleem volgens hierdie gedeelte is dus nie d  t vroue gebid of geprofeteer het nie, maar dat sy dit op s   ’n wyse gedoen het (sonder sluier) dat sy daardeur haar erkenning van haar/die man se hoofskap in gedrang gebring het.

Gevolgtrekking

1 Korinti  rs 11:2-16 bevestig die volgende aspekte:

Die prinsipi  le hoofskap van die man ten opsigte van sy vrou.

Die vrou se posisie ten opsigte van die man is nie vernederend nie, maar juis ’n heerlike posisie wat God aan haar skenk.

In ’n gemeente het mans en vroue mekaar nodig en is die een nie bo die ander verhewe nie (11:11-12).

Vroue in die gemeentelike samekoms het gebid en geprofeteer, waaruit afgelei kan word dat daar nie ’n algehele verbod op praat deur vroue in die gemeentelike samekoms was nie.

Toepassing op geslag in die besondere dienste

Die perikoop gee nie aanduiding dat vroue wat gebid en geprofeteer het, in ’n besondere diens gestel was nie.

Die vrou se optrede in die gemeentelike samekoms moet s   wees dat dit erkenning verleen aan die hoofskap van haar man, en sodoende aan Christus se hoofskap. Die man se optrede moet ook s   wees dat hy nie Christus se hoofskap oneer aandoen nie, maar juis ’n toonbeeld daarvan is.

Geslag nie bepalend by enige van die dienste	Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.7.6.3a Die vrou kan in die besondere dienste dien, op voorwaarde dat sy in die uitvoer van haar diens nie haar erkenning van haar man se hoofskap onder verdenking plaas nie.	10.7.6.3b Die gedeelte gee op sigself nie uitsluitel of die vrou in die besondere dienste kan dien of nie.

Tersaaklike eksegesi en hermeneuse van 1 Korinti  rs 14:26-40

Die argument van 1 Korinti  rs

Kyk by die behandeling van 1 Korinti  rs 11:2-16 (vgl. 10.7.1 hierbo).

Die ontstaan van 1 Korinti  rs

Kyk by die behandeling van 1 Korinti  rs 11:2-16 (vgl. 10.7.2 hierbo).

Die eerste lesers van 1 Korinti  rs en hulle w  reld

Kyk by die behandeling van 1 Korinti  rs 11:2-16 (vgl. 10.7.3 hierbo).

Tersaaklike eksegesi van 1 Korinti  rs 14:33-35

Geslag nie bepalend by enige van die dienste	Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.8.4.1a Samevatting van die verklaring 1 Korinti��rs 14:34 en 14:35 verwys na twee onordelike optredes van vroue in die gemeentelike samekoms (aan mekaar verbind met d��� in 14:35). In beide hierdie optredes gaan dit oor die verbod op vroue om vrae in die gemeentelike samekomste aan hulle mans te stel en op so ’n wyse hulle mans se hoofskap nie te erken nie (vgl. 10.4.2). Die verbod van sowel 14:34 as 14:35 word begrond deur die feit dat die vrou haar man se hoofskap moet erken (“aan hom onderdanig moet wees”, 14:34c) en gepaardgaande hiermee ’n bepaalde siening oor ’n	10.8.4.1b Nie in samekomste die leiding neem in gebed en prediking nie Die sogenaamde "swyggebod" van 1 Korinti��rs 14:34 hou duidelik verband met optrede tydens gemeentelike samekomste (1 Kor 14:26). By gemeentelike samekomste word vroue, as gevolg van die onderdanigheid wat hulle aan hulle mans verskuldig is, nie toegelaat om te praat nie, maar moet hulle swyg. Dit beteken dat vroue nie tydens die gemeentelike samekomste as voorgangers van die gemeente mag optree, onder meer deur te bid of te preek nie. ³⁹⁷ Hierdie verklaring, wat wyd in

³⁹⁷ Grosheide, K.V.:176

gedragswyse moet erken (“dit is lelik [αἰσχρόν] vir ’n vrou om in die kerk te praat”, 14:35c). In 14:35c dui αἰσχρόν op skandelik volgens die wet (14:34c).

10.8.4.2a Vrou se optrede wanneer hulle iets te wete wil kom

In 14:26 word die basiese opdrag gegee: “Wanneer julle saamkom en elkeen iets het om by te dra, moet dit tot opbou geskied.” Hierna volg drie stelle voorskrifte: (1) vir die spreek in tale (14:27-28), (2) vir die profete (14:29-33), en (3) vir die vroue (14:34-35). Hierdie verstaan van die gedagteopbou kan soos volg voorgestel word:

Basiese voorskrif vir wanneer die gemeente saamkom

14:26: Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik ’n bydrae om te lewer: ’n psalm, ’n onderwysing, ’n openbaring, ’n ongewone taal of klank, ’n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop

Voorskrif vir die spreek in tale as daar ’n uitlegger is

- * 14:27a: net twee of hoogstens drie moet dit praat
- * 14:27b: elkeen op sy beurt
- * 14:27c: daar moet een wees wat dit uitleg

Voorskrif vir die spreek in tale as daar nie ’n uitlegger is nie

14:28: dan moet dié een wat ongewone tale of klanke gebruik, stilbly ... en net tuis met homself en met God praat

Voorskrifte vir die profete as daar niemand anders is aan wie iets geopenbaar is nie

- * 14:29a: twee of drie kan aan die woord kom
- * 14:29b: die ander moet beoordeel wat hulle sê

Voorskrifte vir die profete as daar iemand anders is aan wie iets geopenbaar is

14:30: Maar as ’n ander een wat daar sit, ’n openbaring ontvang, moet die spreker stilbly

Motivering vir die voorskrifte aan die profete

- * 14:31: Julle kan almal profeteer, maar een vir een, sodat almal daaruit kan leer en almal bemoedig kan word
- * 14:32: ’n Profete het immers beheer oor sy gees
- * 14:33a: God is tog nie ’n God van wanorde nie, maar van orde en vrede

Voorskrifte vir vroue wat wil praat

14:33b-34a: Soos in al die Christelike gemeentes³⁴ moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly

Motivering vir die opdrag om stil te bly

- * 14:34b: want hulle word nie toegelaat om te praat nie; hulle moet onderdanig wees
- * 14:34c: soos die wet ook sê

Voorskrifte vir vroue wat iets te wete wil kom

14:35a: As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra

Motivering waarom hulle tuis hulle eie mans moet vra

- * 14:35b: want dit is lelik vir ’n vrou om in die gemeentelike samekoms te praat

Die wyse waarop Paulus sy opdrag motiveer dat vroue moet swyg, laat blyk dat hy nie maar ’n tydelike of situasiespesifieke reëling tref wat net vir daardie tyd en vir daardie gemeente geld nie. Hy motiveer sy opdrag immers met die woorde “soos die wet sê”.

Die feit dat dit reeds uit 11:5 duidelik is dat vroue wel in die gemeente mag gepraat het (hulle kon immers in die gemeente profeteer en bid), laat blyk

Gereformeerde kringe onderskryf word, hou in dat vroulike lidmate nie in kerklike eredienste die leiding mag neem deur voor te gaan in gebed of prediking nie.

Hierdie verklaring sluit nie die moontlikheid uit dat vroue destyds profesieë van openbarings wat hulle ontvang het, spontaan en nie-amptelik in die samekomste kon uitspreek nie (vgl. 10.7.4.6 hierbo). Dit blyk egter dat die “swyggebod” van 1 Kor 14:34 ook die beoordelings van profesieë behels (vgl. 10.8.4.2b hieronder).

10.8.4.2b Nie profesieë beoordeel nie

Uit 1 Korintiërs 14:29 blyk dit dat elke profesie, wat in amptelike of nie-amptelike hoedanigheid uitgespreek is, in die gemeente beoordeel of getoets moes word of dit getrou is aan die gesonde leer van die apostels of nie. Nie net 14:29 nie, maar ook die daaropvolgende verse (14:30-38) moet gelees word in samehang met die beoordeling van profesieë (vgl. Calvyn, *Kommentaar op 1 Korintiërs*). Die gedagteopbou van hierdie verse kan dan soos volg saamgevat word:

Hierdie verse is deel van ’n ruimer perikoop wat

Basiese opdrag: Die profete se profesieë moet een na die ander beoordeel word

14:29. Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel.

Samehangende opdrag 1: Ook ander profesieë kan toegelaat word

14:30. Maar as daar iets geopenbaar is aan ’n ander wat daar sit, laat die eerste swyg.

Motivering vir die toelating van ander profesieë

14:31. Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word.

Wie die beoordeling van die profesieë moet behartig

14:32. En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe³⁵

Motivering vir die opdrag dat profesieë beurtelings moet plaasvind en beoordeel word

14:33a. want God is nie ’n God van wanorde nie maar van vrede.

Die opdrag geld vir al die gemeentes

14:33b. Soos in al die gemeentes van die heiliges³⁶

Samehangende opdrag 2: Vroue mag nie aan die beoordeling deelneem nie

14:34a. moet ook julle vroue in die gemeente swyg;

Motivering vir die opdrag dat vroue nie aan die beoordeling mag deelneem nie

14:34b. want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie.

Begroning vir die opdrag dat vroue nie (beoordelend) mag spreek nie

14:34c. maar hulle moet onderdanig wees

Motivering vir die opdrag om onderdanig te wees

14:34d. soos die wet ook sê.

Onder watter omstandighede vroue tuis hulle eie mans moet vra

14:35a. Maar as hulle iets wil leer,

Samehangende opdrag 3: Vroue moet tuis hulle mans oor die profesie vra

14:35b. laat hulle tuis hulle eie mans vra.

Motivering vir die opdrag om tuis hulle mans te vra

14:35c. want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.

Motivering waarom die Korintiërs nie anders as ander gemeentes behoort te maak nie

14:36. Of het die Woord net van julle uitgegaan, of tot julle alleen gekom?

Wie die apostoliese leer as Woord van die Here moet erken

14:37a. As iemand meen dat hy ’n profete of geestelike mens is,

Samehangende opdrag 4: Die apostoliese leer moet as Woord van die Here erken word

14:37b. moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevels van die Here is.


Begroning waarom die apostoliese leer by beoordeling erken moet word

14:38. Maar as iemand dit nie erken nie, word hy nie erken nie³⁷.

strek vanaf 14:26 tot 14:40. Die breë gedagte-opbou van die perikoop kan soos volg saamgevat word:

dat die verbod in 14:34 nie kan beteken dat alle vorme van praat in die erediens vir vroue verbode is nie. λαλεῖν in 14:34 verwys dus na 'n spesifieke soort praat.

Dit blyk dat daar 'n noue verbinding is tussen dit wat Paulus in 14:34 en 14:35 sê. Die volgende uiteensetting is 'n voorstelling van die gedagtestruktuur volgens hierdie verstaansmoontlikheid:




In bostaande voorstelling kom die volgende kom na vore:

- Paulus stel in sowel 14:34 as in 14:35 die volgende sake aan die orde: wat vroue se praat in die gemeentelike byeenkoms behels het (A), die onderdanigheid van vroue (B) en die motivering vir die onderdanigheid van vroue (C).
- Wanneer Paulus in 14:35 sê dat dit lelik is vir vroue om in die gemeentelike byeenkoms te praat, dien dit as motivering vir die stelling dat vroue tuis hulle eie mans moet vra (en dus nie in die samekoms nie), maar sluit dit ook baie duidelik aan by die stelling in 14:34 dat vroue nie toegelaat word om te praat nie, maar dat hulle onderdanig moet wees.

Dit blyk dat Paulus nie in 14:34-35 oor twee verskillende sake met betrekking tot vroue se optrede in die erediens handel nie, maar oor een saak: vroue se optrede wanneer hulle iets te wete wil kom. Die praat (vgl. λαλεῖν) waarna Paulus in vers 34 verwys, is die vrae wat vroue tuis moet vra en nie in die byeenkoms nie. Dit blyk ook dat Paulus spesifiek getroude vroue in gedagte gehad het, want hy sê uitdruklik dat as hulle iets te wete wil kom, hulle tuis hulle eie mans moet vra. Die rede waarom hulle tuis hulle eie mans moet vra, word in sowel 14:34 as 14:35 gestel. In 14:34 word gemotiveer dat die wet so sê (καθὼς καὶ ὁ νόμος λέγει). Daar kan aanvaar word dat Paulus met "die wet", soos in 1 Timoteus

SAMEVATTING VAN DIE GOEIE ORDE IN DIE SAMEKOMSTE



Volgens hierdie interpretasie is die perikoop gestruktureer in 'n *inclusio* (ringkomposisie of omarmingspatroon). Die *inclusio* waarin die argument van die perikoop in sy geheel ingebed is, is die opdrag dat die gemeentelike samekomste ordelik en stigtelik moet verloop (vgl. A in die skema hierbo, in 14:26 en 14:40, met die prinsipiële orde-uitspraak in vers 33a as sentrale anker). Die orde sluit dan in orde met betrekking tot glossolalie (vgl. B, in 14:27-28 14:39b) en met betrekking tot profesieë (vgl. C, in 14:29-33a en 14:39a). Wat die orde met betrekking tot die profesieë betref, is die hoofsaak dat profesieë reg beoordeel word (vgl. D). Die beoordeling van profesieë word in 14:29-38 in drie hoofde uiteengesit: (1) almal kan profeteer, maar net sekere mag beoordeel (14:29-33a); (2) die vroue moet by die beoordeling van die profesieë swyg (14:33b-36); (3) die leer van die apostels moet as maatstaf van beoordeling dien omdat dit van die Here af kom (14:37-38).

2:13-14, na Genesis verwys, en spesifiek na die skeppingsvolgorde. In 14:35 sê hy dat dit lelik (αἰσχρόν) is vir 'n vrou om in die kerk te praat. Die eenheid tussen 14:34 en 14:35 dui aan dat αἰσχρόν wys op “skandelik volgens die wet”. Getroude vroue mag nie in die byeenkomste vrae vrae, want wanneer hulle dit doen, is hulle nie onderdanig nie en erken hulle nie hulle mans se hoofskap nie. Die vraag sou wees waarom vroue, as hulle vrae in die byeenkoms sou vra, toon dat hulle nie onderdanig is nie. Hierdie vraag word nie uitdruklik in die teks beantwoord nie. Dit is egter 'n sterk moontlikheid dat die vroue daardeur getoon het dat hulle nie hulle mans se leiding aanvaar nie en daarom die vrae nie by die huis aan hulle mans vrae, maar in die byeenkomste.	
10.8.4.3a Die posisie van vroue Dit blyk uit bostaande dat hier 'n belangrike Skrifbeginsel ter sprake is, naamlik dat getroude vroue ook in die gemeentelike samekomste hulle onderdanigheid aan hulle mans moet toon. Dit moet duidelik wees dat vroue in wat hulle sê (of vra), hulle eie mans se leiding aanvaar. Die vraag of vroue as predikante mag dien, kan nie uit hierdie gedeelte beantwoord word nie. Dit gaan immers nie in die gedeelte oor vroue wat as bedienaars in die gemeentelike byeenkoms die Woord bedien het nie, maar oor vroue wat (as deel van die gemeente) vrae gevra het en met die vrae getoon het dat hulle hulle mans se leiding verwerp. Net soos daar nie uit 1 Korintiërs 11:5 waarvolgens vroue (as deel van die gemeente) in die byeenkoms geprofeteer het, afgelei kan word dat vroue as bedienaars van die Woord mag dien nie, kan daar ook nie uit hierdie gedeelte afgelei word dat vroue wat verbied is om (as lidmate) vrae te vra, daarom nie as bedienaars van die Woord mag dien nie.	10.8.4.3b Die posisie van vroue Uit bostaande is dit duidelik dat die sogenaamde “swyggebod” van 1 Korintiërs 14:34-35 nie in isolasie gelees moet word nie, aangesien dit ten nouste verband hou met die beoordeling van profesieë: in die gemeentelike samekomste mag vroue nie aan die beoordeling van profesieë deelneem nie. As dit by die beoordeling van profesieë kom, moet hulle stilbly. (v) Waarom moet vroue stilbly? Omdat vroue in die erediens 'n toonbeeld van onderdanigheid moet wees (34c: “hulle moet onderdanig wees ...), en omdat die beoordeling van profesieë 'n tipiese regeertaak is (32: “Die geeste van die profete is aan die profete onderworpe ...”). (vi) Waarom moet hulle onderdanig wees? Nie as gevolg van 'n samelewingsgebruik of een of ander tydelike omstandigheid nie, maar omdat “die wet dit sê” (34d). “Die wet” verwys hier soos op baie ander plekke in die Nuwe Testament na die geskrewe Woord van die Here.³⁹⁸ Paulus maak dit dus duidelik dat hier 'n Skrifbeginsel ter sprake is, naamlik dat 'n vrou deur haar optrede niks moet doen wat haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang bring nie (vgl. 1 Kor 11:3-10). Die onderdanigheid van vroue in die kerk dien as toonbeeld van die kerk wat onderdanig is aan haar Hoof, Jesus Christus (vgl. 1 Kor 11:3-4; Ef 5:21-33). (vii) Hoe moet vroue dan maak as hulle vrae oor die profesie het of iets meer daarvoor te wete wil kom? In 14:35b sê Paulus: “... laat hulle tuis hulle eie mans vra.” (viii) Waarom kan hulle dit nie in die samekoms doen nie? Die antwoord is in 14:35c:

³⁹⁸ Hier het Paulus waarskynlik spesifiek Genesis 1-2 in die oog.

	“Want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.” Vir die opdragte in 14:34a en 14:35b word dieselfde begroting gebruik, maar dit word verskillend bewoord. In 14:34 word die opdrag gemotiveer met die woorde “soos die wet sê”, en in 14:35 met “dit is lelik (αἰσχρόν) vir ’n vrou om in die kerk te praat”. Die betekenisnuanses van αἰσχρόν in 14:35 dui, anders as in 11:6, nie net op lelik en skandelik ten opsigte van die (geloofs)gemeenskap en aanvaarde gedragskodes nie, maar dui ook op skandelik in terme van God se wet. Die swyggebod het dus implikasies met ’n horisontale gerigtheid (in terme van die gemeenskap) en implikasies met ’n vertikale gerigtheid (ten opsigte van God se gebod: “soos die wet sê”). Dat die vrou in die gemeentelike samekoms beoordeelend praat, is ’n Skrifgegewe onaanvaarbaarheid. Hoewel die opset van die destydse gemeentelike samekomste beslis verskil het van die hedendaagse eredienste, bring die perikoop ’n baie belangrike beginsel na vore. God het aan vroulike lidmate in die kerk ’n besliste opdrag tot onderdanigheid gegee, naamlik dat sy erkenning moet gee aan die man se hoofskap – waardeur sy getuig van die kerk wat die hoofskap van haar bruidegom, Jesus Christus, erken (vgl. 1 Kor 11:3-7; Ef 5:21-33). Een besondere wyse waarop vroulike lidmate op ’n unieke wyse die hoofskap van hulle mans moes erken, was daarin geleë dat hulle onvoorwaardelik en met oorgawe hulle mans se leiding en oordeel moes aanvaar by die toesig oor die prediking (’n taak wat vandag tiperend is van die regeerdiens van ouderlinge). Die erkenning van haar man se hoofskap het dus daarop neergekom dat sy ook in hierdie opsig nie daarna sou streef om sy posisie as hoof in te neem nie. In vandag se terme gestel: vroue behoort nie deel van die kerkraad (= ouderlinge) te wees nie.
10.8.5a Gevolgtrekking 10.8.5.1a Vroue het in die gemeentelike samekoms van Korinte geprofeteer, gebid, gepraat en in tale gespreek het. Die swyggebod (14:34-35) dui dus nie op ’n algehele stilswye nie, en die λαλεῖν (14:34) verwys na ’n gekwalifiseerde “praat”. 10.8.5.2a Die λαλεῖν (14:34) verwys na die feit dat vroue tydens die gemeentelike samekomste op lelike wyse vroe gevaar het en sodoende hulle mans se hoofskap in gedrang gebring het.	10.8.5b Gevolgtrekking 10.8.5.1b Die verbod op λαλεῖν in 1 Kor 14:34 behels dat vroue nie aan die amptelike beoordeling van profesieë in die gemeentelike byeenkomste mag deelneem nie. Omdat die beoordeling van profesieë met die ouderlinge se toesig oor die gesonde leer verband hou en dus eie aan die regeerdiens is, beteken dit dat vroue in die lig van 1 Korintiërs 14:34 nie in die besondere diens van regering (ouderling) mag funksioneer nie. 10.8.5.2b In die lig van 1 Korintiërs 11:4 lyk dit of die “swyggebod” in 14:34-35 nie op algehele stilswye van vroulike lidmate dui nie, maar wel daarop dui dat hulle nie

	die Woord in gemeentelike byeenkomste amptelik mag bedien nie. Op sigself gee 1 Korintiërs 14:34-35 nie duidelike blyke hiervan nie, maar in die lig van ander duideliker Skrifdele soos 1 Tim 2:8-15 word dit duidelik dat dit wel so verstaan moet word. 10.8.5.3b Die verbod in 1 Korintiërs 14 het spesifiek betrekking op die regeerdiens en raak ook die besondere diens van predikant maar kan nie op die besondere diens van die diaken van toepassing gemaak word nie.
10.8.6a Toepassing op geslag in die besondere dienste Die perikoop 1 Korintiërs 14:26-40 bied geen beletsel op vroue om in besondere dienste te funksioneer nie. Die voorwaarde is egter dat hulle dit só moet doen dat dit steeds duidelik is dat hulle hulle mans se hoofskap oor hulle erken en dat hulle nie hulle mans se leiding bevraagteken nie.	10.8.6b Toepassing op geslag in die besondere dienste Vroue mag in die lig van 1 Korintiërs 14 nie in die besondere diens van regering (ouderling) dien nie. Die verbod in 1 Korintiërs 14 het spesifiek betrekking op die regeerdiens en raak ook die besondere diens van predikant maar kan nie op die besondere diens van die diaken van toepassing gemaak word nie.

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Timoteus 2:8-15

Die ontstaan van 1 Timoteus

Timoteus is deur Paulus in Efese agtergelaat om toesig te hou oor die leer wat verkondig word (1 Tim 1:3-4; 4:6) en om self as voorganger van die gemeente die goeie leer te verkondig (4:13-16). Omdat Timoteus egter jonk en onervare was (4:12), skryf die apostel Paulus hierdie brief om daardeur die jong bedienaar van advies te bedien (5:1-25), te bemoedig (4:14-16) en pastoraal te begelci (4:6). Die direkte aanleiding tot die skrywe van 1 Timoteus was waarskynlik dat sekere mense die gelowiges in Efese met hulle dwaalleer³⁹⁹ verwar het. Paulus se doel met die brief is nie om die dwaalleer as sodanig te weerlê nie, maar om aan Timoteus as voorganger van die gemeente die nodige advies te gee sodat hy saam met die gemeente die dwaalleer die hoof kan bied. Hierdie advies is dat die gemeente deeglik en ordelik ingerig moet word sodat hulle as “huisgesin van God” ’n “pilaar en grondslag van die waarheid” kan wees (1 Tim 3:15). Dan sal hulle self die gesonde leer kan handhaaf, ook wanneer hulle met die dwaalleer gekonfronteer word (Moo 1991:177; Schreiner 2005:87-88).

Die argument van 1 Timoteus

Die gedagte-eenhede in die brief wissel mekaar op so ’n wyse af dat sowel die aanleiding (dwaalleer) as die doel (ordelike kerklike inrigting) duidelik sigbaar is.

1:1-2 Aanhef

1:3-20 Die opdrag/oordrag van die bediening

1:3-7 **Dwaalleer** te midde waarvan die evangelie bedien moet word

1:8-19a Opdrag om *die evangelie as betroubare woord te bedien*
:8-17 Paulus het as apostel hierdie bediening ontvang

³⁹⁹ Dieselfde dwaalleer was waarskynlik ter sprake by die skryf van al drie die Pastorale Briewe. Die dwaalleraars was lidmate van die gemeente en het baie stryery en verdeeldheid veroorsaak (Hand 20:30; 1 Tim 1:19-20; Tit 3:10). Die dwaalleer het ’n sterk Joodse inslag gehad en die ondersteuners daarvan was “bekeerlinge uit die Jodendom” (Tit 1:10). Verder word van hulle gesê dat hulle “leermeesters in die wet [wil] wees” (1 Tim 1:7; Tit 3:9) en voortdurend besig is met verdigsels en ondersoeke na geslagsregisters (1 Tim 1:4; 4:7; Tit 3:9). Terselfdertyd is daar aanduidings dat die dwaalleraars, soos sekere filosowe van daardie tyd (met name die Sinici), ’n bepaalde vorm van wêreldontvlugting geleer het. Hulle verbied ook byvoorbeeld die huwelik en die eet van sekere kosse (1 Tim 4:3; Tit 1:14-15). Die dwaalleraars het hulle soos hierdie filosowe ook beroem op hoë kennis (1 Tim 6:20) en wou as leermeesters geld verdien deur hierdie kennis te verkoop (1 Tim 6:3-5).

		:18-19a Paulus vertrou hierdie bediening aan Timoteus toe Himeneus en Aleksander het afgedwaal van die gesonde leer	
2:1-3:16	Voorskrifte vir ordelike kerklike inrigting		}
2:1-15	Optrede van die gemeente as geheel		
3:1-13	Vereistes vir ouderlinge en diakens		
3:14-16	Samevatting (hoofdoel van die brief): ⁴⁰⁰ <i>Die gemeente moet funksioneer as huisgesin van God</i>		
4:1-6:19	Voorskrifte oor hoe om as goeie herder en leraar te dien		
4:1-5	Dwaalleer wat met die gesonde leer bestry moet word		}
4:6-16	Voorskrifte oor die <i>verkondiging van die gesonde leer</i>		
5:1-6:2	Voorskrifte oor die <i>pastorale hantering van verskillende groepe</i> in die kerk		
6:3-5	Die dwaasheid van dwaalleer		
6:6-19	Vermyn en bestry hebsug		
6:20-21	Briefslot		

Die argument van die brief kan dus soos volg saamgevat word: As antwoord op die dwaalleer moet die gesonde leer van die evangelie as betroubare woord bedien word. Hierdie bediening het Timoteus as opdrag ontvang (1:3-20) en moet hy ook uitvoer (4:1-6:19). Kortom: Timoteus moet bloot sy taak as herder en leraar na behore nakom. Die eintlike belangrike saak is egter dat die hele gemeente teen dwaalleer moet kan vasstaan (as pilaar en grondslag van die waarheid). Hoe kan dit bereik word? Deurdat die gemeente ordelik ingerig word en funksioneer as die huisgesin van God (2:1 – 3:16).

Die eerste leser van 1 Timoteus en sy wêreld

Timoteus was een van Paulus se getrouste metgeselle. Nadat Paulus en Timoteus 'n tyd lank saam in Efese gewerk het, het Paulus hom as voltydse bedienaar van die Woord daar laat bly en na Masedonië vertrek. Paulus het met sy vertrek reeds vermoed dat dwaalleer in die gemeente sou ontstaan (Hand 20:29-30) en uit 1 Timoteus blyk dat sy vrese bewaarheid is. Hy moedig Timoteus aan om die dwaalleer te stuit (1:3b) en te sorg dat almal hulle só gedra dat die gemeente aan sy doel beantwoord (3:15).

Min inligting is beskikbaar oor die ontstaanstyd en plek vanwaar Paulus die eerste brief aan Timoteus skryf. As aanvaar word dat Paulus die skrywer van 1 Timoteus is, is dit waarskynlik dat Paulus die brief geskryf het nadat hy ná sy eerste gevangenskap in Rome vrygelaat is. Dan is 62-64 nC die waarskynlike ontstaanstyd. Paulus spreek wel die hoop uit om binnekort weer in Efese te wees (3:14), maar sê nie waar hy hom bevind nie.

Timoteus werk as voltydse bedienaar van die Woord in Efese.⁴⁰¹

Die verskillende groepe wat in 1 Timoteus genoem word, is 'n bewys dat die gemeente die normale samestelling van die Efesiërgemeenskap gehad het.⁴⁰² Die gelowiges van Efese was waarskynlik 'n baie geslote groep, hoofsaaklik Joodse Christene, wat in dié Hellenistiese stad gewoon het.

Timoteus werk onder moeilike omstandighede onder die Efesiërs. Hy is jonk (4:12) en kry ook met dwaalleer te doen (1:3). Deur die gesonde leer te verkondig en uit te leef moet Timoteus die dwaalleer beveg en sorg dat die gemeente aan sy Godgegewe doel beantwoord.

Tersaaklike eksegetiese van 1 Timoteus 2:8-15

Geslag nie bepalend by	Vrou slegs in diakendiens
------------------------	---------------------------

⁴⁰⁰ Moo (1991:177) is van oordeel dat die woorde "... hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God" (3:15) die hoofdoel van die brief stel.

⁴⁰¹ Efese was 'n belangrike hawestad op die hoofroete tussen die Ooste en Rome. Dit was een van die vyf belangrikste stede in die Romeinse ryk. Opgrawings het 'n groot stad met 'n teater, openbare geboue, 'n markplein en 'n verskeidenheid tempels, waaronder 'n tempel vir Artemis, die beskermgod van Efese, blootgelê. Paulus het Efese vir die eerste keer tydens sy tweede sendingreis besoek (Hand 18:19-21). Tydens sy derde sendingreis het hy vir byna drie jaar daar gewerk (Hand 19-20). 'n Sterk gemeente het sodoende in die stad ontstaan.

⁴⁰² Bauch (2005) toon vanuit 'n deeglike studie van kontemporêre bronne aan dat Efese oorwegend Grieks van aard was met 'n redelike mate van Romeinse invloed. Hy weerlê bewerings dat die gemeenskap in Efese blootgestel was aan 'n sterk "feministiese beweging" en dat Paulus daarom in reaksie daarteen vroue in die gemeente verbied om oor hulle mans te αὐθενεῖν (vgl. Gritz 1991:308). "There is no reason to suspect that the Christian women in Ephesus would regard Paul's exhortation to modesty and humility as unusual or necessarily unpalatable" (Bauch 2005:36).

enige van die dienste	
10.9.4.1a Onderdanigheid, hoofskap en begroting Dit is duidelik dat daar van die vrou verwag word om onderdanig te wees en sodoende die man se hoofskap te erken (soos reeds gedefinieer by Ef 5). Hierdie opdrag word, soos by 1 Korintiërs 11 en 14, gemotiveer in die lig van die skeppingsorde (1 Tim 2:13) en die sondeval (1 Tim 2:14). Daar is egter verskil van mening of dit in 1 Timoteus 2:8-15 gaan oor voorskrifte vir die optrede van die man en die vrou by gesamentlike byeenkomste, en of dit gaan oor voorskrifte vir hulle optrede in die huwelik (Breed 2006a:247-263; Breed 2006b:453-464; Breed 2006c:597-616). Die <i>crux</i> vir die verstaansverskil kan gereduseer word tot die volgende vrae: • Hoe moet “elke plek” (ἐν παντί τόπῳ, 2:8) verstaan word? • Gaan dit oor die mans se gebede in die gesamentlike byeenkomste, of oor hulle persoonlike gebede? • Gaan dit oor vroue se gedrag in die erediens, in die huwelik, of in die samelewing? • Is die begroting in 2:13-14 gerig op gedrag binne gesamentlike byeenkomste of gedrag spesifiek binne die huwelik? • Verwys “huishouding van God” (οἰκὸς θεοῦ) in die doel van die skrywe (3:15) na die lewe van die gemeente, onder andere die gesamentlike byeenkomste van die gemeente, of onder andere ook spesifiek die huwelik?	10.9.4.1b Inleiding In 1 Timoteus gee Paulus pastorale advies aan Timoteus as voorganger van die gemeente in Efese oor hoe die kerk as “huisgesin van God” (3:15) moet funksioneer. In 1 Tim 2 wys Paulus daarop dat die gemeente die gestalte moet aanneem van ’n biddende kerk. In 2:1-7 toon hy aan dat die gemeente se gebede tot welwese van die hele samelewing moet dien, veral dat hulle gebede uiteindelik daartoe moet lei dat almal die evangelie sal hoor en sodoende “tot kennis van die waarheid” (2:4) mag kom. In 2:8-15 handel hy dan oor die gelowiges – manlik en vroulik – se optrede tydens gemeentelike samekomste.
10.9.4.2a Opsomming van die verklaring In 1 Timoteus 2:8-15 gee Paulus voorskrifte oor hoe gelowige mans en vroue hulle as deel van God se huishouding (3:15) in die huwelik moet gedra, sodat ongelowiges tot kennis van die waarheid sal kom (2:4; vgl. ook 3:15c). In die konteks van die verwoesting wat die dwaalleer ten opsigte van die huwelik veroorsaak het (4:3), gee Paulus eers die mans opdrag oor hoe hulle hulle in die huwelik moet gedra (“heilige	10.9.4.2b Optrede in gemeentelike samekomste In 1 Timoteus 2:8-15 gee Paulus ’n aanduiding van hoe die gemeente se optrede “op elke plek” ordelik ingerig moet word. Hierdie “op elke plek” word in vers 8 self gekwalifiseer as elke plek waar gebed word. Dit sou dus dui op alle geleenthede waar die gemeente saamkom om te bid en te aanbid (Douma). In hedendaagse terme: by elke erediens. Eers verwys die teks na die manne se optrede by hierdie samekomste (2:8), en daarna die vroue se optrede (2:9-15). Van sowel mans as vroue word gepaste optrede by sulke geleenthede vereis⁴⁰³.

⁴⁰³ Die gepaste optrede is natuurlik nie tot die samekomste van die gemeente beperk nie, aangesien sulke optrede, blykens 2:10, goeie werke insluit. Gelowiges se goeie werke word tog sigbaar in die daaglikse handel en wandel. Ook 2:15 bevestig dat, hoewel hierdie perikoop sy begin by die gemeentelike samekomste het, die

hande” is ’n voorwaarde vir gebed) (2:8). Daarna gee hy aan die vrou opdrag oor hoe hulle hulle in die huwelik moet gedra (2:9-11). Hierdie voorskrifte begrond hy in die skepping- en sondevalgeskiedenis (2:13-15).	
10.9.4.3a Die tema en doel van die brief Paulus wil dat die gelowiges, as mense wat deel is van God se huishouding (3:15), die suiwer leer sal beskerm en dit deur hulle leefwyse verkondig. Paulus stel hom dit ten doel dat die gelowiges in Efese se leefwyse met die suiwer leer sal ooreenstem. Paulus wil voorkom dat Timoteus of die ander gelowiges in Efese deur slegte rentmeesterskap die suiwer leer by die ongelowiges in onguns sal bring. 1 Timoteus 2 maak deel uit van 2:1-6:2a (vgl. 10.9.2); die opbou van 2:1 – 6:2a is die volgende:	10.9.4.3b Vrou se onderdanigheid toonbeeld van die man se hoofskap Wat die vrou betref, word stel 1 Timoteus 2:11-12 duidelik dat die vrou in alle onderdanigheid haar in stilte moet laat leer, nie onderrig mag gee nie en nie oor die man moet heers nie. Dit is belangrik om te bepaal hoe die verbod om onderrig te gee (διδάσκειν) in vers 12 en die verbod om gesag uit te oefen (αὐθεντεῖν) met mekaar saamhang. Dit is duidelik dat Paulus in verse 11-12 oor onderrig handel. Vroue moet op ’n sekere manier (in stilte en onderdanigheid) onderrig ontvang (μανθανέτω) en hulle word verbied om te leer (διδάσκειν). Dit sou vreemd wees as Paulus, terwyl hy oor onderrig (μανθανέτω en διδάσκειν) handel, buite hierdie konteks in hierdie verse oor “gesag uitoefen” sou handel. Die semi-chiastiese (oorkruis-) patroon in die verse, soos hier onder uiteengesit, dui ook duidelik aan dat die gesaguitoefen (αὐθεντεῖν) en die onderrig gee (διδάσκειν) met mekaar saamhang.
2:1-15 Gedrag van gelowiges 3:1-13 Vereistes vir ouderlinge en diakens 3:14-16 Die doel van die brief: die Gedrag van God se huisgesin 4:1-14 Die leer en gedrag van die vals leraars 5:1-6:2a Gedrag van verskillende groepe binne die kerk Dit is nodig om die gedagtestruktuur van 1 Timoteus 2 behoorlik te ondersoek alvorens enige afleidings gemaak word oor die betekenis daarvan vir die verstaan van 1 Timoteus 2:8-15. Die vals leraars het hulle in die verkondiging van hulle leer op die Ou Testament beroep (1:7), en het waarskynlik die uitdra van die evangelie aan alle mense teëgestaan. In 2:1-7 maak Paulus duidelik dat die gelowiges in Efese in ooreenstemming met God se wil optree wanneer hulle aan elke mens die “waarheid” verkondig. Hy noem God ’n Verlosser (2:3). Hy sê God wil dat <i>alle mense</i> gered word en tot die kennis van die waarheid kom (2:4). Ook in 2:5 beklemtoon hy die redding van ongelowiges wanneer hy sê dat daar <i>een</i> God is.⁴⁰⁴ Die enigheid van	In die eerste b-c patroon word die onderrig (μανθανέτω) wat ontvang word nader omskryf deur “in alle onderdanigheid” (ἐν πάσῃ ὑποταγῇ). In die tweede b-c patroon word die onderrig (διδάσκειν) wat gegee word ook nader omskryf deur “nie gesagsposisie inneem nie” (οὐδὲ αὐθεντεῖν, c). Dit blyk dus dat Paulus met die woorde οὐδὲ αὐθεντεῖν ἀνδρός beskryf wat vroue sal doen as hulle in die samekoms van die gemeente sou onderrig gee, naamlik dat hulle oor mans sou gesag uitoefen. Dit is daarom duidelik dat Paulus in 1 Timoteus 2 nie ’n algehele verbod plaas op gesaguitoefening deur vroue in die besondere ampte nie. Vroue word in hierdie gedeelte spesifiek verbied om gesag uit te oefen deur die verkondiging van die Woord.

ordelike optrede wat daarin geleer word beslis ook vir die lewe van gelowiges in die algemeen geld. Die algemene optrede van gelowiges behoort dus ooreen te stem met hulle optrede wat by die erediens pas.

Ridderbos (1979:338) toon aan dat die woorde εἰς γὰρ θεός in vers 5 ooreenkomste toon met die Joodse Shema (vgl. die woorde

Shema (vgl. die WOOD

God bevestig vir Paulus die feit dat die evangelie nie net vir sekere mense bedoel is nie, maar vir almal (vgl. Ridderbos 1979:339). Hierby voeg Paulus ook nog die feit dat daar maar een Middelaar tussen God en die mense is: die mens Jesus Christus. Verder beklemtoon hy daarmee die noodsaak dat die waarheid aan alle mense verkondig moet word. Paulus vermeld ook spesifiek in 2:6 dat hierdie Middelaar Homself as losprys vir <i>almal</i> gegee het. Ook in 2:7 gee die skrywer 'n motivering waarom die evangelie aan ongelowiges verkondig moet word. Hy beklemtoon spesifiek dat hy 'n leraar van die heidene is en dat hy daartoe aangestel is. As die gelowiges dus die evangelie aan heidene verkondig, tree hulle op in ooreenstemming met die opdrag wat Paulus van God ontvang het. Hierbo is beredeneer dat die lewe van gelowiges 'n belangrike plek in die doel van die brief inneem. Paulus wil dat gelowiges die ongelowiges tot geloof moet roep deur 'n lewe wat ooreenstem met die suiwer geloof. Dit blyk dat Paulus hierdie lewenswyse in 1 Timoteus 2 uitdruklik aan die orde stel. In 2:1-3 gee hy 'n opdrag dat voorbidding gedoen word vir alle mense, vir konings en almal wat hooggeplaas is. Die doel van hierdie voorbidding is dat die gelowiges 'n rustige en stil lewe sal lei. Hierdie "rustige en stil lewe" dui nie op die gelowiges se innerlike gesteldheid nie (Mounce 2000:82). Dit gaan vir Paulus, soos in 1 Tessaloniense 4:11, oor 'n lewe waarin die gelowiges nie in konflik met ander mense staan nie. Paulus beskryf hierdie rustige en stil lewe verder met die woorde <i>εὐσεβείᾳ</i> en <i>σεμνότητι</i>. Met <i>εὐσεβείᾳ</i> verwys hy na 'n lewe van toewyding aan God waarin die mens aan God se wil gehoorsaam is (Louw & Nida, 1988a:531). <i>Σεμνότητι</i> wys op gepaste gedrag wat waardig is en wat respek by ander mense afdwing (Louw & Nida 1988a:747-748). Wanneer die gelowiges dus die geleentheid ontvang om 'n lewe	In verse 13-15 word hierdie opdrag gemotiveer vanuit die skeppingsorde⁴⁰⁶ en die sondeval⁴⁰⁷. Hierin vertoon 1 Tim 2:11-12 'n opvallende ooreenkoms met 1 Kor 14:34-35. • In beide gedeeltes stel die Here deur die apostel Paulus die orde wat Hy wil hê daar moet wees wanneer sy gemeente rondom Woord en gebed saamkom. • In beide gedeeltes ontvang vroue die besondere opdrag om hulle in stilte te laat leer en om nie self die woord te neem nie. In beide gedeeltes word die opdrag gemotiveer, nie uit samelewingsgebruike of uit persoonlike voorkeure van die apostel nie, maar uit die Ou Testament. • In 1 Tim 2 word die openbaringshistoriese lyn gevolg terug tot by die skepping: "<i>Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva</i>". Die optrede van vroue word gevolglik bepaal deur die spesifieke skeppings(volg-)orde wat God aan die begin gegee het, dieselfde skeppings(volg-)orde wat volgens 1 Kor 11 die grond vir die man se hoofskap oor die vrou is. In die gemeentelike samekomste en gemeentelike lewe oor die algemeen moet vroue hulle dus in lyn met die skeppings(volg-)orde in stilswye laat leer as toonbeeld van die kerk wat uit eerbied aan haar Hoof Christus, stilswyend na sy woorde luister. • 1 Tim 2:14 trek die openbaringshistoriese lyn deur na die sondeval: "<i>Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.</i>" Binne die konteks gaan dit duidelik nie in hierdie vers oor wie by die sondeval die eintlike skuldige was (Adam of Eva) nie, maar oor wie by die sondeval die leiding geneem het. Adam, wat as hoof die leiding moes neem, het die leiding aan Eva oorgelaat en haar in die sondeval gevolg. Albei het ewe veel gesondig en was ewe skuldig⁴⁰⁸. Die punt is: man en vrou moet die besondere plek wat God aan elkeen toegeken het, eerbiedig. Hierdie punt pas Paulus toe op die swyggebod vir vroue. Hieruit volg dat vroue, vanweë die besondere posisie wat aan hulle in onderskeid van mans gegee is, nie enige posisie behoort in te neem waarin hulle in die gemeentesamekoms preek of leiding gee deur die formele verkondiging van die Woord nie. Kortom beteken dit dat hulle nie in die gemeente as ouderlinge of lerende ouderlinge (Woordbedienaars) mag dien nie. Dit is duidelik dat die opdragte in 1 Timoteus 2
---	--

in Deut 6:4). Die Joodse Shema wys enersyds op die eenheid van God, maar ook op sy enigheid (Vriezen 1977:350-356).

⁴⁰⁶ Soos in 1 Korintiërs 11.

⁴⁰⁷ Hiermee is 1 Tim 2 dié plek in die Nuwe Testament wat die duidelikste voortbou op die skeppingsmatige verbondsrelasie tussen man en vrou (soos dit in 3.3 hierbo uiteengesit is).

⁴⁰⁸ Vgl. 3.3.3 hierbo.

sonder konflik (rustig en stil) te lei, moet dit nie vir eie gemak gebruik word nie. Gelowiges moet die geleentheid gebruik om so te leef dat hulle lewe toon dat hulle aan God toegewy is en hulle sodoende respek by ander afdwing. Wanneer Paulus dan sy opdrag tot 'n lewe van toewyding in 2:3-4 motiveer met die woorde “want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser wat wil hê dat alle mense gered word en tot die kennis van die waarheid kom”, word dit duidelik waarom hierdie lewe van godsvrug en waardigheid gaan. Deur 'n lewe van godsvrug en waardigheid te lei, tree gelowiges op in ooreenstemming met God se wil dat alle mense gered word. Deur hulle lewenswandel verkondig gelowiges die waarheid en kan mense “tot die kennis van die waarheid kom” (De Kruijf 1966:36). Paulus stel 'n lewe van godsvrug en waardigheid in 2:8 aan die orde. Hy wil volgens 2:8 dat mans “heilige hande” moet ophef en dat hulle vry moet wees van “toorn of twis”. Die heilige hande verwys na hande wat gereinig is van sondige dade (vgl. Eks 30:17-21, Jak 4:8, en 1 Pet 3:7). Met die woorde “toorn en twis” wys Paulus waarskynlik op die sondige dade waarvan mans se hande gereinig moet wees. Die mans se hande moet “heilig” wees deurdat hulle nie toornig bly en in twis lewe nie. Paulus handel ook in 2:9-12 oor 'n godvrugtige en waardige lewe. Hy beklemtoon in 2:10 dat vroue hulle so moet versier dat dit getuig van hulle geloof en verhouding met God.⁴⁰⁵ In 2:10 beklemtoon Paulus ook vroue se verantwoordelikheid tot goeie werke (ἐργων ἀγαθῶν). Daar kan afgelei word dat Paulus ook, wanneer hy van vroue eis dat hulle hulle sal laat leer en nie aan mans onderrig sal gee of oor die man heers nie (2:11-15), die mikpunt van 'n godvrugtige en waardige lewe aan die orde stel. Uit die voorafgaande kan die volgende afleidings gemaak word: Die leefstyl van gelowiges staan in 1 Timoteus 2 op die voorgrond. Deur hulle leefstyl moet gelowiges, in ooreenstemming met God se wil, ongelowiges tot die kennis van die waarheid lei (2:1-7). In 2:8-15 laat Paulus blyk hoe die leefstyl van gelowige	aangaande die vrou in die erediens betrekking het op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie en dus ook nie op die bediening van Christus se gesag op die terrein van barmhartigheid nie.
--	---

⁴⁰⁵ Vgl. Louw & Nida (1988a:539) vir die betekenis waarvoor die woord θεοσέβειαν in 2:9 gebruik word.

mans en vroue wat aan heidene die waarheid verkondig, daar uitsien Die volgende uiteensetting van die gedagtestruktuur van 1 Timoteus 2 is 'n samevatting van bostaande verklaring: 2:1-2 'n Opdrag tot voorbidding sodat gelowiges 'n rustige en stil lewe van godsvrug en waardigheid sal lei. 2:3-7 'n Motivering waarom gelowiges 'n lewe van godsvrug en waardigheid moet lei, naamlik dat dit moet lei tot die redding van mense. God is 'n Verlosser (2:3). • God wil dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom (2:4) • Daar is maar een God en Middelaar deur wie mense gered kan word (2:5) • Christus het Homself gegee as losprys vir almal (2:6) • Wie sy lewe rig op die redding van sondaars, tree op in ooreenstemming met Paulus se roeping (2:7). 2:8 Die godvrugtige en waardige optrede van mans wat, in ooreenstemming met God se wil, mense sal lei tot redding en kennis van die waarheid. 2:9-15 Die godvrugtige en waardige optrede van vroue wat, in ooreenstemming met God se wil, mense sal lei tot redding en kennis van die waarheid. Omdat Paulus in Hoofstuk 2 oor die waardige optrede van mans en vroue handel – optrede wat tot redding van mense en tot kennis van die waarheid moet lei – is dit meer waarskynlik dat hy in 1 Timoteus 2:8-15 oor die gedrag van mans en vroue in die huwelik handel as oor hulle optrede in die erediens. Mans en vroue se optrede in die erediens was immers net by uitsondering vir die ongelowiges sigbaar, met ander woorde slegs wanneer ongelowiges die erediens sou besoek.	
10.9.4.4a Die huwelik in 1 Timoteus Paulus skenk in 1 Timoteus 2 uitdruklik aandag aan die huwelik. Hy is besorg oor die huwelike van voorgangers, te wete die huwelike van die opsieners (3:2) en die	

diakens (3:12) en die situasie van weduwees (5:9). Hy beklemtoon dat jong weduwees moet trou, kinders hê en hulle huise bestuur (5:14). Sy erns met die huwelik, veral sy erns met die huwelike van voorgangers, laat blyk dat die verkondiging van die vals leraars dat mense nie moet trou nie, (vgl. 4:3) een of ander probleem met betrekking tot die huwelik in die gemeente veroorsaak het.

Die huwelike van voorgangers

Paulus sê dat sowel 'n opsiener as 'n diaken 'n man van een vrou (μιᾷς γυναικὸς ἄνδρα) moet wees. 'n Weduwee wat "op 'n lys geplaas" word, moes die vrou van een man (ἐνὸς ἀνδρὸς γυνή) gewees het.

Die feit dat Paulus in 5:14 aanbeveel dat jong weduwees weer trou, dui daarop dat hy hertrou nie beoordeel as in stryd met God se wil nie. Daar kan daarom aanvaar word dat hy nie sou vereis dat iemand net een keer getroud moes wees om 'n voorganger te wees nie.

Saam met verskeie eksegete⁴⁰⁹ word aanvaar dat Paulus met die woorde μιᾷς γυναικὸς ἄνδρα verwys na die huwelikstrou van die betrokke voorgangers. Paulus verwys dus in 3:2 en 3:12 met μιᾷς γυναικὸς ἄνδρα na die huwelikstrou van die voorgangers. Hiermee stel hy 'n *morele vereiste* vir die voorgangers en kom dit ooreen met die ander vereistes vir opsieners en diakens in 1 Timoteus 3, wat ook almal morele vereistes is. In die lig van die lae aansien wat die huwelik by die vals leraars gehad het, is die vereiste van huwelikstrou 'n duidelike korrektief op hierdie beskouing. Paulus het dus met die woorde μιᾷς γυναικὸς ἄνδρα en ἐνὸς ἀνδρὸς γυνή die huwelikstrou van voorgangers in gedagte. Hy wil dat voorgangers in die kerk mense moet wees wat deur hulle huwelikstrou aan almal toon dat hulle – anders as die vals leraars – die huwelik hoog ag.

Die hertrou van jong weduwees

In die lig van die doel van 1 Timoteus soos hierbo uiteengesit is, val dit op dat Paulus, wanneer hy oor die huwelike van jong weduwees handel, die huwelik as getuieis aan ongelowiges voorhou. Nadat Paulus in 5:14 duidelik gemaak het dat hy wil hê dat

⁴⁰⁹ Waaronder Holmes (2000:148-149); Okorie (1988:159-166); Ridderbos (1967:90).

jong weduwees moet trou, kinders in die wêreld bring en hulle huise bestuur, motiveer hy waarom dit van hulle verwag word. Hy sê hulle moenie die Teëstaander⁴¹⁰ aanleiding gee om kwaad te praat nie. Hy skets in 5:11-13 die gedrag van die weduwees wat die Teëstaander wel aanleiding sal gee om kwaad te praat. As weduwees aan hulle liggaamlike begeertes (κατασπρηνιάσωσιν) toegee, met ongelowiges trou en hulle geloof in Christus verloën,⁴¹¹ sou hulle die Teëstaander aanleiding gee om kwaad te praat. Ongelowiges sou onder die leiding van Satan rede hê om sleg te praat van die kerk. Wanneer 'n gelowige weduwee egter (met 'n <i>gelowige</i> man) trou, kinders in die wêreld bring en haar huis bestuur, sou daar nie geleentheid vir ongelowiges wees om onder leiding van Satan kwaad te praat van die kerk nie. Die huwelik van hierdie weduwees dien dan eerder as getuienis aan ongelowiges. 'n Weerlegging van die vals leer aangaande die huwelik Baie afleidings kan op grond van 1 Timoteus gemaak word oor watter vals leer Paulus in sy brief aan Timoteus bestry. Daar word egter slegs in 4:3 uitdruklik gesê wat die inhoud van die vals leer is. Die leraars het volgens hierdie vers op spesifieke gedragsreëls aangaande die eet van kos en die huwelik aangedring. Hulle het mense naamlik <i>verbied</i> om te trou en hulle beveel om hulle van sekere kossoorte te weerhou. Hoewel Paulus in die gedeeltes waarin hy na die huwelik verwys, wel aandag gee aan die huwelik van voorgangers en die hertrou van jong weduwees, val dit op dat hy in dié gedeeltes nie uitdruklike voorskrifte vir die huwelik aan Timoteus gee nie. Paulus stel dus nie in dié gedeeltes die ware leer aangaande die huwelik teenoor die vals leer wat verkondig is nie. Indien 2:8-15 ook nie oor die huwelik sou handel nie, sou daar in die brief geen gesistematiseerde teenvoeter teen die leer van die vals leraars aangaande die huwelik wees nie. Samevatting Die vals leraars se verkondiging aangaande	
---	--

⁴¹⁰ Mounce (2000:296) toon oortuigend aan dat Paulus met τῷ ὑπτικειμένῳ na Satan verwys (vgl. ook 1 Timoteus 3 waar Paulus duidelik maak dat Satan aktief in die kerk werksaam is).

⁴¹¹ Vgl. Mounce (2000:289-292) vir 'n volledige motivering van hierdie interpretasie van 1 Timoteus 5:11-15.

die huwelik het in die kerk van Efese probleme veroorsaak wat verband gehou het met die aansien wat die huwelik by die gelowiges geniet het. Die vals leraars het mense naamlik verbied om te trou – 'n verbod wat daartoe kon lei dat gelowiges die huwelik nie na waarde ag nie. As Paulus huwelikstrou in 1 Timoteus as vereiste vir voorgangers stel, moet dit gesien word teen die agtergrond van die vals leer aangaande die huwelik wat in Efese verkondig is. Paulus maak ook in sy opdragte aan die jong weduwees duidelik dat die huwelik 'n belangrike getuigenis na buite is. As jong weduwees trou, kinders in die wêreld bring en hulle huise bestuur, gee hulle daarmee nie geleentheid aan Satan om die kerk in 'n slegte lig te stel nie. Die perikoop 1 Timoteus 2:8-15 is dan volgens hierdie verstaansmoontlikheid Paulus se gesistematiseerde teenvoeter teen die vals huweliksleer van die dwaalleraars.	
10.9.4.5a Ἐν παντὶ τόπῳ (2:8) Die frase Ἐν παντὶ τόπῳ kan in Afrikaans vertaal word as “op elke plek”. Die 1983-Vertaling laat blyk dat τόπῳ verstaan word as “plek van samekoms”. Die 1983-Vertaling maak in 2:11 'n invoeging uit dieselfde semantiese veld. In 2:11a staan: Γυνὴ ἔν ἡσυχίᾳ μαθητεύτω (“n vrou moet haar in stilte laat leer”). Om hierdie frase weer te gee met “n vrou moet in die erediens haar laat leer”, laat blyk dat die hele perikoop 2:8-15 (soos in die 1983-Vertaling) verstaan word as voorskrifte vir die erediens. Ten spyte van die feit dat hierdie interpretasie wyd aanvaar word, is daar nie grond uit die perikoop self om die voorskrifte te beskou as spesifiek en uitsluitlik gerig op erediensgedrag nie. Dat dit die geval is blyk duidelik uit 'n brongerigte vertaling (soos die 1933/53-Vertaling) van 1 Timoteus 2:8-15. In die 1933/53-Vertaling staan daar bv: “Ek wil dan hê dat die manne op elke plek moet bid en heilige hande ophef sonder toorn en twis” (1 Tim 2:8). Τόπος in die frase Ἐν παντὶ τόπῳ kan ook verstaan word as “in elke opsig”. Louw & Nida (1988a:513) toon aan dat die woord ook in die semantiese veld <i>doen</i> gebruik kan word en wel vir die betekenis “n rol wat aktiwiteit en verantwoordelikheid inhou”, met verwysing na Handeling 1:25	

ἐν παντὶ τόπῳ. Hy wil dat mans al hulle verantwoordelikhede⁴¹² in die huwelik nakom. Voordat hulle bid, moet hulle sorg dat daar nie toorn en twis ten opsigte van enige van hulle verantwoordelikhede in die huwelik voorkom nie.	
10.9.4.7a Die opdrag aan die vroue in 2:9-12 Paulus gee in 2:9-12 eerstens opdragte ten opsigte van versiering (2:9-10); tweedens gee hy opdragte aangaande leer, onderrig en gesaguitoefening (2:11-12). Albei hierdie stelle opdragte is gerig op die vroue se gedrag binne die huwelik. • Versiering: Verskeie navorsers⁴¹³ wys daarop dat sowel αἰδοῦς as σωφοσύνης (2:9) met die seksuele verband kan hou. Αἰδοῦς kan op terughoudendheid ten opsigte van seksuele sake wys en σωφοσύνης op selfbeheersing op seksuele gebied. Dit blyk dat Paulus, soos Petrus (1 Pet 3:3-4), spesifiek vir getroude vroue voorskrifte gee om hulle nie seksueel uitlokkend te “versier” nie. • Ἐν ἡσυχίᾳ μανθανέτω ἐν πάσῃ ὑποταγῇ: Vroue moet “hulle in stilte laat leer in alle onderdanigheid” (2:11). Met μανθανέτω verwag Paulus van vroue om hulle deur hulle mans te laat leer.⁴¹⁴ Die gesindheid waarin hulle moet leer, is in innerlike kalmte (ἐν ἡσυχίᾳ, 2:11-12) (vgl. Louw & Nida 1988a:327).⁴¹⁵ Die opdrag in	

⁴¹² Die woord τοπός kan in die semantiese veld *doen* gebruik word en wel vir die betekenis “’n rol wat aktiwiteit en verantwoordelikheid inhou”, soos hierbo in 10.4.5 beredeneer is.

⁴¹³ Vgl. bv. Groenewald (1977:36), Kelly (1972:66), en Mounce (2000:109).

⁴¹⁴ Louw & Nida (1988a:327) verduidelik dat daar uit die konteks waarbinne die woord μανθάνω gebruik word, afgelei moet word of inligting in ’n formele of informele situasie verkry word. Dit blyk dat Paulus in 1 Timoteus wel die woord μανθάνω gebruik vir die verkryging van inligting in ’n informele situasie. Hy skryf van weduwees wat leer (μανθάνουσιν) om ledig rond te gaan (5:13) en van kinders wat moet leer (μανθανέτωσαν) om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon (5:4). Daar kan dus nie aanvaar word dat Paulus die woord μανθάνω in 2:11 noodwendig gebruik vir die verkryging van inligting tydens die erediens nie. In elk geval, om uit 1 Timoteus af te lei dat die vrou nie onderrig mag gee nie, kom in botsing met die lyn van die openbaringsgeskiedenis wat laat blyk dat alhoewel profesie en onderrig nie identies is nie, daar wesenlike ooreenkomste tussen hierdie twee verkondigingsaksies is. Om een voorbeeld te noem: Toe die kindjie Jesus se ouers hom na die tempel gebring het in Jerusalem was Simeon en Anna die profetes daar teenwoordig. Van Anna lees ons in Luk 2:37-38: “Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.” Vgl. ook Greijdanus (1941:77) en Brown (1986:87-88) oor die noue verband tussen die optrede van die profeet en die leraar.

⁴¹⁵ Die woord ἡσυχία word nie net aangewend in die semantiese veld *kommunikasie* vir die betekenis “om in ’n staat van stilte te wees” (d.w.s. om nie te praat) nie (vgl. Louw & Nida 1988b:116). Paulus sou ook in 2:11 ἡσυχία kon gebruik in die semantiese veld *probleme, verligting, gunstige omstandighede* vir die betekenis “’n staat van onversteurbare stilte en kalmte” (vgl. Louw & Nida 1988a:247). Hiervolgens sou Paulus nie in

2:12, waar verwys word na vrou se verhouding met mans, laat blyk dat van vrou verwag word om gewilliglik en volledig aan mans onderdanig te wees (ἐν πάσῃ ὑποταγῇ). Omdat Paulus, soos hierbo beredeneer is, hier handel oor die huwelik, gaan dit oor onderdanigheid van vroue aan hulle eie mans, soos in Efesiërs 5. • Onderrig en gesagsuitoefening: Dit is belangrik om die woord διδάσκειν in die opdrag “ek laat die vrou nie toe om te διδάσκειν nie” (2:12) reg te verstaan. Uit die konteks blyk dit dat dié woord hier verwys na “voorskryf”.⁴¹⁶ Vroue mag dus volgens 2:12 nie aan hulle eie mans voorskryf nie. Naas die verbod op voorskryf vir hulle mans, verbied Paulus ook dat die vrou gesag oor haar man uitoefen (αὐθεντεῖν). Die wyse van gesagsuitoefening wat hier ter sprake is, blyk uit 2:12: sy word verbied om oor hom gesag uit te oefen deur vir hom voor te skryf. • Die tweeledige begronding van die opdragte aan die vrou: Die opdragte aan die vrou word in die Ou Testament begrond. 1. Eerstens verwys Paulus na die orde waarvolgens die mens geskep is (2:13). Paulus beklemtoon dat Adam eerste gemaak is en Eva tweede. Hierdie volgorde in 2:13 hou in dat vroue in onderdanigheid en met innerlike kalmte van hulle mans moet leer (2:11) en nie aan hulle mans voorskryf en sodoende gesag oor hulle mans probeer uitoefen nie (2:12). Dit blyk dat Paulus uit die skeppingsvolgorde aflei dat God aan mans ’n sekere posisie gegee het, wat deur hulle vroue erken moet word.⁴¹⁷ Hierdie afleiding kom ooreen met die	
--	--

2:11 met sy verwysing na ἡσυχία van vroue vereis dat hulle nie praat nie, maar dat hulle met ’n *innerlike kalmte* sal leer.

⁴¹⁶ Rengstorff (1973:138) wys daarop dat διδάσκω in die Nuwe Testament ook gebruik kan word vir onderrig buite enige godsdienstige verband. Volgens Matteus 28:15 het die wagte, nadat aan hulle voorgesê is om die gerug te versprei dat die dissipels Jesus se liggaam gesteel het, gedoen soos hulle *geleer is* (ἐδιδάχθησαν). In Matteus 28:15 word die woord dus gebruik vir die betekenis *voorskryf*.

⁴¹⁷ Die openbaringshistoriese lyn van die Skrif maak dit onmoontlik om hierdie beperkende opdrag aan die vrou te interpreteer asof dit ’n ordereëling tref vir die gedrag van ’n vrou teenoor alle mans, soos byvoorbeeld in die erediens. Die einste Ou Testament waaruit die opdragte aan die vrou gemotiveer word, laat blyk dat God ook na die sondeval vroue gebruik om leiding te neem, God se gesag te bedien, en onderrig te gee (vgl. 9.2.7 en 9.2.8 hierbo).

hoofskapgedagte in 1 Korintiërs 11; vgl. ook 1 Korintiërs 14 en Efesiërs 5. 2. Tweedens verwys Paulus na die feit dat níe Adam verlei is nie, maar Eva (2:14). Paulus argumenteer hiermee dat Eva die leiding geneem het, en daarmee haar man se hoofskap ontken het. Sy het dus in haar optrede nie die onderdanigheid wat in 2:11 ter sprake is, geopenbaar nie. Intendeel – sy het gedoen wat Paulus gelowige vroue in 2:12 verbied om te doen. In 2:14 stel Paulus dat Eva, nadat sy verlei is, in 'n staat van oortreding gekom het (ἐν παραβάσει γέγονεν, perfektum), en dat alle vroue daardeur in hierdie staat verkeer (vgl. die 3de persoon mv van μείνωσιν in 2:15). Paulus stel in 2:15 dat vroue gered kan word deur kinders in die wêreld te bring en deur in geloof, liefde en heiligmaking met ingetoënheid te lewe. Indien in gedagte gehou word dat Paulus hier die vals leer aangaande die huwelik in gedagte het, word sy bedoeling met hierdie argument duidelik. Paulus wil nie hier argumenteer dat vroue hulle redding kan bewerk deur geboorte te skenk nie. Eerder is die argument: indien 'n vrou geboorteskenk as 'n voorreg beskou wat sy van God ontvang het, toon sy daarmee dat sy die suiwer leer aanvaar en daarom iemand ís wat gered is. Vroue sal dus, as hulle anders as wat die vals leraars verkondig het, die huwelik hoog ag en daarmee saam “kinders in die wêreld bring”, toon dat hulle vashou aan die waarheid, en dat hulle dit met geloof en met hulle lewe bevestig. Sodoende blyk dat hulle gered is.	
10.9.5a Gevolgtrekking 10.9.5.1a Paulus handel in 1 Timoteus 2:8-15 oor die gedrag van mans en vroue in die algemeen en spesifiek in die huwelik, en nie in die eerste plek oor hulle gedrag in die erediens nie. Paulus gee in 1 Timoteus 2:8-15 positiewe voorskrifte as bstryding van die vals leer wat in Efese aangaande die huwelik	10.9.5b Gevolgtrekking 10.9.5.1b <i>Vroue behoort, vanweë die besondere posisie wat aan hulle in onderskeid van mans gegee is, nie enige posisie in te neem waarin hulle in die gemeentebyeenkomste preek of leiding gee met betrekking tot die Woord nie.</i> 10.9.5.2b <i>Die verbod aan vroue om nie gesag in die erediens uit te oefen nie, het spesifieke betrekking op die gesag</i>

verkondig is. 10.9.5.2a Die perikoop 1 Timoteus 2:8-15 beklemtoon, soos elders in die Skrif, die hoofskap van die man en die eis dat die vrou haar man se hoofskap moet erken. Alhoewel hierdie gedeelte nie handel oor die besondere dienste nie, hou dit in dat die vrou op geen wyse – ook met betrekking tot die besondere dienste – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang mag bring nie.	<i>uitoefen met betrekking tot die Woord. Kortom beteken dit dat hulle nie in die gemeente as ouderlinge of lerende ouderlinge (Woordbedienaars) mag dien nie.</i> 10.9.5.3.b Die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens het spesifiek betrekking het op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie. Hierdie opdragte kan nie van toepassing gemaak word op die bediening van Christus se gesag in die diens van barmhartigheid nie.
10.9.6a Toepassing op geslag in die besondere dienste 1 Timoteus 2:8-15 handel nie oor die besondere dienste nie. Hierdie perikoop hou egter in dat die vrou op geen wyse – ook met betrekking tot die besondere dienste – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang mag bring nie.⁴¹⁸ Die faktore wat hierdie erkenning in gedrang kan bring, verskil van kultuur tot kultuur en van tydvak tot tydvak.	10.9.6b Toepassing op geslag in die besondere dienste Vroue behoort, vanweë die besondere posisie wat die Here aan hulle in onderskeid van mans gegee het, nie in die gemeente as ouderlinge of lerende ouderlinge (Woordbedienaars) te dien nie. Die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens het spesifiek betrekking op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie. Hierdie opdragte kan nie van toepassing gemaak word op die bediening van Christus se gesag in die diens van barmhartigheid nie.

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Timoteus 3:1-16

In die besluit van Sinode 2003 (Acta, 2003:593, E, 14.8) het die vraag na vore gekom: “Is daar Skriftuurlik ’n onderskeid tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig volgens 1 Tim 3?”

In ooreenstemming met die Rapport wat vir Sinode 2003 voorberei was, kan die volgende gerapporteer word:

1 Timoteus 3:8-11 handel oor die vereistes wat vir diakens gestel word en nie oor die inhoud van hulle dienswerk nie.

Wat die aard en inhoud van die diakens se dienswerk betref, moet na ander Skrifdele gekyk word, soos Handeling 6; Romeine 12, 15; 1 Korintiërs 12; 2 Korintiërs 8; Galasiërs 6; 1 Tessalonisense 3, 5 en Hebreërs 13.

As samevattende konklusie kan dit gestel word dat daar nie uit 1 Timoteus 3 en ander Skrifdele afgelei kan word dat daar ’n onderskeid gemaak kan word tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig nie.

Tersaaklike eksegeese en hermeneuse van 1 Timoteus 5:3-16

⁴¹⁸ Herman Ridderbos (1967:86) stel dit onomwonde: “Dat hierin (Paulus se beperkende voorskrifte t.o.v. vroue – Kommissie) voor de vrouw geen belemmering behoeft te liggen voor het bekleden van enig ambt in de gemeente, ligt in de aard der zaak. Want het is niet in te zien, waarom de vrouw niet mede tot opbouw van de gemeente zou mogen worden geroepen en aangesteld. Het tegendeel is veeleer het geval. Maar hier ligt wel een criterium voor de aard van deze dienst en de wijze waarop deze moet worden vervuld. Zowel voor mannen als voor vrouwen geldt in dit opzicht wat Paulus in Rom 12:4v en in 1 Kor 12 over de eigen plaats van ieder lid in het geheel van het lichaam zegt en van de eerbiediging daarvan.”

Dit sou belangrik wees om 1 Timoteus 5 te bestudeer indien die Sinode 'n besluit moes neem oor die vroue in die besondere diens van diaken. Die Sinode het egter reeds op grond van die Skrif besluit dat vroue wel as diakens mag dien (vgl. Acta, 2003: pt. E, 4). In die opdrag van die huidige Kommissie gaan dit oor die vraag of vroue ook mag dien in die "Woordbediening en toesighouding wat aan die predikante en ouderlinge opgedra is" (vgl. Acta, 2003:591, pt. E, 5). Op hierdie vraagstuk werp 1 Timoteus 5:3-16 nie werklik lig nie en word dus nie verder ondersoek nie.

Tersaaklike eksegeese en hermeneutiese van Romeine 16:1-2, 7

Die argument van Romeine

Die brief begin met die gebruikelike (maar uitsonderlike lang) aanhef (1:1-7). Daarna volg die danksegging waarin Paulus God dank vir die gelowiges in Rome (1:8-12). In 1:3-17 gee hy 'n aanloop tot die hoofbetoog en noem ook die tema van die brief (1:16-17). Daarna beredeneer Paulus die feit dat alle mense, Jode en nie-Jode, skuldig staan voor God (1:18-3:20), maar dat God diegene wat glo, uit genade vryspreek (3:21 – 4:25). In Hoofstukke 5-8 sit hy uiteen dat gelowiges as vrygesprektes nuwe mense is. In Hoofstukke 9-11 verduidelik hy wat die posisie van die Joodse volk is. Vervolgens handel hy oor verskillende fasette van Christenskap in praktyk (12:1 – 15:13). Daarna maak hy verskillende mededelings, onder andere oor sy plan om Rome te besoek (15:14-33), hy stuur verskeie groeteboodsappe en rig laaste opdragte (16:1-23), en eindig die brief met 'n lofprysing (16:25-27). Die deel waarop die fokus tans val, 16:1-2, is dus die begin van die groeteboodsappe en laaste opdragte aan die einde van die brief.

Die ontstaan van Romeine

Paulus skryf hierdie brief aan die gelowiges in Rome. Paulus self was nog nie in Rome nie, en ook nie een van die ander apostels nie. Sommige van die gelowiges wat hulle in Rome bevind het, het waarskynlik van elders, waar hulle tot bekering gekom het, na Rome gereis en hulle daar gevestig. Dit kan ook wees dat sommige van die gelowiges in Rome onder diegene was wat op Pinksterdag in Jerusalem tot bekering gekom het (Hand 2:10). Rondreisende predikers soos Akwila en Priscilla (Hand 18:2; Rom 16:3-5) het waarskynlik ook die gelowiges in Rome besoek en onder hulle gewerk. Paulus skryf die brief terwyl hy nog in Korinte is. Dit was dus teen die einde van sy derde sendingreis, kort voordat hy na Jerusalem teruggekeer het (Hand 20:3; Rom 15:25; 16:1). Hy het verskeie oogmerke met die brief gehad: hy wou die gelowiges in Rome bemoedig en veral homself en sy prediking aan hulle bekendstel. Die brief bevat daarom 'n baie duidelike en omvattende uiteensetting van hoe Paulus die evangelie verkondig het. Sy selfbekendstelling was nie om dowe neuten nie: hy was van plan om in Rome en nog verder wes tot in Spanje te gaan werk.

Die eerste lesers van die Romeinebrief en hulle wêreld

Rome van 56 nC was 'n bedrywige wêreldstad met 'n beraamde inwonertal van tussen 1 en 1,5 miljoen. Die bevolkingsamestelling was taamlik kosmopolities van aard, met ongeveer 60 000 Jode as deel van die bevolking. Keiser Nero (54-68) was in die tyd wat Paulus die Romeinebrief skrywe (55-56 nC) aan bewind. Hierdie vroeë jare van Nero se regering verteenwoordig 'n periode van hoogbloei in die geskiedenis van die Romeinse Ryk. Later (64 nC) sou Nero die Christene van 'n brand beskuldig wat groot dele van Rome verwoes het. Hiermee het die Christenvervolging met keiserlike goedkeuring begin.

Dit is onbekend wie die evangelie vir die eerste keer in Rome verkondig het en wanneer. Dit lyk onwaarskynlik dat die gemeente deur Paulus, Petrus of een van die ander apostels gestig is. Die ontstaanstyd van die gemeente was egter vóór 49 nC, want die Romeinse skrywer Suetonius berig in sy boek oor die lewe van keiser Klaudius dat die keiser in 49 nC al die Jode uit Rome verban het, omdat hulle voortdurend oproer veroorsaak het *vanweë die onrusstoker Chrestus*. Hierdie besluit van die keiser vind ook weerklank in die Bybel, as Paulus vir Priscilla en Akwila (wat vanweë die keiserlike bevel uit Rome gevlug het) in Korinte ontmoet (Hand 18:2).

Handelinge 2:10 verwys na mense uit Rome wat met die uitstorting van die Heilige Gees in Jerusalem teenwoordig was. Onder die eerste 3 000 bekeerlinge was dus moontlik ook die stigterslede van die gemeente in Rome. Die uitgebreide groetelys in Romeine 16 (terwyl Paulus nog nooit in Rome was nie) kan moontlik dui op 'n dinamiese migrasieproses in die Romeinse Ryk, waardeur gelowiges van ander gemeentes by die gemeente in Rome aangesluit het. Nege van die name wat in die groetelys genoem word, kom ook in ander briewe van Paulus voor.

Die gemeente in Rome het hoofsaaklik uit bekeerlinge uit die geledere van nie-Jode bestaan, maar die gemeente het ook waarskynlik heelwat Joodse Christene gehad. Dit is waarskynlik dat baie van die

lidmate oorspronklik mense van nie-Joodse afkoms was wat die Joodse geloof aangeneem het. Later het hulle Christene geword. Indien die gemeente in Rome saamgestel was uit Joodse Christene en bekeerlinge van nie-Joodse afkoms sou dit Paulus se uitvoerige bespreking van die Jode in die Romeinebrief verklaar (9:1-11:32), asook die verdeeldheid in die gemeente oor bepaalde voorskrifte met betrekking tot kos en feesdae (14:1 – 15:13).

Eksegese van Romeine 16:1-2, 7

Romeine 16:1-2 (Lidia)

Dit sou belangrik wees om Romeine 16:1-2 te bestudeer indien die Sinode 'n besluit moes neem oor die vrou in die besondere diens van diaken. Die Sinode het egter reeds op grond van die Skrif besluit dat vroue wel as diakens mag dien (vgl. Acta, 2003: pt. E, 4). In die opdrag van die huidige Kommissie gaan dit oor die vraag of vroue ook mag dien in die “Woordbediening en toesighouding wat aan die predikante en ouderlinge opgedra is” (vgl. Acta, 2003:591, pt. E, 5). Op hierdie vraagstuk werp Romeine 16:1-2 nie werklik lig nie en word dus nie verder ondersoek nie.

Tersaaklike eksegese van Romeine 16:7⁴¹⁹

Sinode 2003 (Acta 2003:593, 1-14.8) het die opdrag gegee: “Diepgaande ondersoek moet ook gedoen word na die persoon wat in Rom 16:7 as Junian (akk) aangedui word, maar wat, volgens die lig tot ons beskikking gedurende al die eeue (tot aan die einde van die 13de eeu) as 'n vrou (“Junia”) beskou is (volgens 'n bepaalde aksentuering). Sy is volgens hierdie lesing as 'n vroue-apostel deur Paulus en ook onder die apostels in die algemeen geëer. Daar is 'n oorwig van kontemporêre eksegese wat haar ook as 'n vrou aanvaar. Wat was die aard van haar apostelskap? Watter lig werp dit op die vraag – veral op die vrou in die leeramp?”

Paulus meld vanaf Romeine 16:1 in 'n lang groetelys die mense aan wie hy persoonlik bekend was. In hierdie lys kom na vore onder meer die diensbaarheid van Christene aan mekaar, die liefdevolle band tussen gelowiges en die belangrike plek wat gelowiges uit elke kultuur en geslag in die kerk gespeel het.

In 16:7 vermeld Paulus 'n persoonsnaam 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iouniân*) of 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iounían*). Indien Paulus die naam 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iouniân*) gebruik, verwys hy na 'n man, en indien hy 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iounían*) gebruik, verwys hy na 'n vrou. Van hierdie persoon sê Paulus dat hy/sy ἐπίσημοι ἐν τοῖς ἀποστόλοις is. Dit is nie duidelik hoe die voorsetsel ἐν in hierdie frase verstaan moet word nie. Paulus sou daarmee kon sê dat die persoon by die apostels hoog in aansien was – dat die apostels die persoon hoog geag het. Die voorsetsel ἐν kan egter ook so verstaan word dat die persoon deel was van die apostels, self dus 'n apostel was, en as apostel hoog in aansien was.⁴²⁰ Indien Paulus in 16:7 na 'n vrou sou verwys en indien hy haar 'n apostel noem, sou dit moontlik belangrike lig werp op die vraag of vroue byvoorbeeld as predikant mag dien.

Oor die vraag of Paulus met die naam 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iouniân*) of 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iounían*) na 'n man of vrou verwys, is dit dus onmoontlik om uit gegewens wat beskikbaar is met sekerheid 'n keuse te maak (vgl. sowel die Meerderheidsrapport, Acta, 2006:440-44 as die Minderheidsrapport Acta, 2006:456-457).

Toepassing op geslag in die besondere dienste

In oorstemming met die bevinding van die Minderheids- en Meerderheidsrapport wat vir 2006 voorberei was, kan bevind word dat daar nie genoegsame getuienis is om uit Romeine 16:7 enige deurslaggewende gevolgtrekkings te maak ten opsigte van vroue in die besondere dienste nie.

Samevatting van eksegetiese en hermeneutiese gevolgtrekkings

Ou-Testamentiese gegewens (vgl 10.2)

By die skepping het God die mens na sy beeld manlik en vroulik geskep, as gelykes (vgl. Gen 1). God het die een nie minderwaardig teenoor die ander geskep nie. Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon 'n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as 'n rangorde verstaan moet word nie.

Daar is in die Ou Testament voorbeelde van vroue wat die profetiese gawe ontvang

⁴¹⁹ 'n Verwerking van die Deputate-rapport (meerderheid en minderheid) wat op die 2006-Sinode sou dien (Acta 2006:440-444,456-457).

⁴²⁰ Daar is verskeie ander betroubare gereformeerde eksegete soos Hendriksen (1982:504-505), Ridderbos (1977:344-245) en Bruce (1977:271-272) wat aanvaar dat 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iouniân*) of 'ΙΟΥΝΙΑΝ (*Iounían*) 'n apostel was, dit is 'n apostel in die wyer sin van die woord (vgl. Floor 1978:59).

het en dit in die openbaar beoefen het, byvoorbeeld: Miriam (Eks 15:20, Debora (Rig 4:4) en Hulda (2 Kon 22:14-15). Debora het ook in die regeeramp van rigter gedien. God het gelowige vroue dus reeds in die Ou-Testamentiese tyd gebruik om leiding te gee en sy boodskap te verkondig.

Die Ou-Testamentiese dienste van koning en profeet kan nie direk met die Nuwe-Testamentiese dienste van ouderling en Woordbedienaar geïdentifiseer word nie. In Christus het hierdie dienste 'n bepaalde vervulling gekry. Daar is dus geen direkte band nie, maar wel 'n indirekte verband in die sin dat die besondere dienste vir die Nuwe-Testamentiese kerk wel bepaalde elemente van die Ou-Testamentiese dienste van profeet, priester en koning bevat.

Die vrou in die Evangelies (vgl. 10.3)

In navolging van Jesus se optrede teenoor vroue mag vroue nie as minderwaardig ten opsigte van mans beskou of hanteer word nie. Hierdie gelykwaardigheid kan behels dat mans en vroue dieselfde roeping en taak van die Here ontvang.

Efesiërs 5:21-33 (vgl. 10.4.5 en 10.4.6)

Paulus stel die onderdanigwees-opdrag as 'n praktiese gevolg van die feit dat die kerk die liggaam is van Christus, haar Hoof (Ef 1:22; 5:23). Paulus wys telkens op die implikasies van Christus se hoofskap:

- Christus word as die enigste *Kurios* in die huweliksverhouding geproklameer deurdat man en vrou aan mekaar onderdanig moet wees *uit eerbied vir Christus* (Ef 5:21).
- Die onderdanigheid wat die vrou teenoor haar man moet betoon, word op twee wyses gekwalifiseer: (1) dit moet as model neem die onderdanigheid van die kerk teenoor Christus; en (2) dit moet verstaan word in terme van (en as keersy van) die opdrag aan die man om sy vrou lief te hê soos Christus sy bruid, die kerk, liefhet.
- Die man se hoofskap oor die vrou moet Christus se hoofskap oor die kerk weerspieël deurdat hy homself vir sy vrou laat "kruisig", en haar "voed en versorg". In praktyk beteken dit dat die man verstandige en liefdevolle leiding in die huwelik behoort te gee. Waar 'n vrou op spesifieke terreine meer gawes as haar man het, behoort sy haar gawes ten volle te kan aanwend, en wel op só 'n wyse dat sy nie daardeur haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang bring nie.

Hiermee het Paulus gewys dat die huwelik 'n sigbare illustrasie van Christus se hoofskap oor sy kerk is. Met sy opdragte het hy ook veroorsaak dat daar mettertyd 'n einde sou kom aan die samelewingskode oor die huwelik waarin die vrou geminag is.

Uit Efesiërs 5:21-33 kan nie direk afgelei word of die vrou in die besondere dienste mag dien al dan nie. Dit werp wel eerstens waardevolle lig op hoe Christus se hoofskap oor sy kerk die vrou se optrede jeens haar man bepaal, en die man se optrede jeens sy vrou. Tweedens is dit duidelik dat die vrou en die man se rolle in die huwelik nie omruilbaar is nie, maar dat daar 'n beperking op die vrou se handelswyse lê: sy kan nie hoof van haar man word nie. En ook 'n beperking op die man: hy moet 'n hoof vir sy vrou wees soos Christus dit vir die kerk is.

Die implikasies van hierdie standpunt is die volgende:

- Die feit dat daar onderskeidende opdragte aan man en vrou in die huwelik is, kan nie net so oorgedra word op die vrou se kerklike funksionering nie.
- Die feit dat die hoofskap van die man en die onderdanigheid van die vrou geyk moet wees op die verhouding tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam, hou die volgende in:
 - Die man se leiding aan sy vrou binne die huwelik moet met liefde en sorg en selfverloëning geskied, net soos Christus sy kerk lei. Die eis van liefdesoptrede in navolging van Christus beperk dus die man se leidinggewing, 'n beperking wat hy met liefdevolle onderdanigheid moet aanvaar.
 - Die vrou se onderdanigheid impliseer nie slaafse onderhorigheid nie. Sy moet ruimte hê om haar gawes voluit te beoefen. Tog, soos die kerk in liefdevolle

onderwerping aan Christus van harte gewillig is om haarself nie in Christus se plek te stel nie, so is dit ook met die vrou in die huwelik. Sy sal haar gawes op so 'n wyse aanwend en gebruik dat sy daarmee aantoon dat sy haar man se hoofskap erken en in ag neem, ook wanneer sy in die besondere dienste dien.

1 Petrus 3:1-7 (vgl. 10.5.5 en 10.5.6)

Die perikoop 1 Petrus 3:1-7 gee 'n toepassing van die algemene opdragte vir die huwelik (vgl. Ef 5 en Kol 3) in baie besondere omstandighede: (1) 'n Vrou se plig as haar man onredelik (en/of ongelowig) is: Preek vir hom sonder woorde, met jou leefstyl, en (2) 'n man se plig teenoor sy vrou in 'n samelewing waar diskriminasie teen die vrou aanvaarbare en algemene praktyk is: Moenie neersien op haar nie, maar bewys eer aan haar, omdat jy weet dat julle voor God gelykelyk erfgename van die lewe is.

Die beginsels op grond van hierdie riglyn is duidelik: (1) As God vir jou 'n opdrag gee oor jou verhouding met jou huweliksmaat, mag die uitvoering van daardie opdrag nooit afhanklik wees van jou maat se optrede teenoor jou nie. (2) 'n Lisensie wat die samelewing mag gee om veronregtend teenoor jou maat op te tree, is geen vrypas om dit maar te doen nie; God eis dat jy julle gelyke erfgenaamskap van die lewe voor Hom demonstreer deur eer aan jou (swakker) maat te bewys.

Dit blyk dat God die Heilige Gees vir Petrus as skrywer lei om nie net opdragte vir huweliksmate te gee vir hulle verhouding met mekaar in en ten spyte van die sondige samelewing waarin hulle hulle bevind nie, maar om daarmee saam ook die beginsels te stel wat uiteindelik daartoe sal lei dat huweliksmate mekaar in geen opsig as minderwaardig beskou nie.

Die implikasies van bogenoemde oorwegings is die volgende:

- Uit 1 Petrus 3:1-7 kan nie direk afgelei word of die vrou in die besondere dienste mag dien al dan nie. Hierdie Skrifdeel werp wel lig op hoe die vrou se optrede jeens haar man moet wees, en die man se optrede jeens sy vrou.
- Die feit dat daar onderskeidende opdragte aan man en vrou in die huwelik is, kan nie net so oorgedra word op die kerklike funksionering van die vrou nie.
- Die opdrag aan die man om verstandig met sy vrou saam te lewe is 'n bevestiging van die opdrag van Efesiërs 5:25 dat hy binne die huwelik met liefde, sorg en selfverloëning aan sy vrou leiding moet gee. Trouens, in 1 Petrus 3:7 word die opdrag versterk: in sy leidinggewing moet hy aan sy vrou ook eer betoon.
- Die beklemtoning van die gelowige man en vrou se gelyke erfgenaamskap van die lewe sluit weer aan by die getuigenis van Galasiërs 3:28 dat sowel man as vrou in Christus een is en deel het aan die genadeverbond van God. Oor die gebruik van die vrou se gawes maak 1 Petrus 3:7 niks bekend nie.

Galasiërs 3:26-29 (vgl. 10.6.6 en 10.6.7)

Galasiërs 3:28 het 'n baie spesifieke betekenis vir die verstaan van Skrifdele wat handel oor die verhouding tussen man en vrou. In Skrifdele waar gestel word dat (i) die man die hoof van die vrou is (vgl. bv. Ef 5; 1 Kor 11); (ii) dat die vrou aan die man onderdanig moet wees (vgl. bv. 1 Kor 14; Ef 5; Kol 3:18), en dat (iii) die vrou moet swyg (vgl. bv. 1 Kor 14 en 1 Tim 2) sou dit in stryd wees met Galasiërs 3:28 as aanvaar word dat dié Skrifdele daarop dui dat die vrou nie soos die man deel in die verlossing van Christus nie. Almal wat in Christus glo, ook vroue, deel in die belofte aan Abraham.

Galasiërs 3:26-29 handel dus nie oor die kwessie of die vrou in die besondere dienste mag dien al dan nie. Hierdie Skrifdeel werp wel lig op die feit dat alle gelowiges, ook vroue, in Christus deel het aan die verbondsbeloftes aan Abraham. Hierdie Skrifdeel werp wel lig op die feit dat alle gelowiges, ook vroue, in Christus deel het aan die verbondsbeloftes aan Abraham. Dit is egter in die lig van hierdie oorweldigende waarheid duidelik dat, wanneer onderskeid getref word tussen mans en vroue met betrekking tot die besondere dienste, daar duidelike Skrifgronde voor moet wees. Net so:

Alleen as God in sy Woord bepaal dat net mans in die besondere dienste mag dien, mag vroue daartoe verbied word.

1 Korintiërs 11:2-16 (vgl. 10.7.5 en 10.7.6)

1 Korintiërs 11:2-16 bevestig die volgende aspekte:

Die prinsipiële hoofskap van die man ten opsigte van sy vrou.

Die vrou se posisie ten opsigte van die man is nie vernederend nie, maar juis 'n heerlike posisie wat God aan haar skenk.

In 'n gemeente het mans en vroue mekaar nodig en is die een nie bo die ander verhewe nie (11:11-12).

Vroue in die gemeentelike samekoms het gebid en geprofeteer, waaruit afgelei kan word dat daar nie 'n algehele verbod op praat deur vroue in die gemeentelike samekoms was nie.

Die perikoop gee nie aanduiding dat vroue wat gebid en geprofeteer het, in 'n besondere diens gestel was nie.

Die vrou se optrede in die gemeentelike samekoms moet só wees dat dit erkenning verleen aan die hoofskap van haar man, en sodoende aan Christus se hoofskap. Die man se optrede moet ook so wees dat hy nie Christus se hoofskap oneer aandoen nie, maar juis 'n toonbeeld daarvan is.

Geslag nie bepalend by enige van die dienste	Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.13.6.7a Die vrou kan in die besondere dienste dien, op voorwaarde dat sy in die uitvoer van haar diens nie haar erkenning van haar man se hoofskap onder verdenking plaas nie.	10.13.6.7b Die gedeelte gee opsigself nie uitsluitel of die vrou in die besondere dienste kan dien of nie.

1 Korintiërs 14:26-40 (vgl 10.8.5 en 10.8.6)

Geslag nie bepalend by enige van die dienste	Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.13.7.1a Vroue het in die gemeentelike samekoms van Korinte geprofeteer, gebid, gepraat en in tale gespreek het. Die swyggebod (14:34-35) dui dus nie op 'n algehele stilswye nie, en die λαλεῖν (14:34) verwys na 'n gekwalifiseerde "praat".	10.13.7.1b Die verbod op λαλεῖν in 1 Kor 14:34 behels dat vroue nie aan die amptelike beoordeling van profesieë in die gemeentelike byeenkomste mag deelneem nie. Omdat die beoordeling van profesieë met die ouderlinge se toesig oor die gesonde leer verband hou en dus eie aan die regeerdiens is, beteken dit dat vroue in die lig van 1 Korintiërs 14:34 nie in die besondere diens van regering (ouderling) mag funksioneer nie.
10.13.7.2a Die λαλεῖν (14:34) verwys na die feit dat vroue tydens die gemeentelike samekomste op lelike wyse vrae gevra het en sodoende hulle mans se hoofskap in gedrang gebring het.	10.13.7.2b In die lig van 1 Korintiërs 11:4 lyk dit of die "swyggebod" in 14:34-35 nie op algehele stilswye van vroulike lidmate dui nie, maar wel daarop dui dat hulle nie die Woord in gemeentelike byeenkomste amptelik mag bedien nie. Op sigself gee 1 Korintiërs 14:34-35 nie duidelike blyke hiervan nie, maar in die lig van ander duideliker Skrifdele soos 1 Tim 2:8-15 word dit duidelik dat dit wel so verstaan moet word.
10.13.7.3a Die perikoop 1 Korintiërs 14:26-40 bied geen beletsel op vroue om in besondere dienste te funksioneer nie. Die voorwaarde is egter dat hulle dit só moet doen dat dit steeds duidelik is dat hulle hulle mans se hoofskap oor hulle erken en dat hulle nie hulle mans se leiding bevraagteken nie.	10.13.7.3b Die verbod in 1 Korintiërs 14 het

	spesifiek betrekking op die regeerdiens en raak ook die besondere diens van predikant maar kan nie op die besondere diens van die diaken van toepassing gemaak word nie.
--	--

1 Timoteus 2:8-15 (vgl 10.9.5 en 10.9.6)

Geslag nie bepalend by enige van die dienste	Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.13.8.1a Paulus handel in 1 Timoteus 2:8-15 oor die gedrag van mans en vroue in die algemeen en spesifiek in die huwelik, en nie in die eerste plek oor hulle gedrag in die erediens nie. Paulus gee in 1 Timoteus 2:8-15 positiewe voorskrifte as bestryding van die vals leer wat in Efese aangaande die huwelik verkondig is. 10.13.8.2a Die perikoop 1 Timoteus 2:8-15 beklemtoon, soos elders in die Skrif, die hoofskap van die man en die eis dat die vrou haar man se hoofskap moet erken. Alhoewel hierdie gedeelte nie handel oor die besondere dienste nie, hou dit in dat die vrou op geen wyse – ook met betrekking tot die besondere dienste – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang mag bring nie. 10.13.8.3a 1 Timoteus 2:8-15 handel nie oor die besondere dienste nie. Hierdie perikoop hou egter in dat die vrou op geen wyse – ook met betrekking tot die besondere dienste – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang mag bring nie. Die faktore wat hierdie erkenning in gedrang kan bring, verskil van kultuur tot kultuur en van tydperk tot tydperk.	10.13.8.1b Vroue behoort, vanweë die besondere posisie wat aan hulle in onderskeid van mans gegee is, nie enige posisie in te neem waarin hulle in die gemeentebyeenkomste preek of leiding gee met betrekking tot die Woord nie. 10.13.8.2b Die verbod aan vroue om nie gesag in die erediens uit te oefen nie, het spesifieke betrekking op die gesag uitoefen met betrekking tot die Woord. Kortom beteken dit dat hulle nie in die gemeente as ouderlinge of lerende ouderlinge (Woordbedienaars) mag dien nie. 10.13.8.3b Die opdragte in 1 Timoteus 2 aangaande die vrou in die erediens het spesifiek betrekking het op die bediening van gesag deur Woordverkondiging en nie op die bediening van gesag in die algemeen nie. Hierdie opdragte kan nie van toepassing gemaak word op die bediening van Christus se gesag in die diens van barmhartigheid nie.

1 Timoteus 3:1-16 (vgl. 10.10)

1 Timoteus 3:8-11 handel oor die vereistes wat vir diakens gestel word en nie oor die inhoud van hulle dienswerk nie.

Wat die aard en inhoud van die diakes se dienswerk betref, moet na ander Skrifdele gekyk word, soos Handeling 6; Romeine 12, 15; 1 Korintiërs 12; 2 Korintiërs 8; Galasiërs 6; 1 Tessalonisense 3, 5 en Hebreërs 13.

As samevattende konklusie kan dit gestel word dat daar nie uit 1 Timoteus 3 en ander Skrifdele afgelei kan word dat daar 'n onderskeid gemaak kan word tussen die wyse waarop manlike en vroulike diakens hulle dienswerk verrig nie.

1 Timoteus 5:3-16 (vgl. 10.11)

Dit sou belangrik wees om 1 Timoteus 5 te bestudeer indien die Sinode 'n besluit moes neem oor die vroue in die besondere diens van diaken. Die Sinode het egter reeds op grond van die Skrif besluit dat

vroue wel as diakens mag dien (vgl. Acta, 2003: pt E, 4). In die opdrag van die huidige Kommissie gaan dit oor die vraag of vroue ook mag dien in die “Woordbediening en toesighouding wat aan die predikante en ouderlinge opgedra is” (vgl. Acta, 2003:591, pt. E, 5). Op hierdie vraagstuk werp 1 Timoteus 5:3-16 nie werklik lig nie en is daarom nie verder ondersoek nie.

Romeine 16:1-2, 7 (vgl. 10.12.4.2 en 10.12.5)

Dit sou belangrik wees om Romeine 16:1-2 te bestudeer indien die Sinode ’n besluit moes neem oor die vroue in die besondere diens van diaken. Die Sinode het egter reeds op grond van die Skrif besluit dat vroue wel as diakens mag dien (vgl. Acta, 2003: pt. E, 4). In die opdrag aan die huidige Kommissie gaan dit oor die vraag of vroue ook mag dien in die “Woordbediening en toesighouding wat aan die predikante en ouderlinge opgedra is” (vgl. Acta, 2003:591, pt. E, 5). Op hierdie vraagstuk werp Romeine 16:1-2 nie werklik lig nie en word dus nie verder ondersoek nie.

In oorstemming met die bevinding van die minderheids- en meerderheidsrapport wat vir 2006 voorberei was, kan bevind word dat daar nie genoegsame getuienis is om uit Romeine 16:7 enige deurslaggewende gevolgtrekkings te maak ten opsigte van vroue in die besondere dienste nie.

Gevolgtrekking oor geslag in die besondere dienste

Geslag nie bepalend by enige van die dienste	Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.14.1a Openbaringshistoriese samevatting 1. By die skepping maak God bekend dat man en vrou gelykes is, met dié differensiasie dat die man die leiding moet neem, en die vrou moet optree as sy hulp wat by hom pas. Hierdie skeppingsordening geld slegs vir die huweliksverhouding. 2. Die verhouding tussen man en vrou in die huwelik is ’n eenheidsverhouding met ’n bepaalde onderskeid en differensiasie. God het in die huwelik ’n bepaalde orde gegee in dié sin dat die man as die hoof van die vrou in die huwelik en gesin aangedui word. Die hoofskap van die man behels ’n primêre verantwoordelikheid, ’n leidinggewing, ’n liefdesdiens, en nie ’n heerskappy nie. Die hulpwees van die vrou is nie slawediens nie, maar ’n gelykwaardige bystand. Hierdie gelykwaardige verhouding tussen die man as leier (hoof) en die vrou as hulp impliseer ook dat hulle aan mekaar onderdanig moet wees. 3. By die sondeval het die man sy hoofskap versaak, toe die vrou wederregtelik die leiding geneem het. Die gevolg van die sondeval is dat die man se hoofskap neig tot heerssug, en die vrou, in plaas van onderdanigheid, neig om oor die man te wil heers. 4. God openbaar dat Hy, benewens die diens van alle gelowiges, ook besondere dienste in sy kerk gee, en mense daartoe roep. 5. Niemand het van nature in hom-/haarself enige hoedanigheid wat hom/haar geskik maak vir ’n besondere diens nie (ook nie op grond van sy/haar geslag nie). 6. Daar is wel in die Bybel voorbeelde van vroue wat besondere diens vervul het en nie daarvan weerhou is omdat hulle vroue was	10.14.1b Openbaringshistoriese samevatting 1. Aan die begin het God die mens manlik en vroulik geskep en die twee in ’n baie nou verwantskap tot mekaar gestel. 2. In hierdie verhouding is die een nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie. Tog is die vrou nie ’n blote duplisering van die man nie. God het die twee juis met ’n onderskeid geskep. Aan dié onderskeid word uitdrukking gegee in differensiasie ten opsigte van die rol van die man en vrou. Die hoofskap wat God aan die man gee, behels ’n primêre verantwoordelikheid, ’n leidinggewing, ’n liefdesdiens en nie ’n heerskappy nie. Die hulpwees van die vrou is nie slawediens nie, maar ’n gelykwaardige bystand. Hierdie gelykwaardige verhouding tussen die man wat leiding gee en die vrou wat hulp gee, impliseer ook dat hulle aan mekaar onderdanig moet wees. 3 God het die leidinggewing van die man nie as heerskappy bedoel nie, maar as liefdesdiens. Op soortgelyke wyse het Hy die hulpwees van die vrou nie as slawediens bedoel nie, maar as gelykwaardige bystand. 4. Die gelykwaardige verhouding tussen man as leier en vrou as hulp is wel deur die sonde versteur, maar in Christus weer herstel. Dat die man ’n leidinggewende rol ten opsigte van die

nie (vgl. in die Ou Testament: Hulda en Debora, en in die Nuwe Testament: Priscilla en Febe). 7. Dit is in sy vrymag en soewereiniteit dat God mense in sy kerk roep en gebruik. Dit is die Here wat sy diensknegte roep en hulle met gawes van sy Gees toerus om in sy kerk en koninkryk te dien. Soos Hy dit ten tye van die Ou- en in die Nuwe-Testamentiese kerk gedoen het, só kan Hy in sy vrymag vandag ook nog vroue in sy diens roep en gebruik. 8. Die Heilige Gees gee op die regte tyd die regte gawes aan die kerk. 9. Die Heilige Gees gee die gawes aan wie Hy wil. 10. Die Heilige Gees gee vandag die nodige gawes om in die besondere dienste te dien. Nie alle persone wat hierdie gawes ontvang, word deur God geroep om in die besondere dienste te dien nie. 11. Die Skrifbeginsels vir die verhouding tussen man en vrou in hulle huwelik, mag nie oorgedra word op die funksionering in die besondere dienste nie. God openbaar dat geslag nie 'n rol speel in die roeping om in die besondere dienste te dien nie.	vrou inneem, is nie gevolg van die sonde nie maar is volgens God se skeppingsordonnansie; Indien die man die leidinggewende rol sou misbruik en die vrou tiranniseer, is dit sonde en nie in ooreenstemming met die hoofskap wat God gegee het nie. 5. God openbaar dat Hy, benewens die diens van alle gelowiges, ook besondere dienste in sy kerk gee, en mense daartoe roep. 6. Niemand het van nature in hom-/haarself enige hoedanigheid wat hom/haar geskik maak vir 'n besondere diens nie (ook nie op grond van sy/haar geslag nie). 7. Die Heilige Gees gee op die regte tyd die regte gawes aan die kerk. Die Heilige Gees gee die gawes aan wie Hy wil. 9. Van hierdie gawes wat die Heilige Gees gee, word onder andere ook in die besondere dienste gebruik. 10. Dit is uit die Skrif duidelik dat Christus iemand wat oor gawes beskik wat in die besondere dienste gebruik kan word, nie altyd in die besondere diens stel nie.
10.14.2a Christus se hoofskap as openbaringshistoriese tema Christus roep as enigste Hoof van die kerk mense tot die besondere dienste, en deur hulle bedien hy sy regering aan die kerk (vgl. NGB, art 31). Hierdie prinsipiële vertrekpunt behoort ook neerslag te vind in die wyse waarop die besondere dienste in die kerke ingerig word en funksioneer. Van begin tot einde behoort die besondere dienste so ingerig te wees en te funksioneer dat dit geen twyfel laat nie dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is. Hierdie uitgangspunt geld ook vir die siening van geslag in die besondere dienste. In die Skrif maak die Here dit bekend dat die man-vrouverhouding in die huwelik die hoofskap van Christus op 'n besondere wyse afbeeld.	10.14.2b Christus se hoofskap as openbaringshistoriese tema Christus roep as enigste Hoof van die kerk mense tot die besondere dienste, en deur hulle bedien hy sy regering aan die kerk (vgl. NGB, art 31). Hierdie prinsipiële vertrekpunt behoort ook neerslag te vind in die wyse waarop die besondere dienste in die kerke ingerig word en funksioneer. Van begin tot einde behoort die besondere dienste so ingerig te wees en te funksioneer dat dit geen twyfel laat nie dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is. Hierdie uitgangspunt geld ook vir die siening van geslag in die besondere dienste. In die Skrif maak die Here dit bekend dat die man-vrouverhouding (geslag) die hoofskap van Christus op 'n besondere wyse afbeeld.
10.14.3a Hoofskap van die man 10.14.3.1a Hoofskap in die huwelik Die duidelikste openbaring van Christus se hoofskap is in Efesiërs 5:21-33. In Efesiërs 5 word geleer dat die verhouding tussen man en vrou in die huwelik 'n sigbare illustrasie is van die verhouding tussen Christus en sy kerk. "Die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die kerk" (Ef 5:23), en "soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees". Uit Efesiërs 5:31 blyk dit dat die hoofskap van	10.14.3b Vroue in die besondere dienste en die hoofskap van die man Dit is duidelik dat die hoofskap van die man sentraal staan in die vraag of vroue in die besondere dienste mag dien. Dit is veral 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 wat op hierdie saak lig werp. Paulus handel immers in die gedeeltes uitdruklik oor vroue se optredes in die besondere dienste asook oor die hoofskap van die man (vgl. 10.8 en 10.9). Uit die twee gedeeltes is dit duidelik dat die hoofskap van die man spesifiek ter sprake kom wanneer vroue in die dienste van

die man oor sy vrou iets is wat God reeds by die skepping gegee het. Die feit dat “die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef” (Gen 2:24), wys daarop dat die man die leiding neem in die vorming van ’n nuwe gesin wat onder sy eie hoofskap sal staan. Die hoofskap van die man in die huwelik is dus ’n Godgegewe werklikheid. Ook die vrou se hulpskap (Gen 2:18) is ’n Godgegewe werklikheid. Sy is die een wat haar man liggaamlik, geestelik en emosioneel moet aanvul en haar aan sy leiding moet onderwerp (Ef 5:22). Die feit dat die man hoof is en sy vrou die hulp is wat by hom pas, maak egter nie een van die twee meerderwaardig of minderwaardig nie. Sowel man as vrou is in Christus gelykelyk kinders van God en as sodanig mede-erfgename van sy verbondsbeloftes (Gal 3:38; 1 Pet 3:7). Tog bly die man hoof en die vrou hulp, en die twee rolle is nie uitruilbaar nie. Die man se hoofskap beteken egter nie oorheersing nie, en die vrou se hulpskap beteken ook nie slaafse onderhorigheid nie. Dit blyk alreeds by die skepping dat die man se hoofskap liefdevolle leidinggewing behels. In Efesiërs 5:25 word die liefdesdiens van die hoofskap verder beklemtoon deurdat die mans vermaan word om hulle vroue lief te hê soos Christus die kerk liefgehad het en sy lewe vir haar gegee het. By die sondeval het die vrou egter wederregtelik die leiding geneem en het die man sy hoofskap versaak deur die vrou se leiding te volg. Hierdie feit wat implisiet in Genesis 3:6-13 aanwesig is, word eksplisiet in 1 Timoteus 2:14 vermeld. Die gevolge van die sondeval het daarom ook die man-vrouverhouding direk geraak. As gevolg van die sonde neig die man se hoofskap om heerssug te word en hunker die vrou daarna om haar man se leidinggewende posisie in te neem.⁴²¹ 10.14.3.2a Hoofskap in die gemeentelike samekomste In 1 Korintiërs 11:3-15 word ’n nuwe dimensie van hoofskap na vore gebring: God is die hoof van Christus; Christus is die hoof van elke man; die man is die hoof van die vrou (1 Kor 11:3). In 1 Korintiërs 11 word dan duidelik gemaak dat die gesagsverhouding tussen God en Christus as Middelaar en hoof van die nuwe mensheid in die gemeentelike samekomste weerspieël moet word	ouderling en predikant sou dien, dit wil sê wanneer vroue in ’n besondere diens sou staan waarin hulle herderlik sou waak, sou sorg en toesien dat die gemeente deur die Bybel gevoed en gelei word (vgl. 10.8.4.3b en 10.9.4.3b). Wanneer vroue op hierdie terrein die gesag van Christus sou bedien, sou hulle daarmee nie hulle mans hoofskap erken nie. Wat die besondere diens van diaken betref is dit uit 4.4 duidelik dat ’n diaken ook die gesag van Christus bedien. Die vraag sou daarom wees of ’n vrou nie ook, as sy as diaken dien, haar man se hoofskap misken nie. Dit is uit 4.3.3.2.3.2 duidelik dat die diaken nie soos die ouderling en predikant geroep word om herderlik te waak, te sorg en toe te sien dat die gemeente deur die Bybel gevoed en gelei word nie. Die diaken is nie deel van die Kerkraad wat die orde en tug van die Kerk moet handhaaf nie (vgl. Calvyn, Institusie IV.11.vi en KO art 25). Die diaken word geroep tot die diens van barmhartigheid. In die Skrif is daar geen aanduiding dat ’n vrou wat op hierdie terrein in die besondere diens sou dien, haar man se hoofskap sou ontken nie.
---	---

⁴²¹ Met hierdie gevolge van die sonde moet by die kwessie van geslag in die besondere dienste deeglik rekening gehou word en moet alle betrokkenes hulleself voortdurend ondersoek. Weerspieël die manier waarop leiding in die besondere dienste tot uiting kom werklik die voorbeeld van Christus se hoofskap of vertoon dit trekke van heerssug? Tot watter mate kan die ywer van vroue wat tot die besondere dienste toegang wil hê, toegeskryf word aan die hunkering om die leidinggewende posisie van die man in te neem? En: tot watter mate kan die ywer van mans wat die toelating van vroue tot die besondere dienste teenstaan, toegeskryf word aan die neiging tot heerssug by die man?

in die verhouding tussen man en vrou. 'n Vrou wat deur haar optrede in die gemeentelike samekoms die hoofskap van haar man in gedrang bring, bring dus die gesag van God in gedrang. Dieselfde gebeur as die man deur sy optrede sy selfopofferende liefde vir sy vrou in gedrang bring: dan doen hy sy Hoof, Christus, oneer aan. Wanneer die vrou se optrede egter daarvan getuig dat sy haar man se hoofskap erken, is daar goeie orde in die gemeentelike samekoms, sodat selfs die engele hulle daarvoor verbly. Net so as die man deur die uitoefening van sy hoofskap sy selfopofferende liefde vir sy vrou bewys – dan is daar goeie orde in die gemeentelike samekoms. Op watter manier moet 'n vrou in die gemeentelike samekoms daarvan getuig dat sy haar man se hoofskap erken? Die feit dat daar onderskeidende opdragte aan man en vrou in die huwelik is (bv. Ef 5, Kol 3, 1 Pet 3), kan nie net so op die vrou se kerklike funksionering oorgedra word nie. Die volle aanwending van haar gawes is nie in stryd met Efesiërs 5 nie – op voorwaarde dat haar funksionering nie haar man se hoofskap misken nie. Die feit dat die hoofskap van die man en die onderdanigheid van die vrou in die huwelik geyk moet wees op die verhouding tussen Christus as Hoof en die kerk as sy liggaam, beteken dat daar ruimte moet wees vir die vrou om op elke terrein – ook in die besondere dienste – haar gawes aan te wend, met erkenning van haar man se hoofskap. Dit geld ook vir 1 Korintiërs 11 (die vrou se optrede in die gemeentelike samekoms) en 1 Petrus 3:7 (die vrou se gelyke erfgenaamskap van die lewe). Die getuienis van hierdie Skrifdele kom daarop neer dat daar ruimte moet wees vir die vrou om op elke terrein – ook in die besondere dienste – haar gawes, met erkenning van haar man se hoofskap, te gebruik. Ook 1 Timoteus 2:8-15, wat handel oor die gedrag van mans en vroue in die algemeen en spesifiek in die huwelik dui daarop dat die vrou op geen wyse – ook wanneer sy in die besondere dienste sou funksioneer – haar erkenning van haar man se hoofskap in gedrang mag bring nie.	
10.14.4a Praktiese implikasies 10.14.4.1a Die implikasie in 'n neutedop Geslag op sigself mag nie 'n deurslaggewende rol speel by die bepaling van wie tot die besondere dienste verkiesbaar is nie. Skrifgewens gee geen verbod of verhinderende waarom vroulike gelowiges nie tot die besondere dienste verkies kan word nie – op voorwaarde dat die getroude vrou in haar diensuitvoering nie haar erkenning van haar man se hoofskap regtens onder	

verdenking bring nie, net soos die man ook nie deur sy optrede op alle terreine sy selfopofferende liefde vir sy vrou onder verdenking mag bring nie.

10.14.4.2a Met betrekking tot die diens van ouderling en Woordbedienaar

Die feit van die hoofskap van die man oor sy vrou verhinder die vrou nie om in 'n besondere diens te dien nie, aangesien die uitoefening van die diens deur die vrou nie beteken dat sy enige heerskappy voer nie. Sy bedien, net soos die man, slegs die hoofskap van Christus in en aan die kerk. Ten opsigte van haar man respekteer sy steeds die leiding van die man in hulle huwelikslewe – anders kwalifiseer sy nie. Dit geld ook van die man: as hy sy huis nie goed regeer nie (sy vrou nie selfopofferend lief het en sy huis liefdevol lei volgens die voorbeeld van Christus nie), kwalifiseer hy nie.

Op die vraag: Hoe moet die vrou die hoofskap van haar man erken? is die antwoord dus: Deur in hulle huwelikslewe en in die openbaar (soos bv in die erediens) só op te tree dat niemand met reg die afleiding kan maak dat sy nie haar man se hoofskap aanvaar nie. Die soewereiniteit van elke samelewingsverband bly geld. Al is sy bedienaar van die Woord of ouderling, moet sy steeds haar man se liefde, leiding, onderrig, vertroosting en beskerming hoog ag en moet sy hom steeds eer en gehoorsaam wees net soos die gemeente aan Christus onderdanig is. Dit beteken: solank sy slegs die gesag van Christus in liefde en nederigheid bedien, sal sy nie haar man se hoofskap in gedrang bring nie. Netso: Solank die man slegs die gesag van Christus in liefde en nederigheid bedien, sal hy nie sy selfopofferende liefde vir sy vrou in gedrang bring nie.

In 1 Korintiërs 14:34 verwys die verbod op $\lambda\alpha\lambda\epsilon\iota\upsilon$ (14:34) na die manier waarop vroue tydens die gemeentelike samekomste vrae gevra het en sodoende hulle mans se hoofskap in gedrang gebring het. Op sigself bied die perikoop geen uitsluitel oor die vraag of vroue in die besondere dienste mag funksioneer nie. Indien 'n vrou egter op grond van ander Skrifdele wel in die besondere dienste kan dien, impliseer 1 Korintiërs 14 dat sy dit só moet doen dat niemand met reg die afleiding kan maak dat sy nie haar man se hoofskap aanvaar nie.

10.14.4.3a Met betrekking tot die diens van diaken

Geslag op sigself speel nie 'n deurslaggewende rol om te bepaal wie tot die besondere dienste, ook dié van diaken, verkiesbaar is nie. Die voorwaarde bly egter geld: die getroude vrou mag

in haar diensuitvoering nie haar erkenning van haar man se hoofskap regtens onder verdenking plaas nie.	
10.14.5a Slotsom 10.14.5.1a Lidmate wat andersins kwalifiseer, kan – ongeag geslag – tot die besondere dienste verkies/ beroep en daarin bevestig word. 10.14.5.2a Vroue wat die innerlike roeping tot die diens van bedienaar van die Woord het en wat andersins kwalifiseer, kan en mag hulle daartoe met verdere studie bekwaam.⁴²²	10.14.5b Slotsom 10.14.5.1b Dit is uit sowel die Ou- as die Nuwe Testament duidelik dat God die vrou nie as minderwaardig ag teenoor die man nie. In die Nuwe-Testamentiese tyd was vroue voluit deel van die Kerk en het, soos die mans, gawes van die Heilige Gees ontvang wat hulle in die Kerk en samelewing kon aanwend. 10.14.5.2b Hoewel die vrou in geen opsig minderwaardig is teenoor die man nie, is dit tog uit die Skrif duidelik dat die hoofskap van die man besondere klem ontvang. 10.14.5.3b Hierdie hoofskap van die man is nie 'n soort baasskap nie. In gedeeltes soos Efesiërs 5 word beklemtoon dat die man se leiding aan sy vrou met liefde, sorg en selfverloëning moet geskied, net soos Christus sy kerk lei. Die eis van liefdesoptrede in navolging van Christus beperk dus die man se leidinggewing, 'n beperking wat hy met liefdevolle onderdanigheid moet aanvaar. 10.14.5.4b Die man se hoofskap hou ook nie in dat van die vrou 'n slaafse onderhorigheid vereis word nie. Sy moet ruimte hê om haar gawes voluit te beoefen. Tog, soos die kerk in liefdevolle onderwerping aan Christus van harte gewillig is om haarself nie in Christus se plek te stel nie, só moet die vrou haar gawes op so 'n wyse aanwend en gebruik dat sy daarmee aantoon dat sy haar man se hoofskap erken en in ag neem. 10.14.5.5b Dit is verder duidelik dat die hoofskap van die man spesifieke betekenis het vir dié wat as predikante en ouderlinge mag dien. Indien vroue

⁴²² Die innerlike roeping moet deur die uiterlike roeping bevestig word. Die uiterlike roeping vind plaas na opregte gebed, na goeie ondersoek, volgens die beskikbaarheid van gawes, die nood van die bediening, eiesoortige omstandighede en die verkiesing deur die gemeente. Bo alles is dit die vrymag en soewereiniteit van God wat mense in sy kerk roep en gebruik. In die rapport van 1988 het die opstellers, na deeglike studie, dit soos volg onder woorde gebring: "Dit is die Here wat sy diensknegte roep en hulle met gawes van sy Gees toerus om in sy kerk en koninkryk te dien. Soos Hy dit ten tye van die Ou- en moontlik in die Nuwe-Testamentiese kerk gedoen het ... só kan Hy in sy vrymag vandag ook nog vroue in sy diens roep en gebruik."

	Christus se gesag as predikante en ouderlinge sou bedien, sou hulle daarmee die man se hoofskap in gedrang bring.
Samevattende gevolgtrekking	
10.15a Geslag nie bepalend by enige van die dienste	10.15b Vrou nie in leer- en regeerdiens
10.15.1a Dat, in gehoorsaamheid aan die Skrif, lidmate wat andersins kwalifiseer, ongeag geslag, tot die besondere dienste verkies/beroep en daarin bevestig kan word.	10.15.1b Dat, in gehoorsaamheid aan die Skrif, vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderling mag dien nie.
10.15.2a Dat vroue wat die innerlike roeping tot die diens van bedienaar van die Woord het en wat andersins kwalifiseer, hulle ook daartoe met verdere studie mag bekwaam.	

Aard van die verskil tussen die twee standpunte

Die twee standpunte soos uiteengesit in hierdie rapport rus op die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte ooreenkomstig die leer van die kerk soos uiteengesit in punte 6 en 7. Die verskil tussen die twee standpunte lê op die vlak van eksegetiese sintese.

Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is nie opsigself 'n belydenissaak nie. Om hierdie redes (vgl. 10.16.1 en 10.16.2) behoort besluitneming hieroor nie die eenheid van die kerke in gedrang te bring nie.

Kerkregtelike implikasies van die Sinode se besluit oor hierdie saak

Implikasie van besluit van Sinode 2003 oor die diens van diaken

Indien die Sinode 12.10.2.2 goedkeur (vroue nie in die leer- en regeerdiens nie), is daar geen nuwe implikasies vir hierdie Sinode nie.

Implikasies van die besluit van Sinode 2003 word deur die volgende aanbevelings gereël:

- 11.1.1 Die Sinode benoem Deputate om die nodige wysigings in die Kerkorde en Bevestigingsformulier vir diaken aan te bring en laasgenoemde geslagtelik omvattend te maak (vgl. 3.5.11).
- 11.1.2 Die Sinode moet oordeel tot welke mate die toepassings van KO, art 38 geraak word deur die feit dat vroue as diakens kan dien.
- 11.1.3 Die Sinode moet na die afhandeling van hierdie Rapport oordeel oor die noodsaaklikheid om Deputate te benoem met die opdrag om op 'n bevatlike wyse die besluite oor die besondere diens aan die kerke uiteen te sit (vgl. 3.5.13).

Die implikasie indien die Sinode sou besluit dat geslag nie bepalend is vir die besondere dienste nie

Indien die Sinode 12.10.2.1 goedkeur (geslag nie bepalend vir die besondere dienste nie), word die implikasies deur die volgende aanbevelings ondervang:

11.2.1 Die Sinode benoem Deputate om die nodige wysigings in die Kerkorde en Bevestigingsformuliere vir diaken, ouderling en bedienaar van Woord aan te bring en dit geslagtelik omvattend te maak (vgl. 3.5.11).

- 11.2.2 Die Sinode moet na die afhandeling van hierdie Rapport oordeel oor die noodsaaklikheid om Deputate te benoem met die opdrag om op 'n bevatlike wyse die besluite oor die besondere diens aan die kerke uiteen te sit (vgl. 3.5.13).

Aanbevelings aan die Sinode

Die Kommissie beveel aan dat die Sinode soos volg oor die Rapport besluit:

Punt 1 (Opdrag)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 2 (Aanbeveling vir effektiewe behandeling en afhandeling van die Rapport)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 3 (Besluite van Sinode 2003 en verrekening/uitvoering/opvolging daarvan)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 4 (Tersaaklike kerkregtelike aspekte)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 5 (Historiese oorsig)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 6 (Skrifbeskoulike vertrekpunte)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur. Wysigings is reeds aangebring – Deputate Handeling

Punt 7 (Hermeneutiese vertrekpunte)

Die Sinode besluit:

Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 8 (Die funksie van die vrou in die kerk in die algemeen)

Die Sinode besluit:

Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 9 (Beswaarskrifte teen besluit van Sinode 2003 (Acta 2003:591, E4) ingedien tydens Sinode 2006)

Punt 9.1 (Opdrag ten opsigte van Beswaarskrifte) – Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 9.2.1 tot 9.3.3 – Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 9.4 – Goedgekeur.

Besluit: Pt 9.4 word verwys na 'n ad hoc-kommissie vir herformulering, bestaande uit di HJP de Beer (s), HLJ Momberg, NN Ligege, drr JH Howell, J Smit en prof A le R du Plooy as adviseur:

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handeling.

Punt 10 (Die vrou in dienste van ouderling en bedienaar van die Woord)

Die Sinode besluit:

Punt 10.1 tot 10.14 – Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

In voorbereiding tot besluitneming sing die vergadering Ps 33:11 en word geleentheid gegee tot stilgebed deur elke afgevaardigde waarna die voorsitter voorgaan in gebed. Daarna word gesing van Ps 25:2.

Punt 10.15 (Samevattende gevolgtrekking):

Punt 10.15.1a en 10.15.2a (Geslag nie bepalend by enige van die dienste)

10.15.1a

Dat, in gehoorsaamheid aan die

Skrif, lidmate wat andersins kwalifiseer, ongeag geslag, tot die besondere dienste verkies/beroep en daarin bevestig kan word.

– Goedgekeur

10.15.2a

Dat vroue wat die innerlike roeping tot die diens van bedienaar van die Woord het en wat andersins kwalifiseer, hulle ook daartoe met verdere studie mag bekwaam.

– Goedgekeur

óf

Punt 10.15.1b (Vrou nie in leer- en regeerdiens)

10.15.1b

Dat, in gehoorsaamheid aan die Skrif, vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderling mag dien nie.

– Goedgekeur

Besluit: Kyk besluit onder by U – Rapport Advieskommissie.

12.10.3 Punt 10.16 (Aard van die verskil tussen die twee standpunte) – Kennis geneem.

Besluit: Goedgekeur.

Punt 11 (Kerkregtelike implikasies van die Sinode se besluit oor hierdie saak)

Die Sinode besluit om die ooreenstemmende stel implikasies tot die besluit by 12.10 hierbo, soos uiteengesit in 11, goed te keur deur soos volg te handel:

Punt 11.1 (Implikasie van besluit van Sinode 2003 oor die diens van diaken)

– Goedgekeur

óf

Punt 11.2 (Die implikasie indien die Sinode sou besluit dat geslag nie bepalend is vir die besondere dienste nie) – Goedgekeur

Besluit: Kyk besluit onder by W – Rapport Advieskommissie.

U. RAPPORT ADVIESKOMMISSIE OOR LEIDING AAN SINODE MET BETREKKING TOT DIE SAAK VAN DIE VROU IN DIE DIENS VAN OUDERLING EN PREDIKANT

a. Opdrag

Om in die lig van die bespreking en die voorstelle op die tafel die Sinode te adviseer oor die verdere hantering van die saak van die vrou in die diens van ouderling en predikant.

Besluit: Kennis geneem.

b. Werkswyse

Die Kommissie het onder andere die volgende moontlikhede oorweeg

Die voorstel van di PW Kurpershoek en HS Coetzee.

Die samevattende gevolgtrekking van die Rapport (pt 10.15) en die aanbeveling (pt 12.10.2).

Die moontlikheid van verdere studie en advies veral vanaf buitelandse kerke met wie ons ekumenies een is.

Die moontlikheid om die *status quo* oor die vrou in die diens van ouderling en predikant te handhaaf omdat daar nie volledige duidelikheid is waarom die saak verander moet word nie.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.

3. Bevinding

Die Kommissie het tot die bevinding gekom dat dit noodsaaklik is dat hierdie Sinode tot 'n beslissing moet kom en 'n besluit moet neem oor die vraag of die vrou in die diens van ouderling en predikant mag dien al dan nie en wel om die volgende redes:

Oor die voorstel van Kurpershoek en Coetzee dat plaaslike kerke toegelaat word om self oor die saak te besluit (pt 2.1) oordeel die Kommissie dat dit om die volgende redes na ons mening nie die oplossing is nie:

In die lig van KO, art 30 is die saak van ouderling en predikant nie net 'n saak van die plaaslike kerk nie.

Die voorstel impliseer in homself dat daar gekies moet word vir die oopstelling van die dienste.

Inligting van wat gebeur het in buitelandse kerke dui daarop dat die werkswyse problematies is.

Oor die moontlikheid tot verdere studie en advies vanuit kerke met wie ons ekumenies een is (pt 2.3) is ons van oortuiging dat dit nie tans sinvol is nie en wel om die volgende redes:

Ons is van oortuiging dat die Sinode oor die nodige relevante inligting beskik soos blyk uit die lywige Rapport wat gedien en die langdurige studies wat dit voorafgegaan het.

Ons beskik reeds oor die inligting van die standpunte van die meeste kerke met wie ons ekumenies een is, en dit is reeds verdiskonteer in die Kommissie se Rapport.

Die moontlikheid om bloot die *status quo* te handhaaf (pt 2.4) onderspeel die feit dat daar in die GKSA verskil van mening oor die saak bestaan en dit kan die indruk skep dat daar bloot aan tradisies vasgehou word.

Die voortgesette Sinode is gereël met die verwagting dat daar tot 'n beslissing gekom en 'n besluit geneem sal word.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.4.

4. Aanbevelings

Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Kommissie vir die deeglike werk wat gedoen is om 'n duidelike Rapport vir die Sinode voor te berei.

Die Sinode stem aan die hand van die volgende veranderde bewoording van pt 10.15 en 12.10.2 van die Rapport:

Die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom		
dat vroue in die besondere dienste van predikante en ouderling mag dien	OF	dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderling mag dien nie.

ie Sinode wys, ongeag die besluit wat geneem word, 'n ad hoc-kommissie aan om die Sinode te adviseer oor pt 11 van Kommissierapport en ander sake wat uit die besluit sou voortvloei. Na ons oordeel moet die vinnige kommunikasie met die gemeentes deur 'n skrywe oor die besluit met die oog op bekendmaking daarvan eerskomende Sondag 5 Julie beskikbaar wees.

Besluit: Pte 4.1 tot 4.3 word goedgekeur.

Besluit: Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie.

V. AD HOC KOMMISSIE RAKENDE ADVIES OOR PUNT 11 VAN DIE RAPPORT KOMMISSIE : SAAK VAN DIE VROU

Die ondervoorsitter, ds SD Snyman, stel die volgende Kommissie voor: Dr J Smit (s), di PK Lourens, PW Kurpershoek, oudle SJM Swanepoel, JA Hoogenboezem, asook ds PM Modise met die opdrag om die Sinode te adviseer oor punt 11 van die Kommissierapport wat insluit advies oor spoedige kommunikasie van besluite oor vroue in die besondere dienste.

Besluit: Goedgekeur.

W. RAPPORT AD HOC KOMMISSIE: SAKE WAT VOORTVLOEI UIT BESLUIT INSAKE DIENS VAN SUSTERS IN BESONDERE DIENSTE VAN PREDIKANT EN OUDERLING

1. Opdrag

Punt 11 van die Kommissierapport: Saak van die vrou.

Besluit: Kennis geneem.

2. Samestelling van Kommissie

Die Kommissie het uit die volgende lede bestaan: Dr J Smit (s), di P Modise, PK Lourens en PW Kurpershoek, oudle SJM Swanepoel, JA Hoogenboezem.

Besluit: Kennis geneem.

c. Bevindings

- 3.1 Oor die diens van ouderling en predikant is daar na die besluit van die Sinode geen sake wat onafgehandel is nie.
- 3.2 Oor die diens van diaken is daar verskillende sake – soos aangetoon in die Kommissierapport, pt 11 – waaroor hieronder aanbevelings gemaak word.
- 3.3 Oor die terugvoer na die gemeente word 'n kort en saaklike brief hieronder voorgelê.

Besluit: Kennis geneem.

d. Aanbevelings

4.1 Oor 11.1.1

Die Sinode benoem Deputate met die volgende opdrag:

- 4.1.1 Bring die nodige wysigings in die Kerkorde en Bevestigingsformulier vir diakens aan en maak laasgenoemde geslagtelik omvattend.
- 4.1.2 Onderzoek moontlike wysigings aan NGB, artt 30 en 31 om dit geslagtelik omvattend te maak.

Besluit: Goedgekeur.

4.2 Oor 11.1.2

Die Sinode benoem Deputate met die volgende opdrag:

- 4.2.1 Onderzoek tot welke mate die toepassing van KO, art 38 geraak word deur die feit dat vroue as diakens kan dien en maak relevante aanbevelings.

Besluit: Goedgekeur – verwys na te benoemde Deputate vir Kerkregsake.

4.3 Oor brief aan gemeentes

Die volgende brief word voorgelê vir verspreiding na alle kerke:

Besluit: Goedgekeur – wysigings is reeds aangebring – Deputate Handelinge.

1 Julie 2009

Aan alle Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Broers en susters

In opdrag van die Sinode word hierdie brief aan u gerig om u in te lig oor die besluite wat tydens Sinode 2009 geneem is insake die diens van ons susters in die besondere dienste:

1. Besluit insake die diens van diaken

Susters kan in die diakensamp dien. Sinode 2009 het 'n Beswaarskrif gehandhaaf wat daartoe gelei het dat die besluit van Sinode 2003 herstel is. Hierdie besluit lui soos volg:

Die Sinode keur in die lig van die Skrif goed dat vroue wat die nodige gawes het as diakens in die GKSA verkies en bevestig kan word.

2. Besluit insake die diens van ouderling en predikant

Tydens die voortsetting van die Sinode is 'n diepgaande Rapport hanteer oor die vraag of susters as ouderlinge en predikante kan dien. In hierdie Rapport is aandag gegee aan onder andere besluite wat reeds tydens Sinode 2003 geneem is, tersaaklike kerkregtelike, historiese, Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte. Uitgaande van hierdie vertrekpunte is verskillende relevante Skrifgedeeltes hanteer.

Die Sinode het vir bykans twee dae broederlik met mekaar gepraat en biddend geluister na die Woord van ons Here. Daar het verskillende standpunte na vore gekom wat biddend oorweeg is. Uiteindelik is die volgende besluit geneem:

Die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie.

Die Sinode bid elkeen van ons kerke die seën van die Here toe. Mag Hy gee dat al ons kerke eendragtig in eenheid en in biddende opsien na Hom sal volhard.

Dr CJ Smit

Ds LH van Schaik

Bronnelys

- Archea, DC & EA Nida. 1975. A Translators Handbook on Paul's Letter to the Galatians. New York: United Bible Societies.
- Balch, David L. 1981. Let Wives be Submissive: The Domestic Code in 1 Peter. (SBL Monograph Series 26.) Chico: Scholars Press.
- Barrett, CK. 1968. A Commentary on the First Epistle to the Corinthians. Black's New Testament Commentaries. London: Black.
- Bauch, SM. 2005. A Foreign World. Ephesus in the First Century. In AJ Köstenberger & TR Schreiner (eds.) *Women in Church. An Analysis and Application of 1 Timothy 2:9-15*. Grand Rapids: Baker. p. 13-38.
- Bauckham, R. 2002. Gospel women: studies of the named women in the gospels. Edinburgh: Clark.
- Becker, J. 1976. Der Brief an die Galater. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.
- Bouma, C. s.j. De brieven van de apostel Paulus aan Timotheus en Titus. Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
- Bouwman H. 1934. Gereformeerde Kerkrecht II. Kampen: Kok.
- Breed, DG. 2006a. 1 Timoteus 2:8-12 – voorskrifte vir gedrag in die erediens, in die gewone lewe of in die huwelik? 'n Eksegetiese studie. In *die Skriflig* 40(2):247-264.
- Breed, DG. 2006b. Genesis 2 en 3 in 1 Timoteus 2: 'n motivering vir gedrag in die erediens, in die gewone lewe of in die huwelik? In *die Skriflig* 40(3):453-464.
- Breed, DG. 2006c. Die voorskrifte in 1 Timoteus 2:8-15 soos geïnterpreteer vanuit die breër tekstuele konteks van 1 Timoteus. In *die Skriflig* 40(4):597-616.
- Breed, Douw G; Van Rensburg, Fika J; Jordaan, Gert JC. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies. (Medewerkers: Braam Kruger, Callie Coetzee, Danie Snyman, Dries du Plooy, Gerard Meijer, Henk Stoker, Jacques Howell, Kobus van der Walt, Piet Venter, Ronald Bain, Sarel van der Merwe, Wim Vergeer)
- Brown C, Dictionary of New Testament, vol 1 p 471-472.
- Brown, C. 1986. Dictionary of New Testament Theology Vol. 3.

- Bruce, FF. 1977. The Epistle of Paul to the Romans. (Tyndale New Testament Commentaries)
- Bylae-1988. Die plek van die vrou in die kerk. Ongepubliseerde Bylae by die Handeling van die 1988 Nasionale Sinode van die GKSA.
- Clark GH: "The ordination of women" in JW Robbins se "The church effeminate", p 228.
- Coetzee, in *Woord en Daad*, 1975:17
- Coetzee, JC. 1967. Enkele Skrifgegewens oor die diakensamp. In *die Skriflig* 4:44-53, Aug-Sept.
- Coetzee, JC. 1975. Die Blye Boodskap – 'n Gids deur die Boeke van die Nuwe Testament, I. Die Briewe van Paulus. Potchefstroom: Pro Rege.
- Coetzee, JC. 1975a. *Woord en Daad*, 1975a:17.
- Coetzee, JC. 1975b. Die Blye Boodskap – 'n Gids deur die Boeke van die Nuwe Testament, I. Die Briewe van Paulus. Potchefstroom: Pro Rege.
- Coetzee, JC. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksgeese van die Heilige Skrifte. In JC Coetzee (red.). *Koninkryk, Gees en Woord*. Pretoria: NG Kerk-boekhandel. p.19-37.
- De Boer, EA. 2006. Zij aan zij. Pleidooi voor een vrouwelijk ambt in de kerk. Barneveld: Vuurbaak.
- De Klerk, Ben J & Fika J van Rensburg. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegeese en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- De Klerk, BJ. 1988. Koninkryk, Gees en Woord in die gebed van Efesiërs 3:14-21. In JC Coetzee (red.). *Koninkryk, Gees en Woord*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p.38-54.
- De Kruijff, ThC. 1966. De Pastorale Brieven. Roermond: Romen Uitgevers. (Het Nieuwe Testament.)
- Den Boer C: Man en vrouw in bijbelse perspektief, p 152
- Du Plooy A le R. 2005. Die betekenis van charisma en amp vir die kerkregering. In *die Skriflig* 39(3):555-568.
- Earle R, Beacon Bible Commentary, vol 7 p 326.
- Eisen, U.E. 2000. Women officeholders in early Christianity: epigraphical and literary studies. Translated by L. M. Maloney. Collegeville: Liturgical Press.
- Fabrega (1984)
- Fee. 1988. First epistle to the Corinthians.
- Fisher, F. 1975. Commentary on 1 & 2 Corinthians. Waco: Word Books.
- Floor (1978:59)
- Floor L. 1988. Hy wat met die Heilige Gees doop. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Greijdanus, S. 1941. Het Evangelie naar Lukas. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen: Kok.
- Gritz, Sharon H. 1991. The Role of Women in Church. In P Basden & DS Dockery (eds.) *The People of God: Essays on the Believers' Church*. Nashville: Broadman. p. 299-314.
- Groenewald, EP. 1977. Die Pastorale Briewe. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Grosheide dr FW: Handelingen, p 94
- Grosheide, FW. 1929. Hermeneutiek ten dienste van de bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam: Van Bottenburg.
- Grosheide, FW. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
- Grosheide, KV:134-135
- Grudem, W. 1995. Evangelical Feminism & Biblical Truth. Oregon: Multnomah.
- Grudem, W. 2004. Evangelical Feminism & Biblical Truth. Sisters, Oregon: Multnomah.
- Helberg, JL. 1978. Ongepubliseerde klasaantekeninge in die vak Hermeneutiek van die Ou Testament. Potchefstroom: Fakulteit Teologie. p.1-6.
- Hendriksen, W. 1976. 1 & II Timothy & Titus. New Testament Commentary. Edinburgh: Banner of Truth.
- Hendriksen, W. 1982. Romans. Vol. 1 (New Testament Commentary)
- Holmes, JM. 2000. Text in a Whirlwind. A Critique of Four Exegetical Devices in 1 Timothy 2:9-15. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Jonker, WD. 1983. Christus die Middelaar. Wegwysers in die Dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.
- Kelly, JND. 1972. A Commentary on the Pastoral Epistles. I and II Timothy, Titus. London: Adam and Charles Black.
- Kittel G, Theological Dictionary of the New Testament, vol 3 p 444.

- Köster, Helmut. 1975. *Τονός*. In G Kittel (ed.) *Theological Dictionary of the New Testament*, 8:205-206.
- Kroeger, CC. 1993. Head. In GF Hawthorne, RP Martin & DG Reid (eds.). *Dictionary of Paul and His Letters*. Leicester: Intervarsity. p. 52-59.
- Kroeger, RC & CC. 1992. I Suffer not a Woman; Rethinking 1 Timothy 2:11-15 in the Light of Ancient Evidence. Grand Rapids: Baker.
- Labuscagne, GCP. 1981. Die indikatief en imperatief in die prediking. 'n Eksegeties-homiletiese studie toegespits op die Galasiërbrief. Potchefstroom: PU vir CHO. (ThM-verhandeling.)
- Lenski, RCH. 1963. The Interpretation of St. Paul's First and Second Epistles to the Corinthians. Minneapolis: Augsburg.
- Liddell & Scott se Leksikon.
- Longenecker, RN. 1990. Galatians. Word Biblical Commentary, Vol. 41. Dallas: Word Books.
- Louw, JP & EA Nida. 1988a. Greek-English Lexicon of the New Testament Based on Semantic Domains. (Vol. 1.) New York: United Bible Societies.
- Louw, JP & EA Nida. 1988b. Greek-English Lexicon of the New Testament Based on Semantic Domains. (Vol. 2.) New York: United Bible Societies.
- Louw, JP & EA Nida. 1988b. Greek-English Lexicon of the New Testament Based on Semantic Domains. (Vol. 2.) New York: United Bible Societies.
- MacDonald, DR. 1987. There is no Male and Female. The Fate of a Dominical Saying in Paul and Gnosticism. Philadelphia: Fortress Press.
- Martin, TW. 2003. The Covenant of Circumcision (Genesis 17:9-14) and the Situational Antitheses in Galatians 3:28. *Journal of Biblical Literature* 122:111-125.
- Migne, JP *Patrologia Graeca*, vol 4. Col 1289
- Moo, DJ. 1991. What Does It Mean not to Teach or Have Authority over Men? 1 Timothy 2:11-15. In J Piper & W Grudem (eds.). *Recovering Biblical Manhood and Womanhood*. Illinois: Crossway. p. 176-192.
- Morris, L. 1989. The First Epistle of Paul to the Corinthians. The Tyndale New Testament Commentaries. Grand Rapids: Eerdmans.
- Mounce, WD. 2000. Pastoral Epistles. Nashville: Thomas Nelson Publishers. (Word Biblical Commentary, Vol 46.)
- Okorie, AM. 1988. Marriage in the Pastoral Epistles. Michigan: U.M.I. Dissertation Information Service.
- Rengstorff, KH. 1973. *Διδάσκω*. In G. Kittel. (ed.) *Theological Dictionary of the New Testament*, 2:135-148.)
- Ridderbos, H. 1966. Paulus: Ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.
- Ridderbos, H. 1967. De Pastorale Brieven. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
- Ridderbos, H. 1977. Aan de Romeinen. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.
- Ridderbos, HN. 1976. The Epistle of Paul to the Churches of Galatia. The International Commentary on the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.
- Ridderbos, HN. 1979. The Pastoral Epistles. The International Commentary on the New Testament. Grand Rapids: Eerdmans.
- Roberts, JH. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Schreiner, TR. 2005. An Interpretation of 1 Timothy 2:12. A Dialogue with Scholarship. In AJ Köstenberger & TR Schreiner (eds). *Women in Church. An Analysis and Application of 1 Timothy 2:9-15*. Grand Rapids: Baker. p. 85-120.
- Schwertley, BM. 1988. A Historical and Biblical Examination of Women Deacons. Michigan: Reformed Witness.
- Thorley (1996 in *Novum Testamentum*, XXXVIII(1): 18-29)
- Van Bruggen dr J: Ambten in de Apostolische Kerk, p 66.
- Van der Walt, JJ. 1976. Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, nr 21.) Potchefstroom: Pro Rege.
- Venter, CJH. 1996. Uitkringende liefdesbetoen: kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge gemeenskap in die kerk. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Versteeg, JP. 1988. Het karakter van het ambt volgens Efeziërs 4:7-16. *In* PJ Rossouw, (red.) *Gereformeerde ampsbediening*. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 49-74
Verwysingsbybel 1983-Vertaling. 1998. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Vriezen 1977:350-356.